

**DIE TRUST SE TOEKOMS  
AS SUKSESVOLLE UITWEG  
VIR BOEDELBEPLANNING**

Karen Erwee,  
B.Comm. Honns.

**DIE TRUST SE TOEKOMS  
AS SUKSESVOLLE UITWEG  
VIR BOEDELBEPLANNING**

**Karen Erwee,  
B.Comm. Honns.**

**Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die  
graad Magister Commercii in die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe  
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier: Prof K. Coetzee  
Mede-studieleier: Prof R.J. van Niekerk**

**Potchefstroom**

**2001**

## VOORWOORD

Eerstens wil ek my opregte dank aan my Hemelse Vader gee, wat aan my die vermoë en geduld gegee het om hierdie verhandeling te skryf. Sonder Hom sou ek nie in staat gewees het om dit te voltooi nie. Vir my ouers en suster: dankie vir jul geduld en ondersteuning in die tye wat ek moedeloos begin raak het. Ek waardeer jul opofferings. Ek wil ook my opregte dank uitspreek teenoor Herman, wat seker die meeste van my probleme saam met my moes dra. Dankie vir al jou hulp en motivering. Dan wil ek sê: Dankie, Anel – jy is die beste!

Ek wil ook aan my dosent en al die ander mense dankie sê wat dit vir my moontlik gemaak het om die verhandeling te kon skryf.

In die laaste, maar sekerlik die belangrikste plek, bedank ek die National Research Foundation vir hul finansiële ondersteuning. Daarsonder sou die studie nie kon plaasvind nie. Opinies en bevindings, is verkry deur die outeur en word nie noodwendig ondersteun deur die National Research Foundation nie.

## **ABSTRACT**

Nowadays, when the word trust is mentioned, it seems as if only negative thoughts come to mind. In the past the trust was used as a means to avoid taxation, but now that taxation laws have been altered, less people consider trusts when estate planning is done. This study has been done to prove that the trust is still one of the best methods to limit a person's estate for estate duty purposes.

To understand and comprehend trusts fully, one must look at its history, the types of trusts – namely the *inter vivos trust* and testamentary trusts - the framework and features of the trust. In so doing, a complete picture of the trust is obtained. Because the trust is used to decrease a person's estate duty, the study looks at what the estate and estate duty entail.

Most people consider their tax planning as highly confidential and are therefore unwilling to share this information. No empirical research was therefore considered.

An explanatory approach is used that involves the interpretation and understanding of text and facts. Comparable examples will be investigated to confirm the hypothesis that the trust is still an effective tool for estate planning.

The 1998 changes to trust legislation did not affect the trust drastically as far as estate planning is concerned. The losses that are now limited as income tax deductions for beneficiaries are not applicable to estate planning. It has, however, a negative effect on the business trust. The change in the income tax rate is purely for the income remaining in the trust and has no effect on the income that is enjoyed by the beneficiaries. All trusts earning an income of more than R100 000, not distributed, pay less tax now than previously.

Capital gains taxation will have an impact on the trust but the trust will remain the most appropriate estate planning technique, as long as the trust deed is flexible.

To protect your assets as well as providing for the family and the estate planner, are the main objectives of estate planning. Any tax reductions will only be a bonus.

Tax avoidance should never be the main objective when a trust is formed.

# INHOUDSOPGAWE

|                   | BLADSY  |                |
|-------------------|---|----------------|
| <b>HOOFSTUK 1</b> | <b>INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING</b>  | <b>1</b>       |
| 1.1               | Inleiding   | 2              |
| 1.2               | Agtergrond  | 2 – 3          |
| 1.3               | Probleemstelling  | 4 – 5          |
| 1.4               | Hipotese  | 5 – 6          |
| 1.5               | Slotsom   | 6              |
| <br>              |   |                |
| <b>HOOFSTUK 2</b> | <b>ONTWIKKELING EN GESKIEDENIS VAN DIE TRUST</b>                                | <b>7</b>       |
| 2.1               | Inleiding   | 8 – 9          |
| 2.2               | Die Germane en die Treuhand   | 9 – 10         |
| 2.3               | Engeland in die Middeleeue  | 10             |
| 2.4               | Die 'use'   | 11             |
| 2.5               | 'Statute of uses'   | 11 – 12        |
| 2.6               | Die Engelsregtelike standpunt van die trust                                     | 12 – 13        |
| 2.7               | Die Suid-Afrikaanse Trustreg  | 13 – 15        |
| 2.8               | Die Suid-Afrikaanse standpunt oor die trust                                     | 16             |
| 2.9               | Slotsom   | 16 – 17        |
|                   | Figure  | 18             |
| <br>              |   |                |
| <b>HOOFSTUK 3</b> | <b>OMSKRYWINGS VAN TRUSTS EN BOEDELS, RAAMWERK EN<br/>BEGINSELS BY 'N TRUST</b> | <b>19 – 21</b> |
| 3.1               | Trusts  | 22 – 25        |
| 3.2               | Verskeidenheid van trusts   | 25 – 46        |
| 3.3               | Die trustakte   | 46 – 47        |
| 3.4               | Trustbates  | 47 – 51        |
| 3.5               | Eiendom of bates  | 51 – 52        |
| 3.6               | Persone betrokke by 'n trust  | 52 – 65        |
| 3.7               | Trustgelde  | 65             |
| 3.8               | Boedelgelde   | 65             |
| 3.9               | Trustboedel   | 66             |
| 3.10              | Bruto Inkomste  | 66             |
| 3.11              | Fideicommiss  | 66             |
| 3.12              | Beding ten behoeve van 'n derde   | 67             |
| 3.13              | Wat beteken boedel?   | 67 – 68        |
| 3.14              | Billike markwaarde  | 68 – 69        |
| 3.15              | Die bruto waarde van 'n boedel  | 69             |
| 3.16              | Die netto waarde van 'n boedel  | 69             |
| 3.17              | Belasbare bedrag  | 69             |
| 3.18              | Raamwerk en beginsels van die trust   | 70 – 81        |
| 3.19              | Administratiewe oorwegings by 'n trust  | 81 – 83        |
| 3.20              | Slotsom   | 83 – 84        |
|                   | Figure  | 85 – 90        |

## INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

|                   |  |                  |
|-------------------|--|------------------|
| <b>HOOFSTUK 4</b> | <b>DIE TRUST EN BELASTING</b>  | <b>91 – 93</b>   |
| 4.1               | Inleiding  | 94 – 95          |
| 4.2               | Die geleibuisbeginsel  | 95 – 97          |
| 4.3               | Die toevallingsbeginsel  | 97 – 100         |
| 4.4               | Rentevrye lenings  | 100              |
| 4.5               | Trusts en inkomstebelasting  | 100 – 101        |
| 4.6               | Trusts en skenkings  | 101 – 110        |
| 4.7               | Trusts en boedelbelasting  | 110 – 111        |
| 4.8               | Trusts en ander belastings   | 111 – 114        |
| 4.9               | Trusts en belasting op toegevoegde waarde                            | 114              |
| 4.10              | Kapitaalwinsbelasting  | 114 – 120        |
| 4.11              | Nuwe veranderinge in die trust se belasbaarheid                      | 121 – 124        |
| 4.12              | Artikel 25B  | 124 – 129        |
| 4.13              | Artikel 7  | 129 – 143        |
| 4.14              | Voordele en nadele van 'n trust                                      | 143 – 158        |
| 4.15              | Artikel 103  | 158 – 163        |
| 4.16              | Slotsom  | 164 – 167        |
|                   | Figure   | 168 – 175        |
| <b>HOOFSTUK 5</b> | <b>BOEDELBELASTING</b>   | <b>176 – 177</b> |
| 5.1               | Inleiding  | 178 – 179        |
| 5.2               | Wat is boedelbelasting?  | 179 – 180        |
| 5.3               | Belastingposisies en persoonlike aanspreeklikheid by boedelbelasting | 180 – 184        |
| 5.4               | Aanspreeklikheid vir boedelbelasting – Artikel 11                    | 184 – 187        |
| 5.5               | Artikel 25 van die Inkomstebelastingwet                              | 187 – 188        |
| 5.6               | Hofsake wat handel oor boedelbelasting                               | 188 – 189        |
| 5.7               | Berekening van boedelbelasting                                       | 189 – 190        |
| 5.8               | Belasbare bedrag van die boedel                                      | 190              |
| 5.9               | Artikels van die Boedelbelastingwet 45 van 1955                      | 191 – 216        |
| 5.10              | Boedels en kapitaalwinsbelasting                                     | 216              |
| 5.11              | Argumente ten gunste van die afskaffing van boedelbelasting          | 217              |
| 5.12              | Argumente vir die behoud van boedelbelasting                         | 217 – 218        |
| 5.13              | Stappe by die uitvoering van 'n boedelplan                           | 218              |
| 5.14              | Slotsom  | 219              |
| <b>HOOFSTUK 6</b> | <b>BOEDELBEPLANNING</b>  | <b>220 – 222</b> |
| 6.1               | Inleiding  | 223 – 224        |
| 6.2               | Wat is boedelbeplanning?   | 224 – 226        |
| 6.3               | Vereistes by boedelbeplanning  | 226 – 228        |
| 6.4               | Wat behels boedelbeplanning?   | 229 – 230        |
| 6.5               | Die leeftyd van die boedelbeplanner                                  | 230 – 235        |
| 6.6               | Die doel van boedelbeplanning  | 235 – 245        |
| 6.7               | Punte om in ag te neem wanneer 'n boedel beplan word                 | 245              |
| 6.8               | Tegnieke vir die beplanning van 'n boedel                            | 245 – 263        |

## INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

|      |  |           |
|------|--|-----------|
| 6.9  | Ander boedelbeplanningsinstrumente                                 | 263 – 264 |
| 6.10 | Administratiewe prosedures by boedelbeplanning                     | 265       |
| 6.11 | Kenmerke van 'n goeie boedelplan                                   | 265 – 266 |
| 6.12 | Trusts, boedelbelasting en boedelbeplanning                        | 266 – 270 |
| 6.13 | Boedelbelastingvoordele by 'n trust                                | 270 – 272 |
| 6.14 | Trusts in plaas van direkte bemaking onderhewig aan beperkte regte | 272 – 273 |
| 6.15 | Die testamentêre trust in die praktyk                              | 273 – 277 |
| 6.16 | Waarom 'n trust en nie 'n ander besigheidsvorm nie?                | 277 – 281 |
| 6.17 | Testamente   | 281 – 284 |
| 6.18 | Slotsom  | 284 – 286 |
|      | Figure   | 287 – 290 |

|                   |  |                  |
|-------------------|--|------------------|
| <b>HOOFSTUK 7</b> | <b>DIE TRUST AS VOOR- OF NADEEL VIR</b>  |                  |
|                   | <b>BOEDELBEPLANNING</b>  | <b>291 – 292</b> |
| 7.1               | Inleiding  | 293              |
| 7.2               | Boedelbelastingbesparing indien 'n trust gebruik word  | 293 – 297        |
| 7.3               | Inkomsteverdeling  | 297 – 298        |
| 7.4               | Inkomstebelastingbesparing as 'n trust gebruik word  | 298 – 299        |
| 7.5               | Versekering van likiditeit by afsterwe   | 299 – 300        |
| 7.6               | Vergelyking van 'n boedel waar geen trust opgerig word nie en waar wel 'n trust opgerig word | 300 – 309        |
| 7.7               | Slotsom  | 309              |
|                   | Figure   | 310 – 317        |

|                   |                               |            |
|-------------------|-------------------------------|------------|
| <b>HOOFSTUK 8</b> | <b>SLOTSOM</b>                | <b>318</b> |
| 8.1               | Nuwe wetgewing                | 319 – 322  |
| 8.2               | Oorwegings by trustbeplanning | 322        |
| 8.3               | Kapitaalwinsbelasting         | 323 – 324  |
| 8.4               | Toekomsgerigtheid             | 324 – 327  |

|                   |                  |
|-------------------|------------------|
| <b>VOORBEELDE</b> | <b>I - XXVII</b> |
|-------------------|------------------|

|                |                      |
|----------------|----------------------|
| <b>HOFSAKE</b> | <b>XXVIII - XXIX</b> |
|----------------|----------------------|

|                  |                    |
|------------------|--------------------|
| <b>BRONNELYS</b> | <b>XXX – XXXVI</b> |
|------------------|--------------------|

# **INHOUDSOPGAWE**

## **HOOFSTUK 1**

### **BLADSY**

#### **INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING**

|     |                  |       |
|-----|------------------|-------|
| 1.1 | Inleiding        | 2     |
| 1.2 | Agtergrond       | 2 – 3 |
| 1.3 | Probleemstelling | 4 – 5 |
| 1.4 | Hipotese         | 5 – 6 |
| 1.5 | Slotsom          | 6     |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 INLEIDING

Moet 'n trust nog onder die soeklig geplaas word? Die antwoord is 'n besliste "ja". Vandag is daar des te meer rede as ooit tevore om die trust onder die soeklig te plaas.

Die trust het Suid-Afrika stil-stil in 1815 met die Britse besetting bekuip. Daar is nie sekerheid wie die trust vir die eerste keer in Suid-Afrika gebruik het nie. Dit is egter wel bekend dat die eerste hofsaak waarin die trust te voorskyn gekom het, in 1833 was. Die eerste omvattende wetgewing rondom die trust is egter eers in 1988 geskep.

Na 1988 is die trust heelwat meer gebruik. Die trust se voordele is al hoe meer benut deur die publiek, en trusts het toenemend gewild en meer in gebruik geraak.

Ten spyte van al die onsekerhede het die trust gegroei tot onmisbare toerusting vir beskermende beplanning en het die gewildheid daarvan die onsekerhede heeltemal oorskadu (Van der Westhuizen & Chait, 1996:1).

### 1.2 AGTERGROND

'n Persoon kan vir die volgende redes 'n trust skep:

- Hy wil sy bates buite bereik van sy krediteure hou.
- Hy wil sy bates buite bereik van sy familie hou.
- Hy wil sy bates buite bereik van die Ontvanger van Inkomste hou deur minder boedelbelasting te betaal.

- Hy wil voorkom dat sy bates na afsterwe verkwis en uitgemors word.
- Hy wil sy eienaarskap oor bates geheim hou.
- Hy wil 'n godsdienstige, opvoedkundige, of liefdadigheidsorganisasie ondersteun en daarvoor het hy 'n permanente administrateur nodig.
- Hy wil dalk sy familie teen hulself beskerm.
- Hy wil vir sy kinders se opvoeding sorg en hulle 'n goeie begin in die lewe gee.
- Hy wil die aaneenlopende winsgewindheid van sy onderneming na sy dood verseker; of
- Hy wil sy sakeonderneming in die naam van 'n trust voortsit, eerder as 'n maatskappy of vennootskap.

Die trust voorsien dan ook die toerusting om die oprigter in staat te stel om hierdie doelwitte te kan bereik (Honorè, 1985:8).

Van der Westhuizen (1998c:4) is van mening dat dit onwys is om 'n trust slegs vir belastingvoordele op te rig. As gevolg van voordurende veranderinge in die belastingwet sal belastingvoordele dalk nie baie lank van toepassing wees nie. 'n Trust moet dus nie op 'n *ad hoc*-basis opgerig word nie, maar eerder in 'n goed gestruktureerde boedelplan geïntegreer word. In die proses moet faktore soos beskerming vir die begunstigdes, kontinuïteit en beperkte aanspreeklikheid die hoofdoel van die trust wees.

In Suid-Afrika is daar geen gebrek aan literatuur soos handboeke, artikels in tydskrifte en regspraak, wat die trust behandel nie. Indien daar egter na inligting gesoek word oor wat die praktiese aanwendingsmoontlikhede van 'n trust is of wanneer en waarom 'n trust gebruik moet word, is regsliteratuur volgens Olivier (1989:1) nie van veel hulp nie.

Hierdie verhandeling sal egter nie oor die trust se regsaspekte handel nie, maar wel oor die belastinggevolge waar 'n trust gebruik word.

### 1.3 PROBLEEMSTELLING

Met die belastingontwikkelings en -uitbreidings van 'n trust het die Ontvanger van Inkomste die strop al nouer begin trek en die trust se voordelige belastingskuiwergate toegestop. Dit was egter sonder veel sukses – tot in 1998. Nou het die Ontvanger van Inkomste die Inkomstebelastingwetgewing só verander dat die publiek begin dink het dat 'n trust geen voordele meer inhou nie.

Die Minister van Finansies, mnr. Trevor Manuel, sê in 'n persverklaring (soos aangehaal deur Mathews, 1998:6) die rede vir die nasien van die belasting op trusts is die gevolg van die feit dat die trust 'n belastingskuiling begin word het vir individue en maatskappye. Die trust word gebruik vir inkomsteverdeling en die oordrag van verliese. Inkomstebelasting-wetgewing sal verander word om te voorkom dat verliese na die begunstigdes deurvloei. Die trust sal egter steeds toegelaat word om die verlies na die opvolgende belastingjaar oor te dra, waar die verlies teen die inkomste afgespeel kan word.

Dit wil voorkom of navorsing in die verlede tog nie so 'n groot indruk op die publiek gemaak het nie. Mense is steeds onseker oor die trust en sy vele dimensies. Daarby het die wetgewing ook verander, wat weer die vraag na vore bring of die trust nog vir boedelbeplanning gebruik kan word.

Dit is tragies wanneer 'n persoon deur sy lewe hard gewerk het om 'n goeie aftrede te kan geniet, hy dan alles kan verloor deur 'n swak belegging of skelmstreek. 'n Persoon se finansiële vermoëns kan tans die indruk skep dat dit voldoende is, maar dit moet 'n hele lewe lank hou. Geld moet só belê word dat 'n persoon daarvan kan leef en dat daar genoeg groei is vir die versekering van 'n voldoende inkomste vir alle lewensverwagtings (Schoombee, 1998:39).

Die trust kan beskou word as so 'n beleggingsmiddel om die individu se bates te beskerm, mits dit reg geadministreer word.

Dit is vandag belangrik om na boedelbelasting te kyk. Volgens mnr. Trevor Beeton, besturende direkteur van Standard Bank Beperk, is die meeste mense se verpligtings minimaal wanneer hulle die ouderdom van 70 of 80 jaar bereik. 'n Huisverband, wat gewoonlik die grootste verpligting is, is dan byvoorbeeld al afbetaal. Daar bly dus min aftrekkings oor om 'n boedel tot onder 'n R1 miljoen te verminder (Schoombee, 1998:39).

Schoombee (1998:39) gee die volgende raad: boedelbeplanning moet reeds vroeg in die lewe deel wees van finansiële beplanning. Wanneer 'n persoon die ouderdom van 80 jaar bereik, is daar nie meer veel wat gedoen kan word nie.

Boedelbeplanning moet ook deel wees van aftreebeplanning. Daar moet gepoog word om die druk en spanning wat deur finansies veroorsaak word, op die familie so ver moontlik te verminder wanneer iemand te sterwe kom.

#### **1.4 HIPOTESE**

Met hierdie verhandeling sal daar gekyk word of 'n boedelbeplanner nog daarby kan baat om 'n trust op te rig.

Die meeste persone is nie gewillig om hul belastingsake en beplanning met iemand te deel nie. 'n Empiriese ondersoek was dus nie moontlik nie. Daar sal egter wel van die hermeneutiese wetenskap gebruik gemaak word, wat uit die interpretasie en verstaan van teks en feite bestaan. Om te bevestig of die trust 'n suksesvolle uitweg vir boedelbeplanning is, sal vegelykende voorbeelde ondersoek word.

Boedelbeplanners besef en verstaan nie altyd die begrip van 'n trust nie. Baie mense neem ook nie 'n trust in ag by hul boedelbeplanning nie. Tog is elke persoon geregtig om so veel moontlik belasting te kan bespaar waar moontlik, sonder om belasting te ontduik.

Tog is die trust 'n belangrike boedelbeplanningsinstrument. Daarom moet die begrip van 'n trust ten volle verstaan word om dit te kan gebruik as 'n voertuig vir 'n boedelplan (Price Waterhouse, 1988:203).

Voor die ondersoek na die probleem gedoen kan word, moet daar eers kortliks duidelikheid verkry word oor die herkoms, aard en kenmerke van die tradisionele trust.

Vervolgens sal die belastinggevolge van die trust asook ander relevante partye ondersoek word. Omdat boedelbeplanning met die beplanning van boedels handel, sal daar ook na boedelbelasting gekyk word. Met hierdie feite en kennis as agtergrond, sal bepaal word wat boedelbeplanning behels, asook tegnieke om dié beplanning tot voordeel van die boedelbeplanner toe te pas.

## **1.5 SLOTSOM**

Deur die studie sal daar uitgewys word dat hoewel die trust moontlik nie meer ten volle geskik is vir belastingbesparing nie, dit steeds 'n geskikte wyse is vir die beplanning van 'n boedel en die beperking van bates in die boedel.

Daar moet egter genoem word dat geen bespreking van die trust finaal kan wees nie, omdat belastingwetgewing voortdurend verander.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 2

### BLADSY

#### ONTWIKKELING EN GESKIEDENIS VAN DIE TRUST

|     |   |         |
|-----|---|---------|
| 2.1 | Inleiding                                   | 8 – 9   |
| 2.2 | Die Germane en die <i>Treuhand</i>          | 9 – 10  |
| 2.3 | Engeland in die Middeleeue                  | 10      |
| 2.4 | Die 'use'                                   | 11      |
| 2.5 | ' <i>Statute of uses</i> '                  | 11 – 12 |
| 2.6 | Die Engelsregtelike standpunt van die trust | 12 – 13 |
| 2.7 | Die Suid-Afrikaanse Trustreg                | 13 – 15 |
| 2.8 | Die Suid-Afrikaanse standpunt oor die trust | 16      |
| 2.9 | Slotsom                                     | 16 – 17 |

#### FIGURE

|     |                      |    |
|-----|----------------------|----|
| 2.1 | Die trustgeskiedenis | 18 |
|-----|----------------------|----|

## HOOFSTUK 2

### ONTWIKKELING EN GESKIEDENIS VAN DIE TRUST

#### 2.1 INLEIDING

*“In the beginning, there were people. Trusts did not come into existence because animals, or trees in California, complained to the Chancellor that property given to trustees for their benefit was being miss-applied. They were called into existence because people pleaded for justice before the Chancellor as the keeper of the King's conscience. Animals and trees could not do that. Nor can they still, ...”*(Oakley, 1996:1)

De Villiers et al. (1980:4) het so vroeg as 1952 die volgende geskryf:

*“When it comes to trusts in our law, even the most elementary propositions cannot be regarded as settled ... It will take the work of several generations of judges and textwriters before our Law of Trust reaches maturity.”*

Olivier (1989:2) verklaar dat:

*“Die trust het 'n unieke geskiedenis wat sy wortels in die Engelse regs-geskiedenis het en 'n mens kan, myns insiens, 'n trust te meer waardeer as 'n mens ook iets weet van die geskiedenis wat tot die ontstaan en ontwikkeling van die trust gelei het.”*

Figuur 2.1 (p.18) gee 'n opsomming van die verskil tussen die geskiedenis van die trust in die Engelse en Romeins-Hollandse reg.

Hoewel die eerste voetspore van 'n trust in die Germaanse *Salman-* of *Treuhand*-instellings gevind kan word (Hahlo, 1961:SALJ 195), het dit oorspronklik gedurende die Middeleeue in Engeland ontstaan (Olivier 1997:706-711).

Voor daar na die gebeure rondom die trust in Engeland in die Middeleeue gekyk word, is dit belangrik dat die ontstaan en betekenis van die *Treuhand*, soos dit in Europa gegeld het, gekyk word (Olivier, 1989:7).

## 2.2 DIE GERMANE EN DIE *TREUHAND*

Die *Treuhand* in Europa het bepaal dat 'n persoon die eienaar van goed kan wees, nie tot sy persoonlike voordeel nie, maar tot voordeel van 'n ander, indien 'n ander persoon dit sou verlang. Hier kan gesien word dat die grondidee van die *Treuhand* ook die grondidee van die trust is.

Die Germane het nie 'n testament geken soos wat dit in gebruik was by die Romeine nie. Die Germane kon nie verstaan dat 'n persoon oor goed kon besluit ingevolge 'n uiterste wilsbeskikking nie. Hul redes was:

1. Goedere het aan die families behoort en nie aan die individu nie, met die gevolg dat daar vaste reëls was dat die eiendom na die families gaan en nie in die hande van die individu gebly het nie.
2. Die Germane het geglo dat 'n erfgenaam gebore en nie gekies word nie. God bepaal die identiteit van die bevoordeeldes by dood en die erfgename kon nie deur die erflater gekies word nie.

Die Franke se regsreëls is in die *Lex Salica* saamgevat. Dit was nie 'n wetboek nie, eerder 'n samevatting van opgetekende wyskede en gewoontes. Artikel 46 van die *Lex Salica* het 'n skuiwergat gelaat vir die persone wat later oor hul eie goed beskik het en dit op 'n ander manier wou laat vererf as wat die wet bepaal het. Volgens dié artikel kon 'n persoon sy goedere aan 'n ander persoon ('n tussenganger) oordra met die opdrag om dit aan die begunstigdes oor te dra, sodra die eienaar van die goedere tot sterwe sou kom. Die tussenpersoon het later as die *saalman* (sala = oordrag) bekend gestaan. By dié instelling was die *saalman* die eienaar van die goed, nie tot sy eie voordeel nie, maar tot die voordeel van die begunstigdes (Olivier, 1989:7-9).

Die *Treuhand* het egter in die veertiende eeu verdwyn. Die beginsel daaragter, naamlik om die eienaar van die goedere te wees maar nie ten behoeve van jouself nie, het egter in Engeland te voorskyn getree in die vorm van die 'use', wat die voorloper van die trust was (Theron, 1990:10).

### 2.3 ENGELAND IN DIE MIDDELEEUE

Gedurende 1066, toe Willem die Veroweraar, 'n Normadiër, die heerser van Engeland was, het die feodale of leenstelsel in Europa en Engeland gegeld.

Grond was die belangrikste bate van die heerser, en die ondergeskiktes (genoem die 'tenants') was nie bewus van enige private eiendomsreg op grond nie. Die ondergeskiktes het slegs 'n reg met betrekking tot grond gehad wat aan hom toegesê is, en was nooit die eienaar nie. Die eiendomsreg het aan die koning behoort. Die ondergeskikte moes dan dienste aan die heer lewer of heffings betaal het. Dié heffings was feodale heffings.

Die feodale heffings het deur die jare al hoër geword omdat die heer in die magposisie was en die ondergeskiktes slegs moes betaal. Die oplossing vir die probleem is verkry deur middel van die regsverskynsel wat as die 'use' bekend staan (Olivier, 1989:9-10).

Die 'use' is waar 'n eiendomsreg aan 'n tussenganger ('n trustee) oorhandig is, tot voordeel van die begunstigdes. As gevolg van die optrede het die koning of adellikes nie meer die reg op die heffings gehad nie, en so is die probleem opgelos. Die tussenganger is beskou as die eienaar, maar is nie toegelaat om enige persoonlike voordeel uit sy eienaarskap te trek nie. Die voordeel wat uit die eiendom voortspruit, word dus na die begunstigdes deurgegee. Dit is 'n belangrike kenmerk wat uniek aan 'n trust is (Anon, 1996a:14-15).

Daar is dus 'n werktuig geskep om die eiendom te hou en ook 'n skeiding te bewerkstellig tussen die eiendomsreg en die genot wat daaruit voortspruit (Anon, 1996a:14-15).

## 2.4 DIE 'USE'

Indien A bates aan B sou oordra '*to the use of C*', verkry ons hier 'n herhaling van die *Treuhand*. Die eerste belangrike aanwending van '*use*' het by die Franciskaanse monnike voorgekom.

Deur van die '*use*' gebruik te maak, kon die tussenpersoon weier om enige heffings aan die heer te betaal, omdat hy geen kontrak met hom aangegaan het nie. Hy het slegs 'n reëling met die eienaar met betrekking tot die goed wat aan hom toevertrou is, en hy het dus geen verpligting teenoor die heer nie.

Die gebruik van '*use*' het so gewild geraak dat die feodale stelsel heeltemal tot niet gegaan het omdat die verhouding tussen die '*lord and tenant*' nie meer kon stand hou nie.

Die '*use*' is later ook vir onwettige doeleindes gebruik. Die bates is aan die tussenganger oorgedra sodat die skuldeisers nie hul hande daarop kon lê nie. Die skatkis is ook baie sleg benadeel. Koning Hendrik VIII het daarna besluit om die '*use*' te beëindig. Dié wetgewing, wat in 1535 opgestel is, staan bekend as die '*Statute of Uses*' (Olivier, 1989:12-13).

## 2.5 'STATUTE OF USES'

Indien A aan B grond oordra '*to the use of C*', vestig die '*legal estate*' onmiddellik in C en B word dan uitgeskakel. Die '*legal and equitable estate*' word gevestig in die persoon wat voorheen die '*equitable estate*' gehad het, wat beteken dat die '*use*' vernietig word.

Die regsgeleerdes het vinnig 'n manier bedink om dié probleem te omseil. A dra goed aan B oor '*to the use of C to the use of D*'. So word 'n '*use upon use*' verkry. In 1557 het die hof beslis dat die *Statute of Uses* slegs op die eerste '*use*' van toepassing was en nie op die tweede nie. C kry dus die '*legal estate*'

(formele eiendomsreg) en D die *'equitable estate'* (voordelige genot). Die tweede *'use'* bly dus staan.

Die tweede *'use'* is later as die trust benoem. C word die trustee genoem en D die begunstigde (Olivier, 1989:12-13).

## 2.6 DIE ENGELSREGTELIKE STANDPUNT VAN DIE TRUST

Van der Merwe en Rowland (soos aangehaal deur De Villiers *et al.*, 1980:3) het die trustee as die *"legal owner"* van die trustbates beskou, terwyl hulle die begunstigdes as die *"equitable owners"* gesien het. Die trust word beskou as:

***"die eiendomsreg op 'n saak word aan die persoon gegee met die bedoeling dat hy eienaar moet wees daarvan, nie vir homself nie, maar ten behoeve en tot voordeel van iemand anders"***.

Olivier (1989:15) toon dat

***"... both trustee and beneficiary own the property in different ways, or, more accurately, that neither owns the property in the strict Roman sense of the term ownership, but each owns a different interest in it, called respectively the legal estate and the equitable interest"***.

Vir die Engelse regsgeleerde gaan dit oor die belange in die saak en nie wie die baas van die saak is nie. As gevolg van die skeiding tussen die formele eiendomsreg van die trustee en die voordelige belange van die begunstigde, het die grond waarop die regte betrekking het, van sekondêre belang geword.

Die Suid-Afrikaanse trust is egter onafskeidbaar gekoppel aan die Engelse Reg op Eiendom wat 'n tweeledige stelsel van wettige en begunstigde eienaarskap het. Die trustee kan die wettige eienaar wees en die begunstigde die begunstigde eienaar. Hierdie tweeledige eienaarskap is iets vreemds vir die Romeins-Hollandse reg, waar slegs een eienaar kan bestaan vir een ding (Lucas' Trustee v Ismail an Amod 1905 TS 239) (Olivier, 1997:706-711).

Dit blyk egter dat die idee van die trust, naamlik om nie die eienaar tot persoonlike voordeel te wees nie maar wel ten behoeve van 'n ander, sy oorsprong in die Germaanse reg gekry het, en tot volle wasdom in die Engelse reg gegroei het (Theron, 1990:9).

## 2.7 DIE SUID-AFRIKAANSE TRUSTREG

In 1806 is daar besluit dat die Romeins-Hollandse reg die geldende regstelsel aan die Kaap sou bly. Met die Britse Besetting in 1815 het Engeland die Kaap verower en is daar geleidelik naderbeweeg aan die Engelse reg. Omdat die trust 'n trotse besitting van die Engelse was, het die trust ook in die Kaap na vore getree (Olivier, 1989:12-13).

Die begrippe *trust* en *trustee* was egter vreemd in die Romeins-Hollandse reg. Dié begrippe het 'n Engelse oorsprong en het hul verskyning in aktes en testamente in die Kaap begin maak toe die Britte tydens die negentiende eeu in die Kaap aan bewind gekom het (Abrie et al., 1991:115).

Die eerste gerapporteerde hofbeslissing waarin die trust voorgekom het in Suid-Afrika, is dié van *Twentyman and Another v Hewitt* wat in 1833 beslis is (Anon, 1996a:14-15).

In die 19e eeu het die trust groot onsekerhede en verwarring veroorsaak. Die probleme moes deur die howe besleg word sonder dat daar enige grondliggende wetgewing beskikbaar was. Daar was drie moontlikhede om te oorweeg:

1. die trust moes glad nie erken word nie;
2. die Engelse trustreg moes as 'n geheel oorgeneem word; of
3. die trust moes gekonstrueer word aan die hand van verskillende gemeenregtelike regsfigure.

Die howe het besluit om die laaste opsie te aanvaar. Al is die Engelse trustreg nie as 'n geheel aanvaar nie, het die howe probeer om altyd die trust aan die hand van gemeenregtelike figure te verklaar.

Dit het somtyds egter tot groot probleme gelei. In *Estate Kemp and Others v McDonalds Trustee* 1915 AD 491 het die hof die trust *mortis causa* geïdentifiseer met die *fideicommissum purum*. In die Braun-saak is voorgehou dat die trust 'n wetlike saak '*sui generis*' is, en dat dit dan histories en wetlik verkeerd is om die trust *mortis causa* met die *fideicommissum* te vergelyk. Hierdie verwerping bedoel egter nie dat die algemene wetlike grondslae glad nie gebruik moet word nie (Anon, 1996a:14-15).

In *Crookes NO v Watson* 1956 (1) SA 285(A) is die trust *inter vivos* as 'n beding ten behoeve van 'n derde beskou (De Villiers et al., 1980:4).

'n Eie Suid-Afrikaanse Trustreg, bepaal deur die Romeins-Hollandse sowel as die Engelse regsbeginsels, is dus deur die wetgewer, die howe en die regspraktisyne ontwikkel ter voldoening aan die moderne praktykbehoefte. Die inwerkingtrede van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988 was 'n belangrike mylpaal in die Suid-Afrikaanse reg. Daar word ook nog baie trustaspekte deur die gemene reg gereël (Abrie et al., 1991:115).

Wat ook al die teoretiese strydvrage en praktiese problematiek mag wees, is dit duidelik dat :

***“the constitution of trusts and the appointment of trusts are matters of common occurrence in South Africa ...”.***

(*Estate Kemp and Others v McDonald's trustee* 1915 AD 491).

Die ontwikkelingsproses van die Suid-Afrikaanse trustreg het egter nog nie afgeloop nie. Abrie et al. (1991:115) toon dat:

**“Gestimuleer deur nuwe praktykbehoefes sal die ontwikkeling en verfyning van die trustregseëls ter uitbouing van die trust as 'n dinamiese en nuttige regsfiguur ongetwyfeld voortduur.”**

Dit is verbasend dat daar na al die jare steeds onsekerheid bestaan oor die trust, ongeag die feit het die trust gegroei het tot 'n onmisbare instrument vir beskermingsbeplanning en waar die gewildheid die onsekerheid heeltemal oorskadu. Die trust ondervind geen probleme om homself aanvaarbaar te maak in die basies vreemde Suid-Afrikaanse omgewing nie. Dit word bevestig deur Sir M Amos, dat :

**“(t)he English trust has everywhere planted itself like a cuckoo in the nest of the civil law ...”.**

Daar het reeds byna 200 jaar verloop sedert die trust in Suid-Afrika geland het. Die onsekerhede wat nog ten opsigte van die trust bestaan, is onsekerhede soos of die testamentêre trust en meer in besonder die *inter vivos*-trust wat sekere beëres van 'n testateur erf, gereguleer moet word deur die trustreg in die algemeen of deur die erfreg; wat die wetlike aard van die *inter vivos*-trust is; die definisie van die besigheidstrust en die regspersoonlikheid van die trust, om maar enkeles te noem.

Hoewel die belangrikste doelwitte van die trust die klassieke instandhouding en beskerming van eiendom was, het die praktisyns eers in die laaste helfde van die eeu die tradisionele trust vir sakedoeleindes begin gebruik (Van der Westhuizen, 1998k:4).

Net so ondergaan die testamentêre trust sy eie proses van ontwikkeling nadat dit nie meer vergelyk word met *fideicommissum* nie en nadat die Suid-Afrikaanse howe goedkeuring verleen het dat trustees inkomste- en kapitaalbegunstigdes kan aanwys uit 'n aangewysde groep persone (Van der Westhuizen, 1998l:5).

## 2.8 DIE SUID-AFRIKAANSE STANDPUNT OOR DIE TRUST

Die trust is besonders in die feit dat daar 'n skeiding is tussen die formele eiendomsreg en die genotsvoordele wat vir die begunstigde is.

***“Solank die trust in die praktyk goed werk ... kan elke regstelsel die onderskeie regte van trustee en begunstigde klassifiseer om by die vereistes van 'n besondere regstelsel aan te pas sonder dat dit nadelig op die trust sal inwerk.”***

(Olivier, 1989:14-16)

Die Engelse trustreg is nie deel van die Suid-Afrikaanse reg nie, maar is die fondament waarop die Suid-Afrikaanse trust gebou is. Die grondidee tussen laasgenoemde en die Engelse trust is dieselfde, die verskil lê egter daarin dat die eiendomsregtelike komponente nie ooreenstem nie en dat *'legal ownership'* en *'beneficial ownership'* geen betekenis in Suid-Afrikaanse reg het nie (Olivier, 1989:16-20).

Die belangrikste begrip wat van die Engelse reg oorgeneem is, is dat die trustee twee hoedanighede het, naamlik sy persoonlike en verteenwoordigende hoedanigheid (Honorè, 1985:13-15).

## 2.9 SLOTSOM


Die Suid-Afrikaanse trust en die Engelse of Romeins-Hollandse trust kan wel op regsgronde vergelyk word, maar daar moet nooit vergeet word dat die Suid-Afrikaanse trust 'n skepping uit eie bodem is nie:

***“The rules of South African Trust Law are thus a mixture of English, Roman-Dutch and indigenous South African rules ... it seems on the whole justifiable to say that the fascinating structure which the South African courts, officials and legislators have built up is a truly South African and not either English or a Roman-Dutch law of trusts. It is, source-wise, 'ius tripartitum' but, in its end product, 'ius civile' “***

\ (Honorè, 1985:12-15)

Bogenoemde kan dus in kort beskou word as die geskiedenis en agtergrond van die trust. In Hoofstuk 3 sal die omskrywings en verduidelikings van die trust meer omvattend uiteengesit word.

**FIGUUR 2.1**  
**DIE TRUSTGESKIEDENIS**  
(VAN DER WESTHUIZEN, 1993:2)



# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 3

### BLADSY

## OMSKRYWINGS VAN TRUSTS EN BOEDELS, DIE RAAMWERK

### EN BEGINSELS BY 'N TRUST

|        |  |         |
|--------|--|---------|
| 3.1    | Trusts   | 22 – 25 |
| 3.2    | Verskeidenheid trusts  | 25 – 46 |
| 3.2.1  | Trust in die wye sin   | 27 – 28 |
| 3.2.2  | Trust in die noue / enge sin   | 28 – 29 |
| 3.2.3  | Testamentêre trust   | 29 – 35 |
|        | A) Wat is 'n testamentêre trust / trust <i>mortis causa</i> ?        | 29 – 30 |
|        | B) Die doelstelling van 'n testamentêre trust                        | 30 – 31 |
|        | C) Oprigting van 'n testamentêre trust                               | 31 – 32 |
|        | D) Inwerkingtreding van die testamentêre trust                       | 32 – 33 |
|        | E) Belasbare inkomste by 'n testamentêre trust                       | 33 – 34 |
|        | F) Bepersking van belasting by 'n testamentêre trust                 | 34 – 35 |
| 3.2.4  | <i>Inter vivos</i> -trust  | 36 – 40 |
|        | A) Wat is 'n <i>inter vivos</i> -trust?                              | 36 – 38 |
|        | B) Oprigting van die <i>inter vivos</i> -trust                       | 38 – 39 |
|        | C) Oordrag van bates aan die <i>inter vivos</i> -trust               | 39 – 40 |
| 3.2.5  | Diskresionêre trust  | 40 – 42 |
|        | A) Wat beteken 'n diskresionêre trust?                               | 40 – 41 |
|        | B) Aanbevelings by 'n diskresionêre trust uit 'n<br>belastingoogpunt | 42      |
| 3.2.6  | Eiendomstrust  | 42 – 43 |
| 3.2.7  | Die 'bewind'-trust   | 43      |
| 3.2.8  | Die persoonlike trust  | 43 – 44 |
| 3.2.9  | Die besigheidstrust  | 44 – 45 |
| 3.2.10 | Liefdadigheidstrust  | 45      |
| 3.2.11 | Die spesiale trust   | 45 – 46 |
| 3.3    | Die trustakte  | 46 – 47 |

|       |  |         |
|-------|--|---------|
| 3.4   | Trustbates   | 47 – 51 |
| 3.4.1 | Die omskrywing van trustbates                      | 47      |
| 3.4.2 | Hoe kan bates aan 'n trust oorgedra word?          | 47 – 48 |
| 3.4.3 | Watter bates kan alles in die trust geplaas word?  | 49 – 51 |
| 3.4.4 | Onderskeiding van trustbates en trustee-bates      | 51      |
| 3.5   | Eiendom of bates                                   | 51 – 52 |
| 3.6   | Persone betrokke by 'n trust                       | 52 – 65 |
| 3.6.1 | Die skenker / oprigter                             | 53 – 54 |
|       | A) Wie is die skenker / oprigter?                  | 53 – 54 |
|       | B) Pligte van die oprigter                         | 54      |
| 3.6.2 | Trustees   | 54 – 61 |
|       | A) Omskrywing van 'n trustee                       | 54 – 55 |
|       | B) Optrede as 'n trustee                           | 55 – 56 |
|       | C) Aanstelling van 'n trustee                      | 56 – 57 |
|       | D) Vereistes ten opsigte van 'n trustee            | 57      |
|       | E) Sorgsaamheid en bekwaamheid van 'n trustee      | 57 – 58 |
|       | F) Bates van die trust en die trustee se bates     | 58 – 59 |
|       | G) Pligte van die trustee                          | 59 – 60 |
|       | H) Beëindiging van die trusteeskap                 | 60      |
|       | I) Die boedelbeheerder of eksekuteur van 'n boedel | 61      |
| 3.6.3 | Die begunstigde                                    | 61 – 65 |
|       | A) Wie is die begunstigdes?                        | 61 – 62 |
|       | B) Regte van die begunstigdes                      | 62 – 63 |
|       | C) Voorwaardelike en gevestigde regte              | 63 – 64 |
|       | D) Inkomste van die begunstigdes en die boedel     | 64 – 65 |
|       | E) Ter opsomming van die begunstigde               | 65      |
| 3.7   | Trustgelde   | 65      |
| 3.8   | Boedelgelde  | 65      |
| 3.9   | Trustboedel  | 66      |
| 3.10  | Bruto inkomste                                     | 66      |
| 3.11  | <i>Fideikommis</i>                                 | 66      |
| 3.12  | Beding ten behoeve van 'n derde                    | 67      |

|        |   |         |
|--------|---|---------|
| 3.13   | Wat beteken boedel?                           | 67 – 68 |
| 3.14   | Billike markwaarde                            | 68 – 69 |
| 3.15   | Die bruto waarde van 'n boedel                | 69      |
| 3.16   | Die netto waarde van 'n boedel                | 69      |
| 3.17   | Belasbare bedrag                              | 69      |
| 3.18   | Raamwerk en beginsels van die trust           | 70 – 81 |
| 3.18.1 | Die noodsaaklikhede van 'n trust              | 71 – 74 |
| 3.18.2 | Is die trust 'n wettige <i>persona</i> ?      | 74      |
| 3.18.3 | Selfstandigheid van 'n trust                  | 75      |
| 3.18.4 | Buigsaamheid van die trust                    | 76 – 77 |
| 3.18.5 | Aanwending van die trust                      | 77 – 78 |
| 3.18.6 | Totstandkoming van die trust                  | 78 – 79 |
| 3.18.7 | Redes en doel vir die oprigting van die trust | 79 – 81 |
| 3.19   | Administratiewe oorwegings by 'n trust        | 81 – 84 |
| 3.19.1 | Die bestaan van 'n trust                      | 82      |
| 3.19.2 | Bestuur van die trust                         | 82      |
| 3.19.3 | Hoe kan die trust beëindig word?              | 82 – 83 |
| 3.20   | Slotsom                                       | 83 – 84 |

## FIGURE

|     |  |    |
|-----|--|----|
| 3.1 | Verdeling van die trust  | 85 |
| 3.2 | Soorte trusts  | 86 |
| 3.3 | Illustrasie en skepping van 'n trust <i>inter vivos</i>          | 87 |
| 3.4 | Skematiese voorstelling van die <i>inter vivos</i> -trusttegniek | 88 |
| 3.5 | Diskresionêre trust  | 89 |
| 3.6 | Wie betaal belasting op die inkomste?                            | 90 |

## HOOFSTUK 3

### OMSKRYWINGS VAN TRUSTS EN BOEDELS, RAAMWERK EN BEGINSELS BY 'N TRUST

#### 3.1 TRUSTS

'n Trust is 'n eeue-oue begrip waar sekere bates aan 'n trust oorgedra en deur trustees tot die uitsluitlike voordeel van die begunstigdes bestuur word.

Volgens Van der Westhuizen (1998h:4) kan 'n mens die trust met 'n watertenk vergelyk om die basiese begrip te verduidelik. By die tenk is daar 'n inlaat- asook 'n aantal uitlaatpype. Daar is krane by elke uitlaatpyp en 'n aantal emmers aan die einde van die uitlate. Die inkomste wat gedurende die jaar in die trust "invloei", is die inlaatpyp. Die krane is die diskresie van die trustees om die inkomste van die trust deur te laat, via die uitlaatpype, na die begunstigdes (die emmers).

Die water wat na sommige van die emmers deurgelaat word, word beheer deur die trustees. Daar kan dus meer water na sommige emmers deurgelaat word as na ander. Indien daar geen krane by die tenk is nie, veroorsaak dit dat al die water deurloop na die emmers, en gevolglik het die begunstigdes 'n gevestigde reg op die inkomste.

In die algemeen kan die trust beskou word as 'n vertrouensverhouding met betrekking tot goed en begunstigdes. In *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 491 gee Appèlregter Solomon die volgende omskrywing van 'n trust:

***"The underlying conception in these and other cases is that while the legal dominium of property is vested in the trustees, they have no beneficial interest in it but are bound to hold and apply it for the purpose of some persons or for the accomplishment of some purpose."***

Die volgende omskrywings kon verkry word van verskillende skrywers ten opsigte van 'n trust:

***“enige trustfonds bestaande uit kontant of ander bates wat deur 'n persoon wat in 'n fidusiêre hoedanigheid optree, geadministreer en beheer word, waar daardie persoon ingevolge 'n trustakte of ooreenkoms of ingevolge 'n testament van 'n oorlede persoon aangestel is”.***

(Inkomstebelastingwet 58 van 1962)

Volgens Divaris en Steyn (1997:147) word 'n trust geskep:

***“wanneer 'n persoon (die skenker) 'n kontrak ('n trustakte) aangaan ingevolge waarvan hy ten bate van derdes (die begunstigdes) bates aan trusteees skenk”.***

Swanepoel (1961: 67) beweer dat 'n trust bestaan sodra die wil daar is om een op te rig, die goed aangewys is en die doel genoem is.

Die Wet op die Beheer van Trusteierendom 57 van 1988 omskryf 'n trust soos volg:

***“... the arrangement through which the ownership in property of one person is by virtue of a trust instrument made over or bequeathed –***

- (a) to another person, the trustee, in whole or in part, to be administered or disposed of according to the provisions of the trust instrument for the benefit of the person or class of persons designated in the trust instrument or for the achievement of the object stated in the trust instrument; or***
- (b) to the beneficiaries designated in the trust instrument, which property is placed under the control of another person, the trustee, to be administered or disposed of according to the provisions of the trust instrument for the benefit of the person or class of persons designated in the trust instrument or for the achievement of the object stated in the trust instrument, but does not include the case where the property of another***

***is to be administered by any person as executor, tutor or curator in terms of the provisions of the Administration of Estate Act 66 of 1965”.***

Die verskil tussen (a) en (b) is dat in (a) die eienaarskap in die trustee vestig, onderworpe aan die terme van die trustakte. By (b) vestig die eienaarskap in die begunstigdes, maar die beheer van die trusteiendom vestig in die trustees. Ongeag van die wetlike onderskeiding tussen die twee punte, is daar prakties min, indien enige, verskil tussen die punte. By altwee is die trustees in beheer van die administrasie van die eiendom, asook die toekenning daarvan volgens die trustakte (Anon, 1994b:43).

Die trust in die noue sin word beskryf in (a) terwyl die bewindtrust of trust in die wye sin beskryf word in (b) (Van der Westhuizen & Chait, 1996:6-7).

In CIR v MacNellie's Estate 1961 (3) SA 833 (A) het HR Steyn beslis dat die trust, vir die doel van boedelbelasting, nie 'n belasbare entiteit is nie.

In die CIR v Jacobson's Estate 1961 (3) SA 841 (A) was die aanvaarde gevolgtrekking dat die uitspraak beteken het dat 'n trust nie 'n regs persoon is nie (De Villiers et al., 1980:13-14).

Volgens Swart et al. (1985:188) is die trust die ideaalste vorm om te gebruik wanneer 'n persoon nog afhanklikes het wat nog versorging nodig het, of waar sy bates beskerm moet word teen byvoorbeeld erfgename met 'n swak finansiële oordeel.

PA Olivier (soos aangehaal deur De Villiers et al., 1980:5) meen dat die trust so 'n omvangryke begrip is, dat 'n omskrywing min praktiese waarde sou hê. Die '*Convention on the law applicable to trust and their recognition*', meen dat dit 'n onmoontlike taak is om 'n omvattende omskrywing van 'n trust te gee. Die beskrywing in artikel 2 van die Konvensie is ook nie bedoel as so 'n omskrywing van 'n trust nie. Artikel 2 se inleiding lui soos volg:

**“... for the purpose of this Convention the term ‘trust’ refers to the legal relationships created – inter vivos or on death – by a person, the settlor, when assets have been placed under the control of a trustee for the benefit of a beneficiary or for a specified purpose”.**

Artikel 2 word dan voortgesit deur sekere eienskappe van ‘n trust op te noem:

- Die bates van die trust vorm nie deel van die trustee se boedel nie;
- die titel van die trustbates vesig in die naam van die trustee of ‘n ander namens hom;
- die trustee is verplig om die trustbates te beheer, te benut en daarvoor te beskik ooreenkomstig die bepalings van die trust en pligte wat regtens op hom gelê word; en
- ‘n trust kan bestaan al het die oprigter sekere regte en magte gereserveer en al is die oprigter ook ‘n bevoordeelde (Viljoen, 1987:6-7).

Om al hierdie omskrywings in een omskrywing saam te vat, kan die trust beskou word as **die oprigting van ‘n regsverskynsel, deur bates wat aan die regsverskynsel oorgedra word deur die oprigter, tot voordeel van sy begunstigdes, maar wat deur ‘n trustee geadministreer word.**

### **3.2 VERSKEIDENHEID TRUSTS**

Van der Westhuizen en Chait (1996:5) noem dat die trust in die volgende twee hoofgroepe verdeel kan word, naamlik: die trust *mortis causa* en die *trust inter vivos*. Figuur 3.1 (p. 85), toon watter tipe trusts tussen die *inter vivos*- en *mortis causa*-trust verdeel word.

‘n Trust kan ‘n geslote karakter hê – dit wil sê dat die begunstigdes slegs familieledede is, of ‘n openbare karakter hê – dit wil sê die begunstigdes is nie ‘n geslote groep nie en wissel van tyd tot tyd. Die bestuur van ‘n trust kan ook wissel. In die een geval kan die trustee ‘n private persoon wees, of selfs een van die begunstigdes. In die ander geval kan die beheer aan ‘n buitestaander, ‘n ander trust of maatskappy, gegee word (Du Plessis, 1992:211).

Volgens Olivier (1997:768-769) beteken die woord *trust* nie altyd dat daar 'n trust in die wetlike sin tot stand gekom het nie. Die woord word baie los gebruik. Daar kan hoofsaaklik tussen drie trusts onderskei word:

- 1) Die bekendste trust is waar die oprigter eienaarskap aan die trusteees oordra sodat die trusteees die eiendom ten gunste van begunstigdes beheer en bestuur. Hoewel die oprigter die eienaar van die bates is, het hy geen voordelige belang daarin nie (Estate Kemp-saak, 503-504).
- 2) Die 'bewind'-trust waar die oprigter eienaarskap oordra aan die begunstigdes, maar die beheer van die bates lê by die bestuur.
- 3) 'n Persoon word vertrou met die sake van 'n ander persoon, byvoorbeeld dat 'n agent bates beheer ten gunste van 'n persoon vir hul maggeër of kurator.

Honorè en Cameron (1992:2-3) beskou die eerste twee trusts as trusts in die enge sin omdat die onderskeiding nie lê in die feit dat eienaarskap van die bates aan die trusteees oorgedra is nie, maar of beheer oorgedra is –

***“ownership is merely the form such control most commonly and conveniently takes”.***

Joubert (1969 THRHR 124 262) betwis die feit dat 'n trust bestaan (in die enge sin) wanneer eienaarskap van die bates in die begunstigdes gevestig is (Olivier; 1997:768-769).

Die Wet op Beheer op Trustgoed 57 van 1988 is van toepassing op die eerste twee trusts. Dit is egter nie baie duidelik of dié wet van toepassing sal wees op trust in die wye sin nie. Volgens *Conze v Masterbond Participation Trust Managers (Pty) Ltd* 1996 3 SA 786 (C) is die wet net van toepassing op trusts in die enge sin en nie waar dit slegs 'n saak is van agentskap nie. Waar prokureurs trustgelde hanteer, is hulle nie trusteees vir die doel van die wet nie. Om verwarring te vermy, is dit beter om by 'n trust in die wye sin nie te praat van 'n *trust* nie (Olivier, 1997:769-770).

Die trust in die noue sin is dus testamentêr of *inter vivos* en die volgende trusts kan weer testamentêre of *inter vivos*-trusts wees:

- Die diskresionêre trust;
- die bewind-trust;
- die besigheidstrust; en
- die liefdadigheidstrust (Anon, 1996a:16-17).

(Kyk Figuur 3.2, p. 86), vir 'n grafiese uiteensetting van die verskillende tipes trusts.

Vervolgens word na elk van die tipes trusts kyk en wat hulle behels.

### 3.2.1 TRUST IN DIE WYE SIN

Skrywers wat probeer het om die *trust* te omskryf, het gereeld misluk, omdat hulle nie kon onderskei tussen:

- (a) Die proses hoe 'n trust geskep word;
- (b) die bestaan van 'n afdwingbare trust; en
- (c) die administrasie van 'n trust nie.

Volgens Honorè (1985:1) val die fokuspunt op die tweede aspek. Is daar 'n afdwingbare trust, sonder inagneming van die manier van oprigting of die huidige administrasie? Daar moet onderskei word tussen die trust in die wye en enge sin. Honorè (1985:2) stel dit soos volg -

***"... in the wide sense a trust exists when property is to be held or administered by one person on behalf of another or for some purpose other than his own benefit".***

By 'n trust in die wye sin beklee die funksionaries slegs 'n amp en is hulle nie die eienaar van die goedere waarvoor hulle beheer het nie. Die handelingsbevoegdhede ten opsigte van die goed onder hul beheer is in hulle gevestig, maar al die take wat hulle uitvoer, moet tot voordeel van die begunstigdes wees (Olivier, 1989:2-4).

Hierdie trust toon aan dat 'n persoon in 'n vertrouensposisie geplaas word. Dit is dat hy goedere moet hou of beheer vir 'n ander persoon of vir 'n spesifieke doel, wat nie ten gunste van homself is nie. Hy het ook die bevoegdheid om namens iemand anders te kan optree (De Villiers et al., 1980:5).

### 3.2.2 TRUST IN DIE NOUE / ENGE SIN

Tot die Wet op die Beheer oor Trustgoed van 1988 opgestel is, het daar geen omskrywing in die Suid-Afrikaanse reg vir 'n trust in die enge sin bestaan nie. Daar was egter beskrywings oor wat 'n trust behels het.

Honorè (1985:3) beskryf die enge trust as -

***“In the narrow or strict sense a trust exists when the creator of the trust, whom I shall call the founder, hands over or is bound to hand over the control of an asset which, or the proceeds of which, is to be administered by another (the trustee or administrator) in his capacity as such for the benefit of some person (beneficiary) other than the trustee or for some impersonal object.”***

Volgens Olivier (1989:4) is die grondidee by 'n bestaande trust in die enge sin:

***“... dat die trustee qua trustee eienaar of reghebbende van die trustbates is, nie vir sy eie voordeel nie, maar om die trustbates, met inbegrip van die inkomstes of opbrengs daarvan, aan te wend ten behoeve van 'n bepaalde of bepaalbare begunstigde of ter vervulling of bevordering van 'n onpersoonlike doel”.***

Wanneer daar by boedelbeplanning 'n trust gebruik word, word daar gebruik gemaak van die trust in die eng sin, omdat die ander trusts nie die regsteun bied wat nodig is by boedelbeplanning nie. Die regsteun is noodsaaklik om die bepalinge van die trustreëlings te kan afdwing (Swart et al., 1985:188).

Swart et al. (1985:191) beskryf die trust wat normaalweg by boedels en boedelbeplanning aangetref word, soos volg:

***“’n Trust (in enge sin van die woord) is in werking wanneer ‘n trustee of trustees in sy of hulle hoedanigheid as trustees die eiendomsreg van bates van ‘n oprigter ontvang het, wat hy of hulle uitsluitlik tot die voordeel van ‘n begunstigde moet beheer en bestuur totdat die trust moet ontbind, sonder om self regstreeks voordeel daaruit te ontvang.”***

Die trust in die enge of regstegniese sin, verskil van die trust in die wye sin, deurdat die trustee die eienaar word van die goedere wat in sy beheer is (Olivier, 1989:2-4).

### **3.2.3 TESTAMENTêRE TRUST**

#### **A) WAT IS ‘N TESTAMENTêRE TRUST / TRUST *MORTIS CAUSA*?**

Swart et al. (1985:189) beskryf die trust *mortis causa* as ‘n trust wat deur ‘n testament geskep word met ‘n eensydige regshandeling. Alle bepalinge van die trust word in die testament beskryf, en daar word voorsiening gemaak vir die trustbates wat in die trust bestuur moet word. Omdat ‘n testament eers na die testateur se dood in werking tree, sal die trust *mortis causa* ook eers in werking tree na die testateur se dood. (Kyk voorbeeld 5 (p. IX – XII) waar Meneer Swart ‘n testamentêre trust oprig tot voordeel van sy drie kleinseuns asook elkeen se inkomsteverdeling.)

Silke en Steyn (1984:190) verklaar:

***“A testamentary trust is created by a will in which the testator stipulates that either the whole or a portion of the residue of his estate, one or more of the assets of his estate or a fixed cash sum are to be transferred in trust to named trustees or administrators, who are burdened with an obligation to administer the property for the benefit of one beneficiary or several beneficiaries until the trust is terminated upon the occurrence of some specified future event.”***

Swart (1998:17) veronderstel dat ‘n testamentêre trust seker die mees aangewese metode is om geld vir kleinkinders opsy te sit. Dit is ‘n buigsame

reëling waarvolgens die trustees inkomste- en kapitaaltoedelings kan maak afhange van veranderende omstandighede en behoeftes.

## B) DIE DOELSTELLING VAN 'N TESTAMENTÊRE TRUST

Volgens Engelbrecht (1998c:9) is die hoofdoelstelling van 'n trust *mortis causa* onder meer om:

- Bates namens minderjariges en handelingsonbevoegde persone te hou;
- bevoordeeldes teen hulself te beskerm;
- vir die langsewende nie 'n te groot boedel na te laat nie;
- 'n belastingbedeling te bewerkstellig; en
- onverdeelbare bates te hou en in gevalle waar vruggebruik, jaargeld of fideikommis nie heeltemal bevredigend is nie, te gebruik.

'n Vermindering van boedelbelasting sal ook bewerkstellig word indien die gade die begunstigde is en die trust op 'n sekere manier gestruktureer word (Laubscher, 1998b:5).

By die Estate Kemp v McDonald's trustee 1915 AD 491 word die trust *mortis causa* as 'n *fideicommissum purum* beskou:

***“the trustees, to whom the estate is directly bequeathed, are vested with the legal ownership in the assets. That is clear, but it is also clear that the testator never intended that they should have any beneficial interest; they were instituted not to enjoy but to administer the property”.***

Die trustee behou dus die dominium van die trustbates as fidusiêre eienaar, sonder dat hy enige voordelige belang daarin het (De Villiers et al., 1980:9).

Fideikommis is gebruik om die trust in die Suid-Afrikaanse reg standvastig te maak. By fideikommis is daar geen gelyktydigheid van regte nie. Die fiduciarius neem sy voordeel en op 'n bepaalde tyd eindig sy voordeel en gaan die eiendom oor na die fideikommis.

Daar was egter 'n fideikommis wat so kortstondig was dat die fiduciarius slegs as 'n geleibuis gedien het en die goed byna onmiddellik aan die fideikommissaris oorgegee is. Die kortstondige fideikommis het as die *fideicommissum purum* bekend gestaan. Die fiduciarius en fideikommissaris was dus basies gelyktydig eienaars van die goedere. Die *fideicommissum purum* word dus gebruik om die testamentêre trust in ons reg te vestig (Olivier, 1989:17-19).

Daar was baie kritiek teenoor die uitspraak, maar die siening het nie in die praktyk gepla nie, sodat trusts byna daagliks in testamente opgerig is. Die kritiek teen die benadering om die trust met die fideikommis gelyk te stel, is in 1984 in *Braun v Blann* 1984 2 SA 550 (A) bevestig, toe die Appèlhof die siening finaal die nekslag toegedien het. Die testamentêre trust is van toe af as 'n afsonderlike regsfiguur erken (Abrie *et al.*, 1991:117-119).

### **C) OPRIGTING VAN 'N TESTAMENTÊRE TRUST**

Hierdie trust ontstaan nie gedurende die lewe van die beplanner nie, en die voorwaardes van die trust kan dus enige tyd verbeter word gedurende die beplanner se lewe. Testamentêre trusts is dikwels eenvoudiger om op te rig as *inter vivos*-trusts, omdat daar nie rekening gehou hoef te word met die belange en beheer van die skenker gedurende sy leeftyd nie (Price Waterhouse, 1988:203).

By die testamentêre trust is daar ook bepaalde inkomstebelastingimplikasies, byvoorbeeld dat Artikel 7 van die Inkomstebelastingwet vermy word.

Olivier (1989:34-44) vat die vereistes vir die totstandkoming van die testamentêre trust soos volg saam:

- Die erflater moet die ernstige bedoeling hê om 'n trust te skep, soos uiteengesit in die testament;
- trustbates moet behoorlik opgeskryf en geïdentifiseer word; en
- bepaalde of bepaalbare begunstigdes moet bestaan.

Volgens Pace en Van der Westhuizen (1995:31) moet daar spesiale aandag gegee word aan die volgende aspekte wanneer 'n *mortis causa*-trust geskep word:

- Die opstel van die testament;
- daar moet goeie kennis gedra word van alle formaliteite van die Boedelbelastingwet, 7 van 1953;
- die deel wat die trust oprig, kan in die testament geïnkorporeer word, of as 'n bylae;
- die erflating in die testament moet uitgemaak word aan die "*trustees van XYZ trust*" en dit kan verder beskryf word as 'n trust *mortis causa* wat geskep word. Die trust sal gehou en geadministreer word deur die trustee in terme van die trustakte in byvoorbeeld bylae A van die trustakte, wat 'n deel van die testament vorm.

#### D) INWERKINGTREDING VAN DIE TESTAMENTÊRE TRUST

Honorè verklaar:

***"Van der Merwe and Rowland ... consider that a testamentary trust does not exist until the trust assets come into ownership of the trustee. This seems mistaken. Once the will takes effect, the executor is bound to hand over the assets in due course and the court has jurisdiction to replace the trustee. The trust therefore, exists at the moment of death, though it takes effect only later."***

Honorè laat die klem op eiendomsreg val, terwyl Van der Merwe en Rowland beweer dat die trustee die eienaar of reghebbende is. 'n Trustee wat aanspraak maak op 'n saak as gevolg van 'n erflating of kontrak, is eers reghebbende en by oordrag van die saak word hy die eienaar daarvan (Greenberg v Estate Greenberg 1955 (3) SA 361 op 364-365).

Vir inkomstebelastingdoeleindes is dit noodsaaklik om te weet of 'n testamentêre trust by dood ontstaan of nie. Inkomste wat vanaf die datum van die dood verdien word, word in die hande van die bevoordeeldes belas of in die boedel. Indien die trust nie by die dood ontstaan nie, kan daar 'n lugleegte ten

opsigte van die inkomste wat na die dood verdien word ontstaan, sonder dat die trustee 'n vorderingsreg op die inkomste het na die datum van afsterwe.

Volgens Olivier (1989:28) bestaan daar geen twyfel dat die onstaandatum van die trust die dag is waarop die erflater sterf nie. Sy redes is soos volg:

- By die dood van die erflater, moet die bevoordeelde volgens die testament, in die lewe wees;
- die bevoordeelde en die bemaakte goedere moet duidelik geïdentifiseer wees anders kan die bemaking nie uitgevoer word nie;
- by die stigting van die testamentêre trust bemaak die oprigter bates aan die trustee tot die voordeel van begunstigdes;
- die trustee verwerf 'n vorderingsreg ten opsigte van die eiendom teen die eksekuteur na die datum van afsterwe sodat hy die trustadministrasie kan behartig;
- die begunstigdes verkry 'n vorderingsreg vanaf die datum van afsterwe, al was dit 'n trust in die wye sin wat bepaal dat die trustee nie die eienaar van die trustbates is nie, maar wel die begunstigdes;
- daar moet vanaf die datum van afsterwe dus 'n bevoordeelde wees wat 'n vorderingsreg het ten opsigte van die goed wat vererf;
- geen bevoordeelde verkry eiendomsreg by die erflater se dood nie. Van der Merwe en Rowland wat die woord *reghebbende* gebruik, is dus reg, want die trustee aan wie die goed in die trust bemaak is, is 'n reghebbende ten opsigte van die bates vanaf die datum van afsterwe; en
- alle noodsaaklike elemente van 'n geldige trust is op die datum van dood aanwesig en gevolglik bepaal dit dat die trust op die datum van dood ontstaan (Olivier, 1989:27-29).

#### **E) BELASBARE INKOMSTE BY 'N TESTAMENTÊRE TRUST**

Waar 'n trust volgens 'n testament geskep word, sal die inkomste wat aan die trust toeval, belas word:

- In die hande van die trust; of
- in die hande van die begunstigdes.

Indien 'n begunstigde 'n gevestigde reg op die inkomste het, is die begunstigde geheel en al aanspreeklik vir die belasting op die inkomste. Indien die testament egter bepaal dat die begunstigde slegs 'n voorwaardelike reg het, het die begunstigde slegs 'n verwagting dat hy die geld sal ontvang. In ITC 76 (1927) (3 SATC 68) beskryf die hof die situasie soos volg:

***“A vested right was something substantial; something which could be measured in money; something which had a present value and could be attached. A contingent interest was merely a spes – an expectation which might never be realised. From its very nature it could not have a definite present value. In the income tax sense, therefore, a vested right was an accrued right.”***

(Stack & Cronjè, 1998:499-500).

Dit is moontlik dat 'n gedeelte van die inkomste ontvang in die hande van die trustee sowel as in die hande van die begunstigdes belas word. Dié situasie ontstaan wanneer die begunstigdes geen gevestigde reg op die inkomste het nie, byvoorbeeld by Artikel 7(5) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962, maar dat die trustee wel 'n bedrag ingevolge sy reg aan die begunstigdes uitbetaal. Die begunstigde is dus belasbaar op die deel wat hy ontvang en die trust is op die res van die inkomste belasbaar (De Koker et al., 1988:377).

## **F) BEPERKING VAN BELASTINGS BY 'N TESTAMENTÊRE TRUST**

### **i) Onroerende eiendom**

Onroerende eiendom wat aan 'n testamentêre trust oorgedra word, sal vrygestel wees van hereregte. 'n Vaste eiendomoordrag aan 'n *inter vivos*-trust sal hereregte van 10 % behels.

Goeie boedelbeplanning is wanneer die familiehuis bemaak word aan 'n testamentêre trust, met lewenslange vruggebruik aan die eggenoot. Die

waarde van die eiendomsreg en vruggebruik vir boedelbelastingdoeleindes sal baie minder wees as wanneer die huis direk aan die trust bemaak word. Die eggenote is dus geregtig op die genot van die eiendom, terwyl die eiendomsreg nie in haar boedel sal val nie. Die eggenoot se vruggebruik sal wel in haar boedel val, maar die huis se waarde sal nie onderworpe wees aan haar boedel se belasting nie. Die eiendom sal in die trust vestig, waar geen boedelbelasting by betrokke is nie.

ii) Beskerming

Die kapitaal en inkomste sal beskerm word teen die krediteure ten gunste van die familie of begunstigdes.

iii) Beskerming as 'n geheel

Wanneer die diskresie by die trustees lê vir die verdeling van die inkomste en kapitaal, is die begunstigdes beskerm teen een wat 'n eis teen die trustbates of inkomstes instel.

iv) Bemakings aan minderjariges

'n Direkte bemaking aan 'n minderjarige kan daartoe lei dat die kontant in die Meester van die Hooggeregshof se Voogdyfonds geplaas moet word. Die fonds lewer 'n baie lae rentekoers en betaal eers uit as die minderjarige 21 jaar is. Wanneer die geld aan die trust bemaak word, sal die trustees die bates administreer tot voordeel van die minderjarige.

v) Boedelkorting

Die eerste R1 miljoen van 'n boedel is vrygestel. Indien alle bates aan die langsliewende bemaak word, beteken dit dat boedelbelasting net uitgestel word totdat die langsliewende sterf, indien die waarde van die boedel sou styg. As R1 miljoen aan 'n trust bemaak word, sal die R1 miljoen korting benut word deur boedelbelasting te bespaar wanneer die eggenoot sterf (De Lange, 1998:7).

### 3.2.4 DIE *INTER VIVOS*-TRUST

#### A) WAT IS 'N *INTER VIVOS*-TRUST?

Die *inter vivos* of lewende trusts word toenemend gewild. Soos die naam aandui, is dit 'n trust wat opgerig word terwyl die skenker nog lewe. Die trust is 'n aanpasbare instrument vir boedelbeplanning en batebestuur wat dit maklik maak om 'n doel te bereik (Laubscher, 1998a:5).

Figuur 3.3 (p. 87), illustreer die skepping van 'n *inter vivos*-trust. Verwys ook na voorbeeld 6 (p. XII –XV), waar Abel 'n trust gedurende sy leeftyd oprig tot voordeel van sy kinders en vir die berekening van die belasbare inkomste by die *inter vivos*-trust.

Volgens Silke & Steyn (1984:189) is die *inter vivos*-trust –

***“... usually created by a contract in terms of which a person transfers property to trustees who are burdened with the obligation of administering the property for the benefit of one person or several persons until the trust is terminated upon the occurrence of some specified future event”.***

In *Crookes v Watson* 1956 (1) SA 277 (A) word die *inter vivos*-trust beskou as -

***“... a trust deed executed by a settlor and a trustee, is a contract between the settlor and the trustee for the benefit of a third person”.***

Daar kan die volgende gesê word ten opsigte van die uitspraak by *Crookes v Watson* (Olivier, 1989:19-20) :

- Die trustakte kan enige tyd deur middel van 'n ooreenkoms tussen die oprigter en trustee, gedurende die oprigter se lewe, gewysig word indien die begunstigde dit nie aanvaar nie.
- Indien die begunstigdes die voordele wat vir hulle beding is aanvaar, word hulle ook partye tot die kontrak en moet hulle toestemming verkry word vir herroeping of wysigings.

- Indien die trustakte bepaal dat die trust onherroeplik is en nie verander kan word nie, beteken dit niks nie. Indien al die partye eens is vir 'n wysiging, kan die kontrak gewysig word.
- Daar word nie afbreuk aan die geldigheid van die trust gedoen, indien die begunstigdes nie die voordele aanvaar nie.

Die trust *inter vivos* is dus 'n kontrak wat opgerig word tussen die oprigter en trustee tot voordeel van die begunstigdes, dit wil sê 'n beding ten behoeve van 'n derde. Honorè (soos aangehaal deur Olivier, 1989:51) se standpunt ten opsigte van 'n trust *inter vivos* word as volg beskryf:

***“It has been said that a trust inter vivos is a contract for the benefit of a third party ... But on reflection it is plain that the point being made is simply that the method of creation of a trust inter vivos is by way of a contract and that the contract usually contains a stipulation in favour of the beneficiary, who by accepting acquires an indefeasible right under the trust.”***

De Villiers et al., 1980:11 verklaar dat die trust *inter vivos* uit twee transaksies bestaan, naamlik:

1. 'n Kontrak word tussen die oprigter en trustee opgestel waar die trustee eiendomsreg aanvaar, onderworpe aan die trustakte; en
2. 'n aanbod aan die begunstigdes deur die trustee, ingevolge die voordele van die trust, wat die begunstigdes moet aanvaar of nie.

Wanneer die trust eers geskep is, word die trust onherroeplik. Die skenker behou nie die reg om sy besluit te verander om die voorwaardes van die trustakte te verbeter sonder om die boedelbelastingbesparingsdoel van die trust te vernietig nie. Indien die trustvoorwaardes verbeter moet word, moet dit gedoen word met die goedkeuring van die skenker, die trustee en die begunstigdes. Die oplossing vir die probleem is om in die trustakte voorsiening te maak vir die verbetering van die voorwaardes indien die omstandighede dit vereis (Price Waterhouse, 1988:203).

Nog 'n voordeel van die *inter vivos*-trust is dat die beplanner die identiteit van die erfgename en hul bepaalde erfenis geheim kan hou. Dit word bereik deur die bemaking van die eiendom aan die trust waar die erfgename begunstigdes is en nie direk aan die erfgename nie (Price Waterhouse, 1988:203).

## **B) OPRIGTING VAN DIE *INTER VIVOS*-TRUST**

Volgens Engelbrecht (1998c:9) word die trust *inter vivos* hoofsaaklik opgerig met die doel om bates uit die boedeleienaar se boedel te verwyder en aan die trust oor te dra. Dit word gedoen ten einde die verdere groei in sy hande te stuit en sodoende die verterende effek van boedelbelasting teen te werk of om hom teen skuldeisers en moontlike insolvensie te beskerm.

Swart et al. (1985:189-190) dui aan dat die *inter vivos*-trust gedurende die leeftyd van die oprigter in werking gestel word. Dié trust word deur 'n kontrak tussen die oprigter en trustee opgerig, met of sonder die begunstigdes se betrokkenheid. Die datum waarop die ooreenkoms gesluit word, is die totstandkomingsdatum (Sien Figuur 3.4 (p. 88), vir 'n voorstelling van die *inter vivos*-trust).

Olivier (1989:19-20) verklaar dat die oprigting van 'n *inter vivos*-trust allermins deur 'n ooreenkoms tussen die oprigter en trustee tot stand kom. Wilsooreenstemming tussen die oprigter en die trustee vir die bepaling van die inhoud van die trustakte speel geen rol by die oprigting nie. Die derde ontvang ook geen regte, tensy hy die voordele wat vir hom beding is, aanvaar het nie.

In die praktyk word die trust *inter vivos*-trust deur die eensydige optrede van die oprigter geskep. Die oprigter bepaal dat hy 'n trust wil oprig, welke bates aan die trust oorgedra sal word, wat die magte van die trustee is, wie die begunstigdes is en hoe en wanneer hulle die voordeel uit die bates sal ontvang. Die trustee se plig is slegs om die amp te aanvaar, die bates in ontvangs te neem en sy pligte volgens die trustakte uit te voer. Die aanvaarde regsposisie

is egter dat daar 'n kontrak tussen die oprigter en trustee is wat dui op 'n meersydige handeling (Olivier, 1989:29-31).

Die oordrag van bates is nie 'n voorvereiste vir die totstandkoming van *die inter vivos*-trust nie. Indien 'n oprigter sy plaas aan die trustee wil oordra, sal die trust ontstaan sodra die oprigter en trustee die geskrewe ooreenkoms aangegaan en onderteken het. Die eiendom sal eers na alle registrasies by die Aktekantoor aan die trustee oorgedra word (Olivier, 1989:32).

Omdat die trust dan volgens 'n kontrak tot stand kom, blyk dit dat die trustee wel 'n noodsaaklike vereiste is by die totstandkoming van die trust. Daar moet dus 'n trustee aangestel word wat die amp as trustee moet aanvaar (Crookes v Watson 1956 (1) SA 277 (A)).

Honorè beskou die feit dat 'n trustee aangestel moet word egter nie as noodsaaklik nie. Hy lees in die bedoeling om 'n trust te skep die feit dat daar 'n verpligting op die trustee moet rus om die trustbates te administreer. Hierdie verduideliking maak egter net sin as die trustee bestaan (Olivier, 1989:35)

Die oprigter sal moet besluit wie hy as trustees wil aanstel en 'n ooreenkoms met hulle aangaan. Daar moet dus wel trustees bestaan wat die trust kan administreer wanneer die trust deur die oprigter opgerig word.

### **C) OORDRAG VAN BATES AAN DIE *INTER VIVOS*-TRUST**

Trustbates word met 'n kontrak aan die trustee "geskenk" deur die oprigter. Die trustee word dan die eienaar van die bates, maar hy is slegs 'n beswaarde begifde – 'n *donatarius gravatus*. Die trustee is op geen inkomste van die bates geregtig nie, behalwe om die administrasiekostes daarmee te vereffen. Die trustee is verplig om die opbrengs van die bates aan die begunstigdes, soos voorgeskryf in die trustakte, oor te dra (De Villiers et al., 1980:11).

Wanneer die begunstigdes die regte aanvaar wat aan hulle toeval, verkry hulle 'n persoonlike reg teenoor die trustees (Buttar v Ault, 1950 (4) SA 229 (T)). Die wettige eienaarskap van die bates sal in die trustees vestig, wat dan deur die trustees beheer en geadministreer word volgens die trustakte (Stack & Cronjè, 1998:503).

As gevolg van die impak van skenkingsbelasting, word die *inter vivos*-trust gewoonlik met 'n klein skenking gestig. Die groeiende bates word dan deur 'n lening teen markwaarde aan die trust oorgedra. Gewoonlik is die lening dan rentevry (Silke & Steyn, 1984:189-190).

Die *inter vivos*-trust kan met groot vrug gebruik word wanneer 'n skenking gedoen word, as middel tot doeltreffende boedelbeplanning. Daar is 'n bedrag van R25 000 vrystelling per jaar per belastingpligtige (R50 000 per getroude paar) ten opsigte van skenkingsbelasting wat teen die leningsrekening van die skenker afgesit kan word (Kühn, 1996:6).

In Figuur 3.4 (p. 88), word 'n uiteensetting verskaf van die samestelling van die *inter vivos*-trust, asook die verskillende partye.

### **3.2.5 DISKRESIONÊRE TRUST**

#### **A) WAT BETEKEN 'N DISKRESIONÊRE TRUST?**

Hierdie trust word die meeste by boedelbeplanning gebruik. Meer tegnies is dit 'n trust in die enge sin. Die hoofkenmerke van die trust is dat die trustgoed in die trustees gevestig is en dat die trustees hul diskresie kan uitoefen ten opsigte van die verdeling van inkomste en kapitaal binne die groep begunstigdes. Die begunstigdes het geen gevestigde reg op die trustbates nie (Anon, 1996a:16-17). (Kyk Figuur 3.5 (p. 89), vir die samestelling van die diskresionêre trust). Die bevoegdhede van die trustees word ook in hierdie figuur uiteengesit.

By die beskerming van die individu teen finansiële rampe val die diskresionêre trust in sy eie klas. Hierdie trust is die ideale voertuig vir goeie finansiële risikobestuur en -beskerming. Begunstigdes beskik slegs oor voorwaardelike regte en die trustakte kan een of meer begunstigdes beskerm teen verliese wat onnodig is by die insolvensie van die begunstigde. Hoërisikobates moet van laerisikobates geskei word. Indien die hoërisikobates wat deur die begunstigde gehou word deur 'n ramp getref word, is die 'rente' vanaf die trust aan die begunstigde waarskynlik teen die krediteure beskerm (Van der Westhuizen & Chait, 1996:52).

Deur van hierdie trust in die praktyk gebruik te maak, word daar dus verseker dat 'n begunstigde geen gevestigde reg op die inkomste of kapitaal van 'n trust het nie. Die besluit berus by die trustees om te bepaal wie die inkomste- en kapitaalbegunstigdes sal wees.

Die trustee kan die verhouding van die bevoordeling ten opsigte van die begunstigdes bepaal, maar die trustdokument moet die groep of klas persone aandui wat bevoordeel kan word. Hierdie posisie geld by die testamentêre trust ná die beslissing in *Braun v Blann* 1984 2 SA 850 (A). Dié beginsel behoort nie by die *inter vivos*-trust ter sprake te wees nie. As daar egter nie potensiële begunstigdes aangedui word nie, kan die trust in die slag bly weens die feit dat 'n duidelike trustdoel afwesig is (Abrie et al., 1991:117-119).

Omdat die begunstigdes geen gevestigde regte verkry nie, sal hul boedel net deur die voordele wat hulle werklik deur die diskresie van die trustees ontvang, verhoog word, en word die inflasie van hul boedels deur fidusiêre regte, regte op vruggebruik of ander dergelike regte, vermy (De Villiers et al., 1980:115).

## **B) AANBEVELINGS BY 'N DISKRESIONêRE TRUST UIT 'N BELASTINGOOGPUNT**

### **i) Bepaling van die datum van beëindiging**

Daar moet verkieslik nie 'n datum bepaal word nie, dit moet eerder in die diskresie van die trustees gelaat word.

### **ii) Belasbaarheid van die ouer ten opsigte van voogdyskap**

Indien 'n ouer of voog inkomste deur 'n testament ontvang vir die opvoeding van kinders, is die inkomste in die hande van die ouer of voog belasbaar, aangesien hy nie aan die kind verslag hoef te doen van die aanwending of surplus nie (ITC 417 10 SATC 264). Indien die ouer nie die inkomste ontvang in sy hoedanigheid as voog nie, sal die inkomste aan die minderjarige kind toeval en die kind daarop belasbaar wees.

### **iii) Gebruik van trust en begunstigdes as belastingpligtiges**

Die trust en begunstigdes moet gesamentlik en afsonderlik as belastingpligtiges oorweeg word sodat die belasting verdeel en daardeur moontlik verminder kan word. Artikel 7, wat bepaal dat die skenker belasbaar sal wees op inkomste wat voortspruit uit skenkings wat hy gemaak het, is nie van toepassing waar die skenker oorlede is nie. Indien die trustees die diskresie het oor die inkomste, sal die trustees as verteenwoordigende belastingpligtiges verantwoordelik wees en nie die begunstigdes nie, omdat die begunstigdes nie 'n gevestigde reg op die inkomste het nie.

## **3.2.6 EIENDOMSTRUST**

Die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988 omskryf die trust soos volg:

***“Die reëling waardeur een persoon se goed uit hoofde van 'n trustdokument –***

***(a) aan iemand anders, die trustee, in die geheel of gedeeltelik in eiendom oorgemaak of nagelaat word om ooreenkomstig die voorskrifte van die trustdokument geadministreer te word of oor beskik te word tot voordeel***

***van die persoon of klas van persone in die trustdokument aangewys of ter bereiking van die doel in die trustdokument omskryf ...”.***

Hier is die trustee die eienaar van die trustbates. Hy moet sy beheer- en beskikkingsbevoegdheids uitoefen tot voordeel van die begunstigdes en nie tot sy persoonlike voordeel nie. Die trustee beklee ook 'n fidusiêre amp (Abrie et al., 1991:117-119).

### **3.2.7 DIE 'BEWIND'-TRUST**

Volgens die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988 is die bewind-trust

***“... die reëling waardeur een persoon se goed uit hoofde van 'n trustdokument – (b) aan die bevoordeeldes in die trustdokument aangewys in eiendom oorgemaak of nagelaat word, welke goed ingevolge die trustdokument onder die beheer gestel word van iemand anders, die trustee, om ooreenkomstig die voorskrifte van die trustdokument geadministreer te word of oor beskik te word tot voordeel van die persone of klas van persone in die trustdokument aangewys of ter bereiking van die doel in die trustdokument omskryf”.***

Hierdie trust verwys na 'n trust in die wye sin van die woord. Die trustees is slegs administrateurs van die bates, nie die eienaars daarvan nie. Die begunstigdes het dan 'n gevestigde reg op die trustbates (Anon, 1996a:16-17).

### **3.2.8 DIE PERSOONLIKE TRUST**

Waar die bates aan iemand in sy persoonlike hoedanigheid oorgedra word, tesame met die las dat hy dit ten behoeve van een of meer persone of ter verwesenliking van 'n onpersoonlike doel moet aanwend, word dit as 'n persoonlike trust beskou. 'n Tipiese voorbeeld van 'n persoonlike trust is as gelde oorbetalings aan 'n eiendomsagent wat dit in 'n trust moet hou tot dit op 'n bepaalde wyse bestee moet word. 'n Ander voorbeeld is as daar 'n

skenking aan 'n universiteit gedoen word met die bepaling dat die universiteit die geld vir die beskikbaarstelling van beurse moet aanwend (Viljoen, 1987:9).

### 3.2.9 DIE BESIGHEIDSTRUST

Indien 'n trust wat 'n sakeonderneming bedryf 'n sogenaamde 'besigheidstrust' is, dan is seker 90% van alle trusts besigheidstrusts. Die Margo Kommissie het sonder veel sukses probeer om die besigheidstrust te definieer (Anon, 1996a:16-17).

Edmund Davies (soos aangehaal deur Oakley, 1997:1) het die volgende in *Carl-Zeiss Stiftung v Herbert Smith* 1969 2 Ch. 276 gesê oor hierdie trust:

***“English law provides no clear and all-embracing definition of a constructive trust. Its boundaries have been left perhaps deliberately vague, so as not to restrict the court by technicalities in deciding what the justice of a particular case may demand.”***

Die bedryf van 'n sakeonderneming met die oog op winsbejag word beskou as die hoofdoel van die besigheidstrust. Dié trust kan testamentêr of *inter vivos* opgerig word. Die *inter vivos*-manier is hier die algemeenste as gevolg van die aard en doel van die besigheidstrust (Abrie et al., 1991:117-119).

'n Paar voorbeelde van die trust kan wees: effektrusts, stemregtrusts, trust om mineraleregte te behou, eiendomstrusts vir skole, liefdadigheidsinstansies, en skuldbrieftrusts (Olivier, 1989:124,127).

Die kenmerke van die besigheidstrust kan soos volg opgesom word:

- ***“n gesamentlike projek deur meerdere partye;***
- ***met die oog op winsbejag;***
- ***waar elkeen van die partye kapitaal in die vorm van vaste eiendom, geld of ander goedere bydra;***

- **welke kapitaal aan trustees oorgedra word om ten behoeve van die bydraers as begunstigdes te hou en te administreer;**
- **en vir welke bydraes die begunstigdes sertifikate vir hul pro rata-belange ontvang en waarvolgens hulle in die winste en in die kapitaal van die trust deel as die trust beëindig word” (Olivier, 1989:119-121).**

Die aantreklikheid van dié trust is daarin geleë dat daar belastingvoordele kan bestaan, dit plooibaar is, makliker en goedkoper is om te administreer, en die uitskakeling van die Wet op Maatskappye, 61 van 1973. Dié trust leen hom daartoe om die voordele via die ander ondernemingsvorme in die trust in te bou, sonder om die probleme van die ander ondernemingsvorme saam te neem (Olivier, 1989:124,127).

As gevolg van die aard en doel van die besigheidstrust word die trust egter nie algemeen by boedelbeplanning aangewend nie (Abrie et al., 1991:117-119).

### **3.2.10 LIEFDADIGHEIDSTRUST**

Die trust word ook soms 'n trust vir 'n onpersoonlike doel genoem. Daar is nie 'n bepaalde persoon of persone as begunstigde nie en die doel van die trust is die bevoordeling van die gemeenskap of 'n deel daarvan uit 'n liefdadigheidssoogpunt (Anon, 1996a:16-17).

Vrye diskresie word ook aan die trustee gegee om die bepaalde begunstigdes en die omvang van hul bevoordelings te bepaal en sy diskresie word nie tot 'n groep persone of instansies beperk nie (Abrie et al., 1991:117-119).

### **3.2.11 DIE SPESIALE TRUST**

Die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962, artikel 1, omskryf 'n spesiale trust soos volg -

**“n trust geskep alleenlik vir die voordeel van 'n persoon wat aan 'n -**

- (i) geestesongesteldheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973) ly; of**

- (ii) ***ernstige liggaamsgebrek ly, waar sodanige ongesteldheid of gebrek daardie persoon buite staat stel om genoegsame inkomste vir daardie persoon se onderhoud te verdien***".

### **3.3 DIE TRUSTAKTE**

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993:952) beskryf die trustakte as die ***"Akte waarby eiendom of ander bates ten behoeve van 'n belanghebbende bestee moet word deur 'n trustee"***.

(Wet op Beheer op Trustgoed 57 van 1988, artikel 1)

Die Wet op Beheer op Trustgoed 57 van 1988, artikel 1, beskryf trustinstrumente as:

***"... 'n written agreement or a testamentary writing or a court order according to which a trust was created"***.

Van der Westhuizen (1998g:6) sê dit is die raadsaamste besluit om in die trustakte daarvoor voorsiening te maak dat dit betreklik maklik gewysig kan word. Die trustees beheer die administrasie van die trust. Die oprigter sal deur middel van sy testament of 'n kontrak die eerste trustees aanstel. Die trustees kan slegs doen wat die trustakte hulle toelaat om te doen, want die trustees verkry hul regte en bevoegdhede uit die trustakte. 'n Trustakte met beperkte bevoegdhede kan duur gevolge hê as die trustees of die begunstigdes uiteindelik die hof sal moet nader om die trustakte te wysig.

'n Eensydige wysiging van die akte kan ongeldig verklaar word as die reg om eensydiglik die trustakte te wysig nie uitdruklik gegee word nie, omdat die *inter vivos*-trust 'n ooreenkoms tussen die oprigter en die trustees is. Die testamentêre bevoegdheid om die trustakte te wysig, sal dan in elk geval geen betekenis hê nie en daar sal ook geen implikasies met betrekking tot boedelbelasting wees nie.

Waar die trustakte aan Meneer A die bevoegdheid gee om trustees in sy leeftyd aan te stel en af te dank, kan daar ook negatiewe boedelbelastingimplikasies ontstaan. Meneer A kan byvoorbeeld al die trustees afdank sodat hy die enigste trustee is indien die trustakte nie vir 'n minimum aantal trustees voorsiening maak nie. Indien hy dan die enigste trustee sou wees en ook 'n kapitaalbegunstigde sonder neutraliseringsbepalings, kan die bates van die trust geag word as die bates van Meneer A by sy dood en by sy boedel ingesluit word.

Nog 'n probleem vir Meneer A by boedelbelasting is waar die trustakte vir hom as trustee die beslissende stem gee by besluitneming deur die trustees. 'n Beter besluit is as die trustakte bepaal dat besluite deur 'n meerderheidstem beslis word, mits Meneer A een van die meerderheid is.

Die feit dat 'n trust bestaan, beteken dus nie dat die bates wat in die trust is nou van belasting vrygestel is nie, maar dit sal wel van die struktuur en bepalinge van die trustakte afhang (Van der Westhuizen, 1999f:4).

### **3.4. TRUSTBATES**

#### **3.4.1 DIE OMSKRYWING VAN TRUSTBATES**

Artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962 omskryf trustgoed as -

*“roerende goed of onroerende goed en ook enige voorwaardelike reg op goed, wat deur 'n trustee ooreenkomstig die voorskrifte van 'n trustdokument geadministreer of oor beskik moet word”.*

#### **3.4.2 HOE KAN BATES AAN 'N TRUST OORGEDRA WORD?**

##### **i) Verkoop van bates aan die trust teen 'n lening**

Hierdie lenings is gewoonlik rentevry en daarom kan daar sekere belastingimplikasies wees. Die lening kan as 'n “ander beskikking” beskou

word, wat dan onderworpe sal wees aan Artikel 7(3) tot 7(7). Artikel 103(1) kan moontlik ook deur die Ontvanger van Inkomste in ag geneem word, omdat hy die rentevrye lening kan beskou as 'n skema om belasting te ontduik. 'n Rentevrye lening by die oprigting van 'n trust kan regte skep wat nie normaalweg geskep word tussen persone wat 'n armlengte-transaksie uitvoer nie (Stack & Cronjè, 1998: 508-509).

Indien die bates aan die trust op 'n lening verkoop sou word, is die koopprys van die bates in die vorm van 'n leningsrekening in die boedel en is daar boedelbelasting op betaalbaar, indien die persoon op daardie stadium te sterwe kom voordat die lening terugbetaal is (Van der Westhuizen, 1999f:4).

## ii) Skenking van bates aan 'n trust

Volgens CIR v Berold 1962 (3) SA 748 (A) is daar beslis dat 'n rentevrye lening 'n "*ander beskikking*" volgens die Wet is. Volgens Ovenstone v CIR (1980 (2) SA 721 (A)) sal lae rentekoerslenings wat teen laer koerse as normaalweg beding word, ook onder artikel 7 van die Wet val.

Rentevrye lenings moet dus sover moontlik vermy word, veral wanneer die verkoop van 'n inkomsteproduserende bate daaraan gekoppel is. Die rentekoers moet markverwant wees en voldoende sekuriteit moet beskikbaar wees (Gericke, 1988:123-124).

Indien die bates aan die trust geskenk sou word, is die bates wel vry van boedelbelasting, maar alle waardes bo R25 000 is onderworpe aan 'n skenkingbelastingkoers wat verminder het vanaf 25 % tot 20 % per jaar na 1 Oktober 2001. Die bates sal ook van 1 Oktober 2001 aan kapitaalwinstbelasting onderworpe wees.

### 3.4.3 WATTER BATES KAN ALLES IN DIE TRUST GEPLAAS WORD?

Laubscher (1998a:5) toon dat die sleutelinstrument by die gebruik van 'n trust die besluit is oor watter bates in die trust geplaas behoort te word en watter nie. Besittings, en toekomstige bates, kan aan die trust geskenk word eerder as om dit in die individu se eie naam te verkry.

Dit sal waarskynlik die beste wees om alle bates wat oor 'n lang termyn in waarde toeneem, in 'n trust te plaas. Dit is egter onsinnig om 'n gesinsmotor of meubels in 'n trust te plaas. Daar moet jaarlikse trustgelde betaal word vir die "bestuur" van die artikels, wat met die verloop van tyd depresieer. Uiteindelik sal niks bespaar word nie. Bates wat wel in die kategorie val, is byvoorbeeld aandele, effektrusts, uitkeerpolisie en vaste eiendom.

Aandele en eiendom is natuurlik nie die enigste bates met groeivermoë nie. Antieke ware, skilderye deur bekende kunstenaars en selfs diamante en perëls kan in die trust opgeneem word.

Indien die doel van 'n trust oor die beskerming van die begunstigdes gaan, plaas 'n mens nie bates wat nie beskermingswaardig is in die trust nie. Dit is ook nie voordelig om bates in 'n trust te plaas wat in waarde afneem nie. Die trust sal dan dalk nie enige beskerming aan die begunstigdes kan bied nie.

Indien 'n rekenaar byvoorbeeld met geleende geld gekoop sou word, beteken dit dat Meneer A 'n lening van byvoorbeeld R10 000 in sy guns gaan hê wat hy geleen het aan die trust. Die waarde van die rekenaar kan vinnig verminder, maar die lening kan konstant bly of met rente vermeerder. Daar kan egter deur Meneer A se skuldeiesers beslag gelê word op die lening aan die trust wat 'n bate in die boedel van Meneer A vorm.

Hier sal die trust dus geen voordele vir Meneer A inhou nie. Dié argument geld ook vir ander roerende bates soos 'n motor, behalwe as die motor

veteraanstatus bereik het en in waarde begin groei (Van der Westhuizen, 1998a:4).

'n Lewensversekeringspolis kan ook as 'n trustbate gesien word. Dit kan in herhaaldelike of enkele premies voorkom. Die trust kan eienaar word van die polis deur 'n skenking of deur 'n sessie aan die trust. Na vyf jaar en ingevolge die trustakte kan die skenker die bedrag van die trust leen en 'n leningsrekening skep wat aan die trust betaalbaar is by sy dood. Dit verminder die effektiewe waarde van die skenker se boedel en die belasting daarop betaalbaar (Kühn: 1996:6).

'n Boer moet sy risikobeskermingsplan só struktureer dat sy plaas nie deur dieselfde entiteit gehou word as die waarin hy sy boedery bedryf nie. 'n Boerderybedrywigheid het elemente van finansiële risiko en daarom moet die bate met die laer risiko, naamlik die grond waarop geboer word, deur 'n trust besit word. As daar dan byvoorbeeld probleme met die boerdery ontstaan soos droogte, arbeidsprobleme of enige ander finansiële risiko, kan die boer gerus wees dat die plaasgrond nie verlore sal gaan nie, mits hy die trust reg gestruktureer het.

Die ideale finansiële risikobeskermingsplan vir die boer is dat die plaas waarop die opstal en geboue geleë is, in die laerisikotrust gehou moet word, terwyl die grond van minder sentimentele waarde weer in 'n mediumrisikotrust gehou kan word. Die laerisikotrust moet nie borg staan vir iemand nie, en daar moet ook geen verbande op die eiendom wees nie. Daar kan egter wel 'n verband oor die mediumrisikogrand wees en kan ook as borg dien indien die boerdery-entiteit enige sekuriteit verlang (Van der Westhuizen, 1998f:5).

Van der Westhuizen beweer dat 'n goeie risikobeskermingsplan vir 'n sakeman byvoorbeeld daaruit bestaan dat die gebou waarin die onderneming sy besigheid bedryf (die laerisikobate) en die onderneming (die hoërisikobate) in twee verskillende entiteite gehou moet word. Die gebou kan in 'n trust gehou

word en die onderneming kan in sy eie naam of 'n maatskappy bedryf word. Die aandele van die maatskappy waarin die besigheid bedryf word, kan ook deur dieselfde trust gehou word. Die trust kan dan die gebou aan die ondernemingsentiteit verhuur. Indien die onderneming dan in 'n finansiële verknorsing beland, is die gebou in die trust veilig, mits die trust nie borg staan vir die onderneming nie.

#### **3.4.4 ONDERSKEIDING VAN TRUSTBATES EN TRUSTEEBATES**

Volgens die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1987:4) verplig Klousule 12 van die Wetsontwerp die trustee om in sy boekhouding 'n duidelike onderskeid te maak tussen sy persoonlike bates en die trustbates wat hy in die hoedanigheid as trustee hou. Indien daar 'n eiendomsreg op bates is of 'n ander reg op die bates geregistreer word, moet die trustee die trustbates so registreer dat dit duidelik uit die registrasie blyk dat die bates wel trustbates is. Geld wat die trustee ontvang, moet in 'n trustrekening op die naam van die trust geplaas word. Klousule 11(1) van dié Wetsontwerp toon dat rekenings of beleggings by finansiële instellings as trustrekenings of trustbeleggings herkenbaar moet wees.

Verwys ook na 3.6.2, p.54 – p. 60 vir 'n verdere uiteensetting van trustees en trustees se bates.

#### **3.5 EIENDOM OF BATES**

By boedelbelasting het eiendom egter 'n ander betekenis as wat normaalweg daaraan geheg word. Die begrip '*eiendom wat geag word eiendom te wees*' moet dienooreenkomstig geïnterpreteer word (Swart et al., 1985:108).

Eiendom word in artikel 3(2) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 omskryf. '*Eiendom*' beteken:

***“enige regte in of tot eiendom, vas of verskuifbare, liggaamlike of onliggaamlike, en sluit in –***

- (a) enige fidusiêre, vruggebruik of ander belang in eiendom gehou deur ‘n afgestorwene reg voor sy dood;***
- (b) enige regte tot ‘n annuïteit, wat afgestorwene geniet reg voor sy dood wat toeval aan ‘n ander persoon na afsterwe.***  
***Waaronder ‘n diskresionêre trust die trustee die diskresie het om die inkomste of kapitaal te weerhou van die begunstigde, het die begunstigde geen eiendom in terme van Artikel 3(2) nie”.***

‘n Samevatting van eiendom, soos dit in dié Wet omskryf word, lui soos volg:

- (a)** Eiendom is ‘n baie wye begrip en omvat enige reg op goed. Dit sluit saaklike sowel as persoonlike regte in. ‘Goed’ het ook ‘n baie wye betekenis en sluit in roerende of onroerende, liggaamlike of onliggaamlike goed.
- (b)** Sekere regte word spesifiek by die definisie van eiendom ingesluit. Die regte sluit in enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg op eiendom, asook sekere jaargelde.
- (c)** Sekere eiendom en regte van persone wat nie hul gewone verblyfplek in die Republiek van Suid-Afrika gehad het nie, word spesifiek by die definisie van eiendom uitgesluit. Die buitelandse bates en regte van ‘n buitelandse val onder die uitsluitings, wat vrygestel is van boedelbelasting (Swart et al., 1985:108-115).

### **3.6 PERSONE BETROKKE BY ‘N TRUST**

Die definisie van ‘n persoon word soos volg omskryf in die Inkomstebelastingwet 58 van 1962:

***“ook die boedel van ‘n oorlede persoon en ‘n trustfonds bestaande uit kontant of ander bates wat deur ‘n persoon wat in ‘n fidusiêre hoedanigheid optree, geadministreer en beheer word, waar daardie persoon ingevolge ‘n trustakte of ooreenkoms of ingevolge ‘n testament van ‘n oorlede persoon aangestel is”.***

Wie is egter die persone betrokke by 'n trust? Volgens De Viliers (1996:16) is die volgende drie partye betrokke by 'n trust, naamlik die oprigter of skenker, die trustees en die begunstigdes.

'n Opsomming van die persone by 'n trust betrokke kan soos volg saamgevat word. Die oprigter is die persoon wat aanvanklik die trust oprig. Die trustee en die begunstigdes is nou die partye wat 'n aktiewe rol begin speel. Die trustbates word uitsluitlik tot die voordeel van die begunstigdes deur die trustees beheer en bestuur.

Huxham en Haupt (2000:450) beweer dat die besluit oor wie belas sal word op die inkomste wat die trust verdien sal afhang van 'n aantal faktore, naamlik:

- Die trustakte se bepalings;
- word die trustinkomste uitbetaal aan die begunstigdes of nie;
- het die begunstigdes 'n gevestigde reg op inkomste;
- is die kinders meer- of minderjarig; en
- amper die heel belangrikste: of die bepalings van artikel 7 van die Inkomstebelastingwet geld.

(Kyk Figuur 3.6 (p. 90), vir die onderskeiding van die persone wat in verskillende omstandighede belasting sal betaal).

### **3.6.1 DIE SKENKER / OPRIGTER**

#### **A) WIE IS DIE SKENKER / OPRIGTER?**

Die skenker of oprigter van die trust kan beskou word as die persoon wat eiendom aan trustees van 'n trust oordra met die bedoeling om 'n trust te stig. Die testateur van 'n testamentêre trust is die persoon wat volgens sy wil 'n trust eensydiglik skep. By die *inter vivos*-trust is die oprigter weer die persoon wat 'n ooreenkoms met die trustees aangaan, tot voordeel van die begunstigdes.

Honorè (soos aangehaal deur Van der Westhuizen en Chait, 1996:13) toon dat wanneer 'n oprigter 'n trust deur middel van 'n kontrak wil oprig, hy nie die trust kan skep deur die bates aan homself as alleentrustee te sedgeer nie. Hy kan egter die bates aan homself en ander as trusteees oordra.

Swart et al. (1985:197) beskou die oprigter van 'n trust as die persoon wat sy bates wil beskerm of wat wil voorsorg tref vir 'n bepaalde persoon of projekte. Die oprigter moet egter 'n ander persoon – 'n trustee – aanstel, om die sake te behartig, want geen maatreëls sou nodig gewees het indien hy dit self sou behartig het nie.

Die oprigter is nie net 'n handelingsbevoegde persoon nie, hy is iemand wat op 'n bepaalde manier met sy bates wil werk.

## **B) PLIGTE VAN DIE OPRIGTER**

Volgens Swanepoel (1961:19-22) is die volgende 'n uiteensetting van die oprigter se take:

1. Die oprigter moet uiting gee aan sy wil om 'n trust op te rig;
2. die aanwysing van bepaalde vermoënsbestanddele as trusteeiendom;
3. 'n trustdoel moet bekend gemaak word; en
4. aanwys van die trusteees.

Die oprigter kan 'n natuurlike of regspersoon wees. Die oprigter moet geskik wees om 'n testament te kan opstel indien 'n testamentêre trust opgerig word. Wanneer 'n *inter vivos*-trust opgerig word, moet die oprigter handelingsbevoeg wees. Die oprigter kan ook 'n trustee wees, maar hy mag nie die enigste trustee wees nie. Die oprigter kan ook 'n begunstigde wees, asook die enigste begunstigde (Abrie et al., 1991:126).

### **3.6.2 TRUSTEES**

#### **A) OMSKRYWING VAN 'N TRUSTEE**

In Artikel 1 van Inkomstebelastingwet 58 van 1962 word 'n trustee beskryf as:

***“benewens elke persoon by handeling van partye, by testament, by bevel of verklaring van ‘n geregshof of by wetswerking as sodanig aangestel of benoem, ook ‘n eksekuteur of administrateur, voog of kurator, en enigiemand wat goed onderhewig aan ‘n trust, vruggebruik, fideicommissum of ander beperkte reg bestuur of beheer of wat in fidusiêre hoedanigheid optree of wat hetsy in private of in amptelike hoedanigheid goed van ‘n regsonbevoegde persoon besit of beheer of daarvoor toesig hou of dit bestuur”.*** (Meyerowitz, 1998a:26)

In *Banoo v CIR* 1947 (4) SA 417 (T) 421 het AJ Lucas ‘n trustee met groot akkuraatheid beskryf, volgens Honoré (1985:7):

***“The word trustee has, apart from its use in some statutes, as, for example, in insolvency, no precise connotation in our law. When it is used it would seem to convey that the person called trustee holds on behalf of some other person or group of persons property or rights of which such other person or group cannot be deprived as a result of some event, such as insolvency, occurring to the so-called trustee.”***

Die Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988 beskryf die trustee soos volg:

***“... fidusiêr verwys na enige persoon wat in beheer van ‘n ander se goed is en wat derhalwe in ‘n vertrouensverhouding teenoor die ander persoon met betrekking tot die goed staan”.***

Die algemene reël is dat dat ‘n trustee nie in sy persoonlike hoedanigheid vir normale belasting op trustinkomste aanspreeklik sal wees nie. Hy sal wel aanspreeklik wees vir belasting op inkomste soos trustee- of ander vergoeding wat die trust aan hom persoonlik betaal vir dienste gelewer (Swart et al., 1985:212).

## **B) OPTREDE AS ‘n TRUSTEE**

Van der Westhuizen en Chait (1996:14) ondersteun die feit dat enige persoon as trustee kan optree, mits hy die vermoë het om as trustee te kan optree.

Volgens dié teorie kan selfs 'n minderjarige, wat geassisteer word deur sy voog, 'n trustee wees.

Wie het die outoriteit om namens die trust op te tree indien die trustee van die trust 'n maatskappy is? Artikel 6(4) van die Wet op die Beheer van Trustgoed, Wet 57 van 1988 voorsien dat 'n benoemde as trustee kan optree indien die trustee 'n maatskappy is. In *Metequity Ltd v NWN Properties Ltd*, 1998 (2) SA 554 (TPD), het die hof die feit dat Artikel 6(4) sê dat slegs 'n benoemde van die maatskappy en nie die maatskappy self nie, mag optree as trustee, verwerp (Anon, 1998a:10).

Daar bestaan geen voorgeskrewe kwalifikasie om as trustee op te tree nie. Sekere persone kan egter nie as trustee optree nie.

- By 'n testamentêre trust kan die persoon wat die testament opstel, die persone wat as getuies teken en ook nie hul gades as trustees optree nie.
- 'n Persoon mag nie handelingsonbevoeg wees nie.
- 'n Direkteur van 'n maatskappy kan nie as 'n trustee van 'n trust vir skuldbriefhouers optree nie, volgens Artikel 122 van die Maatskappywet 61 van 1973. Artikel 122 bepaal:

***“Geen direkteur of beamppte van 'n maatskappy is bevoeg om trustee vir die skuldbriefhouers van daardie maatskappy te wees nie”.***

- Die trustakte kan ook persone verbied om as trustees op te tree (Olivier, 1989:55).

### **C) AANSTELLING VAN 'N TRUSTEE**

'n Trustee kan op die volgende wyses aangestel word:

- Deur die ooreenkoms waardeur 'n trust *inter vivos* opgerig word;
- deur die bepalings van 'n testament;
- deur die Meester;
- deur die hof; of
- deur wetgewing (Abrie et al., 1991:127).

'n Persoon kan dus as 'n trustee aangewys word as aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- (a) Hy moet op 'n wettige manier genomineer word;
- (b) hy moet behoorlik gekwalifiseer wees;
- (c) hy moet die aanstelling aanvaar; en
- (d) hy moet 'n brief vir die goedkeuring van administrateurskap verkry (Honorè, 1985:139).

#### **D) VEREISTES TEN OPSIGTE VAN 'N TRUSTEE**

Daar is geen beperking op die aantal trustees nie. Twee of drie is in die praktyk redelik algemeen. Daar is ook geen spesifieke vereistes, byvoorbeeld regskwalifikasie, wat by die aanstelling van 'n trustee vereis word nie. Die trustdokument kan egter spesiale kwalifikasies en beperkings hê (Abrie et al., 1991:126-127).

Die moderne siening is dat wanneer 'n persoon as 'n trustee verkies word vanweë die een of ander spesiale eienskap, hy nie sy magte, bevoegdheid en pligte aan enigiemand anders kan oordra nie. In Hoosen NO and Others v Deodat and Others (1997) 3 ALL SA 32 (D) is beslis dat in enige ander situasie 'n trustee egter sy magte mag oordra aan iemand anders, mits:

- “1. ... he did not thereby free himself from liability for the conduct of the person appointed to act for him of the general body of trustees, and**
- 2. could at any time freely revoke the appointment”.**

(Scholze, 1997:618).

#### **E) SORGSAAMHEID EN BEKWAAMHEID VAN 'N TRUSTEE**

Die Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988, artikel 9, bepaal die volgende ten opsigte van sorgsaamheid en bekwaamheid van die trustee:

- 1. “A trustee shall in the performance of his duties and the exercise of his powers act with care, diligence and skill which can reasonably be expected of a person who manages the affairs of another.**

2. ***Any provision contained in a trust instrument shall be void in so far as it would have the effect of exempting a trustee from or indemnifying him against liability for breach of trust where he fails to show the degree of care, diligence and skill as required in subsection (1).***

#### **F) BATES VAN DIE TRUST EN DIE TRUSTEE SE BATES**

In die CIR v Sive's Estate 1955 (1) SA 249 (A) 265 het AR Schreiner (soos aangehaal deur De Villiers et al., 1980:98) verklaar dat regte of belange in of op eiendom wat deur 'n trustee in sy hoedanigheid as trustee gehou word, nie deel van sy boedel sal vorm by sy dood nie. Hy sê:

***"It is clear that what was held by a person and ceases on his death must be a beneficial interest and not the merely legal or nominal interest held by a person occupying the position of an 'administration peg'. The legislature was taxing the passing of or the succession to beneficial interest in property, not changes consequent upon the death of a person holding property as a trustee or similar representative."***

Dié Wet het ook sekerheid gebring oor die feit dat trustgoed nie deel vorm van die trustee se persoonlike boedel nie, behalwe vir sover hy as trustbegunstigde op die trustgoed geregtig is. Indien die trustee dus insolvent sou raak, sal die trustbates nie deel vorm van sy persoonlike boedel nie. Die omgekeerde is egter ook waar, naamlik dat die persoonlike boedel beskerm word as die trust sou insolvent sou raak.

Volgens Artikel 11(1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed 57 van 1988 word bepaal dat die trustee:

- (i) Die trustbates as trustbates moet aandui in sy boekhouding;
- (ii) die trustbates so moet registreer, dat daar uit die registrasie afgelei kan word dat die bates die trust s'n is;
- (iii) die trustrekening by 'n finansiële instelling duidelik herkenbaar moet maak; en

- (iv) alle trustgoed behalwe goed genoem in (ii) en (iii) so gou as moontlik as trustgoed geïdentifiseer moet word (Abrie et al.,1991:130-134).

In *Cock v Goodfellow* (1722) (soos aangehaal deur Honorè, 1985:20) het die trustee die trustbates met sy eie bates gemeng. Die trustee se krediteure kon egter nie teen die trustbates geëis het nie. Indien die trustee dus insolvent sou gaan, kan sy krediteure geen eis teen die trustbates hê nie, al is dit net om 'n deel van die trustee se skuld te delg. Volgens die hof geld dieselfde reël wanneer die trustee sou sterf.

Die goue reël is dus:

**ONDERSKEI DUIDELIK TUSSEN PERSOONLIKE BATES EN TRUSTBATES**  
(Van der Westhuizen, 1998j:4)

Honorè (1985:2) haal J Cardiz in die *Baxter v Benningfield* (1883) 4 NLR 143 159-60-saak aan:

***“principle ... taken from the English law, that trustees must not and cannot be allowed to benefit themselves in any manner by dealing with property, the subject of their trust and that all such dealings, if beneficial, must accrue to the benefit of the trust cestui que trust”.***

## **G) PLIGTE VAN DIE TRUSTEE**

Die pligte van die trustee word uiteengesit in die trustdokument, die gemenerereg en die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988. Hoewel skrywers effens verskil ten opsigte van die heel belangrikste punte kom almal se menings daarop neer dat die volgende pligte en verantwoordelikhede as die heel belangrikste hooftake van die trustee beskou word:

- Optrede ter goeder trou;
- trustees moet gesamentlik optree;
- trustees gee sekuriteit aan die Meester tensy hulle vrygestel is daarvan;
- geld afsonderlik in 'n trustrekening by die bank deponeer;

- trustees moet wetlike vereistes nakom;
- trustees moet die trustakte nagaan en op die hoogte kom van take;
- trustees moet die trusteiendom oorneem;
- trusteiendom moet produktief gemaak word;
- trusteiendom moet apart van die trustees se persoonlike eiendom gehou word;
- bewaring van trusteiendom deur die verkoop of herinvestering van die eiendom;
- administrasie van die trustbates; en
- bewaring van dokumente vir 'n tydperk van meer as 5 jaar (Olivier, 1989:70-76).
- Onpartydigheid (Van der Westhuizen, 1998e:4)

Volgens Honorè (1985:212) het die trustees die volgende bykomende pligte:

- Die trustees moet enige skulde invorder; en
- vrywaring van trustees.

Die trustee is geregtig om hom teen enige trustuitgawes te vrywaar. Hy is vrygestel van enige wetlike optredingsonkoste wat teen hom aangegaan word in sy hoedanigheid as trustee. Hy is ook geregtig om homself te vrywaar van enige belasting en instandhoudingskoste in verband met die trusteiendom.

## **H) BEËINDIGING VAN DIE TRUSTEESKAP**

Trusteeskap kan volgens Abrie et al. (1991:128-137) op die volgende wyses beëindig word:

1. Die dood van die trustee;
2. die bedanking van die trustee;
3. ontheffing deur die Meester;
4. ontheffing deur die hof; of
5. beëindiging van die trust.

## I) DIE BOEDELBEHEERDER OF EKSEKUTEUR VAN 'N BOEDEL

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993:91) beskryf die boedelbeheerder soos volg:

***“iemand wat aangestel is byvoorbeeld deur die hof, om die boedel van iemand wat self nie meer daarvoor kan sorg nie, te beheer”.***

Artikel 1 van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 beskryf 'n eksekuteur as:

***“iemand aan wie briewe van administrasie of 'n eksekuteursbrief ten opsigte van die boedel van 'n afgestorwe persoon ingevolge 'n wetsbepaling met betrekking tot die administrasie van boedels deur 'n Meester uitgereik is of wie se aanstelling as geassumeerde eksekuteur van so 'n boedel deur 'n Meester ingevolge so 'n wetsbepaling geëndosseer is of wat so 'n boedel ingevolge 'n opdrag van 'n Meester beredder of verdeel, en ook iemand wat uit hoofde van briewe van administrasie of 'n eksekuteursbrief wat buite die Republiek uitgereik maar deur 'n Meester vir gebruik in die Republiek onder sy ampseël onderteken is, optree of gemagtig word om op te tree en, in 'n geval waar die boedel nie onder toesig van die Meester geadministreer hoef te word nie, die persoon wat die boedel administreer”.***

Die eksekuteur is die 'verteenwoordigende belastingpligtige' van die boedel en moet alle belasting wat deur die boedel verskuldig is, uit die geld van die boedel betaal (Divaris en Stein, 1997:146).

### 3.6.3 DIE BEGUNSTIGDE

#### A) WIE IS DIE BEGUNSTIGDES?

Volgens Swart et al. (1985:201) kan enige persoon of instansie as 'n begunstigde aangewys word. Die oprigter en trustees kan selfs ook as begunstigdes aangewys word. Die oprigter en trustee moet egter nie alleen as begunstigde aangewys word nie. Indien die trustee die alleenbegunstigde is, sal sy regte as trustee en sy regte as begunstigde saamsmelt en sal hy bloot

net die eienaar wees. Indien die oprigter alleenbegunstigde sou wees, bewaar hy sy eie bates en sal hy ook die eienaar van die bates bly.

In die trustdokument word onderskei tussen inkomstebegunstigdes en kapitaalebegunstigdes. Die begunstigdes kan 'n natuurlike of regs persoon wees en die begunstigde hoef nie by die oprigting van die trust te bestaan nie. Die begunstigdes hoef ook nie handelingsbevoeg te wees nie, wat beteken dat minderjarige kinders of kranksinniges ook begunstigdes kan wees.

## **B) REGTE VAN DIE BEGUNSTIGDES**

Die begunstigde beskik oor die volgende regte:

### **1. 'n Persoonlike reg teenoor die trustee vir die nakoming van die trustee se verpligtings:**

#### **i) By die testamentêre trust**

Die begunstigde het 'n persoonlike reg teenoor die trustee om te eis dat hy sy verpligtings nakom en nie in stryd daarmee optree nie. Hierdie reg ontstaan by die inwerkingtreding van die trust (Abrie et al., 1991:137-141).

#### **ii) By die trust *inter vivos***

Hier verkry die begunstigde geen regte totdat hy sy regte aanvaar nie. Omdat die begunstigde by die oprigting en voortbestaan van die trust onmisbaar is, is dit vanselfsprekend dat die begunstigde regte teenoor die trustee verwerf by die oprigting van die trust. Hierdie regte is volgens Olivier (1989:90) presies dieselfde as by die trust *mortis causa* en staan ook dan bekend as 'n persoonlike reg teenoor die trustee.

### **2. Regte ten aansien van die trustinkomste**

Die inkomstebegunstigde se reg word bepaal deur of dit 'n diskresionêre trust is of nie. Indien die trustee die diskresie het om die begunstigdes

aan te wys, verkry die begunstigde eers 'n gevestigde reg op die inkomste wanneer die trustee se besluit uitgeoefen is.

Wanneer die trustdokument die begunstigdes bepaal, verkry die begunstigde 'n gevestigde reg op die inkomste teenoor die trustee, by die inwerkingtreding van die trust (Abrie et al., 1991:137-141).

### **3. Regte ten aansien van die trustbates**

Soos by die inkomstebegunstigdes, kry die kapitaalbegunstigdes ook geen gevestigde reg op die bates totdat die trustee sy diskresie uitgeoefen het by 'n diskresionêre trust nie. Indien hy wel vorderingsreg verkry het, sal die bates deel van sy boedel vorm (Abrie et al., 1991:137-141).

#### **C) VOORWAARDELIKE EN GEVESTIGDE REGTE**

Vir belastingdoeleindes is dit belangrik om te bepaal of die begunstigde 'n gevestigde reg in die trust het of nie. Indien hy 'n gevestigde reg het, is hy belasbaar in die mate wat inkomste onmiddellik of in die toekoms aan hom toeval. Die inkomste hoef nie fisies aan die begunstigdes uitbetaal te word nie, maar kan ten gunste van hulle opgehoop, belê, of gekapitaliseer word (CIR v People's Stores (Walvis Bay) (Pty) Ltd 1990 1 SA 353 (A)) (Olivier, 1997:768).

In Estate Munro v CIR 1928 TPD 693; 1 SATC 163 is bepaal dat al word inkomste uit 'n trust nie direk aan die begunstigde uitbetaal nie maar ten gunste van hom bestee, sal daardie inkomste in die begunstigde se hande belas word (De Koker et al., 1988:380).

Wanneer 'n persoon 'n gevestigde reg op inkomste het, beteken dit, soos vervat in Jewish Colonial Trust v Est Nathan 1940 AD 163 175:

***“When it is said that a right is vested in a person, what is usually meant is that such person is the owner of that right – that he has all rights of ownership in such right including the right of enjoyment.”***

(Honorè, 1985:430)

Wanneer die trustee die eienaar van die trusteiendom is, sal die begunstigdes slegs 'n reg *in personam* teen die trustee hê vir die inkomste of kapitaal wat aan hom verskuldig is vanaf die trust. Die begunstigde het geen ware reg in die trusteiendom nie en daardeur is die begunstigde dus verwyderd van die skulde van die trust. By insolvensie van die trust is die begunstigde geregtig, om soos die ander krediteure 'n eis teen die trust in te stel vir die kapitaal wat aan hom verskuldig is. Hy is egter nie geregtig op voorkeur bo die ander krediteure nie (Honorè, 1985:431-432).

#### **D) INKOMSTE VAN DIE BEGUNSTIGDES EN DIE BOEDEL**

Artikel 25 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 omskryf die inkomste van begunstigdes en boedels van oorledenes:

***“(1) Inkomste ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van 'n persoon in sy hoedanigheid as eksekuteur van die boedel van 'n oorledene, en 'n bedrag aldus ontvang of toegeval wat inkomste in die hande van die oorledene sou gewees het indien dit gedurende die oorledene se leeftyd deur hom ontvang was of aan of ten gunste van hom toegeval het, word, vir sover die inkomste of bedrag vir die onmiddellike of toekomstige voordeel van 'n vasgestelde erfgenaam of legataris van bedoelde oorledene verkry is, geag inkomste te wees wat deur bedoelde erfgenaam of legataris ontvang is of aan hom toe te geval het, en word, vir sover bedoelde inkomste of bedrag nie so verkry is nie, geag die inkomste van die boedel van bedoelde oorledene te wees.***

***(2) Enige aftrekking of vermindering wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet toegestaan kan word by die vasstelling van die belasbare inkomste verkry by wyse van enige inkomste of bedrag bedoel in subartikel (1),***

***word, vir sover bedoelde inkomste of bedrag ingevolge die bepalinge van daardie subartikel geag word inkomste te wees wat aan 'n erfgenaam of legataris of die boedel van bedoelde oorledene toegeval het, geag 'n aftrekking of vermindering te wees wat toegestaan kan word by die vasstelling van die belasbare inkomste deur daardie erfgenaam of legataris of bedoelde boedel verkry, na gelang van die geval."***

## **E) TER OPSOMMING VAN 'N BEGUNSTIGDE**

Begunstigdes is glad nie betrokke by die teken van die kontrak nie. Hulle word eers 'n party indien hulle die voordele aanvaar in terme van die *stipulatio alteri*. Daar kan dus gesê word:

- 'n Trust sonder 'n begunstigde is ongeldig;
- enige natuurlike persoon, ingesluit 'n trustee ten gunste van 'n ander trust, mag 'n begunstigde wees;
- trustees het die diskresie om 'n begunstigde of begunstigdes van 'n aangewysde groep uit te kies indien die trustakte bepaal dat hulle diskresionêre magte het;
- geen beperkings word op die aantal begunstigdes geplaas nie; en
- die oprigter en 'n trustee kan ook een van die begunstigdes wees (Van der Westhuizen & Chait, 1996:15-16).

## **3.7 TRUSTGELD**

***"Geld onder beheer van 'n trustee"*** (HAT, 1994:1106)

## **3.8 BOEDELGELDE**

Boedelgelde word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek, (1993:91) beskou as:

***"Gelde betaalbaar in verband met die inventaris van 'n boedel."***

### 3.9 TRUSTBOEDEL

Delport (soos aangehaal deur Viljoen, 1987:9) beskou die trustboedel as:

***“... die bates en laste wat deur ‘n trustee as ‘n afsonderlike boedel beheer word en die ‘trustbates’ en ‘trustlaste’ het diensooreenstemmende betekenis”.***

‘n Trustboedel kan volgens die *ex parte* Milton 1959 (3) SA 347 (SR)-saak gesien word as ‘n selfstandige entiteit wat gesekwestreer kan word, apart van die persoonlike boedel, omdat die trustboedel onder die definisie van “skuldenaar” kan val vir die doel van die Insolvensiereg. Die trust is selfs bestempel as “***possessing some sort of quasi-personality***” (De Villiers *et al.*, 1980:13-14).

### 3.10 BRUTO INKOMSTE

Volgens die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 is bruto inkomste:

***“met betrekking tot ‘n jaar of tydperk van aanslag en in die geval van enige persoon, die totale bedrag, hetsy in kontant of andersins, ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van so ‘n persoon gedurende bedoelde jaar of tydperk van aanslag uit ‘n bron in die Republiek of geag in die Republiek te wees, met uitsluiting van ontvangste of toevallings van ‘n kapitale aard, ...”.***

### 3.11 FIDEIKOMMIS

Volgens die Romeins-Hollandse reg, asook die Suid-Afrikaanse geldende reg, gee Joubert die volgende definisie:

***“n Fideicommiss is die regsfiguur waardeur die oprigter (fideicommittens) vermoë in eiendom gee aan ‘n fiduciarius onderhewig aan die las (onus fideicommissi) om dit in volle eiendom aan die fideicommissaris uit te keer by die aanbreek van ‘n bepaalde tydstop of by die vervulling van ‘n bepaalde voorwaarde.***

(Swanepoel, 1961:8)

### 3.12 BEDING TEN BEHOEWE VAN 'N DERDE

De Wet (soos aangehaal deur Swanepoel, 1961:9) verklaar 'n *'beding ten behoewe van 'n derde'* as volg:

***"'n Ooreenkoms ten behoewe van 'n derde is 'n ooreenkoms tussen twee persone (A en B), waardeur die een (B, die promittens) hom teenoor die ander (A, die stipulans) en 'n derde persoon (D), wil verbind om aan die derde 'n reg te laat toekom."***

Swanepoel verklaar:

***"van verteenwoordiging moet weer onderskei word die regsinstelling bekend as die ooreenkoms ten behoewe van 'n derde. By die ooreenkoms ten behoewe van 'n derde sluit A 'n ooreenkoms met B, en beding van B 'n reg ten gunste van C, maar A handel nie in diens van C nie, maar vir homself. A se bedoeling is hier nie om namens C op te tree nie, ook nie om in diens van C te handel nie, maar om B teenoor hom (A) te verbind tot die doen van 'n prestasie aan C waarop C dan ook sonder meer geregtig sal wees"***.

### 3.13 WAT BETEKEN BOEDEL?

1. ***"Iemand se hele vermoë met die daarbybehorende regte en verpligtinge.***
2. ***Nalatenskap, erfenis."***

(Nasionale Woordeboek, 1988:68).

Volgens Divaris en Stein (1997:146) word 'n boedel vir belastingdoeleindes as 'n persoon geag. 'n Boedel se aanslagtydperk kan korter as 'n jaar wees, byvoorbeeld in die geval waar die oorledene gedurende die belastingjaar sterf, maar dit sal nie sy aanspreeklikheid vir belasting raak nie, aangesien dit nie op enige kortings geregtig is nie.

Danziger en Cronjè (1997:853) haal aan uit artikel 3(1) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955:

***"By die toepassing van hierdie Wet bestaan die boedel van 'n persoon uit al die eiendom van daardie persoon op die datum van sy dood en uit alle eiendom wat***

***ooreenkomstig hierdie Wet geag word eiendom van daardie persoon op bedoelde datum te wees."***

Volgens die omskrywings van 'n boedel kan daar nou gesien word dat die boedel uit bates of eiendom bestaan wat die boedeleienaar besit.

### **3.14 BILLIKE MARKWAARDE**

Alle onroerende goed waarop 'n *bona fide* boerdery-onderneming in die Republiek voortgesit word, moet teen die billike markwaarde gewaardeer word. Die keuse van gebruik sal van die eksekuteur afhang of –

***"a) .... die billike markwaarde daarvan; of***

***b) 'n bedrag ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) vasgestel te word as verteenwoordigende die totaal van die billike waarde van die grond vir landbou- of veeteeldoelindes en die waarde wat enige verbeterings verwag kan word om tot sodanige waarde van die grond waarop hulle geleë is by te dra (welke totaal hieronder die oppervlaktewaarde genoem word), tesaam met die billike markwaarde van enige mineraalregte verbonde aan die grond, op die datum van die dood van die oorledene" .***

(Artikel 1 van die Boedelbelastingwet 45 van 1955, Danziger & Cronjè, 1997:850).

Die keuse berus dus by die eksekuteur. Hierdie keuse moet uitgeoefen word voor die waardasie verkry word, en kom dan neer op die effek dat hy moet dobbel met die vraag watter waardasie die laagste gaan wees. Die Landbankwaardasie is egter in die praktyk gewoonlik laer as die geswore waardasie (Anon, 1996a:48).

Die voordeel daaraan verbonde om die Landbankwaardasie te verkry, is dat indien die Kommissaris sou besluit om die waardasie te verhoog en die eksekuteur nie daarmee tevrede sou wees nie, die Wet daarvoor voorsiening

maak dat dit verwys kan word na die Lanbankraad. Die beslissing van die Landbankraad is dan finaal (Anon, 1996a:48).

### **3.15 DIE BRUTO WAARDE VAN 'N BOEDEL**

Indien 'n persoon sou sterf terwyl hy woonagtig is in Suid-Afrika, sal al sy bates, waar ookal hulle gevestig mag wees, deel van die *bruto waarde* van die boedel uitmaak (Divaris & Steyn, 1997:256).

Geagte eiendom sal ook by die bruto waarde van die boedel in ag geneem word. Alle toelaatbare aftrekkings word hiervan afgetrek, sodat die *netto boedel* bepaal kan word (Swart et al., 1985:109).

### **3.16 DIE NETTO WAARDE VAN 'N BOEDEL**

***“... word bepaal deur die ... kortings op die totale waarde van alle eiendom wat ooreenkomstig artikel 3 daarby ingesluit is, te doen, ...”.***

(Artikel 4 van die Boedelbelastingwet 45 van 1955).

Die *netto waarde* van die boedel word dus bepaal nadat sekere wetstoelaatbare verminderings van die totale waarde afgetrek word (Divaris & Steyn, 1997:256).

### **3.17 BELASBARE BEDRAG**

Volgens Divaris en Steyn, (1997:256) word die *belasbare bedrag* van 'n boedel bereken wanneer die vaste aftrekking van R1 miljoen van die netto waarde afgetrek word.

Boedelbelasting sal van 1 Oktober 2001 gehef word teen 20 %, wat verminder het van 25 % op die belasbare bedrag.

### 3.18 RAAMWERK EN BEGINSELS VAN DIE TRUST

As inleiding kan gesê word:

1. Die oprigter moet beheer oor die trustbates op 'n wettige manier oordra. Daar moet of 'n werklike oorhandiging of 'n verpligting om te oorhandig, wees.
2. Die oorhandiging neem gewoonlik die vorm aan van 'n oordrag van eienaarskap deur 'n skenking of verkoping. Dit is nie moontlik om 'n trust te skep waar die oprigter volle eienaarskap oor die bates behou nie. 'n Oprigter kan 'n mede-eenaar van die bates bly deur 'n mede-trustee te wees. Hy kan egter nie 'n trust oprig deur bates aan homself as enigste trustee oor te dra nie.
3. Soms bemaak of skenk die oprigter die bates aan die begunstigdes in plaas daarvan om die bates aan die trustee oor te dra. Die administrasie van die bates vestig egter in die trustees. Dit word ook as 'n *bewind-trust* gesien.
4. Die trust is nie vir die reg 'n regspersoon nie, maar in sekere omstandighede word die trust van die private boedel van die trustee geskei, soos by insolvensie. Vir inkomstebelastingdoeleindes is die trust 'n aparte entiteit waar 'n verteenwoordigende belastingbetaler die belastingaspekte namens die trust hanteer.
5. Niks verhoed die oprigter om ook 'n begunstigde van die trust te wees nie. Die oprigter kan selfs die enigste begunstigde wees. Die trustee kan ook 'n begunstigde wees, maar hy kan egter nie die enigste begunstigde wees nie.

Wanneer daar na 'n trust verwys word, word dit gedoen in die konteks van belastingvermyding. Inkomsteverdeling word bewerkstellig deur 'n meerderheidstrust te skep en inkomste tussen die begunstigdes te verdeel. Die trust se gewildheid en aantreklikheid lê in sy plooibaarheid, die gemak waarmee dit geadministreer word, die skeiding tussen formele eiendomsreg, die voordeel dat eiendomswaarde daarin kan groei en die gemak waarmee bates uit die trust

kan gaan en aan begunstigdes oorgedra kan word. 'n Trust se aanwendingsmoontlikhede bly baie wyd (Van Wyk, 1987:59).

Die trust word ook as 'n doeltreffende instrument voorgestel om boedelbelasting te beperk en funksioneer meestal as boedelvasspenninginstrument. Die trust staan dikwels sentraal in talle boedelplanne en is daarom die ontvanger van groot bedrae geld (De Villiers, 1996a:16).

Daar is drie basiese vrae wat beantwoord sal word om die proses reg te kan verstaan, naamlik:

1. Wie is almal betrokke by 'n trust?
2. Wat is die inkomstebelastingimplikasies op die inkomste?
3. Wie is die belastingpligtige party?

Die totstandkomingsvereistes van 'n trust is seker ook een van die hoofredes waarom die trust so gewild is. Administrasie is min en eenvoudig. Dit is egter duidelik dat wanneer die reg voorskrifte neerlê vir 'n spesifieke dokument, waaruit die trust spruit, of wanneer 'n trust deur 'n testament geskep word, dat die spesifieke vereistes nagekom moet word (Theron, 1990:30).

Die basiese kenmerke van 'n trust word in die *ex parte* Kemp's Executor, 1940 W.L.D 26, Greenberg J.P-saak soos volg ontleed:

***“the requisites of a trust are three, viz, sufficient words to raise it, a definite subject, and a certain or ascertained object”.***

### **3.18.1 DIE NOODSAAKLIKHEDE VAN 'N TRUST**

#### **A) BEDOELING OM 'N TRUST TE SKEP**

Die bedoeling om 'n trust te skep, kan uit verskeie faktore afgelei word. Dit kan aangedui word deur gebruik te maak van verskillende woorde soos, 'trust', 'trustee' en 'trustbates' (Theron, 1990:32).

Enigiemand wat homself kontraktueel kan verbind of 'n testament kan opstel, kan 'n trust stig. Hoewel die oprigter nooit spesifieke woorde gebruik het om 'n trust op te rig nie maar sy bedoeling daarop dui dat dit sy algemene bedoeling was om 'n trust op te rig, sal 'n trust geag word op te gerig gewees het. Indien die kennis van die trustdoel nie deur al die trustees gedeel word nie, sal daar geen trust wees nie, omdat 'n trust nie geskep kan word deur 'n private, eensydige besluit nie (Honorè 1985:91-93).

Die trustakte moet altyd duidelik en ondubbelsinnig opgestel word, sodat die oprigter se behoeftes en wense vervul kan word (Gericke, 1988:14).

## **B) DIE BEDOELING OM 'N VERPLIGTING TE SKEP**

Abrie et al. (1991:124-125) toon dat die verpligting is -

***“...either (i) the obligation resting on the trustee to administer the property for the trust object, or (ii) the obligation resting on the founder or on another (e.g. the founder's executor) to take the necessary steps (such as to transfer the property in question) to ensure that the property is administered by a trustee. Either obligation will suffice for the existence of a valid trust”.***

Die bedoeling om 'n trust op te rig, is nie voldoende as daar nie 'n verpligting ontstaan nie. Die verpligting kan die verpligting wees wat op die trustee gelê word om die eiendom van die trust te administreer. Dit is wanneer 'n trustee aangewys en die eiendom aan hom oorgedra word. Die verpligting kan ook die verpligting wees wat op die oprigter rus om die nodige stappe te doen om te verseker dat die eiendom deur die trustee gadministreer word. Dit is waar daar nie 'n trustee aangewys word nie (Honorè, 1985:106).

## **C) TRUSTEIENDOM MOET DUIDELIK GESPESIFISEER WORD**

Trusteiendom kan uit enige tipe eiendom bestaan. Die enigste vereiste is dat die eiendom met redelike sekerheid bepaalbaar moet wees (Honorè, 1985:112).

Shrand (soos aangehaal deur Gericke, 1988:15) skryf soos volg:

***“A requirement for the formation of a trust is a clear and unambiguous definition of the property which is to form the subject-matter of the trust.”***

#### **D) DIE TRUSTDOEL**

Vir die oprigting van 'n trust moet daar persone wees wat voordeel sal trek uit die trust. In die Harter v Epstein, 1953 (1) SA 287 (AD)-saak sal die trust misluk indien daar geen gespesifiseerde of versekerde begunstigdes is nie (Shrand, 1976:32-37).

Die trustdoel kan wees tot voordeel van een of meer bepaalde begunstigdes of vir een of meer onpersoonlike begunstigdes. Onpersoonlike begunstigdes is byvoorbeeld 'n liefdadigheidsorganisasie (Honorè, 1985:115,124).

#### **E) DIE TRUSTDOEL MOET WETTIG WEES**

'n Trust kan opgerig word om iemand finansiëel te help om 'n professie gevestig te kry, maar mag nie opgerig word om byvoorbeeld 'n onwettige dobbelhuis in Suid-Afrika op te rig nie (Abrie et al., 1991:124-125).

#### **F) DIE AANWESIGHEID VAN 'N TRUSTEE**

Coertze (soos aangehaal deur Theron, 1990:34-35) toon dat die aanwesigheid van 'n trustee nie 'n noodsaaklikheid is nie. Indien die Appèlhof se standpunt aanvaar word met betrekking tot die regsraad van 'n *inter vivos*-trust, sal die trust nie sonder die medewerking van 'n trustee tot stand kan kom nie omdat die trustee onderneem om die trustbates ten gunste van ander te onderhou. Die trust *mortis causa* sal wel sonder 'n trustee tot stand kan kom, maar sal egter nie sonder 'n trustee kan funksioneer nie.

## G) TRUSTEES MOET ONAFHANKLIK OPTREE

Omdat die trustee die bekleër van 'n amp is, moet hy onafhanklik optree (Theron, 1990:35).

Die volgende is geldigheidsvereistes vir die oprigting van 'n trust:

- Die aanstelling en aanvaarding van 'n trustee;
- die oordrag van die trustbates aan die trustee of die begunstigdes;
- die indiening van 'n trustdokument by die Meester; en
- die magtiging van die Meester aan die trustee sodat hy as trustee kan optree.

### 3.18.2 IS DIE TRUST 'N WETTIGE PERSONA?

Aangesien die Wetgewer nie 'regspersoon' definieer nie, is daar op die volgende gemeenskaplike omskrywing beslis –

***“... an association of individuals capable of holding property and of suing and being sued in its corporate name ... the capacity to acquire certain rights as apart from the rights of the individuals forming it, and perpetual succession”.***

(Magnum Financial Holdings (PTY) Ltd (in Liquidation) v Summerly and Another NNO) (Theron, 1990:38).

Die standpunt dat die trust 'n wettige persona is, is heeltemal verwerp in die CIR v MacNellie's Estate, 1961 (3) SA 833 (A) 840F-G saak, wat gehandel het oor artikel 5(1)(b) van die Boedelbelastingwet 1955. Theron (1990:36) verklaar:

***“Like a deceased estate, a trust, if it is to be clothed with juristic personality, would be a persona or a legal entity consisting of an aggregate of assets and liabilities. Neither our authorities nor our Courts have recognised it as such a persona or entity ... It is trite law that the assets and liabilities in a trust vest in the trustee.”***

### 3.18.3 SELFSTANDIGHEID VAN 'N TRUST

In die lig van die feit dat daar 'n onherroeplike vervreemding van eiendom is deur die skenker aan die trust, word die trust beskou as 'n *taxable persona* vir die doel van inkomstebelasting. Indien die inkomste in die trust gevestig is, sal die trust aanspreeklik wees vir die belasting op die inkomste. Die trust word dan as 'n persoon beskou. Indien dit nie moontlik is om 'n begunstigde direk aan te slaan nie, is die trust self vir die belasting aanspreeklik. Die trustee as *verteenwoordigende belastingbetaler* sal dan belas word op die trustinkomste (Shrand, 1976:91-92).

Hoewel die trust nie oor regs persoonlikheid beskik nie, bied die trust tog nog 'n mate van beskerming aan beide die trustees en begunstigdes. Tot tyd en wyl die tyd aanbreek vir die verdeling van die kapitaal van die trust aan die begunstigdes, behoort die trustbates aan die trustees. Die trustee is egter verplig om die trustbates apart van sy eie bates te hou. Die rede hiervoor is dat as die trust misluk, sal die trustee se persoonlike bates nie in gedrang kom nie, maar slegs die trust se bates. Die omgekeerde geld egter ook (Du Plessis, 1992:830).

Indien die begunstigdes egter 'n gevestigde reg in die trust het (CIR v Polonsky, 1942 T.P.D. 249, 12 SATC 11) sal hulle vir die belasting aanspreeklik wees, ongeag die feit dat die trustee volgens die trustakte geregtig is om enige of alle inkomste ten gunste van die begunstigdes te akkumuleer (Shrand, 1976:91-92).

Bevoordeeldes word nie aanspreeklik gehou vir die betaling van verpligtinge van die trust nie, dit wil sê dat die skuldeisers slegs aangewese is op die trust se bates vir skulddelging. Vir alle praktiese doeleindes voer die trust dus 'n onafhanklike bestaan (Du Plessis, 1992:830).

### 3.18.4 BUIGSAAMHEID VAN DIE TRUST

Die moderne trust het 'n baie meer buigsame formaat as die voorlopertrust. Die wetlike vereistes van die trust is minimaal en in die teorie is dit selfs moontlik om 'n trust mondelings op te rig, hoewel dit heeltemal onaanvaarbaar is in die praktyk. Die inhoud van die noodsaaklike kenmerke van die trust is baie duidelik onbeperk en die buigsamheid by die doen van keuses is aan die orde van die dag by die moderne trustakte.

Die trust is elasties omdat die toerusting by administrasie kan verander. Dit kan wees:

- Die aantal trustees;
- die manier van aanwysing en hul vervanging;
- die trustees se stelsel van bestuur;
- die geleentheid vir diskresie wat aan die trustees toegeken word; en
- die tydperk wat hulle die trustbates bestuur.

Al hierdie faktore hang van die oprigter af. Die oprigter kan die trustees dophou en bykomende trustees nomineer, indien nodig. Hy kan aan die trustees vrye teuels gee by die belê, koop en verkoop van bates soos hulle goed dink. Die begunstigdes kan die voordeel van die trustee se diskresie geniet en terselfertyd aan sy krediteure wys dat hy geen eiendom besit nie (Honorè, 1985:11-12).

Honorè (soos aangehaal deur Viljoen, 1987:4) toon dat 'n hoofrede vir die gewildheid van die trust die afwesigheid van staatsbeheer is. In die werkstuk van 1983 van die Regskommissie van die Konsepwetsontwerp is die mening deur die Kommissie gehuldig dat alle handelinge van die trustees nie aan die beheer en toesig van die Meester van die Hooggeregshof onderworpe moet wees nie. Die Kommissie aanvaar as uitgangspunt dat owerheidsbeheer oor 'n trust tot die minimum beperk moet word.

Viljoen, 1987:4 verwys na sir Maurice Amos se opmerking oor die gewildheid van die trust in lande met 'n "common law"-agtergrond:

***"Trusts have now pervaded all fields of social institutions in common law countries. They are like those extraordinary drugs curing at the same time toothache, sprained ankles and baldness, sold by peddlars on the Paris boulevards; they solve equally well family troubles, business difficulties, religious and charitable problems. What amazes the sceptical civilian is that they really do solve them."***

### **3.18.5 AANWENDING VAN DIE TRUST**

Dit is belangrik om te verseker dat die primêre doel vir die oprigting van 'n trust nie slegs 'n plan vir belastingontduiking is nie, want dit sal bloot deur die belastinggaarder afgeskiet word (Engelbrecht, 1998a:9).

Van der Westhuizen (1993:1) toon dat dit strategies verkeerd is om die trust slegs te kies vir die belastingvoordeel wat daaruit voortspruit. Die belastingvoordeel kan miskien net hou tot die volgende belastingjaar en dan kan die wetgewing verander word.

Indien die uiteindelijke trustdoel byvoorbeeld die bevrediging van die versorgingsbehoefte is, kan die boedelplan nuttig aangewend word met insluiting van al die belastingvoordele wat dit bied (Engelbrecht, 1998a:9).

Volgens Van der Westhuizen (1993:32) kan die trust vir die volgende aangewend word:

- In plaas van vruggebruik;
- die beskerming van erfename teen hulself en ander;
- voorsiening vir beperkte aanspreeklikhede;
- voorsiening van meer testamentêre vryheid en buigbaarheid;
- voorsiening vir veranderlikheid;

- om die erflating te kan ontvang;
- voorsiening vir die beskerming vir minderjariges;
- om 'n vennootskap met ander ondernemings te vorm;
- om probleme op te los ten opsigte van onderverdeling van landbougrond;
- aanwending vir handeldryfdoeleindes;
- aanwending vir welsyndoelindes;
- aanwending vir inkomstebelasting en boedelbelastingdoelindes; en
- om familieprobleme op te los.

Na die veranderinge in die Trustwet in 1998, Inkomstebelastingwet 58 van 1962 bied die trust nog steeds 'n goeie manier om die vinnige groei van bates vas te pen, ongeag dreigemente om boedelvaspenningskemas in die wiele te ry. Vanaf 1987 is daar op aanbevelings van die Margo Kommissie en die vierde tussentydse verslag van die Katz Kommissie in 1996 gevrees vir die instelling van wetgewing dat trusts periodiek gewaardeer moet word en op die groei van die bates belasting moet betaal. Die Begrotingrede van 1998 het egter getoon dat die trust nog steeds nuttig is vir boedelvaspenning. Die voorstelle van die kommissies kan egter nog later deurgevoer word, maar volgens La Grange (1999:36) moet dit nie 'n boedelbeplanner ontmoedig om sy bates deur 'n trust te laat vaspen nie. Daar is egter 'n voorvereiste – die trusteees moet genoeg bevoegdheid hê om die situasie te kan hanteer indien dit nie meer gunstig is om die bates in 'n trust te hou nie. Dit kan byvoorbeeld wees dat die trusteees die mag het om die bates aan die begunstigdes te laat toeval, of die begunstigdes te kan verander sodat die bates weer aan die oorspronklike eienaar toeval (La Grange, 1999:36).

### **3.18.6 TOTSTANDKOMING VAN DIE TRUST**

Volgens Olivier (soos aangehaal deur Van der Westhuizen en Chait, 1996:35) moet daar egter beter sorg aan die dag gelê word by die oprigting van 'n trust:

***“... the taxation of trust income constitutes a minefield for the unenlightened and can easily convert a dream of tax saving into a nightmare”.***

Wanneer 'n trust ontstaan, word bates opsygesit met die doel om 'n trust op te rig. Die trust kan opgerig word by wyse van 'n testament of 'n skenkingskontrak. 'n Trustee of trustees word dan aangewys om die bates te bestuur en te beheer tot voordeel van die trustbegunstigdes. Die dokument waarvolgens die trust tot stand kom, word die trustdokument of trustakte genoem, hoewel dit terselfdertyd ook 'n testament of skenkingskontrak is (Engelbrecht, 1998c:9).

### **3.18.7 REDES EN DOEL VIR DIE OPRIGTING VAN DIE TRUST**

Die klem met die oprigting van die trust val gewoonlik op die belastingvoordele wat aan die oprigter toeval. Daar moet egter sorg aan die dag gelê word dat daar nie so 'n situasie geskep word wat die genietinge van die bates van die betrokke partye beperk nie. Belastingvoordele moet altyd 'n ekstra bonus by die hoofdoel wees. Hierdie voordeel moet eerder vermy word indien dit die genot van bates beïnvloed. Dit is egter moontlik dat die begunstigdes en die oprigter die beste belastingvoordele en die meeste genot uit hul bates kan verkry. Die beskermingstrust is een van hierdie trusts (Anon, 1994c:63).

Die tradisionele doel van die trust was om die trust op te rig vir die beskerming en voordeel van begunstigdes. 'n Testateur kan besluit dat sy vrou die inkomste van sy boedel moet geniet en die kapitaal kan verdeel soos sy goed dink. Sy moet egter nie beheer hê gedurende haar lewe oor die kapitaal van die bates nie. In *Robertson v Robertson's Executor* 1914 AD 503 het die oorlewende eggenoot die reg gehad om enigeen as begunstigde van die kapitaal te verkies. Die doel van die testateur was nie om die kapitaal van sy boedel te beskerm deur haar te verbied om die boedel te beheer nie, maar wel om haar inkomste te beskerm deurdat iemand haar nie sou kon oortuig om van die bates ontslae te raak tot haar eie nadeel nie (Anon, 1994c:63-64).

'n Meer algemene voorbeeld vir die doel van oprigting van 'n trust is om die hele of 'n deel van die boedel te beskerm vir die opvolging van begunstigdes. Die

inkomste kan aan die oorlewende eggenoot oorgedra word, terwyl die kapitaal aan die kinders oorgedra word by die dood van die testateur. Die kapitaal kan behou word vir erfgename verder af in die nageslag, terwyl die tussenkomende erfgename bevoordeel kan word deur die inkomste (Anon, 1994c:63-64).

Die oprigter kan ook homself en sy familie beskerm van finansiële krisisse wat kan ontstaan uit sy ekonomiese of sake-aktiwiteite deur 'n trust op te rig. Hy kan sy bates teen krediteure beskerm deur die bates aan 'n trust oor te dra. Sy laste moet egter steeds nie sy bates oorskry nie. Solank hy geen gevestigde reg op die trustbates het nie, of as die trustakte bepaal dat hy sy reg verloor en ander dan bevoordeel word, sal die trust sy doel dien. Die trust kan egter benadeel word indien die trustee, deur die navolging van sy regte wat aan hom toegestaan word deur die trustakte, geld tot voordeel van die oprigter skenk, of die skuld van die oprigter waarborg (Anon, 1994c:63-64).

Wanneer 'n boedeleienaar eiendom aan 'n trust verkoop, kan hy 'n lening aan die koper toestaan vir die koopprys. Die terugbetaling van die lening aan die ander kant, geskied egter 'op aanvraag'. Die verkoper doen egter geen stappe om die lening in te vorder nie, met die gevolg dat die skuld na drie jaar 'verjaar' en nie meer afdwingbaar is nie. Die boedeleienaar het dus indirek die bate aan die koper 'geskenk' sonder om enige skenkingbelasting te betaal.

Hierdie tegniek mag moontlik na belastingontduiking lyk. Indien die Belastinggaarder die skema sou aanval as synde 'n skenking te wees, hou dit steeds groot voordele in. Die Belastinggaarder sal eers kan optree sodra die 'verkoper' te sterwe kom, aangesien die koper altyd die lening kan terugbetaal terwyl die verkoper nog lewe. As skenkingsbelasting andersins gehef word, is dit niks meer as boedelbelasting van 20% nie. Verder is die skenkingsbelasting slegs op die geskenkte bedrag betaalbaar (soos op datum van die skenking), terwyl die bate gedurende die jare in waarde toegeneem het, en die boedelbelasting dus heelwat meer sou gewees het indien die boedeleienaar nie die bate verkoop het nie (Engelbrecht, 1998f:11).

'n Belangrike rede vir die oprigting van 'n trust is die potensiele besparing aan boedelbelasting en eksekuteursgelde wanneer 'n persoon tot sterwe kom. Eksekuteursgelde word gehef as 'n persentasie van die boedelwaarde. Indien die bates dan aan die trust behoort, sal die boedel nie so hoog wees nie.

Die aanvanklike koste om bates in die naam van 'n trust te bekom, kan 'n groot las wees. Die uniforme hereregterief vir die trust as koper beloop 10%. Tog kan die eindelike finansiële voordele later baie groter wees.

### **3.19 ADMINISTRATIEWE OORWEGINGS BY 'N TRUST**

Daar is twee kategorieë by die studie van die trust en die trustreg. Dit is die oprigting van die trust en die trustadministrasie. Die trustadministrasie hou verband met die pligte van die trustees (Olivier, 1989:23).

Geen formele vereistes bestaan vir die oprigting van 'n *inter vivos*-trust nie. Tog word die *inter vivos*-trust gewoonlik tot stand gebring deur die ondertekening van 'n trustdokument. Alle trusts wat met 'n skriftelike kontrak tot stand kom, is onderworpe aan die vereistes van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 57 van 1988. Hierdie wet bepaal die administrasieprosedures sowel as die beskerming van die belange van die begunstigdes (Du Plessis, 1992:212-213).

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1987:21) toon aan dat ander persone as die trustees by die *inter vivos*-trust beperkte toegang moet hê tot die dokumente wat op trustgoed van toepassing is. Daar bestaan geen beperkings op die insae in 'n testament na die dood van 'n testateur wanneer 'n trust in 'n testament vervat is nie (Suid-Afrikaanse Regskommissie, 1987:21).

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1987:19-21) het as uitgangspunt aanvaar dat die owerheidsbeheer oor die trust tot die minimum beperk moet word. Die besluit impliseer nie dat die trust aan geen beheer onderworpe moet wees nie.

### **3.19.1 DIE BESTAAN VAN 'N TRUST**

Dit word in die algemeen aanvaar dat 'n trust ontstaan op die tydstip wat die opdrag gegee word om take uit te voer. In die *Browne-Wilkinson J Re Sharpe (a Bankrupt) 1980 1 W.L.R. 219*-saak en ook by baie ander geleenthede is dit so aanvaar (Oakley, 1997:5).

Vir die trust om te bestaan moet daar begunstigdes wees. Hierdie begunstigdes se identiteit moet bekend wees. As die boedeleienaar nie die begunstigdes op hul name noem nie maar byvoorbeeld *die dogter wat eerste trou, of my oudste seun by my dood* die begunstigdes is, is die identiteit van die begunstigdes wel bekend (Ridall, 1977:14).

### **3.19.2 BESTUUR VAN DIE TRUST**

Die trustees wat deur die trustakte die bevoegdheid verkry, bestuur die trust. Die trustakte skep bepaalde regte en verpligtings vir die trustees (Du Plessis, 1992:213).

### **3.19.3 HOE KAN DIE TRUST BEËINDIG WORD?**

Maniere hoe om 'n trust te beëindig, kan die volgende insluit:

- Herroeping deur die stigter;
- ontbinding deur ooreenkoms;
- deur die trustees;
- deur die begunstigdes;
- deur die vervulling of verval van die trustdoel;
- deur die vernietiging van trusteiendom;
- deur die mislukking van die trust; en
- volgens 'n hofbesluit kragtens 'n gemeenregtelike of statutêre bevoegdheid (Van der Westhuizen, 1993:18).

Consulta (soos aangehaal deur Gericke, 1988:29) voeg egter nog die volgende gemeenregtelike beëindigings van die trust in:

- Die begunstigdes kan nie bepaal word nie.
- Die waarde van die bates verminder sodat dit feitlik geen waarde meer het nie.
- Die oprigter van die trust besluit om die trust te beëindig voordat die trusteees of die begunstigdes aanvaar het.

### **3.20 SLOTSOM**

In die afgelope hoofstuk is daar noukeurig gekyk na die oprigting, identiteit en administrasie van die trust. Daar is gesien dat daar, voor enige belastingvoordele by 'n trust in ag geneem word, 'n groot aantal redes is vir die oprigting van 'n trust.

Die trust word deur die oprigter opgerig en ten behoeve van 'n derde geadminestreer. Die oprigter moet met die trusteees kontrakkeer oor die skenking, of dit wat die trust in die toekoms kan ontvang. As dié drie partye teenwoordig is, bestaan daar 'n trust. Die trust word deur die Inkomstebelastingwet as 'n "persoon" beskryf. Die trust is 'n onafhanklike entiteit en is dus nie 'n natuurlike of regspersoon nie en die trust word heeltemal apart van 'n natuurlike persoon belas (De Viliers, 1996:6).

Daar is nie uitsonderlik baie vereistes waaraan aandag gegee moet word by die trust nie. Daar moet egter altyd sorg aan die dag gelê word dat 'n noukeurige en weldeurdagte trustakte opgestel word. Die grootste probleme by 'n trust kan ontstaan indien daar nie redelike voorsorg getref is vir onvoorsiene gebeure in die trustakte nie.


Daar is ook gesien dat dit 'n veel suksesvoller uitweg is om bates aan die trust te verkoop teen 'n markverwante prys, as om die bates te skenk.

Omskrywings van 'n boedel is in hierdie hoofstuk uiteengesit. Daar is aangedui dat die bates of eiendom waaroor 'n boedeleienaar beskik, die boedel verteenwoordig.

In die praktyk is die trust dus as 'n veelsydige instelling gebruik omdat die trust so buigsaam is. Die trust word gebruik om 'n groot verskeidenheid oogmerke te verwesenlik. Die trust word byvoorbeeld in boedelbeplanning erken vir sy inherente aanpasbaarheid en die feit dat die trust as 'n afsonderlike persoon belas word. Die trust is dus die ideale toerusting om die boedelbeplanner in staat te stel om 'n deel van sy doel te bereik (De Villiers et al., 1980:5).

Daar kan duidelik uit hierdie hoofstuk gesien word dat die trust deur die buigsaamheid daarvan en die feit dat die trust 'n afsonderlike belasbare persoon is, 'n besliste voordeel word vir boedelbeplanning.


**FIGUUR 3.1**  
**VERDELING VAN DIE TRUST**  
(VAN DER WESTHUIZEN, 1993)




**FIGUUR 3.2**  
**SOORTE TRUSTS**  
 (CFA - HANDLEIDING, 1996)

**TRUST MORTIS CAUSA**


**TRUST INTER VIVOS**



**FIGUUR 3.3**  
**ILLUSTRASIE EN SKEPPING VAN 'N TRUST INTER VIVOS**  
**(OLIVIER, 1989:30)**



**FIGUUR 3.4**  
**SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DE**  
**INTER VIVOS TRUST TECHNIEK**  
 (ABRIE *et al.*, 1991:98)




**SLEUTELS:**

- Beheer = \_\_\_\_\_
- Voordele = >>>>>>>>
- Finansiering = \*\*\*\*\*
- Truststigting = .....

## **FIGUUR 3.5** **DISKRESIONÊRE TRUST**


(CFA - HANDLEIDING, 1996)



### **AANTEKENINGE:**

1. Trustee administreer bates tot die voordeel van die begunstigdes volgens die trustbepalings. Die beheer berus by die trustees.
2. Eiendomsreg setel in die trustees in hul verteenwoordigende hoedanigheid. Die trust is nie 'n regspersoon nie. In hul hoedanigheid as trustees beteken tot die voordeel van die begunstigdes en nie tot hul eie voordeel nie.
3. Die begunstigdes het geen gevestigde reg op die trustbates nie. Die trustbates vorm dus nie deel van hul boedel nie.

**FIGUUR 3.6**  
**WIE BETAAL BELASTING OP DIE INKOMSTE?**  
 (HUXHAM & HAUPT, 1996:544)



VERKLARINGS: S - SKENKER  
 B - BEGUNSTIGDE  
 T - TRUST

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 4

### BLADSY

### DIE TRUST EN BELASTING

|        |   |           |
|--------|---|-----------|
| 4.1    | Inleiding   | 94 – 95   |
| 4.2    | Die geleibuisbeginsel   | 95 – 97   |
| 4.3    | Die toevallingsbeginsel   | 97 – 100  |
| 4.4    | Rentevrye lenings   | 100       |
| 4.5    | Trusts en Inkomstebelasting   | 100 – 101 |
| 4.6    | Trusts en skenkings   | 101 – 110 |
| 4.6.1  | Wat is 'n skenking?   | 101       |
| 4.6.2  | Wat kan as 'n skenking beskou word?   | 102       |
| 4.6.3  | Skenkingsbelasting  | 102 – 103 |
| 4.6.4  | Waarom is skenkingbelasting ingestel?   | 103 – 104 |
| 4.6.5  | Wanneer is skenkingbelasting betaalbaar?  | 104       |
| 4.6.6  | Wie betaal skenkingbelasting?   | 105       |
| 4.6.7  | Vrystellings ten opsigte van skenkingbelasting                                      | 105 – 107 |
| 4.6.8  | Praktiese beplanningspunte by skenkings   | 107 – 108 |
| 4.6.9  | Skenkings, vruggebruik en blote eiendomsreg   | 108       |
| 4.6.10 | Skenkings en fideikommis  | 108 – 109 |
| 4.6.11 | Berekening van waardasie van vruggebruik, fidei-<br>kommis of ander soortgelyke reg | 109 – 110 |
| 4.7    | Trusts en boedelbelasting   | 110 – 111 |
| 4.8    | Trusts en ander belastings  | 111 – 114 |
| 4.8.1  | Trusts en hereregte   | 111 – 112 |
| 4.8.2  | Hereregte en vruggebruik  | 112 – 114 |
| 4.9    | Trusts en belasting op toegevoegde waarde   | 114       |
| 4.10   | Kapitaalwinsbelasting   | 114 – 120 |
| 4.10.1 | Inleiding   | 114 – 115 |
| 4.10.2 | Hoofpunte van kapitaalwinsbelasting   | 115 – 119 |
| 4.10.3 | Probleme met kapitaalwinsbelasting  | 120       |
| 4.11   | Nuwe veranderings in die trust se belasbaarheid                                     | 121 – 124 |

|         |   |           |
|---------|---|-----------|
| 4.11.1  | Verliese van die trust                    | 122 – 123 |
| 4.11.2  | Koerse van die trust                      | 123 – 124 |
| 4.11.3  | Spesiale trusts                           | 124       |
| 4.12    | Artikel 25B                               | 124 – 129 |
| 4.12.1  | Subartikel 25B(1)                         | 126       |
| 4.12.2  | Subartikel 25B(2)                         | 126 – 127 |
| 4.12.3  | Subartikel 25B(3)                         | 127 – 129 |
| 4.13    | Artikel 7                                 | 129 – 143 |
| 4.13.1  | Skenking, oormaking of ander beskikking   | 130 – 131 |
| 4.13.2  | Artikel 7(1)                              | 131 – 132 |
| 4.13.3  | Artikel 7(2)                              | 132       |
| 4.13.4  | Artikel 7(3)                              | 133 – 135 |
| 4.13.5  | Artikel 7(4)                              | 135       |
| 4.13.6  | Artikel 7(5)                              | 135 – 138 |
| 4.13.7  | Artikel 7(6)                              | 138 – 140 |
| 4.13.8  | Artikel 7(7)                              | 140 – 142 |
| 4.13.9  | Artikel 7(8)                              | 142 – 143 |
| 4.13.10 | Artikel 7(9)                              | 143       |
| 4.14    | Voor- en nadele van 'n trust              | 143 – 158 |
| 4.14.1  | Nadele van 'n trust                       | 143 – 146 |
| 4.14.2  | Voordele van 'n trust                     | 147 – 158 |
| 4.15    | Artikel 103                               | 158 – 163 |
| 4.15.1  | Belastingvermyding en belastingontduiking | 160 – 161 |
| 4.15.2  | Artikel 103(1)                            | 161 – 162 |
| 4.15.3  | Artikel 103(2)                            | 163       |
| 4.16    | Slotsom                                   | 164 – 167 |

## **FIGURE**

|     |   |     |
|-----|---|-----|
| 4.1 | Aanspreeklikhede van trusts anders as spesiale trusts<br>en insolvente sowel as oorlede boedels | 168 |
| 4.2 | Marginale en gemiddelde belastingkoerse van spesiale<br>trusts                                  | 169 |

|     |   |     |
|-----|---|-----|
| 4.3 | Marginale en gemiddelde belastingkoerse van trusts<br>anders as spesiale trusts                                   | 170 |
| 4.4 | Koerse vir trusts behalwe spesiale trusts vir die jaar van<br>aanslag geëindig 28 Februarie 2001 en 30 Junie 2001 | 171 |
| 4.5 | Spesialetrust-aanspreeklikheid vir belasting  | 172 |
| 4.6 | Wie is belasbaar?   | 173 |
| 4.7 | Artikel 7(5)  | 174 |
| 4.8 | Moontlike belastingpligtiges  | 175 |

## HOOFSTUK 4

### DIE TRUST EN BELASTING

#### 4.1 INLEIDING

Waar 'n trust deur middel van 'n testament geskep word en die bates nie deur middel van 'n skenking, oormaking, of ander beskikking aan die trust oorgedra word nie, word die belasting van die trust in geheel deur artikel 25B van die Inkomstebelastingwet bepaal. By 'n *inter vivos*-trust sal artikel 25B onderworpe wees aan artikel 7 indien daar 'n skenking, oormaking of ander beskikking sou plaasvind.

Waar die begunstigde geen gevestigde reg op die inkomste het nie maar die trustee het die diskresie om die inkomste in 'n bepaalde begunstigde te vestig, sal dit geag word die begunstigde se inkomste te wees wanneer die diskresie uitgeoefen word (Meyerowitz, 1998b:16.45-16.46).

Omdat niemand bereid is om meer belasting te betaal as wat nodig is nie, en omdat die trust vir hom beter belastingvoordele kan bewerkstellig, moet daar kennis gedra word van die bepalinge van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Artikels 7 en 103 skep groot slaggate vir oningeligte beplanners en kan hul droom van belastingbesparing in 'n nagmerrie verander (Abrie et al., 1991:60).

Aan watter faktore is trustbelasting onderworpe? Volgens Van der Westhuizen (1993:19) is die belasting van 'n trust onderworpe aan faktore soos die volgende:

- Die aard van die transaksie;
- die voorwaardes van die trustakte, soos die regte van begunstigdes en die magte wat aan die trustees gegee word;
- of inkomste verdeel word en of die inkomste in die trust behoue bly; en
- of die begunstigdes meer- of minderjarig is.

Volgens Olivier (1989:166-168) sal die manier waarop trustinkomste belas word, bepaal kan word deur

- Die beginsel van toevalling;
- die geleibuisbeginsel wat van toepassing is by die inkomste uit trusts; en
- die artikels in die wet wat ag dat inkomste aan 'n persoon toegeval het, terwyl dit eintlik aan iemand anders toegeval het.

Afhangende van die bogenoemde faktore, asook die relevante artikels van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962, (soos artikel 1 "persoon", artikel 7(1), 7(2), 7(3), 7(4), 7(5), 7(6), 7(7), 7(8), artikel 103 en artikel 25B), sal bepaal word watter van die volgende aanspreeklik sal wees vir die betaling van belasting:

- Die stigter / die skenker;
- die trustees as verteenwoordigende belastingpligtiges; of
- die begunstigdes (Van der Westhuizen, 1993:19).

Belasting speel 'n belangrike rol by die beskerming van boedelbates. Die belangrikste belastings by 'n trust is: inkomstebelasting, *skenkingbelasting*, boedelbelasting, hereregte, seëlregte, belasting op toegevoegde waarde en kapitaalwinsbelasting.

## 4.2 DIE GELEIBUISBEGINSEL

Die geleibuisbeginsel (*conduit principle*) is 'n besondere beginsel wat geld wanneer inkomste in 'n trust ontvang word en dan weer aan die begunstigdes uitbetaal of toegewys word (De Villiers *et al.*, 1980:47).

Dié begrip is baie belangrik, want dit bepaal in watter mate die begunstigde op trustvoordele belasbaar is. Kapitaal wat byvoorbeeld aan 'n begunstigde toegedeel word, bly kapitaal en is nie belasbaar in sy hande nie (Engelbrecht, 1998b:9).

In *Armstrong v CIR* 1938 AD 343, 10 SATC 1 (soos aangehaal deur Olivier, 1989:172-173) word gesê:

***“In the simple case I am now examining, namely, that of a trio, comprising a company, the intervening trustee, and a beneficiary, it is a manifest that in the truest sense the beneficiary derives his income from the company, that income fluctuates with the fortunes of the company and the trustee can neither increase nor diminish it, he is a mere ‘conduit pipe.’”***

Appèlregter Trollip bekragtig die beginsel in CIR v Rosen 1971(1) SA 172 (A):

***“Consequently Armstrong’s case in my view authoritatively established the conduit principle for general application in our system of taxation in appropriate circumstances ... The principle rests upon sound and robust common sense; or by treating the intervening trustee as a mere administrative conduit pipe, it has regard to the substance rather than the form of the distribution and receipt of the dividends.”***

(Olivier, 1989:172-173).

In die Armstrong- en Rosen-sake word daar gewys dat inkomste sy identiteit behou as dit deur die trust beweeg, en dat die trust slegs ‘n geleidingspyp is waardeur die inkomste vloei. As ‘n trust byvoorbeeld binnelandse dividendinkomste ontvang en die dividendinkomste oorgedra word na die begunstigdes, behou die dividend sy aard en sal die dividend dan vrygestel wees van Inkomstebelasting in die hande van die begunstigde.

In die Rosen-saak word aangetoon dat selfs as ‘n begunstigde ‘n annuïteit van ‘n trust ontvang, die annuïteit sy aard sal behou, sodat as die trust slegs dividendinkomste het, die annuïteit uit die dividendinkomste sal bestaan (Pace & Van der Westhuizen, 1995:54).

Na die Rosen-saak is die Inkomstebelastingwet gewysig. Wanneer dividende egter as ‘n jaargeld uitbetaal word, geld die geleibuisbeginsel nie meer en sal die jaargeld in die ontvanger se hande belasbaar wees (artikels 19(6) en 10(2)(b) van die Inkomstebelastingwet).

Rente betaalbaar as annuïteit is egter steeds tot die belastingvoordeel van natuurlike persone. Dit wil sê, die R4 000 (vir individue onder 65 jaar)

rentevrystelling vanaf 2002 is steeds van toepassing. Die Ontvanger belas die trust ooreenkomstig sy administratiewe praktyk en laat nie die vrystelling toe by 'n jaargeld nie (Van der Westhuizen & Chait, 1996:38).

Volgens De Villiers et al. (1980:47) geld die geleibuisbeginsel indien die inkomste aan die begunstigdes toeval in dieselfde belastingjaar waarin dit aan die trust toeval.

Waar 'n begunstigde inkomste ontvang wat in 'n vorige trustjaar ontvang is, sal hy nie daarop belas word as die inkomste reeds voorheen in die hande van die skenker of trust belas is nie. In Estate Dempers v CIR 1977 3 SA 410 (AD) het JA Corbett voorgehou dat as inkomste eers in die hande van die skenker onder Artikel 7(5) belas was, dit geag is dat dit sy inkomste is vir alle tye en kan dit nie belas word as dit aan die begunstigdes toeval nie (Pace & Van der Westhuizen, 1995:54).

Die twee vernaamste gevolge van die geleibuisbeginsel kan dus soos volg gesien word:

1. Indien die begunstigde 'n gevestigde reg op inkomste het, sal inkomste in sy hande belas word, en nie in die trustee se hande nie; en
2. inkomste behou sy aard en identiteit wanneer dit die begunstigde bereik, behalwe met jaargelde (Theron, 1990:155).

#### **4.3 DIE TOEVALLINGSBEGINSEL**

Inkomste word deur Artikel 7(1) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962, geag aan iemand toe te geval het al is die inkomste nie werklik aan hom uitbetaal nie en al is dit net aan hom verskuldig (Anon, 1996a:22-26).

Die wet verduidelik egter nie wat met die begrippe "ontvang en toegeval" bedoel word nie. Van Niekerk toon dat die regspraak twee betekenisse aan 'toegeval' gee. Die wet sê dat inkomste aan 'n persoon toegeval het as hy 'n gevestigde reg in die inkomste gehad het en dat 'n bedrag aan iemand toegeval het, sodra

die bedrag aan hom verskuldig en betaalbaar is (Anon, 1996a:22-26). In *Lategan v CIR 1926 209 CPD* het R. Watermeyer die volgende gesê aangaande die korrekte uitleg van *toegeval* ('*accrual*'):

***"... The words in the Act, 'have accrued to or in favour of any person' merely means to which he has become entitled".***

(Anon, 1996a:22-26).

Daar is dus in die *Lategan*-saak bepaal dat 'toegeval aan', 'geregtig op' beteken. Wanneer 'n persoon dus betaling kan eis, het die inkomste aan hom toegeval. Die persoon moet egter 'n onvoorwaardelike reg op die betaling hê (Olivier, 1989:168-169).

Dit is egter nie die volle waarde wat toeval nie en op p210-211 word gemeld dat:

***"... the value to be fixed ... would be the present worth of the instalments at the end of the year"*** (dit is die betrokke belastingjaar).

In *CIR v Delfos 1933 AD 242* het twee regters met die uitleg in die *Lategan*-saak saamgestem terwyl twee van mening was dat "toegeval", verskuldig en betaalbaar beteken. Die Appèlafdeling het in *Hersov's Estate v CIR 1957 (1) 471 (A)* voorkeur gegee aan die siening van "verskuldig en betaalbaar" (Anon, 1996a:22-26).

Die *Delfos*-beslissing is oor al die jare as gesag gesien vir die standpunt dat die Kommissaris die reg het om 'n bedrag te belas óf in die jaar waarin dit toegeval het, óf in die jaar waarin dit ontvang is (Anon, 1996a:22-26).

Die Kommissaris het aan die *Lategan*-saak se uitleg voorkeur gegee, hoewel hy in die praktyk nie die uitspraak ten volle toegepas het nie. Die eerste been van die uitspraak het die Kommissaris wel toegepas, maar die tweede deel, naamlik verdiskontering, is nie toegelaat nie (Anon, 1996a:22-26).

Hierdie aangeleentheid het uiteindelik in CIR v People's Stores (Walvis Bay) (Pty) Ltd 1990 (2) 353 (A) die aandag van die Appèlafdeling gekry. Hier bekragtig die Appèlhof die beginsels van die Lategan-saak, asook die deel rakende die verdiskontering van die bedrag wat toeval indien dit nie in die betrokke belastingjaar is nie (Anon, 1996a:22-26).

Die volgende voorbehoudsbepalings is deur die Kommissaris tot die omskrywing van 'Bruto Inkomste' in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet gevoeg:

***"... met dien verstande dat waar 'n belastingpligtige gedurende 'n jaar van aanslag op 'n bedrag geregtig geword het wat betaalbaar is op 'n datum of datums wat na die laaste dag van bedoelde jaar val, daar geag word gedurende bedoelde jaar aan hom toe te geval het***

- (a) *indien die belastingpligtige voor of op 23 Mei 1990 'n opgawe van inkomste verstrek het wat opgemaak is op die grondslag dat die teenswoordige waarde van bedoelde bedrag hom gedurende bedoelde iaar toegeval het, die teenswoordige waarde van bedoelde bedrag; of***
- (b) *in enige ander geval, bedoelde bedrag met dien verstande voorts dat waar die bepaling van paragraaf (a) van die eerste voorbehoudsbepaling van toepassing is, daar geag word gedurende 'n daaropvolgende jaar van aanslag waarin hy bedoelde bedrag of 'n deel daarvan ontvang, aan hom toe te geval het 'n som gelyk aan die verskil tussen bedoelde bedrag of deel daarvan en die teenswoordige waarde van bedoelde bedrag of deel daarvan aldus geag aan hom toe te geval het gedurende die eersgenoemde jaar van aanslag".***

Artikel 1(a) van die Inkomstebelastingwet is ook van toepassing by bestorwe boedels. A sterf op 25 September 1998. Sy boekjaar strek van 1 Maart 1998 tot 25 Februarie 1999. Sy bates is beleggings by finansiële instellings.

Die saldoserifikate van die finansiële instellings dui die rente aan wat verdien is tot op datum van afsterwe, al is die rente nog nie uitbetaal nie. Die oorledene

het egter 'n vorderingsreg tot op die datum van sy dood gehad en die verdiende inkomste moet dus in die belastingopgawe getoon word (Anon, 1996a:22-26).

Waar die trustees van 'n trust egter die diskresie het om met die inkomste te handel ten gunste van die begunstigdes, sal die begunstigdes nie daarop belas word totdat die inkomste aan hom toegeken word nie. Dit is dus net by 'n trust waar die diskresie by die trustees lê, waar van die beginsel afgewyk word (Anon, 1996a:22-26).

#### **4.4 RENTEVRYE LENINGS**

Loubser (1997:34) toon dat rentevrye lenings, of laerenteleninge dikwels gebruik word by boedelbeplanning om die belasbare waarde van die boedel te verminder. In die Derde Interimverslag het die Katz Kommissie voorgestel dat daar aandag aan hierdie skemas gegee moet word. Die Kommissie het egter met hul ondersoek te wete gekom dat effektiewe optrede teen hierdie tipe skema in buitelandse wetgewing betreklik skaars was. Die Verenigde State van Amerika het verskeie pogings aangewend wat volgens die Kommissie tot besondere kompleksiteit met bevraagtekende effektiwiteit gelei het. Vir dié rede het die Kommissie besluit om nie wetgewing in te stel om die probleem reg te stel nie.

Volgens die howe is daar al beslis dat 'n rentevrye lening aan 'n trust vir belastingvermindering as 'n handeling beskou word met 'n aansienlike element van vrygewigheid. Indien 'n persoon dus 'n rentevrye lening aan die trust verskaf en bates teen markwaarde aan die trust verkoop, kan dit gebeur dat die teenvermydingsbepalings in werking tree (Wessels, 1995:25).

#### **4.5 TRUSTS EN INKOMSTEBELASTING**

Inkomstebelasting kan breedweg beskou word as belasting op inkomste wat ontvang of toegeval het aan enige persoon wat binne die Republiek woonagtig is gedurende die jaar van aanslag (Honorè, 1985:332).

Volgens die Wet word inkomstebelasting bereken op belasbare inkomste wat volgens 'n formule bereken word. Die beginpunt van die formule is die definisie in artikel 1 van '*Bruto Inkomste*' (De Villiers, 1980:49). Verwys na Hoofstuk 3.10 vir die definisie van '*Bruto Inkomste*'.

'Ontvang deur' is deur die hof beslis as:

***"... received by the taxpayer on his own behalf for his own benefit"*** .

(Geldenhuis v CIR 1947 (3) SA 256 (C)). Indien iemand dus as trustee geld sou ontvang namens iemand anders, het die trustee dit nie as persoonlike inkomste ontvang nie (Olivier, 1989:168-169).

As gevolg van die verdeling van inkomste tussen die begunstigdes, bestaan daar 'n voordeel by Inkomstebelasting, deurdat die begunstigdes moontlik teen 'n laer belastingkoers belas word (Shrand, 1976:42).

## **4.6 TRUSTS EN SKENKINGS**

### **4.6.1 WAT IS 'N SKENKING?**

Wanneer 'n bate kosteloos aan 'n trust oorgedra word, word dit as 'n skenking beskou, waarop *skenkingbelasting* betaalbaar is. Wanneer 'n bate ook teen 'n onrealistiese lae waarde aan die trust verkoop word, sal dit ook as 'n skenking beskou word (Wessels, 1995:25).

'n Skenking word volgens die Suid-Afrikanse gemeenregtelike beginsels beskou as 'n kontrak waar die skenker bloot vrywillig iets aan 'n begunstigde gee of beloop om aan hom iets te gee, wat tot gevolg het dat die skenker se boedel met die skenking verklein en die begunstigde se boedel daarmee vergroot (Avis v Verseput 1943 AD 331, 336).

Verwys na 4.13, p.129 – p. 143 vir 'n detail bespreking van die artikel 7 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 wat verband hou met skenkings.

#### 4.6.2 WAT KAN AS 'N SKENKING BESKOU WORD?

Artikel 58 van die Inkomstebelastingwet bepaal dat wanneer:

- Daar oor eiendom beskik word;
- wat volgens die Kommissaris se oordeel teen 'n onvoldoende vergoeding verkry is;
- word daar geag dat daar ingevolge 'n skenking oor daardie eiendom beskik is
- met dien verstande dat by die bepaling van die waarde van sodanige eiendom 'n vermindering gemaak word van 'n bedrag gelyk aan die waarde van bedoelde vergoeding.

Die volgende kan as skenkings beskou word:

1. Indien roerende goedere, onroerende goedere soos vaste eiendom, of die reg op eiendom weggegee word;
2. die opgee van 'n reg soos om 'n bedrag wat aan jou verskuldig is, op te gee, of die reg op vruggebruik; of
3. indien 'n bate teen 'n baie laer waarde verkoop word as die markwaarde (Divaris & Steyn, 1999:263).

#### 4.6.3 SKENKINGSBELASTING

Skenkingbelasting is 'n belasting wat betaal word op die netto oordrag van bates. Hierdie belasting word nie op inkomste gehef nie (Huxham & Haupt, 1996:484).

Alle skenkings na 14 Maart 1996 is belas teen 'n koers van 25 % en na 1 Oktober 2001 teen 20 %. Daar is egter 'n jaarlikse vrystelling vir die eerste R25 000 wat geskenk word (Inkomstebelastingwet 58 van 1962, artikel 56(2)(b)). Die boedeleienaar kan sy boedel maklik verklein deur bloot sommige of al sy bates aan andere, byvoorbeeld familielede, te skenk. Dit sal definitief verseker dat die boedel se **aanspreeklikheid vir boedelbelasting** sal verminder.

As daar egter in isolasie na skenkingbelasting kyk, is dit 'n uiters onaanvaarbare werkwyse. Soos reeds genoem, is skenkings onderhewig aan 'n betaling van 20% skenkingbelasting. Dat die skenker sy beheer oor die bates en die voordele wat dit inhou, verloor, is nog 'n ernstige nadeel. Hy mag dalk gou uitvind dat hy nie oor genoeg bates beskik om homself en sy gesin meer te versorg nie en dat die begunstigde sy geskenk waarvoor hy so hard gewerk het, reeds bestee het.

Wanneer 'n skenking egter nie in isolasie beskou word nie en saam met ander 'instrumente' aangewend word, kan dit tot groot voordele vir die boedeleienaar lei. Daar moet onthou word dat daar R25,000 per jaar geskenk kan word wat vrygestel is van skenkingbelasting (Engelbrecht, 1998e:11).

Sommige adviseurs meen egter dat dit dalk beter is om nou skenkingbelasting te betaal as om later moontlik boedelbelasting of kapitaalwinsbelasting teen 'n hoër koers te betaal (Wessels, 1995:25).

Indien 'n oorledene gedurende sy lewe eiendom aan 'n trust geskenk het wat beheer sal word deur die trustees van 'n *inter vivos*-trust tot voordeel van die begunstigdes soos gestipuleer in die trustakte, sal die skenking beskou word as 'n skenking van die oorledene aan die trustees, ongeag of die begunstigdes 'n gevestigde reg op die eiendom het of dit eers na 'n sekere gebeurtenis verkry (Silke & Steyn, 1984:85).

Wanneer die skenking aan die trust gedoen word, is daar slegs een skenking aan die trustee of aan die begunstigde gemaak. Daar is nie twee skenkings nie, want anders sal dubbele belasting betaal moes word (Honorè, 1985:350-351).

#### **4.6.4 WAAROM IS SKENKINGBELASTING INGESTEL?**

Skenkingbelasting is volgens Honorè (1985:350-351) geskep om enige belastingvrye skikkings van kapitaal *inter vivos* te dek, wat gewoonlik nie boedelbelasting sal trek nie.

Volgens Huxham en Haupt (2000:409) is die doel waarom hierdie belasting ingestel is om skenking te probeer ontmoedig waar die skenker poog om:

- a) Normale belasting; of
- b) boedelbelasting, te vermy.

#### **4.6.5 WANNEER IS SKENKINGBELASTING BETAALBAAR?**

Skenkingbelasting is dus slegs betaalbaar by die plaasvind van die volgende gebeure:

- Daar is eiendom;
- wat weggegee is deur 'n skenking op of ná 16 Maart 1998;
- deur 'n persoon (nie 'n maatskappy nie), wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is; of
- in die geval van 'n maatskappy, deur 'n maatskappy wat in die Republiek is en ondernemings wat hul dag-tot-dag aktiwiteite in die Republiek uitvoer (Inkomstebelastingwet, Artikel 54).

Sedert 1 Januarie 2001 is elke inwoner van Suid-Afrika verplig om alle inkomste wat verkry is uit binnelandse en buitelandse bronne by hul bruto inkomste te voeg. Nie-inwoners is slegs verplig om hul inkomste wat verkry is binne die Republiek by hul bruto inkomste in te sluit.

Wanneer 'n inwoner van die Republiek 'n skenking doen aan 'n buitelandse trust, sal die inkomste geag word die inwoner se inkomste te wees volgens artikel 7(8) van die Inkomstebelastingwet. Indien die skenking byvoorbeeld 'n rentevrye lening sou verteenwoordig, sal die rente as 'n aaneenlopende skenking beskou word. Hierdie inkomste wat ontstaan deurdat geen rente gehef word nie, sal volgens artikel 7(8) as inkomste van die skenker beskou word. (Divaris & Steyn, 2001:42)

#### 4.6.6 WIE BETAAL SKENKINGBELASTING?

Skenkingbelasting moet deur die skenker betaal word, tensy hy daarvan vrygestel is. Die eerste R25 000 van 'n skenking per jaar is vrygestel van belasting vir natuurlike persone. Skenkingbelasting sal dus betaal moet word deur:

- i) 'n Persoon wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is; of
- ii) 'n binnelandse maatskappy

indien die volgende teenwoordig is:

- i) 'n Eeiendom;
- ii) wat verkry word deur middel van 'n skenking (Huxham & Haupt, 200:410).

Volgens Divaris en Steyn (2001:43) het skenkingbelasting 'n wêreldwye belasting vir inwoners in Suid-Afrika geword. Nie-residensiële inwoners val nog steeds buite die grense van die belasting.

#### 4.6.7 VRYSTELLINGS TEN OPSIGTE VAN SKENKINGBELASTING

Artikel 56 van die Inkomstebelastingwet verskaf die volgende vrystellings ten opsigte van skenkingbelasting:

- (a) ***“aan 'n gade ingevolge 'n geregistreerde voor- of nahuwelikse kontrak, of 'n notariële kontrak aangegaan ingevolge die bepalings van artikel 21 van die Huweliksgoederewet;***
- (b) ***aan 'n gade wat nie geregtelik van die skenker geskei is nie;***
- (c) ***'n donatio mortis causa”***  
Hierdie skenking word gedoen met die oog op afsterwe.
- (d) ***“'n Skenking ingevolge waarvan die begunstigde geen voordeel voor die dood van die skenker ontvang nie***
- (e) ***'n skenking wat binne 6 maande vanaf die datum waarop dit in werking getree het, gekanselleer word;***
- (f) ***geskrap met ingang 21 Junie 1993;***
- (g) ***'n skenking van eiendom of 'n reg op eiendom wat buite die Republiek geleë is indien sodanige eiendom deur die skenker verkry is –***

- i) voordat die skenker hom vir die eerste keer in die Republiek gevestig het; of**
- ii) deur erflating of skenking van iemand wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie (hierdie voorsiening sal opgedateer moet word, met ingang van die inwonersbasis in Suid-Afrika) ; of**
- iii) met geld verkry is uit die vervreemding van eiendom wat ingevolge paragraaf (i) of (ii) van hierdie artikel vrygestel is, of indien die skenker sodanige eiendom vervreem het en dit met ander eiendomme vervang het (wat almal buite die Republiek geleë is en wat verkry is met geld uit die vervreemding van sodanige eiendom), enige eiendom (geleë buite die Republiek) verkry met geld uit die vervreemding van of met inkomste van sodanige eiendomme; of**
- iv) met geld uit 'n bedryf wat deur die skenker buite die Republiek beoefen word” (dienste word ook ingesluit. Hierdie vrystelling is nou abnormaal, omdat 'n inwoner op buitelandse inkomste ook belas word.); of**
- v) “in die geval van onroerende eiendom, verkry deur die skenker minstens 10 jaar voor die datum waarop die skenking in werking tree.”**  
Die eiendom moet buite die Republiek geleë wees.
- h) “skenkings deur of aan 'n persoon ingesluit 'n Regering, genoem in artikels 10(1)(a), (b), (cA), (cB), (cC), (cD), (cE), (cF), (cI), (cJ), (cL), (d), (e) of (fA);**
- i) skenkings deur of aan enige inrigting van 'n liefdadigheids-, godsdienstige of opvoedkundige aard, of enige inrigting vir die bevordering van die wetenskap of kuns.**
- j) indien die eiendom of inkomste daaruit geheel en al vir doeleindes wat na oortuiging van die Minister van Finansies in belang van die publiek is en wat van liefdadigheids-, opvoedkundige of godsdienstige aard is, aangewend moet word;**
- k) vrywillige toekennings wat ingevolge paragrawe (c), (d) en (i) van die omskrywing van bruto inkomste in artikel 1 by die begunstigde se bruto inkomste ingesluit is;**
- l) indien ingevolge en ooreenkomstig 'n trust oor sodanige eiendom beskik en skenk aan die begunstigdes;**
- m) indien sodanige eiendom bestaan uit 'n reg (uitgesonderd 'n fidusiële reg, vruggebruik of ander dergelike reg) op die gebruik of okkupasie van**

*eiendom wat vir boederydoeleindes gebruik word, teen geen vergoeding of teen onvoldoende vergoeding, en die begunstigde 'n kind van die skenker is;*

- n) *skenkings deur 'n maatskappy wat vir belastingdoeleindes as 'n publieke maatskappy erken word"* (artikel 38);
- o) 'n skenking van onroerende eiendom (op of na 27 April 1994), indien sodanige eiendom verkry is deur 'n begunstigde wat geregtig is op 'n voordeel of diens in terme van die Grondhervormingsprogram en die Minister van Grondsake die spesifieke projek goedgekeur het (Huxham & Haupt, 2000:411-412)
- p) geskrap deur artikel 18(1)(a) van Wet No. 36 van 1996.

Artikel 56(2) van die Inkomstebelastingwet bepaal dat skenkings nie belasbaar is as dit 'n toevallige skenkings deur 'n skenker is waarvan die waarde nie meer is as R5 000 nie. Die R5 000 is proporsioneel aanpasbaar indien die aanslagtydperk korter as 'n jaar is. Die vrystelling van R5 000 geld nie vir natuurlike persone soos individue nie. Die skenkingsbedrag wat R5 000 te bowe gaan, sal wel onderworpe wees aan skenkingbelasting (Divaris & Steyn, 1999:265).

Alle *bona fide*-skenkings wat deur die Kommissaris redelik geag word, sal vrygestel word as dit 'n bydrae is tot die onderhoud van 'n persoon (Huxham & Haupt, 1999:525).

Voorbeeld 1 (p. 1), verskaf 'n uiteensetting vir die betaling van skenkingbelasting wanneer 'n individue verskeie skenkings gedurende die jaar doen.

#### **4.6.8 PRAKTIESE BEPLANNINGSPUNTE BY SKENKINGS**

Skenkings tussen eggenote wat buite gemeenskap van goedere getroud is, kan boedelbelasting spaar deur die inkomste wat aan die skenker toeval, in die eggenoot se hande te plaas, eerder as in die boedel van die skenker, wat dalk 'n baie groter boedel het wat aan boedelbelasting onderworpe is.

Die groeiende eiendom kan ook aan die eggenoot verkoop word deur die skepping van 'n rentevrye lening. Die eiendom val dus toe in die aankoper se boedel en slegs die lening sal as eiendom beskou word in die verkoper se boedel. Hierdie bedrag sal aftrekbaar wees in die koper se boedel as 'n las wat hy moet betaal (Silke & Steyn, 1984:104-106).

#### **4.6.9 SKENKINGS, VRUGGEBRUIK EN BLOTE EIENDOMSREG**

Vruggebruik beteken "*use of the fruits*". Indien Meneer A vruggebruik aan sy vrou skenk en die blote eiendomsreg aan sy seun, kan die volgende afgelei word:

- Die gade kan die plaas gebruik en die vrugte daarvan geniet;
- hoewel die seun die plaas besit, het hy geen reg op die gebruik en genot van die inkomste van die plaas nie;
- sou die seun sterf, val die blote eiendom in sy boedel en sal dit oorgaan na sy erfgename. Dit is die grootste verskil tussen fidusiêre reg en vruggebruik (Huxham & Haupt, 1996:491).

Wanneer 'n persoon volle eiendomsreg het op 'n eiendom wat hy skenk, sal die waarde van die skenking die billike markwaarde van die eiendom wees op die datum wat die skenking gedoen word. Indien onroerende eiendom vir boerderydoeleindes gebruik word, kan die Landbankwaarde ook as die billike markwaarde geag word (Huxham & Haupt, 1996:490).

#### **4.6.10 SKENKINGS EN FIDEIKOMMIS**

Eiendom word aan een persoon (die fiduciarius) deur 'n ander persoon geskenk op voorwaarde dat die eiendomsreg by die dood van die fiduciarius sal oorgaan op 'n derde persoon (die fideicommissaris).

Meneer A skenk die fidusiêre reg op sy plaas aan sy vrou en hy benoem sy seun as die fideicommissaris. Die volgende kan dus hieruit afgelei word:

- Solank die eggenoot lewe, het sy volle gebruiksreg op die eiendom;
- totdat die eggenoot te sterwe kom, het die seun geen reg op die eiendom nie;
- hoewel die eggenoot die eiendom besit, mag sy dit nie verkoop of daarmee handel soos sy goed dink nie;
- die seun sal die eienaar van die eiendom word sodra die eggenoot tot sterwe kom;
- sou die seun voor die eggenoot sterf, word die eggenoot die volle eienaar van die eiendom en sy kan daarmee handel soos sy verkies; en
- terwyl die fidusiêre reg bestaan, is daar geen blote eiendomsreg nie (Huxham & Haupt, 1996:490-491).

#### **4.6.11 BEREKENING VAN WAARDASIE VAN VRUGGEBRUIK, FIDEIKOMMISS OF ANDER SOORTGELYKE REG (Artikel 62(1)(a))**

- 1) Die billike markwaarde van die eiendom waaroor die vruggebruik geskenk word, moet bepaal word.
- 2) Bepaal die jaarlikse waarde van die eiendom deur die billike markwaarde met 12% te vermenigvuldig.
- 3) Bepaal hoe lank die vruggebruiker die vruggebruik gaan hou. Indien die tydperk lewenslank is, bepaal die vruggebruiker se verwagte lewensduur met Tabel A soos in die Boedelbelastingwet weergegee. Die vruggebruiker se ouderdom op sy volgende verjaardag moet gebruik word.
- 4) Vergelyk die tydperk in stap 3 met die skenker se verwagte lewensduur.
- 5) Deur die kortste tydperk in stap 3 en 4 te gebruik, moet die huidige waarde van R1, gekapitaliseer teen 12 % per jaar, bepaal word. Tabel A of B in die Boedelbelastingwet moet gebruik word.
- 6) Bereken die waarde van die vruggebruik, fidusiêre reg of soortgelyke reg vir die doel van skenkingbelasting deur die huidige waarde in stap 5 te vermenigvuldig met die jaarlikse waarde in stap 2.

Die stappe kan soos volg opgesom word:

*“Die waarde word vasgestel deur die jaarlikse waarde van die reg op die genot van die eiendom teen 12% te kapitaliseer oor die verwagte lewensduur van die skenker, of oor ‘n korter tydperk indien die reg vir ‘n korter tydperk gehou gaan word.”*

Die verwagte lewensduur van ‘n trust of maatskappy word as 50 jaar geag (Huxham & Haupt, 1996:492).

#### **4.7 TRUSTS EN BOEDELBELASTING**

Besparing van belasting is ‘n belangrike oorweging by boedelbeplanning. ‘n Individu se oogmerk moet altyd wees om die potensiële belastingaanspreeklikheid van die boedeleienaar en sy erfgename so laag moontlik te hou. Dit is dus noodsaaklik dat die belastingimplikasies en -risiko’s verbonde aan elke stap in die proses van boedelbeplanning deeglik oorweeg word (Anon, 1996a:16-17).

Volgens Van der Westhuizen (1999a:4) het die idee oor die jare sterk gevestig dat die trust slegs voordele by boedelbelastingbesparing inhou en dat die beskermingswaarde van die trust amper heeltemal verlore geraak het. Strydig met die algemene opvatting dat die trust slegs vir welvarende persone voordele inhou, hou die trust in werklikheid ook vir die klein entrepreneur, die jong sakepersoon of onlangs afgestudeerde beroepsmens, groot voordele in.

Vir jong sakelui lê die voordeel daarin dat die eerste bates wat bymekaargemaak word afsonderlik van hul persoonlike boedels in die trust versamel kan word. Normaalweg gaan die jong sakeman baie moeilik aan finansiële risiko in sy persoonlike hoedanigheid ontsnap.

Indien die ledebelang van die beslote korporasie of aandele van ‘n maatskappy in sy persoonlike hoedanigheid gehou word, asook sy vaste eiendom soos sy

woonhuis, is dit 'n onbetwisbare aanduiding dat finansiële risikobeplanning nog nooit deel van sy ernstige oorwegings was nie.

'n Mens soek altyd kostedoeltreffende maniere om 'n boedel te verklein sonder dat die benuttingswaarde van die bates verloor word. Dit is om hierdie rede dat die huidige nadeel van die insinking op die aandelebeurs omgeskep kan word in 'n voordeel deurdat 'n persoon sy aandeleportefeulje teen die huidige lae waardes kan verkoop aan sy trust. Die koste is maar 'n kwart persent van die waarde van die aandele.

As die aandele dan weer in waarde sou toeneem, sal die groei in die trust plaasvind, terwyl die leningsrekening se waarde teen die laer waarde van die aandele is. As daar dan ook dividende verklaar sou word, is die dividende vrygestel van belasting in die hande van die trust en kan die trustee die dividende gebruik om die leningsrekening mee af te betaal. Indien daar ook jaarliks skenkings van R25 000 elk deur die boedelbeplanner en sy gade gedoen word, sal die leningsrekening gou afbetaal word en die aandeleportefeulje veilig wees binne in die trust (Van der Westhuizen, 1999b:4).

In *Wills and Trusts* het Pace en Van der Westhuizen (1995:1) aangetoon dat in dié stadium, die diskresionêre trust 'n aantreklike voordeel vir boedelbelasting bied. Dit het 'n betekenisvolle verhoging in die aantal *inter vivos*-trusts gedurende die afgelope jare geskep. Dit is egter belangrik om die trust nie op 'n *ad hoc*-basis te skep nie, maar om dit eerder met 'n goeie gestruktureerde boedelplan te integreer. Die rede daarvoor is omdat die Wet gereeld verander kan word.

## **4.8 TRUSTS EN ANDER BELASTINGS**

### **4.8.1 TRUSTS EN HEREREGTE**

Wanneer 'n trust opgerig word kan dit net so gevaarlik wees om hereregte te ignoreer as wat dit sal wees om boedel- en inkomstebelasting te ignoreer (Van der Westhuizen, 1999c:4)

Op 1 Augustus 1996 het die Wet op Hereregte Wet 40 van 1949 verander. Dit bepaal dat die korporatiewe koers van 10% nou ook van toepassing is waar eiendom verkry word deur 'n trustee of administrateur van 'n trust of enige ander persoon wat in 'n fidusiêre hoedanigheid optree. Sedert hierdie wysiging het verskeie oordragte plaasgevind waardeur gepoog is om steeds die voordele van registrasie van 'n eiendom in 'n trust te geniet, maar terselfertyd die verhoogde hereregte vry te spring (Korf, 1997:699-700,704).

Hereregte is betaalbaar deur die persoon wat die eiendom verkry of die persoon wat 'n voordeel verkry waar daar afstand gedoen word van die belang by die gebruik of wegdoening van eiendom. 'n Trustee wat hereregte moet betaal op die oordrag van grond aan hom wat aan die trust behoort, hoef nie weer belasting te betaal wanneer hy die eiendom aan die begunstigdes oordra nie. Artikels 9(4)(b) en 9(4)(c) van Wet 40 van 1949 toon dat geen belasting betaalbaar is nie:

- (i) ***“... when trust property is transferred by the administrator of a trust to the person entitled thereto under the will or other written instrument in pursuance of which the administrator was appointed”;*** en
- (ii) ***“where trust property is restored by the trustee of an insolvent estate to the insolvent”.***

(Honorè, 1985:375-377).

#### **4.8.2 HEREREGTE EN VRUGGEBRUIK**

Indien die transportgewer die vruggebruik vir homself behou, sal die trust net hereregte betaal op die blote eiendomsreg wat die trust by so 'n oordrag verkry. Die trustees van die trust kry slegs beperkte eienaarskap. Die waarde van die vruggebruik word gekapitaliseer oor die tydperk van lewensverwagting van die persoon wat die vruggebruik hou. Die waarde van die vruggebruik word dan van die billike waarde van die eiendom afgetrek om die waarde van die blote eiendomsreg te verkry. Hereregte is dus net betaalbaar op die balans.

Byvoorbeeld: 'n Manlike transportgewer van 30 jaar lewer eiendom met 'n munisipale waarde van R240 000 aan 'n trust. Die waarde van die vruggebruik is R236 600 en die blote eiendomsreg is slegs R3 400. Die trust sal dan net 10% hereregte op die R3 400 betaal, wat maar net R340 is. Daar sal dus nie R24 000 betaal word, wat 10% van die koopprys of billike markwaarde is nie (Korf, 1997:699-700,704).

Indien 'n persoon afstand wou doen van sy vruggebruik na registrasie van die oordrag sodat die trust die vruggebruik ontvang, kan dit gebeur dat nie net hereregte nie, maar ook skenkingbelasting betaalbaar kan wees (Korf, 1997:699-700,704).

Artikel 2 van die Wet op Hereregte 40 van 1949 sê dat hereregte betaalbaar is by die verhoging van die waarde van enige eiendom ten gevolge van die afstanddoening van 'n belang in of beperking op die gebruik van of beskikking oor daardie eiendom (Korf, 1997:699-700,704).

Hoe ouer die vruggebruiker word, hoe minder sal die waarde van die vruggebruik word by afstanddoening of kansellasië daarvan. Die waarde waarmee die eiendom toeneem, sal dus verminder en die trust sal minder hereregte betaal.

Hereregte word dus op die lang duur op só 'n manier bespaar. Die effektiewe finansiële voordeel is egter minimaal, omdat die waarde van die vruggebruik betreklik stadig daal namate die vruggebruiker ouer word. Dit is eers op 'n baie hoë ouderdom dat die waarde minimaal is. As die daling van die geldwaarde en die waardevermindering in eiendom in ag geneem word, kan die 'minder' hereregte wat later betaal word, effektief meer wees as wat die oorspronklike hereregte by oordrag van die volle eiendomsreg aan die trust sou gewees het (Korf, 1997:699-700,704).

Omdat vruggebruik nie 'n persoonlike saaklike reg het nie, kan dit nie vererf nie, en sal dit dan verval by die afsterwe van die vruggebruiker. Geen hereregte is

betalbaar nie, omdat dood nie binne die woordskrywing van 'transaksie' ingevolge die Wet op Hereregte 40 van 1949 val nie. Die trust verkry dus uiteindelik volle onbeperkte eiendomsreg, terwyl die trust net hereregte op die blote besitreg betaal het (Korf, 1997:699-700,704).

Uit die trust se oogpunt is hereregte dus bespaar. Daar kan ook boedelgroei of boedelbelasting gespaar word as die eiendom in waarde toegeneem het. Vruggebruik sal 'n bate in die boedel bly, maar egter teen 'n kleiner waarde.

#### **4.9 TRUSTS EN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE**

Hoewel die koste waarteen belasting op toegevoegde waarde gehef word redelik laag is volgens De Villiers *et al.* (1980:123), moet die kontantvloei en koste-implikasies van die betaling van belasting op toegevoegde waarde (BTW) tog in aanmerking geneem word voor 'n trust geskep word sodat die implikasies van die gebruik van die trust geëvalueer kan word.

Dié verhandeling handel egter oor boedelbeplanning en die implikasies van BTW sal dus nie verder bespreek word nie.

#### **4.10 KAPITAALWINSBELASTING**

##### **4.10.1 INLEIDING**

Tien jaar gelede het die verslag van die Margo Kommissie die samesmelting van boedel- en skenkingbelasting in 'n omvattende kapitaalwinsbelasting aanbeveel. Daar is aanbeveel dat dit met die instelling van teenvermydingsbelasting saamgevoeg moet word om die gebruik van geslagoorslaanmaatreëls, soos die tipiese *inter vivos*-trust, aan te val (Wessels, 1995:25).

In die Vierde Tussentydse Verslag het die Katz Kommissie besluit dat skenking- en boedelbelasting behou moet word. Maatreëls is aanbeveel vir die periodieke heffing van kapitaalwinsbelasting op die waarde van die bates van 'n trust.

Daarbenewens moet die distribusie uit die trust ook aan kapitaalwinsbelasting onderhewig wees. Hierdie voorstel veroorsaak die meeste kommer oor die bates van die trust. Die uitwerking van die voorstel behoort te wees dat die persoon kapitaalwinsbelasting gedurende sy of haar lewe sal betaal in die plek van boedelbelasting by afsterwe (Wessels, 1995:25).

Wêreldwyd is dit bekend dat kapitaalwinsbelasting min opbrengste lewer en 'n hoë administrasiekoste en -las dra. Die vraag kom dan op of die instelling van kapitaalopbrengsbelasting die moeite werd is (Van der Watt, 1997:27).

Die Minister van Finansies het egter onlangs in sy begrotingsrede verklaar dat kapitaalwinsbelasting vanaf 1 Oktober 2001 in werking sal tree.

Individue sal kapitaalwinsbelasting betaal teen 'n effektiewe koers van 0% tot 10,5%, terwyl regspersone 'n effektiewe koers van 15% sal betaal. Trusts en spesiale trusts sal kapitaalwinsbelasting betaal teen 'n koers van 16% en 21%.

Kapitaalwinsbelasting is nie die hoofonderwerp in hierdie verhandeling nie en sal dus nie ten volle bespreek word nie. Daar sal egter na 'n paar hoofpunte verwys word om 'n oorsigtelike beeld van kapitaalwinsbelasting te verkry.

#### **4.10.2 HOOFPUNTE VAN KAPITAALWINSBELASTING**

Enige individu of regspersoon in die Republiek, is verantwoordelik vir kapitaalwinsbelasting op kapitale bates wat in die Republiek of buite die Republiek gehou word.

Wanneer 'n individu of regspersoon nie in die Republiek woonagtig is nie, sal kapitaalwinsbelasting by die volgende kapitaalwinsbelastinggebeurtenis ontstaan:

- Onroerende eiendom of belange in onroerende eiendom gevestig in die Republiek;

- bates van enige permanente instansie, tak of agentskap in die Republiek wat handel dryf (SARS, 2000:7)

Kapitale bates wat beïnvloed word deur kapitaalwinsbelating, is enige tipe eiendom, insluitend roerende en onroerende eiendom, liggaamlik of onliggaamlik, uitsluitend handeldrywende aandele en mynbates wat kwalifiseer vir 'n inkomstebelastingvermindering as 'n kapitale uitgawes. Opsommend is alle bates, behalwe bogenoemde uitsluitings, ongeag die aard daarvan, bates wat onderworpe is aan kapitaalwinsbelasting (SARS, 2000:8).

Kapitaalwinsbelasting ontstaan by 'n kapitaalwinsbelastinggebeurtenis. Hierdie gebeurtenis is wanneer daar 'n vervreemding of geagte vervreemding plaasvind. 'n Algemene reël is dat bates verkry of toegeken word sodra daar 'n verandering in die eienaarskap van die bates is. Vervreemding van bates vind plaas wanneer bates:

- Verkoop;
- weggegee;
- geskrap;
- geruil;
- verloor
- vernietig;
- gekanselleer; of
- afgelos word (SARS, 2000:10).

'n Aantal reëls bepaal dat 'n geagte vervreemding plaasvind. Die volgende is daarby ingesluit:

1. 'n Individu of regspersoon hou op om in die Republiek woonagtig te wees;
2. eienaarskap van die bates verander nie, maar vir alle intensies en doeleindes is daar 'n toekenning ter sprake, byvoorbeeld sekere afgeleide en waardeverskuifingtransaksies; of
3. die begunstigdes in die trust verander (SARS, 2000:11).

Bates is onderworpe aan 'n "rollover", wat beteken dat die kapitaalwinsbelastingaanspreeklikheid nie ontstaan by die vervreemding of oordrag van eienaarskap nie. Hierdie aanspreeklikheid word eerder uitgestel tot 'n daaropvolgende kapitaalwinsbelastinggebeurtenis. "Rollover" is slegs van toepassing op oordragte deur individue of regspersone wat in die Republiek woonagtig is. Die volgende batebeskikkings is onderworpe aan die "rollover"-verligting:

1. Oordragte tussen lede of ten volle beheerde groepe;
2. oordragte deur tot 5 persone na 'n maatskappy of beslote korporasie;
3. oordragte van besigheidsbates aan 'n maatskappy deur 'n aandeelhouer wat na oordrag ten minste 20% van die aandeelhouding in die maatskappy besit;
4. oordragte van eiendom van 'n boedel na 'n begunstigde;
5. skenking van eiendom deur 'n skenker;
6. oordragte tussen eggenotes; en
7. oordragte by rasionalisasie, ontbondeling, reorganisasies, rekonstruksies of amalgamasie (SARS, 2000:12-13)

Volgens PriceWaterhouseCoopers (soos aangehaal deur The Accountant, 2000:8) geld die volgende punte vir kapitaalwinsbelasting:

1. Hierdie belasting sal op alle Suid-Afrikaanse inwoners se wêreldwye bates van toepassing wees;
2. nie-Suid-Afrikaanse inwoners is slegs belasbaar op onroerende eiendom in Suid-Afrika of bates wat aan 'n permanente onderneming in Suid-Afrika, behoort;
3. hierdie belasting is van toepassing op die opbrengs van alle bates wat buite die normale belastingnet val weens die kapitale aard;
4. daar is wel uitsonderings, soos bewoonde eiendom en motorvoertuie vir privaatgebruik;
5. kapitaalwinsbelasting sal gehef word wanneer die werklike of geagte vervreemding plaasvind;

6. alle kapitaalgroei van bates voor 1 Oktober 2001 sal nie aan dié belasting onderhewig wees nie;
7. waardasies van kapitale bates kan vir 'n bepaalde tydperk nadat die belasting in werking getree het, gedoen word;
8. by individue is slegs 25% van die wins aan belasting onderhewig;
9. by ander persone is 50% van winste onderhewig aan belasting; en
10. die kapitaalwins sal by die individu se belasbare inkomste getel word.

Volgens Coetzee (1997:22) moet elke boedelbeplanner en begunstigde bewus wees van die volgende punte oor kapitaalwinsbelasting:

1. Sake, sowel as *inter vivos*-trusts, sal aan kapitaalwinsbelasting onderworpe wees.
2. Kapitaalwinste wat aan begunstigdes uitbetaal word, sal aan kapitaalwinsbelasting onderworpe wees. Indien daar egter 'n diskresionêre trust opgerig word, kan die feit dat individue teen 'n laer koers belas word, benut word. Daar kan moontlik 'n verdere belastingbesparing wees deur die kapitaalwins aan meer as een individu te laat uitkeer. Elke begunstigde is ook geregtig op 'n jaarlikse vrystelling van R10 000.
3. 'n Tipiese boedelplan is vir 'n persoon om sy bates na 'n maatskappy oor te dra waarvan die gewone aandele deur 'n trust besit word. Voorkeuraandele word dan aan die persoon ten opsigte van die gedeeltelike betaling van die koopprys van bates uitgereik. Die waardasiereëls van die kapitaalwinsbelasting sal aangepas word om te verseker dat waar 'n individu 'n maatskappy só beheer, die onderliggende bates deel van sy boedel uitmaak.

Kapitaalwins by die verkoop van trustbates kan belasbaar wees in die hande van die trust, die begunstigdes of die persoon wat 'n skenking gedoen het. Die toekenning van kapitaalwins aan 'n skenker of 'n begunstigde wat 'n natuurlike persoon is, sal in 'n laer belastingskaal val as die trust. Kapitaalverliese by die verkoop van bates sal egter in die trust vasgepen word (Geach, 2001:119).

Bates by 'n diskresionêre trust word beskou as 'n bate van die trust totdat die begunstigdes 'n gevestigde reg op hierdie bates verkry. Wanneer die begunstigde 'n gevestigde reg verkry, word die transaksie as 'n onteiening van bates teen markwaarde beskou. Die begunstigde sal nou kapitaalwinsbelasting moet betaal, tensy die begunstigde 'n eggenoot van die skenker is. Onteienings of verkope tussen eggenotes word beskou as 'n onteiening of verkope teen basiskoste. Daar is dus geen wins of verlies nie (Geach, 2001:123).

Indien 'n begunstigde geen gevestigde reg op kapitale bates in die trust het nie, sal die basiskoste van die bates as nul gehanteer word. Sodra die begunstigde 'n gevestigde reg verkry, sal die basiskoste verhoog na die markwaarde van die bate sodat daar nie dubbelbelasting op betaal word wanneer die bates realiseer nie (Geach, 2001:123).

Geach (2001:124) verduidelik bogenoemde aan die hand van die volgende voorbeeld:

'n Diskresionêre trust bestaan.

Die Begunstigdes is: X, Y en Z

Die enigste trustbates is 'n vakansiehuis.

X verkry 'n gevestig reg op 'n *deel* van die huis vir R300 000.

Die ander begunstigdes verkry geen gevestigde regte nie.

X verkoop sy belang in die trust vir R350 000 en Y verkoop sy belang in die trust vir R150 000.

Die kapitaalwins van Y:

|                    |                 |
|--------------------|-----------------|
| Verkoopprijs:      | R150 000        |
| Basiskoste:        | R 0             |
| <b>Totale wins</b> | <b>R150 000</b> |

Die kapitaalwins van X:

|                    |                 |
|--------------------|-----------------|
| Verkoopprijs:      | R350 000        |
| Basiskoste:        | R300 000        |
| <b>Totale wins</b> | <b>R 50 000</b> |

#### 4.10.3 PROBLEME MET KAPITAALWINSBELASTING

Kapitaalwinsbelasting het ernstige implikasies omdat trusts in werklikheid 'n manier van spaar is en Suid-Afrikaners swak spaarders is (McGlashan, 1997:20).

Coetzee (1997:22) voorsien egter die volgende praktiese probleme met betrekking tot die kapitaalwinsbelasting:

1. Alle bates moet volgens die Kommissie periodiek gewaardeer word. 'n Groot administratiewe las word geskep by die waardering van sekere bates wanneer ongerealiseerde eiendom aan enige vorm van belasting onderwerp word. Net bekwame persone se dienste kan gebruik word omdat dit moeilik is om die waarde van bates soos grond, patente handelsmerke, outeursregte, ongenoteerde aandele en belange in vennootskappe en beslote korporasies te bepaal.
2. Sekere trusts stel nie finansiële state op nie en dit kan 'n groot faktor wees wat die administratiewe las verhoog. Daar kan geargumenteer word dat dit onregverdig sou wees om van belastingpligtiges te vereis om finansiële state op te stel en om 'n geoktrooieerde rekenmeester in diens te neem sodat die waardes van hul bates vir kapitaalwinsbelasting bepaal kan word.
3. Sal die trust verplig wees om die bates te verkoop indien daar nie genoeg kontant beskikbaar is om die belasting te betaal nie?
4. Daar moet gekyk word na dubbele belasting. Sal daar enige verligting beskikbaar wees aan 'n begunstigde wat eiendom van 'n trust ontvang wat reeds ingevolge die periodieke stelsel aan belasting onderworpe was? Wat nog belangriker is, is wanneer die verligting beskikbaar sal wees.
5. Volgens die Kommissie sal gevestigde regte van 'n begunstigde wat reeds aan belasting onderwerp is, nie meer belas word nie. Wie sal dan verantwoordelik wees om voorsiening te maak vir sake soos die administrasie en teen watter koste?

#### **4.11 NUWE VERANDERINGS IN DIE TRUST SE BELASBAARHEID**

Artikel 25 maak voorsiening vir die aftrekking van uitgawes wat toeskryfbaar is aan die trustinkomste in die hande van die trust en die begunstigdes. Individue en sakeondernemings het egter hierdie voorsienings baie wyd begin gebruik:

- Trusts is gebruik vir inkomsteverdeling, sodat die marginale belastingkoers waarteen inkomste belas word, kon verminder; en
- om verliese te kanaliseer, deur uitgawes deur die trust aan die begunstigdes oor te dra wat die verliese teen hul inkomste afspeel (Begrotingverslag, 1998:9.20-9.21).

Volgens figure 4.1, 4.2 en 4.3 (p. 168 - 170) kan daar duidelik gesien word dat die belastingkoerse van die trust vanaf 1998 verhoog het en dat daar dus nou meer belasting betaal moet word op die inkomste in die trust. Belastingkale het egter sedert 1999 weer verlaag. Volgens Figuur 4.1 het die gemiddelde koers egter vir trustinkomste bo R100 000 verminder. Die gemiddelde koers van die trust is egter steeds hoër as die gemiddelde koers van 'n individu.

Die benutting van die verliese van 'n trust is as onvanpas beskou vir begunstigdes omdat die begunstigdes 'n beperkte aanspreeklikheid geniet ten opsigte van die skulde van 'n trust. Die begunstigdes kry dus die voordeel om die verliese af te trek sonder om blootgestel te word aan die risiko om aanspreeklik te wees vir die skulde van die trust (Butterworths Tax Alert, 1999:9).

As gevolg hiervan het die Regering besluit om die gebruik van 'n trust om belasting te vermy, stewiger vas te vat. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het twee nuwe tussentydse stappe gedoen om dié onmiddellike probleme die hoof te bied. Die trusts is verbied om verliese vir belastingdoeleindes na die begunstigdes te laat deurvloei en tweedens word die inkomste in 'n trust teen nuwe koerse belas (Anon, 1998c:2).

Hierdie nuwe koerse vervang die vorige progressiewe belastingkoerse op trusts en geld vir die belastingjare wat op 1 Maart 1998 begin het. Sedert 11 Maart 1998 geld die wet dat by nuwe trusts geen belastingverliese aan trustbegunstigdes oorgedra of van hulle geëis mag word nie. Die Wet sou van 1 Januarie 1999 vir bestaande trusts geld (Kourie, 1998:3).

Die rede vir die nuwe belastingkoerse is die feit dat besigheid- en boederytrusts deur 'n diskresionêre trust opgerig is om Inkomstebelasting te bespaar deur die belasbare inkomste tussen verskillende trustbegunstigdes te verdeel. Deur dit te doen, word die marginale belastingkoerse tot die minimum verminder en baie aan belasting bespaar, wat natuurlik bydra tot die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se kwellings. Die aard van 'n diskresionêre trust laat hierdie verdeling toe in die sin dat die kwalifiserende trustbegunstigde net mag voordeel trek na die goeddunke van die trustees. Die getal begunstigdes is dikwels baie groot (Kourie, 1998:3).

'n Uitsondering ten opsigte van 'n trust wat opgerig is vir persone wat geestelik of fisiek onbevoeg is, is gemaak in die Begroting maar dié toegewing is volgens Kourie (1998:3) heeltemal te eng.

#### **4.11.1 VERLIESE VAN DIE TRUST**

Al het die begunstigde(s) 'n beperkte persoonlike verpligting ten opsigte van die skuld van 'n trust geniet, het die voorskrifte van artikel 25B aan die begunstigde(s) die voordeel van die aftrekking van die verlies, sonder die risiko dat hulle aanspreeklik gehou word deur die krediteure van die trust vir betalings, verskaf. Verder berus die eienaarskap en bestuur van die trusteiendom op die trustees en belastingtoelatings word gewoonlik net aan die eienaar van die eiendom verskaf (Mitchell et al., 1998:114).

Vir die afbakening of "*ringfencing*" van die trustaftrekkings en -verliese is Artikel 25B(4) by die Wet toegevoeg. Indien die aftrekkings nou die trustinkomste sou oorskry, sal die verliesoorskot na die trust toe terugval om die trust se belasbare

inkomste vir die bepaalde jaar te bereken. Hoewel die bewoording van die artikel nie baie duidelik is nie, kan dit wees dat die begunstigdes in die volgende belastingjaar eerste geregtig sal wees op die oorskot (Anon, 1998b:6-8).

Die bepaling van artikel 25B is net van toepassing indien artikel 7 van die Wet nie van toepassing is nie. Dit wil sê, artikel 25B is dus net van toepassing indien die trustinkomste nie geag word die gevolg van 'n skenking, oormaking of ander beskikking te wees nie (Anon, 1998b:6-8).

'n Sake-trust is nou van sy vernaamste voordeel ontnem deurdat hy nie meer verliese vir inkomstebelastingdoeleindes aan trustbegunstigdes sal kan toedeel nie. Baie trusts word egter nie gestig om verliese aan trustbegunstigdes te bewerkstellig nie, maar om die groeibates uit die boedel te verwyder om boedelbelasting te beperk. Hierdie wysiging raak dus nie trusts wat gestig word vir boedelbeplanningdoeleindes nie (Lategan, 1998:23).

#### **4.11.2 KOERSE VAN DIE TRUST**

Inkomste wat in die trust gevestig is, word teen die nuwe koerse belas, soos deur die Wet aangedui. Dit geld vir alle trusts, behalwe 'n trust wat geskep is vir die voordeel van 'n persoon wat geestelik versteurd is of 'n ernstige gebrek het, waar die siekte of gebrek die begunstigde onbevoeg maak om genoeg inkomste te verdien om hom of haarself te onderhou. Hierdie voorstel het in werking getree vanaf die jaar van aanslag wat begin het op of na 1 Maart 1998 (Mitchell et al., 1998:114). (Sien figure 4.4 en 4.5 (p. 171 – 172)).

Volgens die Begrotingverslag van 2001/2002 word die volgende uiteensetting van die belastingkoerse gegee -

- Die inkomste van 'n trust sal belas word teen 32% vir 'n inkomste tot R100 000 en 42% vir 'n inkomste bo R100 000, met uitsondering van spesiale trusts.

Wanneer inkomste in die hande van die trust belas word, is die trust nie geregtig op enige kortings nie (Meyerowitz, 1998b:16.49-16.50).

#### 4.11.3 SPESIALE TRUSTS

'n Nuwe belastingregime is vir trusts in die 1998-begroting voorgelê. Daar moes 'n onderskeid getref word tussen spesiale trusts en ander trusts. Die spesiale trust word beskou as 'n trust wat geskep is alleen vir die voordeel van 'n persoon wat aan "geestesongesteldheid" ly soos omskryf in die Wet op Geestesgesondheid 18 van 1973, artikel 1 of aan enige ernstige liggaamsgebrek wat sodanige persoon daarvan weerhou om genoegsame inkomste te verdien vir sy eie onderhoud (Anon, 1998b:6-8).

Figuur 4.5 (p. 172) dui die belasting aan van 'n spesiale trust in 1998 en 1999. Hier kan gesien word dat die belastingaanspreeklikheid verlaag het.

#### 4.12 ARTIKEL 25B

Artikel 25B van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962:

- (1) *"Inkomste ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van 'n persoon in sy hoedanigheid as die trustee van 'n trust bedoel in die omskrywing van 'persoon' in artikel 1, word, behoudens die bepalings van artikel 7, vir sover bedoelde inkomste verkry is vir die onmiddellike of toekomstige voordeel van 'n vasgestelde begunstigde met 'n gevestigde reg op bedoelde inkomste, geag inkomste te wees wat toegeval het aan bedoelde begunstigdes, en vir sover bedoelde inkomste nie aldus verkry is nie, geag inkomste te wees wat aan bedoelde trust toegeval het.*
- (2) *Waar 'n begunstigde 'n gevestigde reg verkry het op inkomste bedoel in subartikel (1) as gevolg van die uitoefening deur 'n trustee van 'n diskresie in hom gevestig ingevolge die betrokke trustakte, ooreenkoms of 'n testament van 'n oorlede persoon, word bedoelde inkomste by die toepassing van daardie subartikel geag vir die voordeel van bedoelde begunstigde verkry te gewees het.*

- (3) *Enige aftrekking of vermindering wat kragtens die bepalings van hierdie Wet toegestaan kan word by die vasstelling van die belasbare inkomste verkry by wyse van enige inkomste bedoel in subartikel (1), word, vir sover bedoelde inkomste kragtens die bepalings van daardie subartikel geag word inkomste te wees wat aan 'n begunstigde of die trust toegeval het, geag 'n aftrekking of vermindering te wees wat toegestaan kan word by die vasstelling van die belasbare inkomste deur daardie begunstigde of trust verkry, na gelang van die geval.*
- (4) *Ondanks die bepalings van subartikel (3) word enige aftrekking of vermindering in daardie subartikel beoog, wat gedurende enige jaar van aanslag geag word toegestaan te word by die vasstelling van die belasbare inkomste van 'n begunstigde van 'n trust, beperk tot die inkomste wat geag word inkomste te wees wat gedurende daardie jaar van aanslag aan daardie begunstigde ingevolge subartikel (1) toegeval het.*
- (5) *Die bedrag waarmee die som van die aftrekkings en verminderings in subartikel (4) beoog die inkomste in daardie subartikel beoog, oorskry, word geag 'n aftrekking of vermindering te wees wat toegestaan kan word by die vasstelling van die belasbare inkomste van die trust gedurende daardie jaar van aanslag: met dien verstande dat die som van daardie aftrekkings en verminderings beperk word tot die belasbare inkomste van daardie trust gedurende daardie jaar van aanslag, soos bereken voordat enige aftrekking of vermindering kragtens hierdie subartikel toegelaat word.*
- (6) *Die bedrag waarmee die som van die aftrekkings en verminderings in subartikel (4) beoog die som van die inkomste in subartikel (4) beoog van daardie begunstigde en die belasbare inkomste van daardie trust in subartikel (5) beoog, oorskry, word by die toepassing van subartikel (3) geag 'n aftrekking of vermindering te wees wat toegestaan kan word by die vasstelling van die belasbare inkomste deur daardie begunstigde verkry by wyse van inkomste bedoel in subartikel (1) in die onmiddellik daaropvolgende jaar van aanslag.*
- (Sub-artikel (4), (5), (6) bygevoeg deur artikel 36 (1) van Wet No. 30 van 1998 en word geag op 11 Maart 1998 in werking te getree het en van toepassing ten opsigte van enige nuwe trust op of na 11 Maart 1998*

***geskep en enige bestaande trust, met ingang van jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 1999 begin).***"

Rente-inkomste wat aan die begunstigde deur die trust toeval, kwalifiseer steeds vir die rentevrystelling, kapitale-inkomste bly kapitaal van aard, en inkomste vanaf die buiteland sal 'n buitelandse bron wees as gevolg van die feit dat die trust 'n Suid-Afrikaanse trust is. Indien die testament 'n annuïteit aan die begunstigde bemaak, sal die annuïteit ten volle belasbaar wees, ongeag van die feit dat dit uit 'n kapitalebron ontstaan of dat dit 'n buitelandse entiteit is.

Die trust sal belas word op die inkomste wat in die trust behou word en nie aan die begunstigdes uitbetaal word nie. Indien die behoue inkomste wel later aan die begunstigdes uitbetaal word, word dit as kapitaal geag in die begunstigdes se hande. By die uitbetaling sal daar geen belasting daarop betaalbaar wees nie, maar die aftrekkings word ook nie toegelaat om die belasbare inkomste van die trust te bereken nie (Stack & Cronjè, 1998:499-500).

Vervolgens word kortliks gekyk wat elk van die subartikels behels.

#### **4.12.1 SUBARTIKEL 25B(1)**

Volgens artikel 25B(1) sal inkomste wat nie aan begunstigdes uitgekeer of tot hul voordeel gekapitaliseer word nie, in die hande van die trust belas word. Die trust self is die belastingpligtige en die trustee word as die verteenwoordigende belastingpligtige aanspreeklik gehou (Anon, 1998b:6-7).

#### **4.12.2 SUBARTIKEL 25B(2)**

Artikel 25B(2) bepaal dat die begunstigdes op die inkomste belas sal word, indien die begunstigdes 'n gevestigde reg op die inkomste het of waar die trustees hul diskresie uitgeoefen het om inkomste onder die begunstigdes te verdeel.

Die trust het die voordeel dat daar 'n onbepaalde aantal begunstigdes kan wees, en daarom kan die inkomste onder verskillende belastingpligtes verdeel word. As gevolg van die verdeling tussen meerdere belastingpligtes, kan dit tot gevolg hê dat die belastinglas verminder word.

#### **4.12.3 SUBARTIKEL 25B(3)**

Baie belastingpligtiges het groot voordele uit artikel 25B(3) getrek, totdat die wysiging van dié artikel in 1998 plaasgevind het. Die subartikel het bepaal dat in die mate wat trustinkomste in die hande van 'n begunstigde belas word, sodanige begunstigde ook op trustaftrekkings en -vermindering geregtig is (Anon, 1998b:6-7).

Artikel 25(3) bepaal dus dat waar die uitgawes die inkomstes oorskry wat aan die begunstigdes toeval, die begunstigde die verlies van sy ander inkomstes sal kan aftrek. Indien die verlies in die trust sou bly, word die verlies na die volgende belastingjaar oorgedra (Anon, 1998b:6).

Dit was nog altyd die Kommissaris se houding dat verliese wat in 'n trust ooploop, nie kan deurvloei na die begunstigdes nie, aangesien slegs voordele uit 'n trust verkry kan word (Anon, 1996a:30).

Praktyknota 23 het getoon dat daar twyfel bestaan oor die feit of die Wetgewer die voorneme met artikel 25(3) gehad het dat verliese aan die trust en begunstigdes toegestaan moes word. Sommige belastingbetalers en Onvanger-kantore was van mening dat dit slegs op inkomste volgens artikel 1 van toepassing was. Die Praktyknota het egter bevestig dat die verliese en aftrekkings proporsioneel volgens die inkomste tussen die trust en begunstigdes verdeel moes word. Dié verliese kan dus 'n verlies in die hande van die begunstigde veroorsaak het (Stack & Cronjè, 1998:498-499). Praktyknota 23 het egter verval.

Waar die begunstigde in die verlede 'n gevestigde reg tot die inkomste en kapitaal gehad het, kon daar gesê word dat indien die trust 'n verlies sou ly, dit tot die voordeel van die begunstigde sou wees. Hy sou geregtig wees om die verlies af te trek, al was daar geen netto inkomste vir verdeling nie (Meyerowitz, 1998b:16.48).

In 1998 is artikel 25B(4), (5) en (6) egter tot die Inkomstebelastingwet toegevoeg, sodat die oordrag van verliese aan begunstigdes verhoed kon word (Huxham & Haupt, 1999:583).

Wanneer die uitgawes nou die inkomste oorskry, kan:

- Die belasbare oorskot afgespeel word teen die belasbare inkomste van die trust vir daardie jaar. Die belasbare inkomste van die trust is daardie inkomste wat nie toegeval het aan enige begunstigde gedurende die jaar nie, minus die uitgawes wat daarmee verband hou.
- Indien die oorskot die belasbare inkomste van die trust oorskry, sal die oorskot in die volgende jaar as 'n aftrekking teen die begunstigde se inkomste van die trust geneem kan word (Butterworths Tax Alert, 1999:60-61)

#### **Voorbeeld van die nuwe wetgewing:**

Gedurende die eerste jaar is die bruto inkomste van die trust R100. Die uitgawes ten opsigte van hierdie inkomste is R120. Die begunstigdes het 'n gevestigde reg op 80% van die inkomste.

Die begunstigdes se belasbare inkomste is dus:

$$80 - (80/100 \times 120) = (16) \text{ Beperk tot nul.}$$

Die trust se belasbare inkomste is dus:

$$20 - (20/100 \times 120) = (4) \text{ Beperk tot nul.}$$

Die verlies wat oorgedra word is  $120 - 100 = 20$

In die tweede jaar is die trustinkomste R150 en die uitgawes R100.

Die begunstigdes se belasbare inkomste voor die gebruik van die verlies is:

$$(80/100 \times 150) - (80/100 \times 100) = 40$$

Min persentasieverlies oorgebring

$$80/100 \times 20 = \underline{16}$$

**Belasbare inkomste** **24**

Die trust se belasbare inkomste voor die gebruik van die verlies is:

$$(20/100 \times 150) - (20/100 \times 100) = 10$$

Min persentasieverlies oorgebring

$$20/100 \times 2 = \underline{4}$$

**Belasbare Inkomste** **6**

#### 4.13 ARTIKEL 7

Wanneer bates aan 'n trust geskenk word, kan Artikel 7(3) tot 7(9) van die Inkomstebelastingwet veroorsaak dat die skenker op die inkomste van die bates belas word (Stack & Cronjè, 1998:71).

Hierdie artikel hou dus heelwat gevare in wanneer 'n beplanner sou besluit om bates aan 'n trust te skenk. Noukeurige aandag by boedelbeplanning moet gegee word aan artikel 7, wat net by die *inter vivos*-trust geld sodat daar nie moontlik in hierdie slagyster getrap word nie.

In *Ovenstone v SIR* 1980 (2) SA 721 (A) op 736 het regter Trollip verklaar dat Artikels 7(3) tot 7(6) gerig is op transaksies

***“... in which a taxpayer seeks to achieve tax avoidance by donating, or disposing of income-producing property to or in favour of another under the ... specified conditions or circumstances, thereby diverting its income from himself without his replacing or being able to replace it”.***

(Olivier, 1989:178-180).

Artikels 7(3) tot 7(7) is van belang by die trust wat gedurende die leeftyd van die oprigter geskep word deur middel van 'n skenking ten gunste van die oprigter se kinders, kleinkinders ander persone (Stack & Cronjè, 1998:74-76).

In Figuur 4.6 (p. 173) word 'n kort uiteensetting gegee van wie belasbaar sal wees indien 'n ouer en grootouer 'n skenking aan die trust doen en daarna 'n uitbetaling aan die begunstigdes gedoen word.

By 'n trust *mortis causa* geld artikel 7 nie vir die skenker wat reeds oorlede is nie. Artikel 7 is juis daarop gemik om die vermyding van Inkomstebelasting te bekamp, veral waar inkomste oorgedra word na ander persone wat op 'n laer skaal belas word (Swart et al., 1985:209).

#### 4.13.1 SKENKING, OORMAKING OF ANDER BESKIKKING

Met die bespreking van artikel 7 verwys ons na die 'skenker'. Die artikel verwys na enige persoon wat 'n 'skenking, oormaking of ander beskikking' aan 'n trust maak, waarop die trust inkomste verdien, hetsy die persoon 'n party by die trust is of nie (Anon 1996a:31).

Die skenkings waarvan artikels 7(2) tot 7(9) praat, word soos volg in die Ovenstone-saak omskryf:

***"In a donation the donor disposes of the property gratuitously out of liberality or generosity, the donee being thereby enriched and the donor correspondingly impoverished, so much so that, if the donee gives any consideration at all therefore, it is not a donation."***

(Olivier, 1989:178-182).

Oor die jare is gewonder oor die betekenis van 'ander beskikking' in hierdie artikels. Die bespiegeling is finaal ter ruste gelê in die saak van Ovenstone v SIR 1980(2) SA 721 (A) deur appèlregter Trollip (Anon, 1996a:32-33):

***“To sum up: the critical phrase in Section 7(3) ‘any donation, settlement or other disposition’ – excludes any disposal of property that is a wholly commercial or business one, i.e. made for due consideration; it covers any disposal of property made wholly gratuitously out of liberality or generosity; it also covers any disposal of property made under a settlement or other disposition for some consideration but in which there is an appreciable element of gratuitousness or generosity.”***

Daar is dus in *Ovenstone v CIR* 1980 AD bepaal dat ‘n *‘ander beskikking’* as ‘n *‘skenking’* geïnterpreteer moes word. Daar moes gelees word: *“n skenking, oormaking of soortgelyke beskikking”* (Huxham & Haupt, 1996:548).

‘n *Skenking, oormaking of ander beskikking* sluit ‘n *vervreemding van eiendom* uit wat teen ‘n *redelike vergoeding aangegaan* is. Dit sluit *vervreemding in wat kosteloos gemaak word, asook vervreemdings waar daar die element van vrygewigheid teenwoordig is* (*Ovenstone v CIR, 1980 (2) SA 721 (A)*).

J. Coetzee het in *Joss v CIR* 1980 TPD besluit dat ‘n *‘ander beskikking’* transaksies uitsluit wat teen volle geldwaarde gesluit word, en dat daar ‘n *element van vrygewigheid moes wees*. ‘n *Rentevrye lening aan ‘n trust* is ‘n *vrygewige beskikking*, en daarom sal die voorskrifte van artikel 7 in werking gestel word (Huxham & Haupt, 1996:548).

Vervolgens word ‘n *uiteensetting van artikel 7 se subartikels gemaak*, sodat daar nie bykomende belasting vir die boedelbeplanner gehef word en hy in elk geval geen boedelvaspenning in sy boedel skep nie. Artikel 7 geld ook vir *skenkings, oormakings of ander beskikkings wat nie aan ‘n trust gedoen word nie*. Hier sal egter net na die uitwerking van artikel 7 op die trust verwys word.

#### **4.13.2 ARTIKEL 7(1)**

Volgens die *Inkomstebelastingwet 58 van 1962* lui hierdie artikel soos volg:

***“Inkomste word geag aan iemand toe te geval het al is dié inkomste deur hom belê, opgehoop of op ander wyse gekapitaliseer, en al is dié inkomste nie werklik aan hom uitbetaal nie, maar nog aan hom verskuldig en betaalbaar of op rekening vir hom gekrediteer of weer belê of opgehoop of gekapitaliseer of al is dit op ander wyse in sy naam of ten behoeve van hom daarmee gehandel, en ‘n volledige opgawe van al sulke inkomste moet deur ‘n persoon ingesluit word in die opgawes wat ingevolge hierdie Wet deur hom verstrekk word.”***

Wanneer die begunstigde ‘n gevestigde reg op die inkomste het, sal hy daarop belas word. Dit is wanneer die begunstigde nou of in die toekoms op die inkomste van die trust geregtig is. By ‘n voorwaardelike reg is daar geen sekerheid wie die begunstigde sal wees nie en kan die begunstigdes dus nie daarop belas word nie. Die trust sal dan op daardie inkomste belas word (Huxham & Haupt, 1996:550).

#### **4.13.3 ARTIKEL 7(2)**

Artikel 7(2) is ingestel om te voorkom dat skenkings tussen eggenote plaasvind om belasting te vermy, ontduik of te verminder. Hierdie artikel geld waar inkomste verkry word vanaf ‘n trust aan ‘n inkomstebegunstigde, waar die begunstigde die eggenoot is van die persoon wat die inkomsteproduserende bate aan die trust geskenk het (Dawson, 1996:61).

Indien ‘n man ‘n trust *inter vivos* ten gunste van sy vrou oprig, sal die inkomste waarop sy geregtig is, in die man se hande belas word mits die inkomsteproduserende bate geskenk is (Swart et al., 1985:209).

Wanneer gades binne gemeenskap van goedere getroud is, sal die inkomste wat verkry word uit die beoefening van ‘n bedryf, toeval aan die gade wat alleen die bedryf beoefen. Indien beide die gades ‘n bedryf beoefen, sal die inkomste in die verhouding soos deur hulle ooreengekom, aan hulle toeval. Verhuring van vaste eiendom word egter geag in gelyke dele aan hulle toe te val (Inkomstebelastingwet 58 van 1962, Artikel 7(2A)).

#### 4.13.4 ARTIKEL 7(3)

Artikel 7(3) in die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 lui soos volg:

***“Inkomste word geag deur die ouer van ‘n minderjarige kind ontvang te wees indien dit uit hoofde van ‘n skenking, oormaking of ander beskikking deur daardie ouer van daardie kind gemaak –***

- (a) ontvang is deur of toegeval het aan of ten gunste van daardie kind of aan die onderhoud of opvoeding of ten voordele van daardie kind bestee is; of***
- (b) ten voordele van daardie kind opgehoop is.”***

Inkomste sal aan ‘n minderjarige se ouer toeval indien die inkomste geag word as inkomste wat ontvang of toegeval het aan die minderjarige deur middel van ‘n skenking. Wanneer ‘n vader geld ten gunste van sy minderjarige kind by ‘n bouvereniging belê, sal die vader op die rente belas word, al word hierdie rente gebruik om die kind te onderhou.

Wanneer die ouer ‘n sakeonderning bedryf en ‘n salaris aan die minderjarige kind betaal word, is die salaris aftrekbaar vir sakedoeleindes en die minderjarige sal op die salaris belas word, mits die salaris *bona fide* is vir dienste gelewer aan die onderneming. Hier is daar dus geen sprake van ‘n skenking, oormaking of ander beskikking nie.

In *Kohler v CIR 1949 (4) SA 1022 (T) (19 SATC 341)* is bepaal dat inkomste wat aan die minderjarige toeval en wat gekapitaliseer word, nie as die oorspronklike bron beskou word van die daaropvolgende inkomste nie. Die volgende inkomste word verkry uit nuwe kapitaal (Cronje & Stack, 1997:519).

As inkomste dus deur ‘n skenking ontvang word en nog inkomste produseer, sal die latere inkomste nie aan die skenker toeval as gevolg van die skenking nie (De Koker et al., 1988:381-382).

Hierdie siening is egter nie in CIR v Widan 1955 (1) SA 226 (A) deur die Appèlhof aanvaar nie. Die Appèlhof het in die Widan-saak bepaal dat die inkomste op die inkomste verdien is en dus die gevolg is van die oorspronklike skenking (Cronje & Stack, 1997:519).

Daar kan dus nie gesê word dat artikel 7(3) nie geld vir '*inkomste op inkomste*' nie. Elke saak sal op sy eie beskou moet word (De Koker et al., 1988:381-382).

'n Minderjarige kind word beskou as onder 21 jaar en ongetroud. 'n Geskeide persoon of weduwee/wewenaar onder 21 jaar word nie as 'n minderjarige beskou nie (Stack & Cronjè, 1998:72-73).

Artikel 7(3) en (4) is nie van toepassing waar die skenker sterf nie, omdat sy boedel afgehandel word en hy as belastingpligtige verdwyn. Wanneer kinders meerderjarig is, sal dié artikel ook nie geld nie, omdat die artikel duidelik na minderjarige kinders verwys. Dit is ook nie van toepassing op kleinkinders of stiefkinders nie (Anon, 1996a:31).

Wanneer 'n ouer 'n skenking aan 'n minderjarige kind doen en die ouer kort daarna sterf, sal die inkomste in die hande van die kind belas word. Dit sal nie as die oorlewende eggenoot se inkomste beskou word nie. Indien die ouers binne gemeenskap van goedere getroud was, skenk elke ouer die helfte en sal die oorlewende ouer dan volgens artikel 7(3) verantwoordelik wees vir die helfte van die inkomste se belasting (Huxham & Haupt, 1996:548-549).

Artikel 90 van Wet 58 van 1962 maak egter voorsiening dat enige belasting wat betaalbaar is kragtens die subartikels van artikel 7 op inkomste, deur 'n persoon wat geag word die ontvanger van die inkomste te wees, deur die persoon verhaal kan word vanaf die persoon wat andersins op die inkomste geregtig is – dit is die trustee of die kind (Anon, 1996a:31-32).

Hierdie is maklik omseil deur van 'n derde persoon gebruik te maak om die skenking aan 'n trust te doen, sodat daar geredeneer kon word dat die skenking nie deur die ouer gedoen is nie. Artikel 7(4) is daarom tot die Inkomstebelastingwet toegevoeg (Anon, 1996a:33).

#### **4.13.5 ARTIKEL 7(4)**

Volgens die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 behels artikel 7(4) die volgende:

***“Inkomste wat ontvang is deur of toegeval het aan of ten gunste van 'n minderjarige kind van enige persoon, ten gevolge van 'n skenking, oormaking of ander beskikking deur iemand anders gemaak, word geag die inkomste van die ouer van die minderjarige kind te wees, as daardie ouer of sy eggenote 'n skenking, oormaking of ander beskikking gemaak of 'n ander teenprestasie gegee het regstreeks of onregstreeks ten gunste van so iemand anders of sy gesin.”***

Indien die vader 'n skenking aan 'n ander persoon doen met die doel dat die ander persoon 'n trust oprig ten gunste van die vader se minderjarige kinders sal artikel 7(4) geld (Olivier, 1989:188-194).

'n Voorbeeld is wanneer Meneer A 'n skenking aan Meneer B maak in ruil vir 'n skenking wat B aan A se minderjarige kinders doen. A sal belas word op die inkomste van sy skenking. Indien die grootouer 'n skenking sou doen aan die minderjarige kleinkinders, is daar geen belastinggevolge vir die ouer nie, tensy artikel 7(6) of 7(7) sou geld (Stack & Cronjé, 1998:73).

#### **4.13.6 ARTIKEL 7(5)**

Artikel 7(5) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 word soos volg uiteengesit:

***“Indien 'n persoon 'n skenking, oormaking of ander beskikking gemaak het wat onderworpe is aan 'n beding of voorwaarde, hetsy deur daardie persoon of***

***iemand anders gemaak of opgelê, dat die daardeur bevoorreedes of sommige van hulle nie voor een of ander sekere of onsekere gebeurtenis plaasvind die inkomste of enige deel van die inkomste daaruit mag ontvang nie, word soveel van enige inkomste as wat by ontstentenis van bedoelde beding of voorwaarde ten gevolge van die skenking, oormaking of ander beskikking deur die bevoorreedes ontvang sou word of aan of ten gunste van hulle sou toeval, geag die inkomste van daardie persoon te wees, totdat daardie gebeurtenis plaasvind of daardie persoon te sterwe kom, watter ook al die eerste geskied.”***

Die algemene doel van hierdie artikel is om te keer dat belastingaanspreeklikhede ontduik word waar die skenker nie die begunstigde toelaat om die inkomste van die skenking onmiddelik te geniet nie (Meyerowitz, 1998b:16.51).

AR Corbett gee in Estate Dempers v Secretary for IR 1977 3 SA 410(1) die doel soos volg weer:

***“[it] ... seems to be aimed generally at preventing the avoidance of tax liability where and so long as the donor does not permit the beneficiary of the gift to the income to be derived therefrom.”***

Artikel 7(5) sal slegs van toepassing wees indien daar 'n positiewe antwoord op elk van die volgende vier vrae gegee kan word:

1. Bestaan daar 'n skenking, oormaking of ander beskikking?
2. Is daar 'n beding of voorwaarde dat die bevoorreedes nie voor die een of ander gebeurtenis, hetsy seker of onseker, die inkomste daaruit mag ontvang nie?
3. Sou daardie inkomste by ontstentenis van die beding of voorwaarde deur daardie bevoorreedes ontvang gewees het, of aan, of ten gunste van hulle toegeval het?
4. Leef die persoon nog wat die skenking gedoen het? (De Villiers et al., 1980:52)

Figuur 4.7 (p. 174) dui die werking van artikel 7(5) aan wanneer 'n skenking aan 'n trust gedoen word en die uitbetaling van inkomste aan 'n sekere gebeurtenis onderworpe is.

Hierdie artikel verwys nie na minderjariges of kinders van die skenker nie. Familiebande en ouderdom is glad nie hier ter sprake nie. Die gebeurtenis waarna artikel 7(5) verwys, is byvoorbeeld die dood van iemand, die bereiking van 'n sekere ouderdom, 'n huwelik of die uitoefening van 'n diskresie deur die trustees om inkomste aan begunstigdes toe te ken (Anon, 1996a:31).

Die uitoefening van 'n diskresie is 'n gebeurtenis volgens Hulett v CIR:

***“As I interpret the document the beneficiaries are not entitled to claim payment of income as of right. They receive it – or such part of it as the trustees choose to give them – if the trustees in their absolute discretion decide to pay it over. Thus their rights are contingent until the happening of an event, viz. the exercise by the trustees of their discretion.”***

Daar is egter nog nie finale uitsluiting verkry of die uitoefening van 'n diskresie deur die trustees om inkomste aan begunstigdes toe te ken, 'n gebeurtenis is nie. Dit lyk tog egter of die meeste besluit het dat dit wel so 'n gebeurtenis is (Hulett v CIR 1944 NPD 264, ITC 1033, 26 SATC 73).

In ITC 1328 (1980) 43 SATC 56 het die hof beslis dat wanneer die begunstigdes 'n gevestigde reg op die inkomste het, die inkomste aan die begunstigde toegeval het in terme van artikel 7(1) tot uitsluiting van artikel 7(5). Die Kommissaris aanvaar die beslissing en pas dit so in die praktyk toe (Anon, 1996a:33-35).

In die praktyk behels 'n gebeurtenis volgens artikel 7(5) die volgende:

1. Die gebeurtenis vind plaas op die datum wat in die trustakte bepaal word dat die inkomste op die spesifieke datum aan die begunstigdes toeval of waar die begunstigde 'n gevestigde reg daarop het.

2. Die gebeurtenis sal plaasvind wanneer die trustees 'n diskresie het vir die verdeling van inkomste aan die begunstigdes en hulle daardie diskresie uitoefen sodat die leningsrekeninge van die begunstigdes met die inkomste gekrediteer word. Indien die trustees sou besluit om nie die inkomste te verdeel nie maar dit in die trust te hou, sal artikel 7(5) van toepassing wees.

Indien die begunstigde 'n gevestigde reg op die inkomste het, sal die begunstigde op daardie bedrag belas word en sal Artikel 7(5) nie van toepassing wees nie. Indien die begunstigde egter minderjarig is, sal artikel 7(3) geld en die skenker (die ouer van die kind) daarop belas word (Anon, 1996a:40-41).

Indien die vereistes daar is vir artikel 7(5) maar die skenker is oorlede, val hierdie artikel weg en die inkomste sal dan onder artikel 25B belas word in die hande van die trustee of begunstigde (Meyerowitz, 1998b:16.56).

Die bepalings van artikel 7(5) sal geld wanneer **enige** persoon 'n bepaalde gebeurtenis tot die trustakte toevoeg. Die bepaling sal ook geld as die grootouer 'n spesifieke bepaling by die trustakte invoeg. Die grootouer sal dan op die bedrag belas word (Cronje & Stack, 1997:519).

#### **4.13.7 ARTIKEL 7(6)**

Artikel 7(6) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 kan soos volg gesien word:

***“Indien 'n akte van skenking, oormaking of ander beskikking 'n bepaling bevat dat die daardeur verleende reg om inkomste te ontvang, ingetrek of aan iemand anders verleen kan word kragtens bevoegdheid wat behou word deur die persoon wat daardie reg verleen, word soveel van enige inkomste as wat ten gevolge van die skenking, oormaking of ander beskikking ontvang word deur of toegeval aan of ten gunste van die persoon aan wie daardie reg verleen word, geag inkomste te wees van die persoon wat dit verleen, solank hy daardie bevoegdheid behou.”***

Slegs die reg op inkomste en nie die reg op kapitaal nie, word hier geraak. Indien 'n oprigter oor eiendom beskik, wil hy tog in 'n mate beheer daarvoor uitoefen. Gewoonlik koester die oprigter van 'n trust twyfel en vrese met betrekking tot die bevoegdheid van die begunstigdes of trustees om die bates te bestuur en te beheer. Die oprigter verkies daarom om deel te kan wees by die bestuur van die eiendom, byvoorbeeld om sy regte uit te oefen as 'n aandeelhouer of direkteur van 'n maatskappy, of as trustee van 'n trust, of om die reg te behou om die bepalinge van die skenking van eiendom te wysig.

In die trustposisie moet daar gepoog word om die beheer wat 'n oprigter by die bestuur wil behou, uit skakel, of tot 'n minimum te beperk. Daar moet ook groot sorg aan die dag gelê word by die wysiging van 'n trust of enige beskikking by 'n trust sodat die moontlikheid vermy kan word dat die oprigter bevoeg is om oor trusteeiendom tot sy eie voordeel of tot die voordeel van die boedel te beskik (De Villiers et al., 1980:53,95,98).

Indien die trustakte sou bepaal dat die skenker van die trust die begunstigdes se reg op inkomste kan herroep of aan iemand anders toeken, sal die inkomste in die hande van die skenker belas word, solank hy die mag van herroeping behou (Anon, 1996a:35-37).

Hierdie artikel geld nie wanneer inkomste ontvang of toegeval het aan begunstigdes wat slegs 'n voorwaardelike reg op die inkomste het nie, al behou die skenker sy reg op besluite. Die begunstigde moet dus 'n gevestigde reg hê en daar moet 'n vereiste in die trustakte wees dat die skenker die reg voorbehou om die inkomste aan iemand anders oor te dra voordat hierdie artikel kan geld (De Koker et al., 1988:387-388).

Wanneer daar in die trust op 'n jaarlikse grondslag besluit word in wie se hande die inkomste sal val, sal artikel 7(6) geld. Dit is wanneer die oprigter in die trustakte bepaal dat hy kan besluit wie die jaarlikse begunstigdes van die trust

sal wees. So sou die inkomste dus op die laags moontlike belastingskale belas kon word (Huxham & Haupt, 1996:552).

#### **4.13.8 ARTIKEL 7(7)**

Artikel 7(7) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 lui soos volg:

***“Indien ten gevolge van ‘n skenking, oormaking of ander beskikking wat deur iemand (hieronder die skenker genoem) voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet gemaak is –***

- (a) die skenker se reg om ‘n bedrag te ontvang of aan hom of tot sy voordeel te laat betaal by wyse van huurgeld, dividend, rente, tantième of soortgelyke inkomste ten opsigte van enige roerende of onroerende eiendom ( met inbegrip, sonder om die voorafgaande te beperk, van enige huurooreenkoms, maatskappy-aandeel, handelseffekte, depositolening, outeursreg, model of handelsmerk) of ten opsigte van die gebruik van bedoelde eiendom, of die verlening van toestemming om bedoelde eiendom te gebruik, gesedeer of andersins oorgemaak word aan ‘n ander persoon of aan ‘n derde party ten bate van bedoelde ander persoon, op so ‘n wyse dat die skenker die eienaar bly van, of ‘n belang behou in, genoemde eiendom, of indien genoemde eiendom of belang oorgedra, gelewer of oorgemaak word aan bedoelde ander persoon of aan ‘n derde party ten bate van bedoelde ander persoon, op so ‘n wyse dat die skenker geregtig is of op ‘n bepaalde of bepaalbare tydstip geregtig sal word om eiendomsreg op of die belang in genoemde eiendom weer te verkry; of***
- (b) die skenker se reg om inkomste te ontvang of aan hom of ten bate van hom te laat betaal, wat aan hom verskuldig is of mag word deur ‘n ander persoon wat in ‘n fidusiêre hoedanigheid optree, gesedeer of andersins oorgemaak word aan ‘n ander persoon of aan ‘n derde party ten bate van bedoelde ander persoon, op so ‘n wyse dat die skenker geregtig is of op ‘n bepaalbare tydstip geregtig sal word om genoemde reg weer te verkry, word enige sodanige huurgeld, rente, tantième of inkomste (met inbegrip van ‘n bedrag wat, as dit nie vir hierdie subartikel was nie, in die hande van bedoelde ander persoon van belasting vrygestel sou gewees het) wat op of na 1 Julie 1983 ontvang is deur of toeval aan of ten gunste van***

***bedoelde ander persoon en wat andersins, as dit nie vir genoemde skenking, oormaking of ander beskikking was nie, ontvang sou gewees het deur of sou toegeval het aan of ten gunste van die skenker, geag ontvang te gewees het deur of toe te geval het aan die skenker."***

Die nuwe subartikel wat kragtens hierdie klousule bygevoeg is, sal verseker dat waar 'n belastingpligtige sy reg op inkomste uit roerende of onroerende eiendom ontvang, aan iemand anders oormak, maar eiendomsreg of sy belang in daardie eiendom behou, hy steeds op daardie inkomste belas sal word. Die subartikel bepaal voorts dat indien die belastingpligtige so ver sou gaan om die betrokke eiendom aan iemand anders oor te maak maar die reg behou om die eiendom in die toekoms terug te kry, die inkomste steeds in sy hande belas sal word. Soortgelyke reëls met betrekking tot die tydelike afstanddoening van inkomste wat voortspruit uit 'n fidusiële belang wat die belastingpligtige geniet, word ook neergelê.

Subklousule (2) bepaal dat die belastingpligtige wat vir belasting aangeslaan word, die bedrag kan verhaal van die persoon wat werklik die bedrag ontvang.

Hierdie artikel is ingestel om te verhoed dat 'n skenker 'n inkomsteproduserende bate aan 'n ander persoon skenk vir 'n aantal jare, en dan die bates na die spesifieke periode terugneem (De Koker et al., 1988:388).

Wanneer die skenker inkomste oordra nadat dit aan hom toegeval het, sal dit steeds in sy hande belas word. Indien die skenker van die reg ontslae raak voor dit hom toegeval het, is die inkomste nie meer in sy hande belasbaar nie, maar in die hande van die sedent (Stack & Cronjè, 1998:504-507).

Dié is artikel ingestel om belastingvermyding deur middel van sedering van inkomste teë te werk. Dit is byvoorbeeld by skenkings aan liefdadigheidsorganisasies. 'n Persoon wat 'n skenking aan 'n liefdadigheidsorganisasie wil doen, sal dit uit nabelaste inkomste moet doen. 'n Persoon het byvoorbeeld 'n huis verhuur en die inkomste waarop hy geregtig is

aan 'n liefdadigheidsorganisasie gesedeer. Indien 'n persoon nou die inkomste sou seeder maar steeds eienaarskap van die eiendom het, sal dit as sy inkomste beskou word en dit sal in sy hande belasbaar wees (Huxham & Haupt, 1996:299).

Artikel 7(7) verwys na die oormaking van 'n reg. Wanneer geld rentevry uitgeleen word, gaan die reg nie outomaties daarmee saam om rente te verdien nie. Indien die lener die geld weer belê, ontstaan daar 'n nuwe reg en is artikel 7(7) dus nie van toepassing op die uitlener nie (Huxham & Haupt, 1996:299).

Uit die trustoogpunt wil dit dus voorkom of artikel 7(7) nie 'n probleem is nie. In dié artikel handel dit oor die oormaking van die reg op inkomste. Rentevrye lenings behoort ook nie deur hierdie artikel geraak te word nie, omdat geld nie outomaties 'n reg op inkomste gee voor dit belê word nie (Balliol Investment Co v Jacobs 1946 TPD 269 en Coronel's Curator v Estate Coronel 1941 AD 223). Eiendom gee ook nie outomaties reg op inkomste voor dit verhuur word nie. Wanneer 'n rentedraende belegging of 'n bestaande huurkontrak saam met die huursaak aan die trust oorgedra word, kan dié artikel dalk wel van toepassing wees (Anon, 1996a:37-41).

Sien Figuur 4.8 (p. 175) vir die moontlike belastingpligtiges by artikels 7(3) tot 7(7). By voorbeeld 4 (p. VII – VIII) word daar aangedui wanneer die trust-oprigter en wanneer die begunstigdes op inkomste belasbaar sal wees indien artikel 7 van toepassing is.

#### **4.13.9 ARTIKEL 7(8)**

Artikel 7(8) is van toepassing wanneer inkomste deur middel van 'n skenking, oormaking of ander beskikking deur 'n inwoner ontvang of toegeval het aan 'n nie-residensiële inwoner. Hierdie inkomste sal by die inwoner se belasbare inkomste gevoeg word

✓

Indien die inkomste uit buitelandse dividende ontstaan het, sal die bedrag wat by die inwoner se inkomste gevoeg word, bereken word deur artikel 9E, asof die nie-residensiële inwoner 'n aandeelhouer is wat wel 'n residensiële inwoner is.

Hierdie artikel geld nie vir 'n buitelandse entiteit nie (Divaris & Steyn, 2001:26).  
Artikel 7(8) het op 1 Januarie 2001 in werking getree.

#### **4.13.10 ARTIKEL 7(9)**

Artikel 7(9) bepaal dat wanneer 'n bate van die hand gesit word teen laer as markwaarde, sal die verskil in waarde tussen die verkoopsprys en markwaarde as 'n geagte skenking beskou word. Hierdie artikel het op 1 Januarie 2001 in werking getree (Divaris & Steyn, 2001:21)

#### **4.14 DIE VOOR- EN NADELE VAN 'N TRUST**

'n Trust het voor- én nadele. By boedelbeplanning is daar in die trust ook 'n keuse tussen dit wat voordelig is en dit wat nadelig is. 'n Trust wat byvoorbeeld voordelig is vir boedelbelasting-, is nie noodwendig voordelig vir Inkomstebelastingdoeleindes nie. 'n Diskresionêre trust kan deur sommige beskou word as nadelig omdat daar te min gevestigde regte aan die begunstigdes gegee word, waar ander dit weer as 'n belastingvoordeel beskou (Van der Westhuizen, 1999d:4).

Hoewel die trust voor- en nadele het, blyk dit dat die voordele, die nadele heeltemal oorskry.

##### **4.14.1 NADELE VAN 'N TRUST**

Die belangrikste nadele kan soos volg opgesom word:

###### **1. Verandering in Wetgewing**

Die trust kan groot nadele inhou indien dit vir slegs 'n bepaalde doel soos belastingbesparing opgerig word. Wanneer wetgewing verander en dié

voordele geneutraliseer word, kan die trust sy aantreklikheid verloor. Daarom moet daar genoeg ander redes is waarom die trust opgerig word (Van der Westhuizen, 1999d:4).

Daar het byvoorbeeld nou kapitaalwinsbelasting toegetree tot die wetgewing, asook nuwe belastingskale en verliesbeperkings. Verwys na Hoofstuk 4.10 en hoofstuk 4.11 vir detailbesprekings van die onderskeie onderwerpe.

## **2. Wysigings in die trust**

Wysigings van die doel of inhoud van die trust mag probleme veroorsaak, omdat alle betrokke partye tot die wysiging moet toestem (Du Plessis, 1992:215).

Indien die oprigter nog leef, kan die trustakte volgens die kontrakreg sonder die hulp van wysigingsbepalings in die akte gewysig word deur 'n ooreenkoms tussen die oprigter en die trustee, solank die begunstigdes nog nie enige voordele uit die trust aanvaar het nie.

Indien die oprigter oorlede is en die trustakte swyg oor die bevoegdheid om dit te kan wysig, is dit nodig om 'n hofaansoek ingevolge die Wet in te bring.

Die testamentêre trust kan egter nie deur die partye tot die trust gewysig word nie. Daar bestaan tog 'n paar uitsonderings op die reël dat slegs die hof 'n testamentêre trust mag wysig (Van der Westhuizen, 1998i:4).

## **3. Versekering**

Van der Westhuizen (1999e:4) toon dat die boedelbelastingvrystelling wat vir vennote, mede-aandeelhouers en medelede van 'n beslote korporasie beskikbaar is waar hulle deur middel van die sogenaamde "koop en

verkoopooreenkomste” mekaar se lewens oor en weer verseker, ongelukkig nie vir trustdoeleindes beskikbaar is nie.

#### **4. Afstanddoening van eiendomsreg**

Dit word ook as 'n nadeel beskou dat beheer oor bates verloor kan word wanneer dit aan 'n trust oorgedra word. Dit geld dan ook net vir 'n trust wat in die lewe opgerig word. Die verlies aan beheer is vir die beskerming teen boedel- en Inkomstebelasting. Die finale keuse vir of teen die afwesigheid van beheer word bepaal deur die behoefte aan of teen die afwesigheid van belastingbesparing (Van der Westhuizen, 1999d:4).

#### **5. Koste**

Die aanvanklike koste kan hoog wees. 'n Koers van 10% op hereregte is betaalbaar op die koopprys van onroerende eiendom wat na 'n trust oorgedra is (Swart, 1997:3).

#### **6. Belasting op toegevoegde waarde (BTW)**

As die trust vir BTW geregistreer is, kan die hereregte as 'n BTW-inset teruggeëis word. Die gewone familietrust is egter gewoonlik nie vir BTW geregistreer nie (Swart, 1997:3).

#### **7. Sekuriteit deur die trustees**

Die Meester van die Hooggeregshof kan trustees versoek om sekuriteit op eie koste te verskaf vir die behoorlike nakoming van hul pligte (Du Plessis, 1992:215).

#### **8. Finansiering**

Finansieringsmoontlikhede is beperk (Du Plessis, 1992:215).

## 9. Die trustakte

Een van die belangrikste nadele kan gesetel wees in die trustdokument waarkragtens die trust tot stand kom. Waar die trustbepalings by 'n testamentêre trust vaag is, kan dit jare van hoofbrekens, koste en ook hartseer veroorsaak. Selfs by 'n dokument wat in die lewe opgerig word wat vaag en gebrekkig is, kan dit baie probleme, frustrasie en onnodige onkoste veroorsaak (Van der Westhuizen, 1999d:4).

Vir die voorkoming van die nadele van 'n trustdokument moet daar verseker word dat die trust geldig is, dat die trustees voldoende magte en bevoegdhede het en dat die doelstellings van die trust uitgevoer kan word (Van der Westhuizen, 1999d:4).

## 10. Die bewind-trust

Daar moet sorg aan die dag gelê word dat daar nie 'n bewind-trust in 'n testament geskep word nie. Dit is waar die erflater 'n bemaking aan 'n persoon doen maar die bates onder die "bewind" van die trustees plaas as gevolg van die een of ander rede, byvoorbeeld ouderdom of onbekwaamheid om die bates te beheer (Van der Westhuizen, 1998d:4).

Die bewind-trust het in die meeste gevalle meer na- as voordele. Die eiendomsreg setel in die begunstigde, en daarom bied dié trust geen beskerming aan die begunstigde teen sy eie finansiële risiko's nie. Die bate sal ook deel vorm van die begunstigde se boedel vir boedelbelastingdoeleindes. Wanneer die begunstigdes meerderjarig is, sal dié soort trust neerkom op 'n leë bepaling. Die begunstigdes kan die trust ignoreer en die administrasie van die bate by die trustees oorneem van middernag af op die betrokke begunstigde se mondigwording, ongeag of die testament bepaal dat die trust dalk moet voortduur tot die begunstigde se dertigste verjaardag (Van der Westhuizen, 1998d:4).



#### 4.14.2 VOORDELE BY 'N TRUST

'n Baie aantreklike beplanningsmeganisme is boedelbeplanning deur *inter vivos*-trusts, waardeur die bates met die potensiaal om vinnig in waarde toe te neem aan 'n trust oorgedra word, sodat die waarde van die eienaar se boedel vasgepen kan word (Swart, 1997:3).

Die volgende hoofpunte dui aan waarom die trust so 'n gewilde ondernemingsvorm is:

##### 1. Inkomstebelasting

Volgens De Villiers (1996b:6) is die trust nie net 'n doeltreffende boedelbeplanningsinstrument nie, maar hou dit ook baie inkomstebelastingvoordele in, mits die konstruksie van die trust reg is en 'n paar basiese beginsels toegepas word.

Begunstigdes wat 'n gevestigde reg op inkomste het, is op die inkomste belasbaar volgens artikel 25B. Die begunstigdes is geregtig om al die uitgawes wat verband hou met die inkomste terug te eis. Indien daar 'n verlies gely word, kan die verlies in die trust na die volgende belastingjaar oorgedra word (Stack & Cronjé, 1998:516-517).

Hoewel die belastingkoerse ten opsigte van trusts nou verander het, is dit net die belasbare inkomste wat aan die trust toeval, wat volgens die nuwe koerse belas sal word. Dit sal steeds moontlik wees om 'n *deel* van die inkomste aan die begunstigdes uit te keer (Coetzee, 1998c:28).

Die tradisionele trust sal egter by die veranderings in die Inkomstebelastingwet baat. Voor die veranderinge het 'n trust R36 250 aan Inkomstebelasting betaal op 'n bedrag van R100 000. In 1999 sou die trust slegs R35 000 (in 2002 - R32 000) betaal het. Selfs die trust wat 'n hoër inkomste as R100 000 het, sal

by die nuwe skale baat. Op 'n belasbare inkomste van R300 000 het die trust voorheen R126 250 betaal, terwyl dieselfde trust in 1999 net op die 45%-skaal R125 000 (in 2002 – R116 000) sou betaal (Coetzee, 1998c:28).

Die winste van die onderneming sal in die hande van die begunstigdes, die trust en soms die oprigter, belas word, afhange van die truitsakte en of die onderneming aan die trust verkoop of geskenk is. Die wins word dan in verskeie hande belas teen 'n laer gemiddelde belastingkoers. Elke belasbare natuurlike persoon sal ook die primêre korting kan eis (Stack & Cronjè, 1998:516-517).

## **2. Boedelbelasting, boedelbeplanning en administrasie**

Wanneer die boedeleienaar sy onderneming in 'n trust bedryf, verseker hy dat die bate nie by sy dood in sy boedel ingesluit sal word nie. Wanneer die waarde van die bate verhoog, sal die toename in die trust plaasvind en nie in die boedeleienaar se hande nie. Indien die boedeleienaar se nageslagte besluit om die onderneming in die trust voort te sit, sal die boedeleienaar sowel as sy nageslagte se boedels beperk word (Theron, 1990:111).

Die trustbates vestig in die trustees en daar sal dus geen boedelbelasting op betaalbaar wees indien die boedeleienaar tot sterwe kom nie. Omdat die trust nie 'n lewende persoon is nie, sal daar geen boedelbelastingprobleme wees soos by 'n persoon wat kan sterf nie (Huxham & Haupt, 1996:533).

Wanneer 'n persoon die eerste keer 'n huis koop, moet dit sterk oorweeg word om 'n trust te skep wat dan die eiendom besit. Die besluit hou talle voordele in wat boedelbeplanning betref. Kapitaalwinstbelasting moet ook in ag geneem word, wanneer die bate moontlik weer verkoop sal word.

Eerstens het 'n eerste huis gewoonlik 'n redelik beskeie prys, en as 'n trust geskep word om die eiendom te besit, kan oordragskoste vermy word.

✓

Tweedens sal so 'n huis teen sy heersende waarde in die trust ingesluit word vir die doel van boedelbelasting. Terwyl die markwaarde dus met verloop van tyd sal toeneem, sal die belasbare waarde nie toeneem nie. Dit sal help om die belasbare waarde van die algehele boedel so laag moontlik te hou (McRae, 1996:1).

Die mees ideale trust is waar die erflater die erfenis aan die trustees van 'n trust bemaak om dit te besit en te administreer volgens die bepalings van die testament. In die testament word daar dan behoorlik voorsiening gemaak vir alle administratiewe aangeleenthede om die trustees se taak te vergemaklik. Volledige magte en bevoegdhede word ook in die testament aan die trustees gegee en duidelikende omskrywings van die begunstigdes sal gegee word (Van der Westhuizen, 1998d:4).

Die bepalings van die trust sal nie veel van die trust verskil wat met 'n kontrak opgestel word nie. Die trustees sal dan ook oor diskresionêre magte en bevoegdhede beskik wat beskerming teen finansiële en ander risiko's van die begunstigdes sal lewer. Die trust is terselfdertyd ook belastingsvriendelik (Van der Westhuizen, 1998d:4).

### **3. Beskerming van bates en beperkte aanspreeklikheid**

Die beste beskermingsvoordele teen die insolvensie of finansiële krisis van die begunstigdes van 'n trust is dat 'n trust so gestruktureer moet word dat daar nie enige rente in die begunstigdes vestig nie en die trustees volledige diskresie het om inkomste en/of kapitaal aan die begunstigdes toe te ken of dit heeltemal van hulle weerhou (Anon, 1998b:6).

Wie sal die risiko dra indien die trust misluk? Die trustee is slegs in sy amptelike hoedanigheid aanspreeklik en die trustbegunstigdes is ook nie vir die trustskulde aanspreeklik nie, omdat die trustee die eienaar van die trustbates is.

Daar word dus beperkte aanspreeklikhede verkry s nder enige voorskrifte (Theron, 1990:111).


Omdat die trustees en begunstigdes nie persoonlik aanspreeklik gehou kan word vir trustskulde nie, kan die skuldeisers hulle slegs tot die trustbates wend vir die voldoening van hul skulde. Die deelnemers by 'n trust is dus normaalweg verseker dat hul risiko beperk is tot bydraes, indien enige, en tot die trustkapitaal. Die trust sal ook bly voortbestaan, ondanks 'n wisseling van trustees of trustbegunstigdes (Anon, 1998b:6).

'n Egpaar met jong kinders kan baie by 'n testament re trust baat. Indien die broodwinner sou sterf, of albei ouers, kan die trust baie handig wees. Die testateur kan bepaal dat 'n professionele persoon of 'n familielid na die kinders se finansi le behoeftes kan omsien. Die testament sal bepaal hoeveel van die bates vir di  doel aangewend sal word. Daar word dus baie noukeurig vir die onverwagte vooruitbeplan en voorsiening word gemaak vir die beskerming van bates (Coetzee, 1998c:28).

Volgens Van der Westhuizen (1999g:4) kan die boer seker die meeste kort- en langtermynvoordele uit die oprigting van 'n trust verkry. Die voordele sluit nie net boedelbelastingvoordele in nie, maar ook finansi le risikobeskerming, regverdige bevoordeling van sy kinders, deelnemende bestuur en betrokkenheid van sy kinders by die boerdery-onderneming en ook dat "hy hom nie uittrek voordat hy gaan slaap nie".

Wanneer 'n versekeringsportefeulje vir die huidige kontantwaarde aan 'n trust verkoop sou word, kan dit die volgende voordele inhou:

1. Alle premies plus 6% saamgestelde rente (vanaf die datum waarop die polis aan die trust verkoop word, tot die datum van afsterwe) is aftrekbaar vir boedelbelasting. Die doodswaardes sal egter as deel van die boedel geag word, al is dit verkoop. Die premies plus die rente word

- 
- dan van die doodswaarde afgetrek voor die berekening van boedelbelasting.
2. Daar kan 3,5% op eksekuteursfooie gespaar word op die doodskdekking, omdat die eksekuteur nie meer hierdie versekering behartig nie en hy nie geld daarop kan hef nie. Indien 'n persoon dus 'n R2 miljoen lewensdekking het, kan hy onmiddellik R70 000 spaar.
  3. By afsterwe sal die doodskdekking regstreeks aan die trust uitbetaal word. Daar is dus onmiddellik likiede fondse vir die begunstigdes beskikbaar. Indien die boedel insolvent sou wees, sal hierdie geld nie aan hieraan blootgestel word nie.

'n Lewensdekkingpolis kan dus baie beter gestruktureer word deur van 'n trust gebruik te maak (Venter, 1999:4).

'n Belangrike deel van boedelbeplanning wat afgesonderd is van die betaling van belasting, is om 'n struktuur te gebruik wat die hardverdiende bates van die boedeleienaar sal beskerm teen 'n verskeidenheid eise wat in die toekoms kan ontstaan.

Indien 'n professionele persoon byvoorbeeld deel van 'n vennootskap of alleeneienaar is, is hy verantwoordelik vir 'n *deel* of alle skulde van die praktyk. Indien die praktyk nie sy skuld kan betaal nie, kan die skuldeisers dit van die lid eis. Die persoonlike bates sal dan in gedrang kom. By 'n tipiese boedelplan word die bates van die belastingbetaler in 'n trust geplaas. Indien daar dan enige eise teen die belastingbetaler, sy vrou of kinders kom, is die bates veilig in die trust en kan dit nie deur die skuldeisers aangeraak word nie. Verder kan die bates beskikbaar gestel word aan die familie vir hul eie gebruik en genot asof dit hul eie bates is (Erasmus, 1997:37,40).

Die trust is dus veel meer aanloklik as die vennootskap, omdat daar geen beperkte aanspreeklikheid en ewigdurende voortbestaan by 'n vennootskap verkry word nie (Anon, 1998b:6).

#### 4. Statutêre voorskrifte

Trustreg het hoofsaaklik deur die praktyk, wetgewing en regspraak ontwikkel. Daar is dus slegs enkele statutêre voorskrifte, byvoorbeeld:

- Hoewel die trustakte geregistreer moet word, hoef die trust nie geregistreer te word nie. Daar is ook nie bepaalde formaliteite waaraan voldoen moet word nie.
- Daar is geen beperkings ten opsigte van wie die trusteeamp mag beklee nie.
- Die trust mag 'n persoon finansiëel bystaan sodat die persoon 'n deel in die trust mag bekom.
- Daar is geen kapitaalinstandhoudingsvereistes nie. Daar kan dus op enige manier met die kapitale bates gehandel word.
- Daar is geen Registrateur aan wie heelwat vorms en opgawes gelewer moet word nie.
- Trustees is nie verplig om gereeld vergaderings te hou ten opsigte van trustadministrasie nie. Wanneer vergaderings wel plaasvind, is daar geen statutêre voorskrifte waarvoor dit moet geskied nie.
- Behalwe as die trustakte anders bepaal, kan die trustees na willekeur die trustinkomstes tussen die begunstigdes verdeel (Theron, 1990:111-114).
- Doelstellings kan vryelik deur die oprigter en trustees van 'n *inter vivos*-trust bepaal word, omdat die trust met 'n kontrak tot stand gekom het.
- Die ledetal van die begunstigdes is onbeperk.
- Die oprigter kan duidelike voorskrifte neerlê ten opsigte van die bestuur van die trust (Du Plessis, 1992:214).
- Geen finansiële state hoef opgestel te word nie. Daar hoef nie deur 'n ouditeur verslag gedoen te word oor die finansiële posisie van die trust nie. Daar moet slegs 'n stel boeke wees wat aan die Ontvanger van Inkomste beskikbaar sal wees. Die stel boeke is noodsaaklik omdat die onus op die belastingpligtige is om te bewys dat die uitgawes as 'n aftrekking kwalifiseer. Indien die nodige boeke met bewysstukke nie

✓

beskikbaar is nie, sal dit moeilik wees om te bewys dat die uitgawe as 'n aftrekking kwalifiseer (Stack & Cronjè, 1998:516-517).

Namate die trust in Suid-Afrikaanse reg ontwikkel het, bied dit beperkte aanspreeklikheid en ook ewigdurende voortbestaan, sonder dat daar aan streng maatreëls en vereistes voldoen moet word. Indien die trust skriftelik tot stand kom, moet daar egter aan die vereistes in die Wet op die Beheer oor Trustgoed, 57 van 1988 voldoen word, maar hierdie voorskrifte is egter minimaal in teenstelling met die voorskrifte van die Maatskappywet, 61 van 1973 en Wet op Beslote Korporasie, 69 van 1984 (Anon, 1998b:6).


Omdat 'n trust nie ingewikkelde wette moet navolg om die belange van persone soos aandeelhouers te beskerm nie, is die trust 'n baie gewilde instrument vir sake-transaksies (Coetzee, 1998c:28).

#### **5. Ewigdurende voortbestaan**

Anders as by 'n vennootskap, kan die trust vir 'n onbepaalde tyd voortbestaan, ongeag die wisseling van trustees of begunstigdes. Die onbepaalde tydsduur sal egter afhang van die voorskrifte van die trustakte (Du Plessis, 1992:214).

#### **6. Hereregte**

Wanneer onroerende bates aangekoop moet word, is dit die voordeligste om die bates in die naam van 'n trust te bekom. Wanneer al die begunstigdes van 'n trust natuurlike persone is en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste tevrede is dat die trustakte nie in hierdie opsig gewysig kan word nie, sal onroerende bates wat aan die trust oorgedra word, op 'n veel laer skaal aangeslaan word (Aa1 en 2(1)(b) van die Wet op Hereregte 40 van 1949) (Theron, 1990:116).



Daar is dus 'n besparing van oordragkoste by 'n trust met natuurlike persone as die begunstigdes, want die trust se oordragkoste is laer as by 'n maatskappy. Wanneer begunstigdes hul belange aan 'n trust oordra, is seëlregte betaalbaar, maar dit is 'n baie kleiner bedrag as die bedrag wat betaalbaar is by die oordrag van aandele (Stack & Cronjè, 1998:516-517).

## **7. Buigsaamheid**

Die bepalings van die trustakte hang van die besluite van die oprigter af. Die regte van die begunstigde hang ook van die besluit van die oprigter af (Braun v Blann).

Die trust het baie meer buigsaamheid as die maatskappy. Die Maatskappywet, 61 van 1973 geld nie vir 'n trust nie; die trust word slegs deur die trustakte gereël. Daar is beperkte aanspreeklikheid omdat die trustskuld slegs beperk is tot die hoeveelheid trustbates wat beskikbaar is. Daar is ook geen solvensie- of likiditeitsvereistes soos by 'n beslote korporasie nie (Waterhouse, 1988:142).

'n Groot voordeel van die trust bo 'n maatskappy is dat dit dubbele belasting op dividende vermy. By 'n maatskappy word dividende betaal uit die winste na belasting. Die dividende wat deur 'n maatskappy uitbetaal word, is onderworpe aan sekondêre belasting op maatskappye (Waterhouse, 1988:135).

## **8. Geheimhouding**

Daar kan nie by die maatskappy of beslote korporasie dieselfde geheimhouding gehandhaaf word as by 'n trust nie (Basson, 1996:11).

## **9. Eksekuteursgeld en administrasiekoste**

Eksekuteursgeld en administrasiekoste kan by die beplanner se dood verminder word deur die gebruik van 'n trust. Dit word bewerkstellig deurdat die



meeste van die beplanner se bates in die trust gehou word en nie in sy boedel nie. Die administrasie van die persoon se bates is dan baie vereenvoudig en kan bespoedig word (Kourie, 1996:5).

#### **10. Oorslaan van geslagte**


Die bates kan in die trust gehou word, terwyl die beheer oor die bates van geslag tot geslag oorgedra kan word. Só word boedelbelasting dan vrygespring elke keer as een geslag tot sterwe kom (Anon, 1996a:18).

#### **11. Kapitaalwinsbelasting**

In die Begrotingsrede van die 2001/2002-belastingjaar is aangekondig dat Kapitaalwinsbelasting in werking tree van 1 Oktober 2001. Die vraag is nou of die boedeleienaar dan nou die trust moet vermy indien hy sy boedelgroei wil vaspen.

La Grange (1997:28) se mening is dat die trust definitief nie vermy moet word nie vanweë die volgende redes:

- a) In 1987 het die Margo Kommissie met 'n voorstel gekom dat bates van 'n trust elke 15 jaar gewaardeer en belas moet word. Dié voorstel het nooit 'n werklikheid geword nie, as gevolg van al die praktiese probleme wat gepaard gegaan het met die implementering daarvan. Dieselfde probleme bestaan vandag nog.
- b) Elke goed opgestelde trustakte bevat 'n *valskermklousule*. Die trust kan deur hierdie klousule beëindig word en die bates kan dan weer na die boedeleienaar oorgaan. Noudat kapitaalwinsbelasting ingestel is, kan die trust indien verkies, beëindig word. Eiendom kan nou, sonder hereregte, uit 'n trust of 'n maatskappy na 'n individu oorgedra word vir 'n bepaalde tydperk.
- c) Die trustees kry deur 'n goeie trustakte die magte om die bepaling van 'n trustakte te wysig. Indien nodig, kan die trustakte dan so gewysig word dat die potensiële kapitaalwinsbelasting vermy kan word deur

- 
- byvoorbeeld die trustbates aan die kapitaalbegunstigdes te laat toeval voor die nuwe wetgewing in werking sal tree.
- d) Volgens die Katz Kommissie moet bestaande trusts 'n billike tyd kry voordat hulle binne die bepalings van die nuwe wetgewing val. Die bestaande trusts moet alternatiewelik die geleentheid gegun word om te kan ontbind, sonder enige nadelige belastinggevolge. Die boedeleienaar kan dan weer eienaarskap verkry oor die bates sonder om hereregte of BTW te betaal.
  - e) Namate al meer kundige mense pakkette neem of net bloot bedank, word die staatsadministrasie by die dag meer ondoeltreffend, al ontken die Regering dit ten sterkste. Wetgewing wat hier ter sprake is, is baie duur om te administreer en ook ingewikkeld. Die algemene ondervinding van kapitaalwinsbelasting reg oor die wêreld is dat dit baie duur is en nie 'n baie groot bron van inkomste is nie.
  - f) Indien die trust vir BTW geregistreer is, is die koste om bates na 'n trust toe oor te dra, betreklik laag. Afhangende van die eiendom wat oorgedra word en die BTW-status van die boedelbeplanner, is die hoogste koste hereregte of BTW. Indien die beplanner vir BTW geregistreer is, kan die hereregte of BTW wat betaal is, teruggeëis word as insetkrediet. Dit is dus die moeite werd om R2 000 tot R4 000 te betaal vir die oprigting van 'n trust, asook die koste soos die koopkontrak tussen die beplanner en die trustee en die oordragkoste wanneer die bates wat besit word vinnig in waarde toeneem.

Individue, sowel as trusts, moet kapitaalwinsbelasting betaal. Indien die bates wat aan 'n trust bemaak of verkoop word onmiddellik in die begunstigdes vestig, kan die kapitaalwins oor 'n aantal individue versprei word. Individue beskik ook oor 'n bykomende vrystelling van R10 000 vir kapitaalwinsbelasting. Die beste opsie blyk dus te wees om bates onmiddellik in die begunstigdes te laat vestig.

Erasmus (1997:37,40) beweer dat die trust nog steeds 'n baie veranderlike boedelbeplanningsinstrument bly, al is kapitaalwinsbelasting ingestel. Volgens

hom is daar geen ander instrument wat die boedelbeplanningsvoordele bied wat 'n trust bied nie.

## **12. Strenger wetgewing by boedelbelasting?**

Volgens De Lange (1997a:56) het M Katz voor die Parlementêre Staande Komitee in 'n getuienis te kenne gegee dat hoewel die tyd aangebreek het om strenger wetgewing by boedelbelasting in te stel, dit 'n baie moeilike taak sal wees.

Goedkoop of rentevrye lenings by 'n trust is 'n ooglopende teiken wat die wet onder oë het. Die trust word geskep om bates van 'n boedel in 'n trust te plaas, wat veroorsaak dat die bates nie belasbaar is nie omdat dit nie meer aan die boedel behoort nie. Katz het erken dat hy nie veel raad het hoe om dit teen te werk nie.

Boedelbeplanning deur middel van 'n trust is 'n ingewikkelde proses en wetgewing om rentevrye lening te ontmoedig, kan ongewenste gevolge hê wat reg deur die ekonomie gevoel sal word. 'n Alternatief is om die bevoorreedes pleks van die boedel te belas, maar inligting tot die Kommissie se beskikking dui daarop dat die bedrag wat geïm sal word, kwalik die moeite sal regverdig.

***“Die administrasievereistes wat dit stel, is só hoog, dat die kool die sous nie werd is nie.”***

(De Lange; 1997a:56)

In die afsienbare toekoms sal daar dus minder aanslae op boedelbeplanning wees van die Kommissie se kant af.

## **13. Trefwydte van die trust**

La Grange (1997:28) noem dat wanneer 'n pasopgerigte trust groeiende bates van die boedeleienaar koop, die trust nie oor enige geld beskik om die bates te betaal nie. Dié bates sal dan op 'n lening gekoop word. Die kontrak bepaal dikwels dat die twee partye van tyd tot tyd oor die rente en terugbetalings van

kapitaal sal ooreenkom en verder dat die verkoper te eniger tyd die lening kan oproep. In die praktyk is die lening egter rentevry met die gevolg dat die rente nooit betaal word nie.

#### **4.15 ARTIKEL 103**

Artikel 103 is 'n belangrike artikel en daar moet sorgvuldige aandag aan gegee word. Dié artikel het beroemd- en berugtheid verwerf met al die publisiteit by seminare en in tydskrifte. Dit is egter nie so vreesaanjaend soos wat baie dit uitmaak nie omdat daar betreklik min sake was waar die artikel toegepas is.

Artikel 103 bevat algemene bepalings wat die Kommissaris in staat stel om belastingvermyding in die algemeen teen te werk, mits daar bepaalde omstandighede teenwoordig is (Anon, 1996a:41-42).

Artikel 103 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 lui soos volg –

***“Transaksies, handelinge of skemas om aanspreeklikheid vir belasting te vermy of uit te stel of die bedrag van belasting te verminder –***

- (1) Wanneer die Kommissaris oortuig is dat 'n transaksie, handeling of skema (ongeach of dit voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet aangegaan, verrig of uitgevoer is, en met inbegrip van 'n transaksie, handeling of skema waarby die vervreemding van eiendom betrokke is) –***
- (a) aangegaan, verrig of uitgevoer is wat die uitwerking het om aanspreeklikheid vir die betaling van 'n belasting of heffing opgelê deur hierdie Wet of 'n vorige Inkomstebelastingwet te vermy of uit te stel of om die bedrag daarvan te verminder; en***
  - (b) met inagneming van die omstandighede waaronder die transaksie, handeling of skema aangegaan, verrig of uitgevoer was –***
    - (i) aangegaan, verrig of uitgevoer was –***
      - (aa) in die geval van 'n transaksie, handeling of skema in die konteks van besigheid, op 'n wyse wat nie normaalweg vir bona fide-sakedoeleindes, behalwe die verkryging van 'n belastingvoordeel, gebruik sou word nie; en***

- (bb) *in die geval van enige ander transaksie, handeling of skema, synde 'n transaksie, handeling of skema wat nie binne die bepalings van item (aa) val nie, deur middele of op 'n wyse wat nie normaalweg by die aangaan, verrigting of uitvoering van 'n transaksie, handeling of skema van die aard van die onderhawige transaksie, handeling of skema aangewend sou word nie; of*
- (ii) *regte of verpligtings geskep het wat nie normaalweg tussen persone wat by 'n transaksie, handeling of skema van die aard van die onderhawige transaksie, handeling of skema, die uiterste voorwaardes beding, geskep sou word nie, en*
- (c) *aangegaan, verrig of uitgevoer was uitsluitlik of hoofsaaklik vir die doeleindes van die verkryging van 'n belastingvoordeel,*

*stel die Kommissaris die belastingpligtigheid ten opsigte van enige belasting of heffing deur hierdie Wet opgelê, asook die bedrag daarvan, vas asof die transaksie, handeling of skema nie aangegaan, verrig of uitgevoer is nie, of op so 'n wyse as wat hy in die omstandighede van die geval gepas ag vir die voorkoming of beperking van sodanige vermyding, uitstel of vermindering.*

**(2) Wanneer die Kommissaris oortuig is dat –**

- (a) *'n ooreenkoms rakende 'n maatskappy of trust; of*
  - (b) *'n verandering in –*
    - (i) *die aandelebesit in 'n maatskappy; of*
    - (ii) *die ledebelange in 'n maatskappy wat 'n beslote korporasie is; of*
    - (iii) *die trustees of begunstigdes van 'n trust,*
- as 'n direk of indirekte gevolg waarvan inkomste gedurende 'n jaar van aanslag ontvang is deur of toegeval het aan daardie maatskappy of trust te eniger tyd voor of na die inwerkingtreding van die Inkomstebelastingwet, 1946, deur 'n persoon aangegaan of teweeggebring is uitsluitlik of hoofsaaklik met die oogmerk om 'n vasgestelde verlies of 'n balans van vasgestelde verlies wat die maatskappy of trust gely het, aan te wend ten einde aanspreeklikheid aan die kant van daardie*

***maatskappy of trust of 'n ander persoon vir die betaling van 'n belasting of heffing op inkomste te vermy of die bedrag daarvan te verminder, word die in vergelyking bring van so 'n vasgestelde verlies of balans van vasgestelde verlies teen bedoelde inkomste van die hand gewys."***

***(Subartikel (2) is vervang deur die inwerkingtreding van die datum van afkondiging van daardie Wet, 29 Junie 1998 en van toepassing ten opsigte van enige ooreenkoms rakende 'n trust op of na daardie datum aangegaan of enige verandering in trustees of begunstigdes op of na daardie datum teweeggebring.)***

Partye moet baie versigtig wees by die benutting van inkomstebelastingvoordele wat 'n boedelplan meebring. Indien daar van die hoofdoelwitte vergeet word by die ontwikkeling van 'n trust, naamlik die versorging van afhanklikes en die beskerming van boedelbates, kan die betrokkenes maklik transaksies sluit waar die hoofdoelwit inkomstebelastingvermyding insluit. Dit sal dan betreklik maklik vir die Belastinggaarder wees om die transaksies ter syde te stel, terwyl dit ook terselfdertyd *bona fide*-transaksies onder verdenking plaas. Daar mag dan gevind word dat die boedelplan slegter daaraan toe is as daarsonder (Engelbrecht, 1998b:9).

#### **4.15.1 BELASTINGVERMYDING EN BELASTINGONTDUIKING**

Belastingvermyding moet nie verwar word met belastingontduiking nie. Ontduiking is bedrog, terwyl vermyding wettig is (Meyerowitz, 1998b:29.1).

Ontduiking is – ***“die gebruik van onwettige metodes om jou belastingpligtigheid te verminder, by die vervalsing van boeke, die onderverklaring van inkomste en die valslike nie-verklaring van inkomste”.***

(Huxham & Haupt, 1996:295).

Belastingvermyding daarteen, is die een of ander wettige ooreenkoms of transaksie wat deur een of ander spesiale voorsiening in die Wet die belastingbetaler nie aanspreeklik maak vir belasting nie. Dit is herhaaldelik beklemtoon dat geen persoon wettiglik verplig is om sy sake só te beplan dat hy die meeste moontlike belasting moet betaal nie.

Vermyding is – *“n poging om belastingpligtigheid tot ‘n minimum te beperk deur middel van wettige metodes, dit is om jou sake op so ‘n wyse te reël dat jy die minimum en nie die maksimum aan belasting moet betaal nie”*.

(Huxham & Haupt, 1996:294).

‘Vermyding’ is volgens Hoofregter Steyn in *Smith v CIR 1964(1) SA 324(A)*:

*“The ordinary natural meaning of avoiding liability for a tax on income is to get out of the way of, escape or prevent an anticipated liability ...The Afrikaans rendering of the phrase is ‘wat die uitwerking het dat die aanspreeklikheid vir die betaling van belasting ... op inkomste vermy”*.

(Anon, 1996a:45).

Lord Tomlin (soos aangehaal deur Cronje & Stack, 1997:603) het die volgende uitspraak gemaak in *IRC v Duke of Westminster 1936 AC 1*:

*“Every man is entitled if he can to order his affairs so as that the tax attaching under the appropriate Acts is less than it otherwise would be. If he succeeds in ordering them so as to secure this result, then, however unappreciative the Commissioner of Inland Revenue or his fellow taxpayers may be of his ingenuity, he cannot be compelled to pay an increased tax.”*

Hoewel bogenoemde aanhaling die algemene reël is, is die belastingbetaler nie heeltemal vry om sy sake so te reël dat hy die minste moontlike belasting hoef te betaal nie. Artikel 103 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 bepaal dat al het hy geen inkomste wat vir belasting aanspreeklik is nie, sal hy nog steeds belasbaar wees as die transaksie op so ‘n manier aangegaan is dat dit die belasting voorheen betaalbaar verminder of uitstel. Die transaksie tussen die partye sal nog steeds geldig bly, maar die Kommissaris sal vir belastingdoeleindes die transaksie op die geskikte manier belas (Meyerowitz, 1998b:29.1).

#### **4.15.2 ARTIKEL 103(1)**

Indien die volgende vier vereistes teenwoordig is, sal die Kommissaris volgens De Viliers *et al.* (1980:54) ‘n transaksie ingevolge artikel 103(1) kan aanval:

1. Dat ‘n transaksie, handeling of skema aangegaan, verrig of uitgevoer is;

2. dat die transaksie die uitwerking het om aanspreeklikheid vir enige belasting ingevolge die Inkomstebelastingwet gehef, te vermy, uit te stel of te verminder;
3. dat met inagneming van die omstandighede van die geval die transaksie:
  - (a) aangegaan is deur middele of op 'n wyse wat nie normaalweg by die aangaan van 'n transaksie van daardie aard aangewend sou word nie; of
  - (b) regte of verpligtinge geskep het wat nie normaalweg tussen persone wat by 'n transaksie van daardie aard die uiterste voorwaardes beding of geskep sou word nie; en
4. dat die transaksie aangegaan is uitsluitlik of hoofsaaklik vir die doeleindes van die vermyding, uitstel of vermindering van enige belasting wat gehef word ingevolge die wet wat deur die Kommissaris uitgevoer word byvoorbeeld boedelbelasting, hereregte en seëlregte.

Die Kommissaris kan die transaksie dan hanteer asof dit nooit plaasgevind het nie, of dit op so 'n wyse belas wat hy in die omstandighede gepas ag. Die onus sal op die belastingpligtige berus om te bewys dat die transaksie nie was om belasting te vermy nie (Huxham & Haupt, 1996:306).

In *SIR v Geustyn, Forsyth and Joubert*, 1971 AD is daar besluit dat al vier die vereistes teenwoordig moet wees voor die Kommissaris artikel 103 sal kan toepas.

In *CIR v Louw* 1983 (3) SA 551 (A) (soos aangehaal deur Anon, 1996a:41-46) het twee belangrike beginsels na vore gekom, naamlik:

1. Die normaliteit van die transaksie moet beoordeel word in die lig van en met inagneming van die omstandighede van die spesifieke geval.
2. Al kon die oorspronklike handeling (die inkorporasie van die praktyk in die saak) normaal gewees het, kan die latere handeling of transaksie (die toestaan van lenings aan direkteure) steeds apart beoordeel word in die lig van artikel 103 (Artikel 103a ii (aa) en (bb)).

#### 4.15.3 ARTIKEL 103(2)

As gevolg van die nuwe belastingstelsel by trusts, is dit moontlik dat opgelope verlies in die trust kan opbou. Om te voorkom dat die opgelope verliese in die trust benut kan word, is artikel 103(2) verander, sodat dit ook toepasbaar sal wees waar 'n verandering in die trustees of begunstigdes sou plaasvind, slegs vir die doel om die aangeslane verlies te kan gebruik (Silke, 1998:A21).

Artikel 103(2) kan soos volg opgesom word:

- “- wanneer die Kommissaris oortuig is**
- **dat 'n ooreenkoms of 'n verandering in die aandelebesit in 'n maatskappy of 'n verandering in lede se belange in 'n beslote korporasie of veranderinge in die trustees of begunstigdes van enige trust**
  - **deur 'n persoon aangegaan is**
  - **en waarvan 'n direkte of indirekte gevolg is dat inkomste gedurende 'n jaar van aanslag toegeval het aan daardie maatskappy, beslote korporasie of trust**
  - **uitsluitlik of hoofsaaklik met die oogmerk om 'n vasgestelde verlies aan te wend**
  - **ten einde aanspreeklikheid ten opsigte van die betaling van 'n belasting of heffing op inkomste vermy**
  - **sal die in vergelyking bring van so 'n vasgestelde verlies teen bedoelde inkomste van die hand gewys word”.**

(Huxham & Haupt, 1996:310).

Uit hierdie artikel kan afgelei word dat wanneer daar 'n transaksie of skema is met die doel om aangeslane verliese van 'n maatskappy te benut sodat 'n ander persoon inkomstebelasting ontduik, kan die Ontvanger die verlies ignoreer en dat hierdie artikel nou ook vir trusts geld. Hierdie toevoeging sal nou baie toepaslik wees omdat die belastingverliese van 'n trust nie meer na 'n begunstigde kan deurvloei nie (Butterworths Tax Alert, 1999:61).

#### 4.16 SLOTSOM

Daar is 'n aantal trusteenskappe wat die trust 'n besondere regsverskynsel maak:

- Die grondidee van 'n trust is dat die trusteiendom nie tot die trustee se persoonlike voordeel is nie, maar tot die voordeel van bepaalde of bepaalbare begunstigdes.
- 'n Skeiding word by die trust gemaak tussen formele eiendomsreg en die voordele wat uit die trustbates vloei.
- Hoewel die trustee die formele eienaar van die trustbates is, moet hy die bates administreer tot die begunstigdes se voordeel omdat hy in 'n vertrouensverhouding teenoor hulle staan.
- Die begunstigdes het geen vorderingsreg op die trustbates nie, maar het wel 'n persoonlike reg teenoor die trustee om die bates na behore te administreer.
- Die trustbates kan nie deel vorm van enige individu se boedel wat betrokke is by die trust nie, omdat die begunstigdes nie die eienaar van die bates is nie, en al is die trustee die eienaar van die bates, is dit nie tot sy persoonlike voordeel nie.
- Die verdeling van die inkomste aan die begunstigdes word nie as 'n skenking beskou nie, en daar is dus geen skenkingbelasting ter sprake nie;
- Die trust is plooibaar en die trustakte kan só opgestel word dat dit aan die eise van die oprigter voldoen.
- Die trust is nie 'n regspersoon nie, maar die trust kan wel 'n skuldenaar wees soos omskryf in die Insolvensiewet 24 van 1936; en
- in besondere omstandighede kan 'n vennootskap in die vorm van 'n trust gestig word wat waarskynlik groter kontinuïteit as 'n konvensionele vennootskap het (Olivier, 1989:231-232).

Ter opsomming is daar sekere vereistes waaraan voldoen moet word voordat artikels 7(3)-7(9) wel van toepassing sal wees:

- Daar moet 'n skenking, oormaking of ander beskikking wees.
- Die inkomste moet ten gevolge van 'n skenking, oormaking of ander beskikking wees.
- Die inkomste moet aan die minderjarige kind van die skenker toeval, voordat artikel 7(3) van toepassing is.
- Om artikel 7(5) in werking te stel, moet daar 'n sekere of onsekere gebeurtenis aan die skenking, oormaking of ander beskikking gekoppel word wanneer inkomste uitbetaal word.
- Die skenking, oormaking of ander beskikking moet deur 'n persoon gedoen word wat nog lewe.
- Daar moet 'n reg op inkomste wees vir die toepassing van artikel 7(6), 7(7), 7(8) en 7(9) (Anon, 1996a:40-41).

Wanneer artikel 25B en artikel 7 in verband met mekaar gebring word, sal die begunstigde belasbaar wees onder die volgende omstandighede:

1. Indien die bates aan die trust geskenk is, sal die begunstigdes belasbaar wees in terme van artikel 25B op die inkomste, behalwe as:
  - a) Hy minderjarig is en artikel 7(3) en (4) van toepassing is op die skenking deur sy ouers; en
  - b) artikel 7(5), 7(6), 7(7), 7(8) en 7(9) van toepassing is en die skenker belasbaar sal wees op die inkomste.
2. Wanneer bates aan die trust geskenk word en die begunstigdes 'n gevestigde reg op die inkomste het, sal die begunstigdes belasbaar wees, tensy:
  - a) Die begunstigde minderjarig is;
  - b) artikel 7(6) tot 7(9) van toepassing is; en
  - c) artikel 7(5) van toepassing is, waar die inkomste teruggehou word totdat 'n gebeurtenis, wat aangestip is in die trustakte, plaasgevind het. Die skenker is dan belasbaar.
3. Wanneer bates aan 'n trust geskenk word en die skenker sterf, sal die begunstigdes belas word op die inkomste wat hulle ontvang, of wat aan

die trust toeval, waarin hulle 'n gevestigde reg het. Wanneer die skenker sterf, is artikel 7(3) tot 7(9) nie meer van toepassing nie.

4. Die begunstigde is belasbaar op werklike inkomste ontvang en inkomste wat aan die trust toeval waarin hy 'n gevestigde reg het indien die bates aan die trust verkoop word teen 'n realistiese markwaarde.
5. Indien die bates nie teen 'n realistiese waarde aan die trust verkoop word nie, sal artikel 7(3) tot 7(9) geld.
6. Die begunstigde word nie net op die inkomste belas wat hy werklik ontvang nie, maar ook op dié inkomste wat die trustee ten gunste van hom behou of kapitaliseer in die trust (Stack & Cronjè, 1998:507-508).

Die belastingnet word dus baie groot oopgesprei deur artikel 7(1) tot 7(9). Daar is maar min uitweë vir 'n skenker om te verhoed dat die trustinkomste in sy hande belas sal word (Theron, 1990:188).

'n Belangrike punt is dat wanneer die hoofdoel agter die oprigting van 'n trust die besparing van belasting is saam met die voordele van boedelbeplanning, die Ontvanger van Inkomste altyd artikel 103(1) sal probeer toepas. Wanneer bates byvoorbeeld aan 'n trust verkoop word deur middel van 'n rentevrye lening, kan hierdie transaksie beskou word as 'n nie-armlengtetransaksie nie (De Koker et al., 1988:389).

Wanneer belastingbeplanning dan gedoen word, moet artikel 103 altyd in gedagte gehou word, omdat die artikel baie wyd is. Daar moet egter ook onthou word dat die artikel daar is om belastingvermyding te voorkom en nie om as strafmaatreël te dien nie (Olivier, 1989:210).

Al hierdie kenmerke kom daarop neer dat die trust in die praktyk baie doelmagtig aangewend kan word. Dit is veral so omdat die begunstigdes geen vorderingsreg op die trustbates het nie. Die trustbates kan dan tot voordeel van die begunstigdes binne die trust gehou en gadministreer word, maar solank as

wat die trust bestaan, is die bates buite die bereik van die begunstigdes asook hul skuldeisers (Olivier, 1989:231-232).

Deur die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat mits 'n trustakte wyd genoeg magte aan die trustee verleen, daar steeds aandag gegee kan word aan boedelvaspenning deur middel van 'n trust indien die grootte van die boedel en groeipotensiaal dit regverdig.

**FIGUUR 4.1****AANSPREEKLIKHEDE VAN TRUSTS  
ANDERS AS SPESIALE TRUSTS  
EN INSOLVENTE SOWEL AS  
OORLEDE BOEDELS**

(MITCHELL *et al.*, 1998:91 aangepas)

| BELASBARE<br>INKOMSTE | BELASTING BETAALBAAR |        |        | VERHOGING IN<br>1999 |
|-----------------------|----------------------|--------|--------|----------------------|
|                       | 2001/2002            | 1999   | 1998   |                      |
| R                     |                      | R      | R      | R                    |
| 5,000                 | 1,600                | 1,750  | 850    | 900                  |
| 10,000                | 3,200                | 3,500  | 1,800  | 1,700                |
| 15,000                | 4,800                | 5,250  | 2,850  | 2,400                |
| 20,000                | 6,400                | 7,000  | 4,050  | 2,950                |
| 30,000                | 9,600                | 10,500 | 6,850  | 3,650                |
| 40,000                | 12,800               | 14,000 | 10,450 | 3,550                |
| 50,000                | 16,000               | 17,500 | 14,550 | 2,950                |
| 60,000                | 19,200               | 21,000 | 18,750 | 2,250                |
| 70,000                | 22,400               | 24,500 | 23,050 | 1,450                |
| 100,000               | 32,000               | 35,000 | 36,050 | -1,050               |
| 120,000               | 40,400               | 44,000 | 45,250 | -1,250               |
| 150,000               | 53,000               | 57,500 | 58,750 | -1,250               |
| 200,000               | 74,000               | 80,000 | 81,250 | -1,250               |

**FIGUUR 4.2**  
**MARGINALE EN GEMIDDELDE**  
**BELASTINGKOERSE VAN SPESIALE**  
**TRUSTS**

(MITCHELL *et al.*, 1998:91)

| BELASBARE<br>INKOMSTE | MARGINALE<br>KOERS |      | GEMIDDELDE<br>KOERS |      |
|-----------------------|--------------------|------|---------------------|------|
|                       | 1999               | 1998 | 1999                | 1998 |
| R                     | %                  | %    | %                   | %    |
| 31,000                | 30                 | 36   | 19                  | 23   |
| 46,000                | 39                 | 42   | 23                  | 28   |
| 60,000                | 43                 | 43   | 26                  | 31   |
| 70,000                | 44                 | 44   | 29                  | 33   |
| 120,000               | 45                 | 45   | 35                  | 38   |

**FIGUUR 4.3**

**MARGINALE EN GEMIDDELDE  
BELASTINGKOERSE VAN TRUSTS  
ANDERS AS SPESIALE TRUSTS**

(MITCHELL et al., 1998:92 aangepas)

| BELASBARE<br>INKOMSTE | MARGINALE<br>KOERS |           |           | GEMIDDELDE<br>KOERS |           |           |
|-----------------------|--------------------|-----------|-----------|---------------------|-----------|-----------|
|                       | 2001/2002<br>%     | 1999<br>% | 1998<br>% | 2001/2002<br>%      | 1999<br>% | 1998<br>% |
| R                     |                    |           |           |                     |           |           |
| 5,000                 | 32                 | 35        | 19        | 32                  | 35        | 17        |
| 10,000                | 32                 | 35        | 21        | 32                  | 35        | 18        |
| 15,000                | 32                 | 35        | 24        | 32                  | 35        | 19        |
| 20,000                | 32                 | 35        | 28        | 32                  | 35        | 20        |
| 30,000                | 32                 | 35        | 36        | 32                  | 35        | 23        |
| 40,000                | 32                 | 35        | 41        | 32                  | 35        | 26        |
| 50,000                | 32                 | 35        | 42        | 32                  | 35        | 29        |
| 60,000                | 32                 | 35        | 43        | 32                  | 35        | 31        |
| 70,000                | 32                 | 35        | 44        | 32                  | 35        | 33        |
| 100,000               | 42                 | 45        | 45        | 32                  | 35        | 36        |
| 120,000               | 42                 | 45        | 45        | 34                  | 37        | 38        |
| 150,000               | 42                 | 45        | 45        | 35                  | 38        | 39        |
| 200,000               | 42                 | 45        | 45        | 37                  | 40        | 41        |

**FIGUUR 4.4**

**KOERSE VIR TRUSTS BEHALWE SPESIALE TRUSTS  
VIR DIE JAAR VAN AANSLAG GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2001 EN 2002**

| BELASBARE INKOMSTE |              | KOERSE VAN BELASTING  |
|--------------------|--------------|---|
| OORSKRY            | OORSKRY NIE  |   |
| R<br>-             | R<br>100,000 | R   |
| 100,000            | -            | 0 + 32 % van elke R1<br>32,000 + 42 % van oorskot bo R100,000 |

**FIGUUR 4.5**


# **SPESIALE TRUST AANSPREEKLIKHEID VIR BELASTING**

(MITCHELL *et al.*, 1998:89,90 aangepas)

| <b>BELASBARE<br/>INKOMSTE<br/>R</b> | <b>BELASTING BETAALBAAR</b> |                   |                   | <b>AFNAME IN</b>  |
|-------------------------------------|-----------------------------|-------------------|-------------------|-------------------|
|                                     | <b>2001<br/>R</b>           | <b>1999<br/>R</b> | <b>1998<br/>R</b> | <b>1999<br/>R</b> |
| 31,000                              | 5,580                       | 5,890             | 7,210             | 1,320             |
| 46,000                              | 9,220                       | 10,390            | 12,910            | 2,520             |
| 60,000                              | 13,700                      | 15,850            | 18,750            | 2,900             |
| 70,000                              | 17,400                      | 20,150            | 23,050            | 2,900             |
| 120,000                             | 37,400                      | 42,150            | 45,250            | 3,100             |

**FIGUUR 4.6**  
**WIE IS BELASBAAR?**

(CFA-HANDLEIDING, 1996)



**BELASTINGPOSISIE VAN DIE BETROKKNES**

**1. R25.000 WORD IN DIE TRUST GEHOU**

R12,500 BELASBAAR IN ELK VAN DIE OUPA EN PA SE HANDE  
(ARTIKEL 7(5))

**2. MEERDERJARIGE KINDERS**

BELASBAAR IN DIE HANDE VAN DIE KIND


**3. MINDERJARIGE KINDERS**

R12,500 BELASBAAR IN DIE HANDE VAN DIE KIND  
R12,500 BELASBAAR IN DIE HANDE VAN DIE PA (ARTIKEL 7(3))

**4. KLEINKINDERS**


BELASBAAR IN DIE KLEINKINDERS SE HANDE

**FIGUUR 4.7**  
**ARTIKEL 7(5)**  
(VAN DER WESTHUIZEN, 1993)



## **FIGUUR 4.8** **MOONTLIKE BELASTINGPLIGTIGES**

(CFA-HANDLEIDING, 1996)



**NOTA:** Afhangende van die omstandighede kan trustinkomste in enige of al die bogenoemde persone se hande belasbaar wees.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 5

### BLADSY

### BOEDELBELASTING

|         |  |           |
|---------|--|-----------|
| 5.1     | Inleiding  | 178 – 179 |
| 5.2     | Wat is boedelbelasting?  | 179 – 180 |
| 5.3     | Belastingposisies en persoonlike aanspreeklikheid by boedelbelasting | 180 – 184 |
| 5.3.1   | Belastingposisie tot op datum van afsterwe                           | 181 – 182 |
| 5.3.2   | Belastingposisie na datum van afsterwe                               | 182 – 184 |
| 5.4     | Aanspreeklikheid vir boedelbelasting – Artikel 11                    | 184 – 187 |
| 5.5     | Artikel 25 van die Inkomstebelastingwet                              | 187 – 188 |
| 5.6     | Hofsake wat handel met boedelbelasting                               | 188 – 189 |
| 5.7     | Berekening van boedelbelasting                                       | 189 – 190 |
| 5.8     | Belasbare bedrag van die boedel                                      | 190       |
| 5.9     | Artikels van die Boedelbelastingwet 45 van 1955                      | 191 – 216 |
| 5.9.1   | Artikel 1 – Omskrywings  | 191       |
| 5.9.2   | Artikel 2 – Boedelbelasting  | 191       |
| 5.9.3   | Artikel 3 – Eiendom, Geagte eiendom en uitsluitings                  | 191 – 200 |
| 5.9.3.A | Artikel 3(1)   | 191       |
| 5.9.3.B | Artikel 3(2) – Eiendom   | 191 – 192 |
| 5.9.3.C | Artikel 3(3) – Geagte eiendom  | 192 – 199 |
| 5.9.3.D | Artikel 3(4)   | 199       |
| 5.9.3.E | Artikel 3(5)   | 199 – 200 |
| 5.9.4   | Artikel 4 – Aftrekkings en kortings by 'n boedel                     | 200 – 211 |
| 5.9.5   | Artikel 5 – Waardasiebepalings                                       | 211 – 216 |
| 5.9.5.1 | Vruggebruik  | 211 – 212 |
| 5.9.5.2 | Fideikommis  | 212 – 213 |
| 5.9.5.3 | Fideikommis en vruggebruik   | 213 – 214 |
| 5.9.5.4 | Die waardasie van fideikommis en vruggebruik                         | 214 – 216 |

|       |  |           |
|-------|--|-----------|
| 5.9.6 | Artikel 6 – Administrasie                                      | 216       |
| 5.10  | Boedels en kapitaalwinsbelasting                               | 216       |
| 5.11  | Argumente ten gunste van die afskaffing van<br>boedelbelasting | 217       |
| 5.12  | Argumente vir die behoud van boedelbelasting                   | 217 – 218 |
| 5.13  | Stappe by die uitvoering van 'n boedelplan                     | 218       |
| 5.14  | Slotsom  | 219       |

## HOOFSTUK 5

### BOEDELBELASTING

#### 5.1 INLEIDING

Boedelbelasting word gehef volgens die Boedelbelastingwet 45 van 1955, soos gewysig en aangepas.

Honorè (1985:357) toon dat alle persone wat sterf op of na 1 April 1955 boedelbelasting sal moet betaal op hul boedels. Abrie en medewerkers (1991:297) het bevind dat boedelbelasting in Suid-Afrika gehef sal word op boedels van elke persoon wat sterf wat sy gewone verblyfplek in die Republiek gehad het, ongeag sy nasionaliteit, burgerskap of land van herkoms.

Eens op 'n tyd was boedelbelasting slegs betaalbaar deur die rykes, maar met Suid-Afrika se stygende inflasie het dit veroorsaak dat baie meer mense se boedels aanspreeklik geraak het vir belasting, en daardeur het die staat se invorderings grootliks vermeerder (Silke & Steyn, 1984:vii).

Die grootste vertraging by die afhandeling van 'n boedel is gewoonlik die gebrek aan kontant in 'n boedel. Daar moet byvoorbeeld kontant beskikbaar wees vir die vereffening van skuld en ook om transportkoste van vaste eiendomme wat uit die boedel oorgedra moet word, te betaal. Indien daar nie genoeg kontant beskikbaar is nie, sal die begunstigdes of die gade dit moet aanvul, of van die bates moet verkoop. Daar moet dus seker gemaak word dat die eksekuteur genoeg kontant het om die boedel af te handel wanneer die opstel van die testament oorweeg word (Laubscher, 1998b:5).

Die plig van die eksekuteur van 'n boedel bestaan daaruit om uitvoering te gee aan die bepalinge van die oorledene se testament, of die bates te verdeel

ooreenkomstig die intestaat erfreg indien daar nie 'n testament is nie. Indien 'n erfenis ontvang word van die eksekuteur is dit kapitaal van aard.

Indien daar enige inkomste verkry is uit die bate deur die eksekuteur voor die bate ontvang is, is die boedel vir inkomstebelasting op daardie inkomste aanspreeklik. Indien daar enige ander bedrag verkry sou word wat inkomste sou gewees het as die oorledene dit gedurende sy leeftyd sou verkry het en dit deur die testament uitgewys word dat 'n persoon geregtig is op die voordeel, sal die bedrag by die persoon se belasbare inkomste gevoeg word, selfs al word die werklike uitbetaling uitgestel tot die plaasvind van 'n gebeurtenis, byvoorbeeld die bereiking van meerderjarigheid. Indien dit egter nie seker is dat die bedrag tot 'n persoon se voordeel sou wees nie, sal die boedel self aanspreeklik wees vir die inkomstebelasting. 'n Voorbeeld is as die testament bepaal dat die woonstelgebou en alle opgehoopte huurgeld aan 'n begunstigde gegee sal word mits die begunstigde trou, maar as hy nie trou nie dit aan liefdadigheid gegee moet word, sal die boedel die belasting moet betaal (Divaris & Stein, 1997:146).

Suid-Afrikaners probeer dus op verskeie maniere boedelbelasting vermy. Trusts is bekend as een van die belastingvermyders. Dit is ook bekend dat die Katz Kommissie die meeste trusts beskou as 'n manier om boedelbelasting te vermy (Meyer, 1997:9).

## **5.2. WAT IS BOEDELBELASTING?**

In kort is dit die belasting waaraan 'n boedel onderhewig is sodra iemand te sterwe kom. Dit is 'n statutêre, eiesoortige, en eenmalig betaalbare belasting, en moet nie verwar word met Inkomstebelasting, belasting op toegevoegde waarde (BTW), skenkingbelasting of enige ander kategorie van belasting nie. Die netto bates van die boedel van die afgestorwe persoon is onderhewig aan die betaling van boedelbelasting. Bates wat aan 'n oorlewende gade of aan 'n trust behoort, is derhalwe nie onderhewig aan die betaling van boedelbelasting

nie. Die boedel self is aanspreeklik vir betaling van die belasting, tensy testamentêr anders bepaal. Met 'n kontanttekort in die boedel sal dit noodwendig lei tot die vervreemding van boedelbates om hierdie verpligting na te kom (Engelbrecht, 1998d:11).

Volgens Swart et al. (1985:106) is boedelbelasting:

***“... ‘n belasting wat deur die Staat gehef word op die belasbare bedrag in die boedel van enige persoon wat sterf en wat sy gewone verblyfplek in die Republiek van Suid-Afrika gehad het. Boedelbelasting kan ook gehef word ten opsigte van persone wat nie hulle gewone verblyfplek in die Republiek van Suid-Afrika gehad het nie, maar wat wel sekere bates, belange of regte in die Republiek van Suid-Afrika besit. Boedelbelasting is duidelik ‘n vorm van belasting op kapitaal en die heffing daarvan word gereël deur die Boedelbelastingwet 45 van 1955.”***

Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993:91) is boedelbelasting -

***“Belasting op die boedel van ‘n oorledene persoon” . .***

Belasting beteken in artikel 1 van die Boedelbelastingwet 45 van 1955:

***“... estate duty payable under this Act”.***

### **5.3 BELASTINGPOSISIES EN PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID BY BOEDELBELASTING**

Wie is aanspreeklik vir die betaling van boedelbelasting? Is dit die eksekuteure, die erfgename of die oorblywende begunstigdes? Die antwoord op hierdie vraag sal grootliks afhang van watter bates by die boedel gevoeg word en hoe die bates gehanteer word in die testament van die afgestorwene (Silke & Steyn, 1984:176-180).

Die belasting wat betaalbaar is op die lewensbelange onder 'n trust, is betaalbaar deur die begunstigde wat volgende die belang in die eiendom verkry

na die dood van die afgestorwene. Die voordeel hoef nie onmiddellik met afsterwe toe te geval het nie. Dit is voldoende dat die voordeel net moet toeval as 'n gevolg van die afsterwe (Honorè, 1985:365).

### 5.3.1 BELASTINGPOSISIE TOT OP DATUM VAN AFSTERWE

Wanneer 'n belastingpligtige sterf, word die een belastingpligtige entiteit beëindig en 'n ander belastingpligtige entiteit geskep (Huxham & Haupt, 1999:578-580).

Daar sal dus in die jaar wat die persoon sterf, twee aanslae ontstaan. Die eerste aanslag is vir die jaar tot op die datum van afsterwe en die tweede aanslag is op die boedel (De Koker et al., 1988:371).

Alle bedrae ontvang of toegeval aan die afgestorwene tot op die datum van sy dood is belasbaar in sy hande met die eksekuteur as verteenwoordigende belastingbetaler (Price Waterhouse, 1988:105-106).

Die verantwoordelike belastingpligtige/eksekuteur is aan dieselfde pligte, verantwoordelikhede en verpligtings onderworpe asof hyself die inkomste ontvang het vir die tydperk voor afsterwe volgens artikel 95. Hy sal enige kortings, aftrekkings of vasgestelde verliese kan eis waarop die oorledene geregtig was. Hy moet ook belasting betaal in sy verteenwoordigende hoedanigheid (Cronjè & Stack, 1997:501).

Die kortings sal egter *pro rata* toegedeel word, soos die bepaalde lengte van die jaar, dit wil sê minder as 'n jaar, of 'n jaar lank (Stack & Cronjè, 1998:484-485).

Artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962 omskryf 'n 'verteenwoordigende belastingpligtige' as:

***“ ... ten opsigte van inkomste ontvang deur of toegeval aan 'n oorlede persoon gedurende sy leeftyd en die inkomste ontvang deur of toegeval aan die boedel***

*van 'n oorlede persoon, die eksekuteur of administrateur van die boedel van bedoelde oorlede persoon”.*

Indien 'n persoon sterf wat slegs SIBW betaal het, sal sy belastingtydperk op die datum van dood eindig. Die werkgewer sal die belastingaanspreeklikheid deur werknemersbelasting dek en geen verdere opgawes hoof ingevul te word nie (Cronjè & Stack, 1997:501).

### **5.3.2 BELASTINGPOSISIE NA DATUM VAN AFSTERWE**

#### **i) DIE BOEDEL**

Na die afsterwe tree die boedel as die volgende belastingpligtige in. Dit word die bestorwe boedel van 'n persoon genoem. Artikel 25 van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 handel spesifiek met die inkomste van die begunstigdes en die boedel van die oorledene (Stack & Cronjè, 1998:489-490).

Enige boedel ontvang nog inkomste tot die boedel heeltemal afgehandel is. Die belasbare inkomste sal op die normale manier bereken word en die boedel van die oorledene sal dan belas word teen die koers vir persone anders as natuurlike persone.

Alle bedrae wat ontvang word na afsterwe terwyl die boedel afgehandel word wat nie aan 'n spesifieke begunstigde gekoppel kan word nie, is belasbaar in die hande van die boedel. Die eksekuteur is die verteenwoordigende belastingpligtige vir die boedel (Price Waterhouse, 1988:105-106).

Die bestorwe boedel is sedert 1992 nie meer geregtig op die primêre korting nie en word aangeslaan teen die koerse wat op belastingpligtiges behalwe maatskappye en natuurlike persone van toepassing is (Huxham & Haupt, 1999:578-580).

Die kortings wat nie geëis kan word nie, is byvoorbeeld rentevrystellings, mediese onkoste, pensioen- en uittredingsannuïteitfondsaftrekkings (Cronjé & Stack, 1997:506).

Die Ontvanger reik 'n aanslag aan die eksekuteur uit ten opsigte van die boedel en die eksekuteur moet die volle bedrag betaal. Die eksekuteur is dus daarvoor verantwoordelik om die verskuldigde bedrae van die begunstigdes te verhaal. Indien die boedel nie die boedelbelasting kan betaal nie, is die eksekuteur nie vir die tekort aanspreeklik nie en sal die Kommissaris self die balans vanaf die begunstigdes invorder (Abrie et al., 1991:332-335).

## ii) DIE ERFGENAME OF DIE BEGUNSTIGDES

Volgens artikel 25(1) word enige inkomste of enige bedrag wat kwalifiseer as inkomste wat ontvang is deur die oorledene gedurende sy leeftyd wat ontvang of toegeval het aan die eksekuteur van die boedel, geag inkomste te wees van enige erfgenaam tot die mate wat die Ontvanger tevrede is dat inkomste verkry is vir hul huidige of toekomstige voordeel (Shrand, 1976:122-127).

Die inkomste wat ontstaan uit die boedel kan nie deur die begunstigdes geëis word voor die state van die eksekuteur goedgekeur is nie. Die inkomsteverdeling word bepaal deur die voorsienings in die testament, byvoorbeeld of die inkomste nou of in die toekoms aan 'n sekere begunstigde toeval (De Koker et al., 1988:373-375).

Indien inkomste aan 'n begunstigde bemaak is, al word die bedrag eers in die toekoms uitbetaal, sal die begunstigde daarop belasbaar wees. Uitgawes wat met die inkomste verband hou, kan van die inkomste afgetrek word. Dieselfde inkomste kan nooit in die boedel én in die hande van die begunstigdes belas word nie (Price Waterhouse, 1988:105-106).

Wanneer die erfgename nog onseker is, byvoorbeeld dat die begunstigdes nog gebore moet word, sal die inkomste ook in die hande van die boedel belas word (De Koker et al., 1988:373-375).

Inkomste wat aan die erfgename toeval, behou hul identiteit. Die periode van die boedelaanslag strek vanaf die datum van afsterwe tot die einde van die jaar van aanslag, of tot die eksekuteur die boedel afhandel (De Koker et al., 1988:373-375).

#### **5.4 AANSPREEKLIKHEID VIR BOEDELBELASTING** **(Artikel 11 van die Boedelbelastingwet, 45 van 1955)**

Eiendom beteken volgens artikel 3(2):

*“enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggamluk, en ook –*

- (a) enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg op eiendom ... wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het;*
- (b) enige reg op ‘n jaargeld ... wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het en wat by die dood van die oorledene aan iemand anders toegeval het ...”.*

Volgens artikel 11(a) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 is die persoon wat aanspreeklik is vir die belasting:

*“waar belasting gehef word op eiendom van die oorledene wat onder subartikel (2) van artikel drie val –*

- (i) betreffende eiendom bedoel in paragraaf (a) of (b) van daardie subartikel, die persoon aan wie enige voordeel by die dood van die oorledene toeval;*
- (ii) betreffende enige ander eiendom, die eksekuteur”.*

Persone sal aanspreeklik wees vir die betaling van boedelbelasting indien die volgende hulle sou toeval:

- Fidusiêre regte, vruggebruik, annuïteite en jaargelde;
- lewenspolisse;
- voordele deur fondse betaal; en
- skenkings deur die oorledene gedurende sy leeftyd gedoen.

Enige ander eiendom wat nie in die bogenoemde kategorieë val nie, word deur die boedel betaal en is nie verhaalbaar van die erfgename of begunstigdes nie (Abrie et al., 1991:332-335).

- Vruggebruik en fidusiêre regte

Hier is die persoon aan wie die voordeel toeval by die dood van die afgestorwene, vir die belasting aanspreeklik. Die eksekuteur is dus geregtig om enige bedrag van die begunstigde te verhaal wat betrekking het op die voordeel. Die persoon kan ook aanspreeklik wees vir uitgawes deur die eksekuteur aangegaan, byvoorbeeld fooie vir die waardasie van die belang (Silke & Steyn, 1984:176-180).

In *Jackson & Others vs SIR* 1969 (3) SA 217(A) is dit voorgehou dat die begunstigde 'n gevestigde reg moet hê tot die genot van die eiendom voor hy aanspreeklik kan wees vir boedelbelasting ten opsigte van die waarde van die voordeel wat verkry is by die afsterwe van die afgestorwene. Indien die begunstigde nie 'n gevestigde reg het nie, sal die eksekuteur aanspreeklik wees vir die belasting (Silke & Steyn, 1984:176-180).

By vruggebruik val die voordeel toe aan die houer van die blote eiendomsreg. Indien vruggebruik opeenvolgend aan verskillende persone toeval, sal die opvolgers vir die belasting aanspreeklik wees.

By 'n fidusiêre reg is die fideicommissaris (die opeenvolgende houer van die reg) vir die belasting aanspreeklik by die afsterwe van die houer (Abrie et al., 1991:332-335).

- Jaargeld

Die eienaar van die eiendom wat die jaargeld betaal, is die bevoordeelde en aanspreeklik vir die betaling van belasting. As die jaargeldebetaling beëindig word by afsterwe, word die betaler bevoordeel, want hy is nie meer verplig om te betaal nie. Indien die jaargeld by afsterwe aan iemand anders betaalbaar word, sal die persoon aanspreeklik wees vir die belasting (Abrie et al., 1991:332-335).

- Annuïteit gehef op eiendom

Die persoon wat aanspreeklik is vir die boedelbelasting gehef op die waarde van die reg op 'n annuïteit gehef op eiendom wat gehou is deur die afgestorwene direk voor sy dood en wat oorgedra word by sy dood, is die persoon wat die voordeel ontvang by afsterwe (Silke & Steyn, 1984:176-180).

- Annuïteit nie gehef op eiendom

Die persoon wat die voordeel ontvang by die afsterwe, is aanspreeklik vir die belasting op die waarde van die reg op die annuïteit wat nie gehef is op die eiendom wat geniet is deur die oorledene direk voor sy dood nie (Silke & Steyn, 1984:176-180).

- Lewenspolisse

Die persoon aanspreeklik vir die boedelbelasting op die bedrag verskuldig en ontvangbaar is die persoon wat geregtig is om die bedrag te verkry vanaf die polis (Silke & Steyn, 1984:176-180).

- Voordele deur 'n fonds betaal

Die persoon aan wie die enkelbedragbetalings toeval wat uitbetaal word weens afsterwe, vanaf die fonds, is aanspreeklik vir die betaling van die belasting. Dié persoon is gewoonlik deur die afgestorwene benoem, soos sy vrou, of 'n kind (Silke & Steyn, 1984:176-180).

- Geskenke

Skenkings wat die oorledene gedurende sy leeftyd gedoen het, is vrygestel van boedelbelating.

'n Opsomming van belastingaanspreeklikheid kan dus soos volg opgestel word:

| Artikel     | Belasbare eiendom  | Belasbare persoon                    |
|-------------|--|--------------------------------------|
| a3(2)(a)    | Fidusiêre, vruggebruik of soortgelyke belang en 'n annuïteit teen eiendombeswaar | Begunstigde                          |
| a3(2)(b)    | 'n Annuïteit wat aan 'n persoon toeval by die dood van die oorledene             | Begunstigde                          |
| a3(3)(a)    | Bedrag verskuldig ingevolge 'n binnelandse versekeringspolis                     | Persoon aan wie bedrag betaalbaar is |
| a3(3)(a)bis | Bedrag betaalbaar deur 'n fonds by die dood van die oorledene                    | Persoon aan wie voordeel toeval      |
| a3(3)(b)    | <i>Donatio mortis causa</i>  | Skenker                              |
| a3(3)(cB)   | Skenking aan familiemaatskappy   | Skenker                              |
| -           | Alle ander eiendom<br>(Huxham & Haupt, 2000:433)                                 | Die eksekuteur                       |

## 5.5 ARTIKEL 25 VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 58 van 1962

Die definisie van 'n persoon sluit die boedel van 'n afgestorwene in en artikel 25 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 maak voorsiening vir die metode waarop inkomste belas sal word wat ontvang of toegeval het aan die eksekuteur van die afgestorwe boedel (Meyerowitz, 1998b:16.37-16.38).

Artikel 25 geld nie vir bedrae wat deur die eksekuteur ontvang word maar waartoe die oorledene nog 'n reg op gehad het tydens sy lewe nie. Indien die eksekuteur dus geld ontvang vir die afgestorwene se verlofuitbetaling, sal die

geld in die aanslag voor die afsterwe belas word, al het eksekuteur eers die geld ontvang (De Koker et al., 1988:371-373).

Artikel 25 is wyd genoeg om enige verkope deur die eksekuteur te dek. Indien die eiendom verkoop sou word, word die opbrengs as belasbare inkomste beskou (Meyerowitz, 1998b:16.37-16.38).

Artikel 25(1) handel slegs met inkomste wat ontvang of toegeval het aan die eksekuteur vanaf die datum van afsterwe tot op die datum wat die eksekuteur uit sy amp bedank. Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n bedrag wat direk aan 'n afhanklike of begunstigde betaal word nie. Dit is byvoorbeeld soos 'n bonus wat aan die weduwee uitbetaal word en dié bedrag val nie toe aan die eksekuteur nie (De Koker et al., 1988:371-373).

Volgens artikel 25(2) kan uitgawes wat ontstaan het voor die datum van afsterwe nie as 'n aftrekking van die boedel dien nie. Enige opgelope verlies wat bestaan op die datum van afsterwe, verval en kan nie gebruik word teen die inkomste van die boedel nie (De Koker et al., 1988:373-375).

Artikel 25(3) voorsien dat dieselfde bedrag nie in die hande van die boedel of erfgenaam én in die hande van die oorledene belas word nie. Die inkomste wat aan die afgestorwene toeval, kan dus nie in die hande van die afgestorwene én die eksekuteur of begunstigdes belas word nie (Meyerowitz, 1998b:16.37-16.38).

## **5.6 HOFSAKE WAT HANDEL MET BOEDELBELASTING**

Na aanleiding van die Estate Smith v CIR 1960 AD en CIR v Emary NO 1961 AD-sake, is reëls op die belasting op bestorwe boedels ingestel. Omdat die eksekuteurs nie verteenwoordigende belastingbetalers by die Estate Smith v CIR saak was nie, is daar bevind dat geen inkomstebelastingopgawes voltooi hoef te word nie. Die Kommissaris het egter volgens die destydse artikel 74 'n

eksekuteur as agent van die boedel aangestel om die belasting te kon invorder. In die Emary-saak is daar egter beslis dat die bestorwe boedel nie 'n persoon volgens die gemene reg was nie, en dat daar nie 'n agent aangestel kon word vir iets wat nie 'n persoon is nie. Die boedel was dus nie vir belasting aanspreeklik nie (Huxham & Haupt, 1999:578-580).

Na dié twee hofsake is die volgende wysigings in die Wet gemaak:

- Die omskrywing van 'n persoon in artikel 1 sluit nou 'n bestorwe boedel in.
- Die definisie van 'n verteenwoordigende belastingpligtige in artikel 1 sluit ook nou 'n eksekuteur van 'n bestorwe boedel in.
- Artikel 25(1), (2) en (3) is bygevoeg in die Belastingwet ten opsigte van die inkomste van die boedel wat deur 'n begunstigde ontvang word. Inkomste wat van die bestorwe boedel ontvang word, sal dus óf in die hande van die begunstigdes óf in die boedel belas word (Huxham & Haupt, 1999:578-580).

## **5.7 BEREKENING VAN BOEDELBELASTING**

Die beginpunt vir die bepaling van boedelbelasting is om die totale waarde van die eiendom in die boedel vas te stel. Die boedelbedrag bestaan uit alle eiendom van die persoon op die datum van sy dood, en alle eiendom wat volgens die Boedelbelastingwet 45 van 1955 geag word sy eiendom te wees op daardie datum (De Villiers et al., 1980:83-96).

Dit sluit ook sekere bedrae in wat eers na die dood ontstaan, maar wat as eiendom van die boedel beskou word:

- Die opbrengs van 'n versekeringspolis op 'n lewe, ongeag wie die wettige eienaar is (onderworpe aan sekere uitsonderings en in toepaslike omstandighede, minus 'n aftrekking vir premies of vergoeding deur die poliseienaar betaal, tesame met saamgestelde rente bereken teen 6% per jaar van die betaaldatum tot by afsterwe);
- voordele deur 'n fonds, byvoorbeeld 'n pensioenfonds, wat betaalbaar is as gevolg van afsterwe;

- 'sterfbedskenkings' en sekere skenkings wat gedurende die leeftyd aan 'n familiemaatskappy gemaak is;
- 'n eis wat die boedel teen die gade of die boedel van die gade verkry ingevolge die aanwasbedelingstelsel ooreenkomstig die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984; en
- indien daar oor 'n fidusiêre reg of vruggebruik beskik is op sekere eiendom, sal hierdie reg ook deel uitmaak van die boedel (Divaris & Steyn, 1997:256).

Boedelbelasting is slegs betaalbaar op die netto waarde van 'n oorledene se boedel. Die netto waarde word bereken deur die totale bates minus die totale laste. In die huidige wetgewing word daar 'n primêre korting van R1 miljoen toegelaat, en die res van die boedel is dan onderworpe aan 20% boedelbelasting (Engelbrecht, 1998d:11).

Voorbeeld 3 (p. IV – VI) bestaan uit die berekening van die belasbare inkomste van 'n boedeleenaar, sy boedel en sy erfgename.

## 5.8 BELASBARE BEDRAG VAN DIE BOEDEL

'n Skematiese voorstelling van die berekening van die belasbare bedrag van 'n boedel:

|   | <u>ARTIKELS</u>        |
|---|------------------------|
| Eiendom van die oorledene                                     | A3(2)                  |
| PLUS: Eiendom wat geag word eiendom van die oorledene te wees | <u>A3(3), (4), (5)</u> |
| TOTALE WAARDE VAN ALLE EIENDOM                                | XXXXXX                 |
| MIN: Aftrekkings  | <u>A4</u>              |
| NETTO WAARDE VAN DIE BOEDEL                                   | A4(1)                  |
| MIN: Aftrekkings ingevolge artikel 4A                         | <u>A4(A)</u>           |
| BELASBARE BEDRAG VAN DIE BOEDEL                               | <u>RXXXXXX</u>         |

## **5.9 ARTIKELS VAN DIE BOEDELBELASTINGWET 45 VAN 1955**

### **5.9.1 ARTIKEL 1 - OMSKRYWINGS**

Al die omskrywings van die Boedelwet, 45 van 1955 word hierin saamgevat, soos reeds genoem en uiteengesit in Hoofstuk 3.

### **5.9.2 ARTIKEL 2 – BOEDELBELASTINGBETALING**

Hierdie artikel bepaal dat 'n persoon wat na 1 April 1995 tot sterwe kom, boedelbelasting moet betaal (Anon, 1996a:48).

### **5.9.3 ARTIKEL 3 – EIENDOM, GEAGTE EIENDOM EN UITSLUITINGS**

#### **A) ARTIKEL 3(1)**

Die boedel van 'n persoon bestaan uit alle eiendom van die persoon op die datum van sy dood en uit alle eiendom wat geag word eiendom van die persoon te wees deur die Boedelbelastingwet op daardie datum (De Villiers *et al.*, 1980:83-96).

#### **B) ARTIKEL 3(2) - EIENDOM**

Die belasbare eiendom van 'n boedel word bepaal deur die vraag waar die persoon woonagtig was op die datum van sy dood. Indien die persoon in Suid-Afrika woonagtig was, sal al sy bates, waar ook al hulle geleë is, in die totale waarde van sy boedel ingesluit word. Selfs buitelandse eiendom is ingesluit, behalwe die wat val onder die vrystellings van die Wet. Soortgelyke belasting in terme van 'n persoon se dood wat betaal is aan 'n buitenlandse regering, kan afgetrek word van die boedelbelasting.

Indien die persoon egter tydens sy dood buite die Republiek woonagtig was, sal slegs die eiendom wat in Suid-Afrika is, as deel van die totale waarde van die persoon se boedel beskou word (Silke & Steyn, 1984:2).

Dit is duidelik dat die begrip 'eiendom' 'n groot verskeidenheid bates en belange behels. Daar is waarskynlik geen tasbare bate wat in die begrip uitgesluit is nie. Ook ontasbare eiendom word by die begrip ingesluit.

Jaargelde, vruggebruik en fidusiêre regte word ook by die definisie ingesluit. Regte wat by 'n persoon se afsterwe verval, word nie as eiendom in sy boedel beskou nie, behalwe beperkte regte soos vruggebruik.

Eiendom wat uitgesluit word by 'n persoon se boedel, en die persoon se gewone verblyfplek op die datum van afsterwe, is nie in die Republiek nie:

1. Die reg op onroerende goed buite die Republiek geleë;
2. die reg op roerende goed buite die Republiek geleë;
3. 'n skuld of reg van aksie wat nie in 'n hof in die Republiek verhaalbaar of afdwingbaar is nie;
4. klandisiewaarde, lisensie, patent, model, handelsmerk, outeursreg of ander soortgelyke reg wat nie in die Republiek geregistreer is nie;
5. effekte of aandele in 'n regs persoon wat nie 'n maatskappy is nie;
6. effekte of aandele in 'n maatskappy waarvan die oordrag nie in die Republiek geregistreer is nie; en
7. die reg op inkomste van of opbrengs uit enige eiendom in (3) tot (6) hierbo (Inkomstebelastingwet 58 van 1962, Artikel 3(2)(c-h)).

### **C) ARTIKEL 3(3) – GEAGTE EIENDOM**

Eiendom wat geag word eiendom van die boedeleienaar te wees, is eiendom wat nie werklik aan hom behoort het tydens sy dood nie. Dit word egter by sy boedel ingesluit en die boedeleienaar moet belasting daarop betaal (Price Waterhouse, 1988:188-192).

Al eiendom wat wel geag word as die oorledene se eiendom, is die eiendom wat in artikel 3(3) gekategoriseer word. Dit is bedrae wat betaalbaar is as gevolg van sy dood, skenkings wat hy gedoen het, beskikkings oor eiendom en eiendom waarvoor hy nog beheer het tot sy eie voordeel of tot die voordeel van

sy boedel, ten spyte van die feit dat dit nie langer sy eiendom is nie (De Villiers et al., 1980:83-96).

Eiendom wat geag word eiendom van die oorledene te wees, kan volgens artikel 3(3) soos volg opgesom word:

- 3(3)(a) Binnelandse versekeringspolisse op die lewe van die oorledene;
- 3(3)(a)bis betalings uit 'n pensioen- of ander fonds by die dood van 'n oorledene;
- 3(3)(b) eiendom geskenk volgens *donatio mortis causa*;
- 3(3)(cA) toevallings volgens die Wet op Huweliksgoedere; en
- 3(3)(d) eiendom waaroor die oorledene bevoeg wat om tot sy eie voordeel of tot die voordeel van sy boedel te beskik.

Elk van die bogenoemde punte word vervolgens bespreek.

#### **i) Versekeringspolisse - Artikel 3(3)(a)**

Wanneer die polis op die lewe van die oorledene uitgeneem is, word die polis se inkomste geag eiendom van die boedel te wees. Die insluiting van die polisinkomste in die boedel sal binne die vereistes val indien die polis op sy lewe geneem is, ongeag wie die begunstigde daarvan is (Abrie et al., 1991:301-307).

Dit sluit polisse in soos lewenspolisse, uitkeerpolis, groeplewensversekering en ongeluksversekering (Price Waterhouse, 1988:188-192).

Die enigste vereiste vir 'n polis om aan boedelbelasting onderwerp te word, is dat die polis die lewe van die afgestorwene moet dek. Indien die polis in die Republiek betaalbaar is, is dit 'n boedelbate. Die bedrag word as eiendom vir boedelbelastingdoeleindes geag (Price Waterhouse, 1988:188-192).

Slegs die afkoopwaarde sal by die boedel gevoeg word indien die oorledene die eienaar was van 'n polis op iemand anders se lewe. Die insluiting van die polis

by die boedel as geagte eiendom, is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

i.a) Binnelandse polis

Die polis moet 'n '*binnelandse polis*' wees soos omskryf in artikel 1 van die Versekeringswet 27 van 1943 (Abrie et al., 1991:301-307).

Die polis word deur die Versekeringswet 27 van 1943 gedefinieer as 'n polis wat enige plek uitgereik is, maar waar die aansoek vir die polis en die uitbetaling daarvan in Suid-Afrika plaasvind. 'n Polis wat nie 'n binnelandse polis is nie, kan 'n binnelandse polis gemaak word as die polis betaalbaar gemaak word in Suid-Afrika deur 'n versoek van die eienaar (Price Waterhouse, 1988:188-192).

i.b) Toelaatbare aftrekkings

Indien die totale premies deur 'n ander persoon betaal word as die afgestorwene wat geregtig is op die opbrengs van die polis op die lewe van die afgestorwene, is die premies en 6% rente per jaar vanaf die datum van betaling tot die datum van afsterwe aftrekbaar vir boedelbelasting vanaf die opbrengs (Price Waterhouse, 1988:188-192).

Die premies wat die oorledene self betaal het, kan nie vir boedelbelasting afgetrek word nie (Abrie et al., 1991:301-307).

i.c) Vrystellings

Die opbrengs van 'n lewenspolis op die lewe van die afgestorwene is vrygestel van boedelbelasting as:

1. Die polis geskenk word by 'n huwelik buite gemeenskap van goedere; en
2. die polis nie vir die voordeel van die oorledene, familieledede of afhanklikes is nie (Price Waterhouse, 1988:188-192).

'n Polis sal ook uit die boedel gesluit word as daar 'n geregistreerde voor- of nahuwelike kontrak is wat bepaal dat die opbrengs van die polis aan die gade of kind betaalbaar is (Abrie et al., 1991:301-307).

#### i.d1) Venootskap, aandeelhouers en ledepolisse

Die opbrengs van 'n polis is van boedelbelasting vrygestel indien die opbrengs aan 'n persoon betaalbaar is wat op die datum van die oorledene se dood 'n vennoot, 'n mede-aandeelhouer in 'n maatskappy, of 'n lid van 'n beslote korporasie saam met die oorledene was en die sodanige persoon die polis uitgeneem het met die doel om die oorledene se belang of aandele te koop by afsterwe en die oorledene geen premies daarop betaal het nie.

Die volgende drie vereistes moet dus teenwoordig wees sodat dié vrystelling kan geld:

- i) Die verwantskap (vennoot, mede-aandeelhouer of -lid) moet bestaan op die datum van afsterwe;
- ii) die bedoeling van die partye wanneer die polis uitgeneem word, moet wees om die belang van die oorledene oor te koop; en
- iii) die oorledene moes geen premies betaal het nie (Abrie et al., 1991:301-307).

#### i.d2) Maatskappypolis

Wanneer die maatskappy 'n polis uitneem op die lewe van 'n werknemer sodat die maatskappy beskerm kan word teen enige verliese wanneer die persoon tot sterwe kom, sal dit nie deel vorm van die boedel nie, tensy die oorledene enige voordeel daaruit verkry. Wanneer 'n maatskappy egter 'n polis uitneem op die lewe van 'n beherende direkteur, sal die opbrengs min die premies betaal deur die maatskappy en 6% rente per jaar 'n deel vorm van die boedel van die direkteur (Price Waterhouse, 1988:188-192).

i.d3) Premies betaal vir aandele in 'n familiemaatskappy

Indien aandele aan 'n oorledene toegeken word of uitbetaal word teen 'n vergoeding deur 'n familiemaatskappy, hetsy in kontant of andersins, welke vergoeding die nominale waarde van die aandele oorskry, word die verskil as eiendom van die boedel geag.

Indien 'n oorledene dus R10 gee vir aandele met 'n nominale waarde van R1, word R9 as 'n geskenk aan die maatskappy beskou en word die R9 by die boedel getel.

Hierdie artikel is slegs van toepassing op nuwe aandele wat uitgereik word in die familiemaatskappy en nie op bestaande aandele tussen die oorledene en ander aandeelhouders nie. Die transaksies kan slegs tot belasbare skenkings aanleiding gee indien dit met 'n familiemaatskappy aangegaan word (Abrie et al, 1991:301-307).

i.e) Ander vrystellings

Enige ander polis se opbrengs wat nie deur die vrystelling van punt iii en iv geraak word nie, word ook van boedelbelasting vrygestel indien:

- i) Die polis nie deur of in opdrag van die oorledene uitgeneem is nie;
- ii) die premies nie deur die oorledene betaal is nie;
- iii) daar nie 'n deel van die opbrengs aan die boedel betaal word nie;
- iv) geen opbrengs tot voordeel van 'n familielid, afhanklike van die oorledene of 'n familiemaatskappy uitbetaal word nie.

Al vier die vereistes moet geld voor die polis vir hierdie vrystelling kan kwalifiseer (Abrie et al., 1991:301-307).

Volgens 'n skematiese voorstelling sal 'n versekeringspolis se toevoeging tot die boedel soos volg lyk -

|   |      |           |
|---|------|-----------|
| Volle bedrag verskuldig en verhaalbaar vanaf die polis  |      | XXXXX     |
| Min: Premies betaal deur begunstigde  | RXXX |           |
| Ingesluit rente teen 6 % per jaar<br>Op die premies, vanaf datum van<br>Betaling tot datum van dood | R XX | ____(XXX) |
| Bedrag in boedel ingesluit  |      | ____RXXXX |

(Huxham & Haupt, 2000:420).

Indien die oorledene binne gemeenskap van goedere getroud is, word geag dat die premies uit die gesamentlike boedel betaal is. Die helfte van die premies is dus uit die vrou se deel van die gesamentlike boedel betaal en is tesame met die 6% rente daarop aftrekbaar van die opbrengs van die polis (Abrie et al, 1991:301-307).

**ii) Betalings uit pensioen- en ander bystandsfondse – Artikel 3(3)(a)bis**  
Hierdie artikel handel oor die opbrengs van enige fonds wat by of as gevolg van die dood van die oorledene verskuldig of betaalbaar is. Dit kan 'n pensioenfonds, uitree-annuïteit of voorsorgfonds wees. Die jaargeld wat deur so 'n fonds betaalbaar is, is vrygestel van boedelbelasting, maar nie die enkelbedrag van die jaargeld nie (Anon, 1996a:48).

Annuïteite wat betaalbaar is, óf as gevolg van lidmaatskap óf vorige lidmaatskap, óf enige fonds wat betaalbaar is as 'n gevolg van die afsterwe, is nie ingesluit by geagte eiendom nie (Butterworths Tax Alert, 1999:77).

Indien die oorledene annuïteite ontvang het en dit by afsterwe op 'n ander sou oorgaan, sal die annuïteite steeds vrygestel wees van belasting (Anon, 1996a:48).

Weereens is die bydraes van die begunstigdes en 6% rente per jaar aftrekbaar vir boedelbelasting (Abrie et al, 1991:301-307).

Die bedrag verskuldig en betaalbaar word soos volg gewaardeer:

|                                      |           |               |
|--------------------------------------|-----------|---------------|
| Bedrag verskuldig en betaalbaar      |           | RXXX          |
| Min: Bydraes deur begunstigde betaal | RXXX      |               |
| Rente 6 % per jaar van datum         |           |               |
| Van betaling tot afsterwe            | <u>XX</u> | <u>(RXXX)</u> |
| Bedrag ingesluit by boedel           |           | <u>RXXX</u>   |

(Huxham & Haupt, 2000:422).

**iii) *Donatio mortis causa* - Artikel 3(3)(b)**

Hierdie skenking word gedoen by die afwagting van dood. Die eienaarskap sal slegs oorgaan by die dood van die skenker. Die skenking kan enige tyd voor die dood van die skenker herroep word. Alleen as die ontvanger die skenker oorleef, sal die skenking geldig wees (Huxham & Haupt, 1996:511).

Kragtens artikel 3(3)(b) word die geskenk as eiendom geag en in die boedel ingesluit indien die persoon wel sou sterf. Indien die persoon dan nie sou sterf soos hy gedink het nie, is daar geen skenking of dan *donatio mortis causa* nie (Abrie et al., 1991:301-307).

**iv) Toevallings ingevolge die Wet op Huweliksgoedere - Artikel 3(3)(cA)**  
Eiendom wat geag word eiendom te wees volgens artikel 3(3)(cA) wanneer –

***“Die bedrag van ‘n vordering deur die boedel van die oorledene kragtens artikel 3 van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, teen die oorledene se gade of die boedel van sy oorlede gade verkry, ten opsigte van ‘n aanwas in daardie artikel bedoel ...”.***

Volgens Artikel 3(3)(c) sal ‘n skenking nie as deel van die boedel beskou word indien die oorledene deur ‘n behoorlike geregistreerde voor- of nahuwelikse kontrak die skenking aan sy gade doen (De Villiers et al., 1980:83-96).

Indien die boedel van die oorledene ‘n aanwas-eis teen die oorlewende eggenoot het omdat die aanwas in die boedel van die oorlewende groter as die

aanwas van die oorledene was, word die eiendom geag eiendom te wees van die oorledene (Huxham & Haupt, 1996:511).

Indien die langsewende gade 'n aanwas-eis teenoor die boedel het, word dit geag 'n las van die boedel te wees en kan dit van die bruto boedel afgetrek word (Abrie et al, 1991:301-307).

Eiendom wat ingevolge 'n *donatio mortis causa* geskenk is, is uitgesluit van artikel 3(3)(c) omdat die eiendom reeds geag word eiendom te wees ingevolge artikel 3(3)(b) (De Villiers et al., 1980:83-96).

**v) Eiendom waaroor die oorledene bevoeg was om oor te beskik -  
Artikel 3(3)(d)**

Geagte eiendom bestaan uit eiendom waaroor die oorledene bevoeg was om oor te beskik onmiddellik voor sy dood vir sy eie of sy boedel se voordeel. Dit sal van toepassing wees waar hy 'n skenking gedoen het wat hy kon terugtrek of wysig vir sy eie of sy boedel se voordeel. Hy oefen dus nog beheer uit oor die skenking van die eiendom (Huxham & Haupt, 1996:511-512).

Hierdie artikel is wyd genoeg om al die transaksies wat dalk boedelbelasting kon vryspring, in te sluit. Artikel 3(3)(d) is net van toepassing op eiendom wat nie andersins ingevolge die Boedelbelastingwet belasbaar is nie, sodat dubbele belasting verhoed kan word. Daar word met Meyerowitz saamgestem dat daar bykans geen eiendom is wat nie in een van die artikels van die Boedelwet betrek word nie, en daarom is artikel 3(3)(d) selde van toepassing (Abrie et al, 1991:301-307).

**D) ARTIKEL 3(4)**

Geskrap deur artikel 7(b) van Wet No. 97 van 1993.

**E) ARTIKEL 3(5)**

In artikel 3(5)(a) is boedeleiendom

***“eiendom waarop die oorledene onmiddellik voor sy dood bevoeg was om te beskik”.***

Die oorlede word volgens artikel 3(5)(b) in twee gevalle bevoeg geag om oor eiendom te beskik:

- “(i) indien hy sodanige bevoegdheid gehad het as wat hom in staat sou gestel het, indien hy sui iuris was, om hom sodanige eiendom toe te eien of daarvoor te beskik soos hy goed ag, hetsy uitoefenbaar by wyse van testament, reg van aanstelling of op enige ander wyse;***
- (ii) indien ingevolge ‘n akte van skenking, oormaking, trust of ander beskikking deur hom gemaak, hy die reg voorbehou het om die bepalinge daarvan met betrekking tot sodanige eiendom terug te trek of te wysig”.***

#### **5.9.4 ARTIKEL 4 - AFTREKKINGS EN KORTINGS BY ‘N BOEDEL**

Volgens artikel 4 van Boedelbelastingwet 45 van 1955 bestaan daar ‘n aantal aftrekkings wat van die totale waarde van alle eiendom van die boedel afgetrek kan word en wat vir die trustverband relevant is.

##### **1. Begrafnis- en sterfbed-onkoste (Artikel 4(a))**

Die bedrag wat die Kommissaris as redelik en billike ag vir begrafnis- en sterfbed-onkoste is ‘n toelaatbare aftrekking van die oorledene se boedel (Swart et al., 1985:120-138).

Mediese onkoste ten opsigte van die laaste siekbed, die lykswa en ander begrafnisonkoste kan ingesluit word (Abrie et al., 1991:307-316). Betalings aan dokters, verpleegsters en apteke word ook hierby ingesluit (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

Duur ruikers, drukwerk en soortgelyke onkoste word nie as aftrekking toegelaat nie. Die koste van die grafsteen word ook nie as aftrekking toegelaat nie omdat dit streng gesproke nie ‘n begrafnisonkoste is nie (Swart et al., 1985:120-138).

## **2. Bedrae verskuldig aan persone (Artikel 4(b))**

Die volgende drie vereistes sal dus moet geld voor skuld as aftrekking kan kwalifiseer:

- (i) Die oorledene moet die geld aan 'n ander persoon verskuldig wees;
- (ii) die skuld moet verskuldig wees aan 'n persoon wat sy gewone verblyfplek in die Republiek het; en
- (iii) die skuld moet gedelg word uit eiendom wat by die boedel ingesluit is (Abrie et al., 1991:307-316).

## **3. Administratiewe koste (Artikel 4(c))**

Inkomste wat ná afsterwe toeval, vorm nie deel van die eiendom van die oorledene nie. Uitgawes aangegaan ten opsigte van die bestuur en beheer van dié inkomste, is dus **nie aftrekbaar nie** (Swart et al., 1985:120-138).

Die algemene koste vir die afhandeling van 'n boedel **na** afsterwe wat **aftrekbaar** is, kan soos volg opgesom word:

- Die koste om bates te realiseer;
- die koste vir die invordering van skulde; en
- die eksekuteursvergoeding (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

## **4. Uitgawes om aan wetsvereistes te voldoen (Artikel 4(d))**

Alle uitgawes aangegaan om aan die vereistes van die Meester en Kommissaris te voldoen, is van die boedel aftrekbaar (Swart et al., 1985:120-138).

'n Uitgawe in verband met die nakoming van die Wet se vereistes is byvoorbeeld die regskoste wat 'n eksekuteur aangaan om 'n geskil met die Kommissaris te besleg (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

## **5. Buitelandse bates (Artikel 4(e))**

'n Persoon se boedel bestaan uit al sy bates, ook buitelandse bates, mits sy gewone verblyfplek in die Republiek is (Abrie et al., 1991:307-316).

Die waarde van enige reg op bates wat buite die Republiek geleë is en wat ingesluit is by die eiendom van die oorledene, is aftrekbaar mits daar aan die volgende vereistes voldoen word:

- (a) Indien die oorledene die eiendom verkry het voordat hy vir die eerste keer sy gewone verblyfplek in die Republiek opgeneem het;
- (b) nadat hy vir die eerste keer sy gewone verblyfplek in die Republiek opgeneem het en hy die goed verkry het by wyse van:
  - (i) 'n Skenking, indien die skenker 'n persoon is wat op die datum van die skenking nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie; of
  - (ii) 'n erflating van iemand wat op die datum van sy dood nie gewoonlik in die Republiek woonagtig was nie; of
- (c) indien die oorledene bates verkry het uit die opbrengs of winste van enige eiendom wat buite die Republiek geleë is (Swart et al., 1985:120-138).

#### **6. Bedrae aan 'n buitelandse verskuldigde (Artikel 4(f))**

Daar is vier elemente wat teenwoordig moet wees voor verskuldigde bedrae aan 'n buitelandse aftrekbaar sal wees:

- Die oorledene moet 'n bedrag skuld;
- die bedrag moet aan 'n buitelandse verskuldigde wees;
- skuld moet betaal word uit eiendom wat by die boedel ingesluit is; en
- aftrekkings van die skuld word beperk tot die bedrag waarmee die skuld die oorledene se buitelandse bates oorskry (Swart et al., 1985:120-138).

'n Oorledene het byvoorbeeld Republiek-eiendom van R200 000 en vrygestelde buitelandse eiendom van R40 000. Indien die buitelandse skuld R20 000 beloop, is geen gedeelte van die skuld aftrekbaar nie, omdat die buitelandse eiendom R40 000 werd is. Indien die buitelandse skuld egter R50 000 was, sou R10 000 aftrekbaar gewees het (Abrie et al., 1991:307-316).

Daar moet altyd onthou word dat die buitelandse skuld altyd eers teen die buitelandse bates verreken moet word (Swart et al., 1985:120-138).

**7. Vruggebruik-, fidusiêre reg of annuïteit waarmee goedere beswaar is (Artikel 4(g))**

Artikel 4(g) toon die volgende aftrekking van die totale waarde:

*“... die waarde van enige reg wat kragtens paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel 3 as eiendom van die oorledene ingesluit is, waar bedoelde reg deur die oorledene gehou was ingevolge ‘n geskenk aan hom deur die persoon van die reg op die genot van die goed waarop die oorledene die reg gehou het, toeval of, waar die reg bestaan uit ‘n reg op ‘n jaargeld waarmee goed beswaar is, deur die persoon wat die eienaar van daardie goed is...”*

(De Villiers et al., 1980:83-96).

Indien ‘n oorledene beperkte belange by wyse van ‘n skenking ontvang het en dit weer by afsterwe aan die skenker terugval, is die waarde aftrekbaar. Die waarde van ‘n jaargeld waarmee goed beswaar is, kan ook afgetrek word, indien die reg by afsterwe van die oorledene toeval aan die persoon wat die eienaar van die betrokke goed is. Die beperkte belange sluit in ‘n fidusiêre reg, vruggebruik of ‘n ander dergelike reg. Hierdie aftrekking is slegs van toepassing as die reg deur middel van ‘n skenking ontvang is (Abrie et al., 1991:307-316).

**8. Bemaking ter bevordering van liefdadigheid, onderwys, of godsdienst (Artikel 4(h))**

Indien die eiendom van die oorledene toeval aan

- a) Enige liefdadigheids-, onderwys-, of godsdienstige inrigting of openbare instelling wat volgens artikel 10(1)(f) vrygestel is, of ‘n fonds wat deur die Kommissaris goedgekeur word;
- b) ‘n openbare inrigting in die Republiek wat volgens artikel 10(1)(cB)(i)(aa), (bb), (cc) of (dd) vrygestel is;
- c) die Staat of ‘n plaaslike bestuur binne die Republiek;
- d) enige maatskappy, vereniging of assosiasie binne die Republiek, wat volgens artikel 10(1)(cF) vrygestel is, omdat dit gestig is om huisvesting aan ou of afgetrede persone te verskaf; of

e) enige fonds wat deur die Kommissaris goedgekeur word volgens artikel 10(1)(cL), sal die skenking of testamentêre bemaking aftrekbaar wees vir boedelbelasting-doeleindes (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

## **9. Verbeterings aan eiendom (Artikel 4(i))**

Artikel 4(i) bepaal dat:

***“die bedrag waarmee die waarde van enige eiendom wat in die boedel ingesluit is, verhoog is deur verbeterings wat aan die betrokke goed aangebring is –***

***(i) op koste van die persoon aan wie bedoelde eiendom by die dood van die oorledene toeval; en***

***(ii) gedurende die leeftyd van die oorledene en met sy toestemming”.***

(Boedelbelastingwet, 45 van 1955, Artikel 4(i))

Daar moet opgelet word dat die aftrekking nie geld vir die werklike koste wat aangegaan is vir die verbetering nie, maar ten opsigte van die waarde wat die eiendom verhoog het. As die verbeterings R10 000 sou gekos het en die waarde van die eiendom verhoog met R20 000 sal die R20 000 aftrekbaar wees (Abrie et al., 1991:307-316).

## **10. Verbeterings wat die waarde van 'n beperkte reg verhoog (Artikel 4(j))**

Artikel 4(j) van die Boedelwet, 45 van 1955, behandel die aftrekking as:

***“... die bedrag waarmee die waarde van enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg wat by die dood van die oorledene verval het, verhoog is deur verbeterings wat aan die betrokke goed aangebring is:***

***(i) op koste van die persoon aan wie die voordeel wat ontstaan ten gevolge van die verstryking van so 'n reg by die dood van die oorledene toeval en***

***(ii) gedurende die leeftyd van die oorledene en met sy toestemming”.***

Indien die boedel 'n fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg insluit waarvan die waarde verhoog word as gevolg van verbeterings, is die waarde

van die verhoging van die reg aftrekbaar, mits die verbeterings gedoen is op die koste van die persoon aan wie die reg toeval by afsterwe, en of die verbetering gedurende die oorledene se leeftyd gedoen is en met sy toestemming. Hier is dit ook nie die werklike koste van die verbeterings wat aftrekbaar is nie, maar die waarde waarmee die reg verhoog (Abrie et al., 1991:307-316).

**11. Korting vir lewensversekeringpolis en betalings deur fondse (Artikel 4(k))**

Artikel 4(k) is sedert 16 Maart 1988 geskrap (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

**12. Beleggings in Landbankobligasies en openbare effekte (Artikel 4(l))**

Artikel 4(l) is sedert 16 Maart 1988 geskrap (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

**13. Aanwaseise teen die boedel (Artikel 4(1A))**

Eise teen die boedel, deur die gade of die boedel van die gade ingevolge die sogenaamde aanwasbedelingstelsel kragtens die Wet op Huweliksgoedere, sal volgens artikel 4(1A) kwalifiseer as 'n aftrekking van die oorledene se boedel (Divaris & Steyn, 1997:237-258).

Dit beteken dat indien die aanwas van die boedel van die oorledene groter is as die aanwas van die oorlewende en die oorlewende 'n eis teen die oorledene se boedel instel, is die bedrag aftrekbaar (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

**14. Beperkte belange geskep deur 'n vooroorlede eggenoot (Artikel 4(m))**

Artikel 4(m) verklaar dat -

*“die waarde van 'n vruggebruik of ander soortgelyke belang in eiendom en van enige reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is, wat as eiendom van die oorledene kragtens paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel 3 ingesluit is, indien bedoelde belang of reg deur 'n vooroorlede eggenoot van die oorledende geskep is en die eiendom waaroor die oorledene daardie belang of reg geniet het deel van die boedel van die vooroorlede eggenoot uitgemaak het ...”*,

die vruggebruik of ander regte vrygestel sal wees van boedelbelasting.

Geen boedelbelasting is betaalbaar op eiendom by die dood van die oorlewende gade indien die eiendom oorspronklik by die vooroorlede gade se boedel ingesluit was nie (Huxham & Haupt, 2000:425).

'n Verandering in artikel 4(m) bepaal dat die aftrekking nie toegelaat sal word as 'n aftrekking vir die waarde van die beperkte belang as dit voorheen toegelaat was in die voorheen afgestorwe persoon se boedel onder artikel 4(q) nie. Dit bepaal dat 'n aftrekking onder artikel 4(m) afgekeur sal word as 'n artikel 4(q)-aftrekking beskikbaar was in die voorheen afgestorwe persoon se boedel, al is dit nooit in die boedel geëis nie (Butterworths Tax Alert, 1999:77).

Artikel 4(q) laat 'n aftrekking toe van die waarde van enige eiendom wat ingesluit is by 'n boedel wat aan 'n oorlewende eggenoot toeval (Butterworths Tax Alert, 1999:77).

Byvoorbeeld: A en B is buite gemeenskap van goedere getroud. A besit 'n plaas en be maak dit aan sy kinders onderworpe aan lewenslange vruggebruik ten gunste van B. Met A se dood vorm die plaas deel van sy boedel en dit word in sy boedel belas. Wanneer B tot sterwe sou kom, sal die waarde van die vruggebruik dan egter volgens artikel 4(m) vrygestel wees van boedelbelasting (Swart et al., 1985:120-138).

Die vereistes om die korting van artikel 4(m) te laat geld, is dus dat:

- a) Die eiendom waaroor die oorledene die reg of belang geniet het, deel van die vooroorledene se boedel moes gewees het; en
- b) geen korting volgens artikel 4(q) in die vooroorlede se boedel toegelaat was nie.

Hierdie aftrekking is nie van toepassing op 'n fidusiêre reg wat deur die oorledene gehou is nie (Abrie et al., 1991:307-316).

Divaris en Steyn (1997:237-258) voeg nog 'n punt by die vereistes om artikel 4(m) te laat geld. Dit is dat die reg op vruggebruikersbelang in 'n eiendom deur die vooroorlede gade geskep moes gewees het.

#### **15. Regte van die gebruik of bewoning van eiendom (Artikel 4(n))**

Artikel 4(n) is sedert 16 Maart 1988 geskrap (Huxham & Haupt, 1996:512).

#### **16. Boeke, skilderye, beeldhouwerk en ander kunsstukke (Artikel 4(o))**

Ingevolge artikel 4(o) moet die volgende elemente teenwoordig wees voor die korting in werking tree:

- a) Die waarde van die kunswerk moet ingesluit wees by die waarde van die eiendom in die boedel;
- b) kunswerke moet ingevolge 'n notariële akte aan die Staat, 'n plaaslike bestuur of 'n ander liggaam binne die Republiek geleen word ter bevordering van liefdadigheid, onderwys, godsdiens, kuns of wetenskap;
- c) die leentydperk mag nie minder as 30 jaar wees nie; en
- d) die kontrak moet reeds in werking getree het gedurende die leeftyd van die oorledene (Swart *et al.*, 1985:120-138).

#### **17. Die waarde van aandele (Artikel 4(p))**

Artikel 4(p) laat 'n korting toe van -

*“soveel van die waarde van eiendom wat ingevolge die bepalinge van subartikel (3) van artikel 3 geag word die eiendom van die oorledene te wees, as wat nie ingevolge enige van die ander bepalinge van hierdie artikel as 'n korting toegelaat is nie en as wat volgens oortuiging van die Kommissaris in aanmerking geneem is ingevolge die bepalinge van paragraaf (f) bis van subartikel (1) van artikel 5 by die vasstelling van die waarde van maatskappy-aandele in die boedel ingesluit”.*

Indien geagte eiendom nie volgens enige bepaling van artikel 4 aftrekbaar is en in ag geneem is by die waardasie van maatskappy-aandele of by die ledebelang van 'n beslote korporasie nie wat as eiendom by die boedel ingesluit

is in terme van artikel 5(1)(f)bis, sal die waarde van die geagte eiendom afgetrek kan word in die mate wat dit twee keer ingesluit was (Huxham & Haupt, 1996:512-516).

#### **18. Eiendom wat aan die langsewende gade toeval (Artikel 4(q))**

*“Die waarde van enige eiendom ingesluit by die boedel wat nie as aftrekking toegelaat word onder die artikel nie, wat toeval aan die langsewende voorsien dat*

- (i) Die aftrekking toegelaat onder die voorsiening van die paragraaf sal verminder word deur enige bedrag, soos verlang of vereis deur die langsewende, in terme van die testament van die oorledene en beskikbaar te stel aan enige ander persoon of trust;*
- (ii) Geen aftrekking sal toegelaat word onder die voorsiening van die paragraaf nie in terme van enige eiendom wat toeval aan 'n trust opgerig deur die oorledene vir die voordeel van die langsewende as die trustee of die trust die diskresie het om die eiendom of inkomste daarvan te allokeer na enige ander persoon as die langsewende.”*

Bedrae wat aan die gade toeval wat ingesluit is by die totale waarde van die boedel, is aftrekbaar van die boedel. Die aftrekking word nie toegelaat vir eiendom wat ooploop aan 'n trust wat deur die boedeleienaar tot voordeel van sy gade opgerig is as die trustees van die trust 'n diskresie het om die eiendom en enige inkomste daaruit aan 'n ander persoon as die gade toe te wys nie (Divaris & Steyn, 1997:237-258).

#### **19. Korting van R1 miljoen (Artikel 4A)**

In Artikel 4A word bepaal dat 'n primêre korting van R1 miljoen bestaan ten opsigte van die netto boedel. Alle boedels wat dus onder R1 miljoen val, is belastingvry (Abrie et al., 1991:307-316).

#### **20. Ander kortings en verminderings**

##### **A) Kortings vir snelle erfopvolging**

In die Boedelbelastingwet 45 van 1955 geld die reël dat dieselfde eiendom nie dubbeld in 'n boedel belas kan word nie. Daar word 'n korting gegee vir

eiendom wat in 'n boedel belasbaar was en 'n tweede keer ingesluit word by die boedel van 'n ander persoon wat binne 'n kort tydperk na die eerssterwende tot sterwe kom. Die tweede persoon sal op die korting geregtig wees indien die persoon die boedelbelasting betaal het ten opsigte van die eiendom wat ingesluit was by die boedel van die eerssterwende en die eiendom ook in die tweede persoon se boedel ingesluit word. Die tweede persoon moet egter binne 10 jaar vanaf die eerssterwende tot sterwe kom vir die korting om te geld (Abrie et al., 1991:316-321).

Die glyskale is soos volg in die eerste bylae tot die Boedelbelastingwet:

|   |       |
|---|-------|
| Indien die persoon sterf binne 2 jaar na die eerste persoon ..... | 100 % |
| Indien die tydperk tussen 2 tot 4 jaar is .....                   | 80 %  |
| Indien die tydperk tussen 4 tot 6 jaar is .....                   | 60 %  |
| Indien die tydperk tussen 6 tot 8 jaar is .....                   | 40 %  |
| Indien die tydperk tussen 8 tot 10 jaar is ....                   | 20 %  |

(Huxham & Haupt, 2000:434).

Die korting is beperk tot die bedrag van boedelbelasting wat in die eerssterwende se boedel op die eiendom betaalbaar was. Die boedelbelasting van die eerssterwende moes ook deur die tweede persoon wat tot sterwe kom, betaal gewees het. Die waarde van die eiendom mag nie meer wees in die tweede persoon se boedel as in die eerssterwende se boedel wanneer die korting bereken word nie. Indien die waarde van die eiendom intussen gestyg het, moet die styging in die waarde nie in ag neem word by die kortingberekening nie. Indien die waarde gedaal het, word die laer waarde by die berekening gebruik. Indien die tweede persoon die oorspronklike eiendom deur 'n ander vervang het, is die korting steeds beskikbaar (Abrie et al., 1991:316-321).

## **B) Hereregte**

Daar kan van die boedelbelasting afgetrek word volgens artikel 16(a):

***“... enige hereregte wat tot bevrediging van die Kommissaris bewys word ten opsigte van die verkryging van die oorledene of sy boedel van enige eiendom wat by die aanslag van die belasting in die boedel ingesluit is, betaal te gewees het deur iemand wat aanspreeklik is vir die belasting wat aan bedoelde eiendom toeskryfbaar is”.***

Indien iemand dus eiendom verkry het vanaf die oorledene of uit sy boedel en hy daarop hereregte betaal het, sal die hereregte van die boedelbelasting aftrekbaar wees, mits die persoon wat vir die hereregte aanspreeklik is, ook vir die betaling van die boedelbelasting aanspreeklik is wat aan die eiendom toeskryfbaar is.

Die oordrag mag nie 'n erfating wees nie, sodat die aftrekking wel gebruik kan word. Geen hereregte is betaalbaar by die verkryging van eiendom deur middel van 'n erfating volgens die Wet op Hereregte, 40 van 1949 nie. Die persoon moet dus die eiendom op 'n ander manier verkry, byvoorbeeld 'n skenking sodat die aftrekking gebruik kan word (Abrie et al., 1991:316-321).

### **C) Buitelandse belasting**

Indien buitelandse eiendom in 'n boedel ingesluit word waarvan daar reeds sterfregte aan 'n ander staat oorbetaal is, kan die bedrag wat vir sterfregte oorbetaal is, van die boedelbelasting afgetrek word. Hierdie aftrekking word beperk tot die kleinste van die sterfregte van die buiteland en die boedelbelasting wat in die Republiek betaalbaar is. Sou die buitelandse sterfregte R1 000 wees op die eiendom en die boedelbelasting R500, sal R500 aftrekbaar wees (Abrie et al., 1991:316-321).

### **D) Dubbelbelastingooreenkomste**

Hierdie ooreenkoms bepaal dat waar twee kontrakterende state boedelbelasting op dieselfde eiendom sou hef, daar 'n verdeling van belastingaanspraak tussen die twee state sou plaasvind.

Die kontrakterende land kan boedelbelasting hef waar:

- 1) 'n Persoon se gewone verblyfplek in dié land is en al die bates volgens die land se wetgewing "eiendom" is; en
- 2) by ander persone, die bates fisies slegs in dié land geleë is.

Indien daar deur albei lande belasting gehef word, sal een van die lande 'n terugbetaling doen (Abrie et al., 1991:316-321).

### **5.9.5 ARTIKEL 5 - WAARDASIEBEPALINGS**

Volgens Artikel 5(1)(a) is die waarde van eiendom wat verkoop word as 'n koop en verkoop in die loop van die likwidasië van die boedel die koopprys wat bepaal word.

Artikel 5(1)(b) sit uiteen hoe die waarde van fidusiëre reg, vruggebruik of ander dergelike reg bereken word en bevat ook sekere voorbehoudbepalings wat van belang is.

Artikel 5(1)(c),(d) en (d)(bis) handel oor die waarde van die reg op 'n jaargeld. Artikel 5(1)(f) omvat hoe om die blote eiendomsreg van 'n bate te bepaal, terwyl artikel 5(1)(f)(bis) oor die waardasië van ongenoteerde aandele handel.

Artikel 5(1)(g)(1A) gee aan die eksekuteur die reg om 'n Landbankwaardasië te kies ter vasstelling van die waarde van aandele van 'n maatskappy of beslote korporasië wat eiendom besit waarop 'n *bona fide*-boedery bedryf word (Anon, 1996a:48-51).

#### **5.9.5.1 VRUGGEBRUIK**

Silke & Steyn (1984:34) sien vruggebruik as:

***"A usufructuary interest in property held by the deceased immediately before his death that ceases on his death constitutes property in his estate, subject to an exception".***

As die eienaar eiendom aan A bemaak, onderworpe aan die vereiste dat B die eiendom vir sy leeftyd kan gebruik, het A 'n gevestigde reg in die eiendom. Indien A sou sterf, is die eiendom oordraagbaar aan A se erfgename, wat die eiendom verkry onderworpe aan die vruggebruik van B. Die regte of genietinge van B word dus nie deur A se dood beïnvloed nie. B is bekend as die vruggebruiker en indien B sou sterf, sal die regte of genietinge tot niet gaan en is dit nie oordraagbaar aan sy erfgename nie. A se regte in die eiendom sal by B se dood tot volle eienaarskap oorgaan (Shrand, 1976:12-15).

Pieter Engelbrecht (1998g:11) noem dat dit wel moontlik is om 'n boedel vir boedelbelastingdoeleindes te verklein met behulp van die skepping van 'n beperkte reg, soos Vruggebruik. Wanneer vruggebruik ter sprake is, word die eiendomsreg op die onderhawige eiendom (tydelik) opgedeel in 'blote eiendomsreg' en '*vrug en genot*' (vruggebruik) daarop.

Die bepaling van die afsonderlike waardes van die twee elemente van die beperkte belang word statutêr gereël. Dit maak dit moontlik om die '*blote eiendomsreg gedeelte*' van die bate aan iemand anders oor te dra, sonder dat die oorspronklike eienaar afstand hoef te doen van die voordele (vrug) wat die eiendom bied. Die probleem met vruggebruik is egter dat dit slegs werklik effektief toegepas kan word wanneer vaste eiendom ter sprake is.

#### **5.9.5.2 FIDEIKOMMIS**

By fideikommis word eiendom aan 'n bepaalde persoon nagelaat op voorwaarde dat by die dood van die persoon die eiendom na 'n genomineerde persoon sal oorgaan by die vervulling van 'n sekere voorwaarde of na die testateur.

Dit wil sê indien die testateur eiendom aan A sou bemaak op die voorwaarde dat by A se dood die eiendom aan B sou oorgaan, verkry B 'n gevestigde reg in die eiendom by A se dood. Indien B voor A sou sterf, verkry A volle

eienaarskap op die eiendom en B se erfgename kry geen reg daarin nie (Shrand, 1976:12-15).

Volgens Silke en Steyn (1984:34) is die definisie in 'n breë siening:

*"..., a fiduciary interest is an interest by which property is vested in a holder (the fiduciary) subject to a condition that it will vest in some other person (the fideicommissary) on the holders's death".*

Die fiduciarius is geregtig op die vrugte van die eiendom, maar hy is nie geregtig om die eiendom te verkoop nie.

### **5.9.5.3 FIDEIKOMMIS EN VRUGGEBRUIK**

Fideikommis en vruggebruik kom ooreen in die sin dat die reg van genot op eiendom verkry word op die datum van die dood van die testateur (Shrand, 1976:12-15).

Fideikommis, sowel as vruggebruik, het die reg tot die gebruik, genot en vrugte van die eiendom onderworpe aan die fideikommis of vruggebruik. Nie een van die twee is geregtig op die gebruik van die kapitaal nie, hoewel hul regte in die eiendom verskil (Boedelwet, 45 van 1955, 24.1).

By fideikommis vestig die blote eienaarskap van die eiendom in die fiduciarius. By vruggebruik vestig die dominium nooit in die vruggebruiker nie. Indien die fideicommissaris voor die fiduciarius sou sterf, of indien die fideikommis tot niet sou gaan, sal die fiduciarius die eienaar word indien geen ander reëlings in die testament gemaak is nie.

By die dood van die uiteindelijke begunstigdes sal die vruggebruiker nie die eienaar van die eiendom word nie. Die eiendom sal na die afgestorwene se erfgename gaan indien die *'bare dominium'* in die erfgename sou vestig. Indien dit nie in die erfgename vestig nie, sal die eiendom oorgedra word aan die

afgestorwene se substituut. Die verskil in eienaarskap lei tot 'n verskil in die hantering van fidusiêre en vruggebruikbelange in die rekenings van die afgestorwene, asook 'n verskil in die oordrag van landelike eiendom en die berekening van boedelbelasting (Boedelbelastingwet, 45 van 1955, 24.1).

Nog 'n verskil is dat by vruggebruik die houer van die blote eiendomsreg 'n gevestigde reg in die eiendom by die dood van die testateur het. By fideikommis is die gevestigde reg in die eiendom onderworpe aan die feit dat die fideikommissaris die fiducianus moet oorleef (Shrand, 1976:12-15).

Om te bepaal of die bemaking 'n vruggebruik of fideikommis is, is dit nodig om te bepaal of die testateur vir die "oorblywende" man 'n gevestigde of 'n voorwaardelike reg beplan het. Waar 'n gevestigde reg verkry word, is dit vruggebruik, en by voorwaardelike regte is dit 'n fideikommis wat geskep word (Shrand, 1976:12-15).

#### **5.9.5.4 DIE WAARDASIE VAN FIDEIKOMMISS EN VRUGGEBRUIK**

Volgens die Boedelbelastingwet 45 van 1945 is die waarde van vruggebruik 'n bate van die afgestorwe boedel vir boedelbelastingdoeleindes. Die waarde van vruggebruik word bepaal deur die jaarlikse waarde van die genot daarvan teen 12% te kapitaliseer oor die tydperk van die waarskynlike lewensverwagting van die persoon na wie die reg toe oorgaan (Coetzee, 1998b:31). ( Sien voorbeeld 2 (p. II – III) ter verduideliking van die berekening van vruggebruik en blote eiendomsreg by die skenking daarvan, asook die berekening met die afsterwe van die skenker en die vruggebruiker).

Die basiese idee is eenvoudig. Die vruggebruik, fideikommis of 'n soortgelyke belang word gehanteer as 'n belang in die genot (nie die kapitaal) van die eiendom en die erfgenaam betaal die belasting daarop in die mate wat hy geregtig is op die genot van die oorledene se regte.

Wanneer die erfgenaam die reg op genot vir 'n korter tydperk as sy lewensduur het, sal die waarde van die genot oor die korter tydperk gekapitaliseer word (Honorè, 1985:367-368).

Wanneer 'n begunstigde eiendom deur 'n testament ontvang, is die bedrag vrygestel van hereregte (Honorè, 1985:378).

By die waardasie van fidusiêre en vruggebruikregte in 'n boedel, verskil die berekening van die waardasiemetode van 'n skenking. Die waarde van 'n skenking van vruggebruik word bepaal deur die tydperk van die waarskynlike lewensverwagting van die skenker en nie die persoon wat die vruggebruik ontvang, soos by boedelbelasting nie. Die waarde word bepaal deur die waarde van die jaarlikse genot daarvan oor die tydperk van die waarskynlike lewensverwagting van die skenker teen 12% te kapitaliseer (Coetzee, 1998b:31).

Daar is drie voorbehoudbepalings:

1. Wanneer die begunstigde oorspronklik die blote eiendomsreg van die eiendom gekoop het, kan die koste van die blote eiendomsreg plus 6% rente per jaar op die koste van die datum van die betaling tot die afsterwingsdatum afgetrek word van die waarde van die vruggebruik.
2. Wanneer die blote eiendomsreghouer volle eienaarskap oor die eiendom verkry by die dood van die oorledene, kan die waarde van die vruggebruik nie méér wees as die billike markwaarde van die eiendom soos op die datum van die oorledene se dood, min die waarde van die blote eiendomsreg soos op die datum waarop die blote eiendomsreg vir die eerste keer verkry is nie.
3. Wanneer daar nie vasgestel kan word wie die nuwe vruggebruiker is nie, moet die vruggebruik se waarde bepaal word oor 'n tydperk van 50 jaar. Tabel B van die Boedelbelasting sal gebruik word om die huidige waardefaktor te bepaal (Huxham & Haupt, 1996:517-519).

Die waarde van die blote eiendomsreg by 'n boedel word op presies dieselfde wyse bereken as by 'n skenking (Huxham & Haupt, 1996:522).

#### **5.9.6 ARTIKEL 6 - ADMINISTRASIE**

Die administrasie van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 is die plig van die Kommissaris van Binnelands Inkomste volgens artikel 6(1).

Volgens artikel 6(2) kan hy sy pligte deleger aan amptenare onder sy beheer. In die praktyk word die Wet grootliks deur die Meester gadministreer (Abrie et al., 1991:338).

#### **5.10 BOEDELS EN KAPITAALWINSBELASTING**

Wanneer die bates van 'n boedel aan 'n eggenoot bemaak word, sal die oordrag teen basiskoste bereken word. 'n Kapitaalwinsbelastinglas sal die netto waarde van die boedel verminder.

Daar word geag dat die boedel die bates teen markwaarde verkry het. Wanneer die boedel die bates aan 'n erfgenaam of trustee verkoop of skenk, sal die boedel die bates onteien teen markwaarde en die erfgenaam of trustee sal die bates teen markwaarde verkry.

Wanneer 'n persoon van sy belang in 'n klein onderneming onteien word as gevolg van afsterwe, sal 'n wins van R500 000 vrygestel wees van kapitaalwinsbelasting.

Vir kapitaalwinsbelasting word daar geag dat 'n natuurlike persoon sy bates verkoop het op die dag voor afsterwe. Kapitaalwinsbelasting sal dus gehef word op die groei van die waarde van die bates, terwyl boedelbelasting gehef sal word op die netto waarde van die boedel (Geach, 2001:135-136)

## **5.11 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE AFSKAFFING VAN BOEDELBELASTING**

1. Spaarsin sowel as beleggingskapitaal word ontmoedig, wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die land. Boedelbelasting moedig dus verkwisting aan.
2. Die opbou van 'n boedel vind hoofsaaklik plaas uit die aanwas en oppot van na-belaste inkomste. Deur 'n boedel nou weer te belas, kom inderdaad neer op 'n vorm van dubbele belasting.
3. By kapitaal-intensiewe bedrywe kan die vervangingswaarde, op datum van afsterwe van die eenaar, die oorspronklike aankoopsprys 'n hele paar keer oorskry. Die heffing van boedelbelasting sal meebring dat die produksie-eenheid óf gerealiseer moet word, óf met 'n groot skuld las beswaar moet word. Die renteverpligting wat uit die verhoogde skuld las voortspruit, bring hoër produksiekoste mee en is inflasionêr.
4. Die bedrag wat by wyse van boedelbelasting vir die staatskas geïen word, is gering in vergelyking met die bedrag wat uit ander bronne soos byvoorbeeld BTW geïen word. Op die staat se begroting is dit gering, maar die moontlike finansiële ontwrigting vir die individu kan aansienlik wees (Swart et al., 1985:230).

## **5.12 ARGUMENTE VIR DIE BEHOUD VAN BOEDELBELASTING**

Die Franzsen Kommissie (soos aangehaal deur Swart et al., 1985:231) het in sy Tweede Verslag die probleem van boedelbelasting deurtastend ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat boedelbelasting behou moet word:

1. Boedelbelasting brei die belastingstelsel uit na bronne wat normaalweg nie deur die Inkomstebelasting en belasting op toegevoegde waarde geraak word nie. Dit gee ook 'n beter verspreiding van die belastingdruk.
2. Boedelbelasting is nie afwentelbaar of verhaalbaar nie en beïnvloed nie die produktiwiteit van die persoon nie. Hy is dood.

3. Die prestige, sekuriteit en ekonomiese bedingingsmag wat voortspruit uit die besit van groot kapitaal bates maak dit sinvol dat die besitter hiervan 'n bekomstige bydrae bo en behalwe normale Inkomstebelasting sal maak. Uit 'n sosiale oogpunt is dit regverdigbaar.
4. By gebrek aan die een of ander vorm van kapitaalwinstbelasting in Suid-Afrika dien boedelbelasting tog om hierdie leemte aan te vul.

Punt 4 sal egter nie meer geld nie, omdat kapitaalwinstbelasting sedert 1 Oktober 2001 in werking getree het.

### **5.13 STAPPE BY DIE UITVOERING VAN 'n BOEDELPLAN**

Die volgende stappe word onder meer deur De Lange (1997b:54) uiteengesit wat by die boedel ingesluit kan word:

- **Belastingdoeltreffendheid**

Daar moet betyds stappe gedoen word om te verseker dat die erfgename die minimum boedel- en Inkomstebelasting sal betaal.

- **Kostedoeltreffendheid**

Die aantal items in jou boedel moet tot 'n minimum beperk word. Dit moet verkieslik bestaan uit kontant, bemarkbare sekuriteite, 'n woning, motors en huishoudelike besittings. Skuld moet vermy word. 'n Ingewikkelde boedel veroorsaak onnodige koste en vertraging.

- **Voldoende inkomste vir die langlewende**

Daar moet bykomende voorsiening gemaak word vir die langlewende, met uitsondering van die oorelede se pensioenvoordele. Neem in ag of daar binne gemeenskap van goedere of ingevolge huweliksvoorwaardes getroud is.

## 5.14 SLOTSOM

Praktiese beplanningspunte by 'n boedel is soos volg:

- Die eksekuteur van 'n afgestorwe boedel wat eiendom in 'n ander land het wat nie vrygestel is in Suid-Afrika nie, moet bepaal of die eiendom onderworpe is aan dubbele belasting, en indien enige, watter korting daarvoor verkry kan word.
- 'n Skenking wat gedurende die lewe gemaak is, kan dubbele aftrekkings teweegbring by boedelbelasting. Skenkings verminder die belasbare boedel van die afgestorwene (Silke & Steyn, 1984:172-173).

Daar is gesien dat 'n boedel uit alle persoonlike eiendom sowel as geagte eiendom waarvoor beskik word, bestaan. Daar is volgens artikel 4 van die Boedelbelastingwet 'n aantal aftrekkings wat van die boedel afgetrek kan word. 'n Korting van R1 miljoen word verkry op die netto waarde van 'n boedel na alle aftrekkings in ag geneem is. Op die oorblywende boedelbedrag sal 20% belasting egter betaal moet word.

Boedelbelasting is in die studie behandel omdat boedelbeplanning juis gedoen word sodat daar so min as moontlik boedelbelasting betaal kan word. Trusts word daarom ook by boedelbeplanning gebruik om boedelbelasting te spaar. Sonder 'n oorsig van wat boedelbelasting behels, besef die boedelbeplanner nie waarteen hy sy bates wil beskerm nie. Met die voorafgaande agtergrond weet die boedelbeplanner waarom hy boedelbeplanning wil doen.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 6

### BLADSY

#### BOEDELBEPLANNING

|     |  |           |
|-----|--|-----------|
| 6.1 | Inleiding  | 223 – 224 |
| 6.2 | Wat is boedelbeplanning?                             | 224 – 226 |
| 6.3 | Vereistes by boedelbeplanning                        | 226 – 228 |
| 6.4 | Wat behels boedelbeplanning?                         | 229 – 230 |
| 6.5 | Die leeftyd van die boedelbeplanner                  | 230 – 235 |
| 6.6 | Die doel van boedelbeplanning                        | 235 – 245 |
|     | A) Likiditeit  | 236 – 239 |
|     | A.1) Berekening van likiditeit                       | 239 – 240 |
|     | B) Administrasie                                     | 240       |
|     | C) Ekonomie – kostevoordeelontleding                 | 241       |
|     | D) Inkomstebelasting en ander belasting              | 241 – 242 |
|     | E) Aftrede van die boedelbeplanner                   | 242       |
|     | F) Kapitale groei                                    | 243       |
|     | G) Bevordering van familieharmonie                   | 243       |
|     | H) Beskerming teen insolvensie                       | 243 – 244 |
|     | I) Vereenvoudiging van die beredderingsproses        | 244       |
|     | J) Beskerming van sakebelange                        | 244       |
|     | K) Kontinuiteit                                      | 245       |
| 6.7 | Punte om in ag te neem wanneer 'n boedel beplan word | 245       |
| 6.8 | Tegnieke vir die beplanning van 'n boedel            | 245 – 263 |
|     | A) Vroegtydige tegnieke                              | 245 – 246 |
|     | B) Testamentêre tegnieke                             | 246 – 252 |
|     | B.1) Testamentêre trusts                             | 247       |
|     | B.2) Vruggebruik                                     | 247 – 249 |
|     | B.3) Fideikommis                                     | 249 – 251 |
|     | B.4) Annuïteite                                      | 251 – 252 |

|        |   |           |
|--------|---|-----------|
| B.5)   | Liefdadigheids-, opvoedkundige- of godsdienstige organisasies         | 252       |
| C)     | Ander tegnieke  | 252 – 255 |
| C.1)   | Versekering   | 252 – 253 |
| C.2)   | Huur  | 253 – 254 |
| C.3)   | Aanwasbedelings   | 254       |
| C.4)   | Saamgesmelte boedels  | 254 – 255 |
| D)     | <i>Inter vivos</i> -trusttegniek                                      | 255 – 263 |
| D.1)   | Die versorgingsdoelwit  | 256 – 257 |
| D.2)   | Beskermingsdoelwit  | 257       |
| D.3)   | Inkomstebelasting   | 257 – 259 |
| D.4)   | Boedelbelasting   | 259 – 261 |
| D.5)   | Ander belasting   | 261       |
| D.6)   | Minderjariges   | 261 – 262 |
| D.7)   | Sakedoeleindes  | 262       |
| D.8)   | As die houer van minerale regte of onverdeerbare landbougrond         | 262       |
| D.9)   | As eienaar van 'n gebou   | 262 – 263 |
| D.10)  | Skadevergoeding betaalbaar aan minderjariges                          | 263       |
| D.11)  | As 'n werktuig om eiendom onderling uit te ruil                       | 263       |
| 6.9    | Ander boedelbeplanningsinstrumente                                    | 263 – 264 |
| 6.10   | Administratiewe prosedures by boedelbeplanning                        | 265       |
| 6.11   | Kenmerke van 'n goeie boedelplan                                      | 265 – 266 |
| 6.12   | Trusts, boedelbelasting en boedelbeplanning                           | 266 – 270 |
| 6.13   | Boedelbelastingvoordele by 'n trust                                   | 270 – 272 |
| 6.13.1 | Aankoop van eiendom   | 270 – 272 |
| 6.14   | Trusts in plaas van 'n direkte bemaking onderhewig aan beperkte regte | 272 – 273 |
| 6.15   | Die testamentêre trust in die praktyk                                 | 273 – 277 |
| 6.16   | Waarom 'n trust en nie 'n ander besigheidsvorm nie?                   | 277 – 281 |
| 6.16.1 | Trusts en 'n eenmansaak   | 278       |
| 6.16.2 | Trusts en 'n maatskappy   | 278 – 279 |

|        |                                  |           |
|--------|----------------------------------|-----------|
| 6.16.3 | Trusts en die beslote korporasie | 280       |
| 6.16.4 | Trusts en die vennootskap        | 280 – 281 |
| 6.17   | Testamente                       | 281 – 284 |
| 6.18   | Slotsom                          | 284 – 286 |

## **FIGURE**

|     |                                 |           |
|-----|---------------------------------|-----------|
| 6.1 | Verdeling by 'n trust           | 287       |
| 6.2 | Eiendomsontwikkeling            | 288       |
| 6.3 | Vergelyking van besigheidsvorme | 289 – 290 |

## HOOFSTUK 6

### BOEDELBEPLANNING

#### 6.1 INLEIDING

Volgens mnr Reyner Gouws (1996:6), gewese vennoot van Coopers & Lybrand se finansiële dienste, is die belangrikste faktor by boedelbeplanning om in gedagte te hou dat 'n mens so vroeg as moontlik in die lewe daarmee moet begin.

Die opbouing en optimale benutting van bates gedurende die leeftyd van elke boedelbeplanner en die doeltreffende verdeling daarvan by sterfte, is die primêre doelstelling van elke boedelbeplanner. Mnr. Kobus Swart (1997:3), makelaar van Schonberg Trust in Kaapstad, toon aan dat:

***“n Yslike hap uit elke boedel word verslind deur belasting soos BTW, inkomstebelasting of boedelbelasting. En dit is te wagte dat meer rykdombelastingmaatreëls ingestel sal word.”***

Die boedelplan moet daarom so aanpasbaar moontlik opgestel word om vir die verandering in wetgewing voorsiening te maak asook in die beplanner se persoonlike omstandighede (Gouws, 1996:6).

Dit trust is só 'n belangrike werktuig om die doelwitte van die boedeleienaar te bereik, hetsy deur sy testament wat na sy dood in werking tree of by wyse van 'n trust wat tydens sy lewe geïmplementeer word, dat dit bykans onontbeerlik geword het.

Volgens Meyerowitz (soos aangehaal deur Olivier, 1989:232) hou boedelbeplanning verband met 'n vorm van beskikking oor goed, hetsy voor die dood of na die dood:

***“[Estate planning] is the arrangement, management, securement and disposition of a person's estate so that he, his family and other beneficiaries can enjoy and continue to enjoy the maximum benefits from his assets or estate during his lifetime and after his death.”***

Indien daar betyds beplan word, kan daar verseker word dat onnodige probleme uitgeskakel kan word en dat boedelbelasting tot die minimum beperk kan word sover dit binne die wetgewing moontlik is, sodat die maksimum bates behoue kan bly.

Vandag word die trust gereeld by boedelbeplanning gebruik omdat dit belastingdoeltreffende geleentheid skep wat andersins nie vir belastingbetalers beskikbaar is nie. Die owerhede het van die vroegste tye af sonder veel sukses probeer om die skuiwergate by trusts te probeer toestop. Met die 1998-begroting het die owerhede 'n nuwe aanslag teen trusts gemaak (Kühn, 1998:4).

Die Begroting van 1998 het dan ook die meeste skuiwergate toegestop vir diegene wat eerder trusts as beslote korporasies of maatskappye gebruik het om maatskappybelasting vry te spring. Tog is dit steeds 'n baie doeltreffende manier van boedelbeplanning (Anon, 1998b:7).

Vervolgens word gekyk na dit waaruit boedelbeplanning bestaan, wat dit behels, en hoe daarmee te werk gegaan word.

## **6.2 WAT IS BOEDELBEPLANNING?**

Olivier (1989:232) beskryf boedelbeplanning as:

***“... die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, gedurende sy lewe die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan put, sodat soveel daarvan as moontlik op die mees ekonomiese wyse en met die minste vermindering daarvan, na sy afsterwe op sy begunstigdes oorgaan”.***

Volgens Cronjè en Stack (1997:608) het Gavin Urquhart tydens sy seminaar in September 1987 die volgende omskrywing van belastingbeplanning gegee:

***“Personal tax planning can properly be described as ... the management and arrangement of the affairs of an individual, so as to legally minimise as far as possible and as cost effectively as possible, all taxes payable, within the constraints imposed by commercial and other objectives of that and associated taxpayers.”***

Die “*all taxes*” wat deur Urquhart gebruik word, kan ook boedelbelasting insluit.

Elke persoon handel met sy bates in sy boedel na die beste van sy vermoë. Wanneer hy beplan hoe om met sy bates te handel, doen hy boedelbeplanning (Swart et al., 1985:230).

Dawson (1996:v) beskryf boedelbeplanning soos volg:

***“Estate planning is an inexact science; in fact it is not a science at all. It is more like a journey of exploration, where the traveller has a map with certain salient points clearly marked, but the territory to be traversed is strange and mysterious, the means of transportation unclear and the final destination speculative. As with the intrepid explorer, informed assumptions are the order of the day for the estate planner: assumptions as to the longevity of the subject, the order of death of his family, the durability of current legislation, the performance of the economy and specific sectors thereof, and many others, are the shifting sands that must be negotiated before an estate plan can take form.”***

Boedelbeplanning word ook gesien as –

***“... die rangskikking en reëling van ‘n individu se bates op so ‘n manier dat hy en sy familie die bates in sy boedel gedurende sy leeftyd en na sy oorlye tot ‘n maksimum kan benut”.***

(Coetzee, 1996a:6).

Dawson (1996:1) noem drie punte wat verband hou met hierdie definisie, naamlik:

1. Boedelbelasting is nie hier ter sprake nie en boedelbeplanning is 'n baie groter konsep as net die berekening daarvan.
2. Die beplanning van die boedel moet nie so uitgeoefen word dat die eienaar nie meer sy eiendom gedurende sy lewe kan geniet nie.
3. Die doeltreffendheid van die plan moet nie beïnvloed word deur die tyd van afsterwe nie.

Abrie et al. (1991:2) beskryf boedelbeplanning as -

*“... die opstel van 'n plan tydens die lewe van die boedeleienaar, vir omstandighede waarin die boedeleienaar nie self meer beheer oor sy boedel kan uitoefen nie en met die oog daarop dat die uiteindelijke erfopvolgingsproses sonder onnodige probleme verloop”.*

Boedelbeplanning kom dus daarop neer dat geldsake so gehanteer word dat die beste voordele vir die persoon en sy nageslag uit sy bates beding kan word, sonder om die meeste moontlike belasting te betaal.

### **6.3 VEREISTES BY BOEDELBEPLANNING**

Boedelbeplanning is noodsaaklik. 'n Belasbare boedel word geskep deur 'n persoon met 'n gemiddelde inkomste met byvoorbeeld 'n huis van R250 000, 'n motor van R100 000, meublement van R50 000, pensioengelde, beleggings en versekeringspolisse.

'n Eenvoudige oplossing sou wees om die bates weg te gee. Die probleme wat hier ontstaan, is dat beheer oor bates verloor kan word en dat skenkingbelasting asook boedelbelasting betrokke is. 'n Gewilde voorsorgmaatreël is die skep van 'n trust. Die deel van die boedel wat die korting van boedelbelasting (R1 miljoen) oorskry, word dan aan die trust oorgedra (Anon, 1995:10).

Voor 'n boedelbeplanner doeltreffend sy boedelplan in werking kan stel, moet hy weet wat hy met daardie plan wil bereik. Volgens 'n vraelys wat deur W Abrie (1991:59) uitgestuur is, het boedelbeplanners aangedui dat die versorging van hul afhanklikes die belangrikste boedelbeplanningsdoelwit is. Naas hierdie doelwit staan die beskerming van boedelbates. 'n Boedeleienaar wat afhanklikes het, plaas gewoonlik 'n hoë premie op die versorging van sy afhanklikes na sy afsterwe. Maatreëls word gewoonlik ten behoeve van minderjariges en afhanklikes getref. Bates moet ook teen skuldeisers en spandabelrige begunstigdes beskerm word (Abrie et al., 1991:59).

Daar is drie uiters belangrike vereistes wat dus in ag geneem moet word by 'n behoorlike boedelplan, naamlik:

#### **A) BEHEER VAN BATES**

Persone wil nie van hul bates afstand doen nie. Bates is tog 'n bron van welvaart en bates kan as sekuriteit teen armoede dien. Volle beheer verseker ook dat die eienaar kan toesien dat alle inkomstes aan hom toeval (Abrie et al., 1991:82-84).

Tog word daar somtyds vereis dat die eienaar van sy bates afstand moet doen. Boedelbelasting word gehef op die waardes van die bates. Inkomstebelasting word ook gehef op die inkomste van die bates. Om egter belasting te kan bespaar, word daar vereis dat die bates en die inkomste aan 'n persoon oorgedra moet word wat in 'n laer belastingskaal val (Abrie et al., 1991:82-84). Figuur 6.1 (p. 287) is 'n kort vereenvoudigde voorbeeld ter verduideliking van die belastingvoordeel by 'n trust op inkomste wanneer die eienaar van sy bates afstand gedoen het.

Prysgawe van beheer is in 'n sekere mate meestal nodig, maar dit moet só geskied dat die beplanner nie afgesny raak van sy bates en die vrugte daarvan waarvoor hy sy hele lewe lank gewerk het nie (Anon, 1996a:1-5).

Die gevare van beheer word dikwels oordryf omdat daar nie besef word dat subartikel 3(5)(b) en (c) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 slegs die konsep "*bevoegdheid om te beskik*" uitbrei nie, terwyl die belangrikste aspek van sodanige beskikkingsbevoegdheid is dat die beskikking "*vir sy eie voordeel of vir die voordeel van sy boedel*" moet kan geskied, alvorens 3(3)(d) van toepassing kan wees. Al sou die oorledene dus oor bevoegdheid beskik met betrekking tot trustbates en nie deur die uitoefening daarvan vir homself of vir sy boedel voordele kan beding nie, sal die bates waaroor hy sodanig beskik, buite sy boedel val.

'n Boedeleienaar sal dus slegs probleme met 3(3)(d) ondervind, mits sy boedel 'n bevoordeelde van die trust is, of met bevoegdheid beklee word om dit te kan bewerkstellig (Anon, 1996a:19-20).

## **B) BUIGSAAMHEID**

Die enigste aspek wat seker is by boedelbeplanning, is dat die beplanner in een of ander stadium tot sterwe sal kom. Die res is alles so veranderlik soos die weer (Anon, 1996a:1-5).

Die mense, omstandighede en wetgewing verander. Daarom is dit uiters belangrik dat die boedelplan buigsaam en aanpasbaar moet wees (Anon, 1996a:1-5).

## **C) KOSTE (INSLUITEND BELASTING)**

Wanneer 'n persoon tot sterwe kom, is daar verskeie koste wat betrokke is by die boedel. Daar ontstaan eksekuteursfooie, hereregte en boedelbelasting. Hierdie is alles koste wat verminder kan word indien 'n boedel goed beplan word.

## 6.4 WAT BEHELS BOEDELBEPLANNING?

Die belangrikste beginsels wat by boedelbeplanning in ag geneem moet word, is:

- a) Die transaksies wat gebruik word, moet wettig wees;
- b) die plan moet kostedoeltreffend wees;
- c) handels- en ander doelwitte moet die belangrikste vereistes wees en nie om belasting te bespaar nie; en
- d) die boedelplan moet ook die beplanner se finansiële vennote en gesinslede in ag neem, en nie net van toepassing wees op homself nie (Cronjè & Stack, 1997:608).

Finansiële en boedelbeplanning gaan om die stel van doelwitte, gevolg deur die formulering van 'n stap-vir-stap-plan om dit te bereik (Laubscher, 1998a:5).

Boedelbeplanning behels dus die bymekaarmaak, bewaring en uiteindelijke verdeling van 'n boedel. Volgens Swart (1996:4) is dit die wyse waarop 'n boedel uiteindelik verdeel word wat bepaal of daar 'n groot hap verlore gaan van dit wat deur die jare sorgvuldig versamel is.

Die doeltreffendheid van boedelbeplanning word gemeet aan die waardebevriesingsvoordeel vir boedelbelastingdoeleindes. Boedelbeplanning omvat egter die totale spektrum van die beplanning van 'n boedelbeplanner se sake gedurende sy of haar leeftyd (Van Wyk, 1987:59).

Wanneer 'n persoon boedelbeplanning doen, stel hy 'n plan op wat verband hou met sy boedel. Die doel van 'n boedelplan is gewoonlik om die boedeleienaar se bates vir homself en sy afhanklikes te beskerm sodat hulle tot die maksimum bevoordeel kan word met inagneming van hul belange en omstandighede. Gedurende die lewe van die boedeleienaar is daar nie 'n probleem by die beskerming en beheer van die bates nie. Die probleme begin ontstaan sodra die boedeleienaar tot sterwe kom en nie meer die bates kan beskerm en beheer

nie. Daar moet dus voorsiening gemaak word vir die beskerming van die bates na afsterwe, sodat die beskermings- en voorsieningstake nie oor die lang termyn vervaag nie (Abrie et al., 1991:2).

## **6.5 DIE LEEFTYD VAN DIE BOEDELBEPLANNER**

Die meeste mense het die instinktiewe dryfkrag om hul sake en belange te beskerm. In elke persoon se lewe is daar kritieke oomblikke wat nie net die toekomstige weë van die boedelbeplanner, sy eggenoot en sy afhanklikes beïnvloed nie, maar ook die vereistes van die boedelplan. Abrie en medewerkers (1991:2) sê:

***“Estate planning is an ongoing process.”***

By elke kritieke stadium moet planne dus verander word. Vervolgens word gekyk na 'n paar sleutelgebeurtenisse wat 'n persoon se lewe beïnvloed. (Dawson, 1996:5)

Dié gebeurtenisse is:

### **A) DIE HUWELIK**

By boedelbeplanning is daar drie tipes huwelike wat in ag geneem moet word. Hierdie keuse is belangrik omdat dit 'n invloed sal hê op die aard en inhoud van die boedel (Dawson, 1996:5).

#### **A.1 Binne gemeenskap van goedere**

Indien daar binne gemeenskap van goedere getroud is, is die eggenotes gelyke vennote in die boedel. Kontrakte kan slegs gesluit word met altwee se goedkeuring (Dawson, 1996:5).

## **A.2 Buite gemeenskap van goedere**

Buite gemeenskap van goedere beteken dat elke eggenote in beheer bly van sy eie bates, voor die huwelik sowel as binne die huwelik. Indien die een eggenoot insolvent verklaar sou word, word die ander eggenoot se bates glad nie geraak nie (Dawson, 1996:10).

## **A.3 Buite gemeenskap met aanwas**

Buite gemeenskap met aanwas beteken dat alle eiendom van elke eggenoot voor die huwelik sy aparte eiendom bly, maar alle groei en toename gedurende die huwelik sal gekombineer word sodat dit volgens die persentasie waarop besluit is, verdeel kan word tussen die twee eggenotes (Dawson, 1996:5).

## **B) KINDERS**

Indien iemand trou sou 'n natuurlike gevolg kinders wees. Daar moet dus beplan word vir die versorging en onderhoud van die kinders.

Boedelbeplanning omvat die kind se voorsiening gedurende die leeftyd van die beplanner, asook nadat die beplanner tot sterwe gekom het terwyl die kind nog afhanklik is. Wanneer daar vir die boedel beplan word, moet daar ook in gedagte gehou word dat 'n behoorlike voog gekies moet word indien die kind nog minderjarig sou wees (Dawson, 1996:11-12).

## **C) EGSKEIDING**

Elke eggenoot het 'n gelyke verpligting teenoor die kinders, afhangende van hul voogdyskap. 'n Egskeiding kan veroorsaak dat die bates wat aan die kinders oorgedra word, deur die ander eggenoot verkwis word sodat die kinders geen bates sal kry wanneer hulle meerderjarig word nie (Dawson, 1996:16).

Daar moet dus voorsiening gemaak word vir die kinders sonder dat die voog seggenskap oor die bates verkry. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur 'n trust op te rig met die kinders as die begunstigdes en 'n rekenmeester, vertroueling of goeie vriend as trusteees.

## D) OPRIGTING VAN 'N ONDERNEMING

### D.1 Eenmansaak

Die eienaar besit die onderneming in sy geheel in sy eie naam, hy administreer dit tot sy eie voordeel, en hy beskik geheel en al oor die risiko's van die onderneming. Hoewel hy die onderneming se sake apart van sy persoonlike sake sou behartig, is hulle onafskeidbaar. Hy is persoonlik aanspreeklik vir al die skuld van die onderneming en is ook persoonlik geregtig op die winste. Hy moet ook self die kapitaal voorsien of leen. Die onderneming se mislukking kan tot die insolvensie van die eienaar lei en indien hy binne gemeenskap van goedere getroud is, sal dit ook tot sy eggenoot se insolvensie lei. Die onderneming sal ook as 'n bate in die eienaar se boedel ingesluit word, wat die eksekuteur kan verkoop na die afsterwe van die eienaar (Dawson, 1996:16-17).

### D.2 Vennootskap

***“A partnership is established by means of a valid agreement which embodies the basic essentialia of a partnership and which is entered into with the true intention of creating a partnership.”***

'n Vennootskap het nie sy eie identiteit nie en word dus nie apart belas nie. Elke vennoot sal op sy deel van die inkomste belas word of hy die inkomste onttrek het of nie (Dawson, 1996:21).

- |          |   |  |
|----------|---|--|
| Voordele | - | Beter finansieringsgeriewe                                     |
|          | - | Gedeelde verantwoordelikhede                                   |
|          | - | Groter kontinuïteit  |
| Nadele   | - | Gedeelde seggenskap  |
|          | - | Gedeelde eienaarskap   |
|          | - | Menslike verhoudings kritiek                                   |
|          | - | Onbeperkte aanspreeklikheid vir skulde                         |
|          | - | Onsekere voortbestaan van die vennootskap (Anon, 1996a:12-14). |

### **D.3 Die Maatskappy**

Volgens die wet is die maatskappy 'n regs persoon en kan dit heeltemal selfstandig as 'n entiteit optree. Die maatskappy is geskei van sy lede en beskik oor sy eie bates en laste. Die maatskappy betaal belasting teen 'n koers van 35%, wat nou deur wetgewing verander is na 30% vir die belastingjaar 1999/2000.

Die maatskappy is ook baie kompleks ten opsigte van sy formasie en administrasie. Sommige van die formaliteite is:

- 'n Memorandum en akte van oprigting moet opgestel word wat aan die Registrateur van Maatskappy gestuur word sodat 'n sertifikaat van oprigting uitgereik kan word;
- daar is verskeie vereistes in die wet ten opsigte van vergaderings, notules en die opstel van finansiële state; en
- 'n ouditeur moet aangestel word sodat die maatskappy se boeke geoudit kan word (Dawson, 1996:18-20).

### **D.4 Die beslote korporasie**

Die beslote korporasie is gestig om voorsiening te maak vir -

***“a simple, less expensive and more flexible legal form for the small enterprise consisting of a single or a small number of participants to afford them the advantages of separate legal personality”.***

Die beslote korporasie geniet baie van die maatskappy se voordele, soos aparte identiteit, beperkte aanspreeklikheid, maar die vereistes is nie so streng soos by 'n maatskappy nie. Daar bestaan nie by die beslote korporasie die reël dat die maatskappy nie sy eie aandele kan koop nie en daar is ook nie soveel vereistes vir die administrasie en rekeningkundige dienste nie. Hierdie faktore voorsien dat 'n boedelbeplanner 'n geskikte manier gevind het om 'n onderneming te bedryf en om belasting en boedelbelasting met 'n buigsame instrument te bespaar. Die eenvoud van die entiteit lei ook tot 'n besparing van administrasiekoste (Dawson, 1996:20-21).

Die beslote korporasie is egter glad nie so 'n doeltreffende voertuig vir boedelbeplanning nie, omdat die Wet net voorsiening maak vir natuurlike persone om lede te wees. Die *inter vivos*-trust kan dus nie 'n lid van die beslote korporasie wees nie. Die volle groei van die onderneming (die eienaar se belang) vind dus in die boedeleienaar se hande plaas (Engelbrecht, 1998e:11).

#### **E)    INSOLVENSIE**

Insolvensie is wanneer 'n persoon se bates sy laste oorskry. Die individue of sy krediteure sal by die hof aansoek doen om sekwestrasie. Insolvensie beïnvloed nie die juis die boedel nie, maar beroof eerder die boedel van die boedeleienaar. Die hoofdoel van die insolvensie is om die boedel te likwideer en die bates tussen die krediteure te verdeel.

Die boedelbeplanner moet ten doel hê om die moontlike toekomstige invloed van insolvensie tot die minimum te beperk. Die belangrikste beperking is 'n huwelik. By 'n huwelik binne gemeenskap van goedere sal altwee die eggenotes se boedels gesekwestreer word en die krediteure kan van altwee die skuld eis. Daar moet dus groot sorg aar die dag gelê word by die huweliksvoorwaardes indien 'n persoon 'n eenmansaak of in 'n vennootskap is (Dawson, 1996:23-26).

#### **F)    VERANDERING VAN WERKGEWER**

'n Verandering van werk kan verandering in 'n boedel meebring. Gewoonlik bring die weggaan by 'n werkgewer die ontvangs van 'n enkelbedrag mee. Daar moet dus ter wille van die besparing van die enkelbedrag en vermindering van belasting aandag gegee word aan dié faktor.

Daar is 'n pensioenfonds of 'n annuïteit. Goeie boedelbeplanning is wanneer die uittredingsbedrag só bewaar word dat die bedrag sy vereistes sal vervul vir sy oorspronklike doel, wat by aftrede is (Dawson, 1996:26-27).

## G) AFTREDE

By hierdie punt vervul die opgehoopde bates die plek van die afgetredene se arbeid as 'n hoofbron vir die onderhoud van homself en sy afhanklikes (Dawson, 1996:28-30).

Indien die beplanner nie vir hierdie stadium van sy lewe voorsiening maak nie, sal hy sy bates moet verkoop slegs om te kan bestaan. Die beplanner se familie word benadeel in die tydperk wanneer die beplanner sterf en boedelkoste asook begrafniskoste ontstaan wat betaal moet word.

## H) DOOD

Dood is die heel laaste gebeurtenis in 'n beplanner se lewe. Op die datum van afsterwe sal 'n persoon se boedel beëindig en geadmistreer word as 'n afgestorwe boedel (Dawson, 1996:31).

## 6.6 DIE DOEL VAN BOEDELBEPLANNING

Olivier (1989:232) beskryf die doel van boedelbeplanning soos volg:

***“As endless in its facets as mankind in its characteristics and peculiarities, and exactly as interesting, the estate plan is far too worthwhile as an intellectual exercise to be made dependent upon tax quirks and loopholes; and it deserves to be co-joined with a motive far more noble than mere tax economics. The philosophical approach of the draftsman and adviser is all-important. His first task is to make certain of his philosophy and of his fundamental respect for his own creation.”***

Indien die beplanner se hoofdoelstelling is om belasting te bespaar, sal die trust gebruik word om die boedel se bates te beperk. Hierdie bate sal aan die trust oorgedra word en so sal die toekomstige groei in die waarde van die bate in die trust plaasvind en nie in die boedel van die oprigter nie (Coetzee, 1996a:6).

Soms is die oprigter nie tevrede om volle beheer oor sy bates af te staan nie. Hy vereis dan dat hy een van die trustees moet wees en dat hy dan die reg gegee word om die ander trustees af te dank of nuwe trustees aan te stel. Die Boedelbelastingwet 45 van 1955 het egter dié situasie gekortwiek deur te bepaal dat sommige eiendom as eiendom van die oorledene beskou word. Die beplanner moet dus seker maak dat hy nie die bates in die trust vir sy persoonlike voordeel aanwend nie (Coetzee, 1996b:2).

Daar word dikwels geen boedelbeplanning gedoen nie. Baie persone voel net dat dit nie nodig is om 'n testament, hersiening van die testament of voorsiening vir sy oudag te maak nie. Dit kan tot gevolg hê dat die erfgename benadeel word. Volgens Abrie en medewerkers (1991:5) moet daar ten minste elementêre boedelbeplanning gedoen word soos om 'n testament op te stel, wat nie veel beplanning verg nie en waar die koste laag is. Hier sal egter min bates teenwoordig wees.

Of omvattende boedelbeplanning gedoen moet word, word bepaal deur die grootte van die boedel, die aard van die bates, die erfgename en afhanklikes, en dit moet slegs toegepas word indien die voordele die nadele oorskry. By 'n groot boedel is baie meer bates teenwoordig. Daar word ook beter voorsiening gemaak vir die versorging van die afhanklikes.

'n Baie belangrike doel by boedelbeplanning is om boedelbelasting te minimaliseer. Dit is egter nie die enigste rede vir beplanning nie. Sommige van die belangrikste doelstellings is die volgende:

#### **A) Likiditeit**

Boedellikiditeit beteken dat daar genoeg kontant of verkoopbare bates in die boedel is sodat al die skuld en kontanterfgename betaal kan word sonder om die bates wat vir erfgename bedoel is, te verkoop. 'n Testamentêre trust moet ook genoeg likiditeit beskikbaar hê sodat die administratiewe koste en onderhoud van die trusteiendom betaal kan word (Dawson, 1996:40-41).

Die versigtigste beplanning van die boedel, die bes opgestelde testament en die mees bedrewe testamentêre trust beteken niks as daar nie genoeg geld is vir die betaling van die krediteure en erfgename nie. Bates sal dalk verkoop moet word, wat verskeie nadele kan inhou, soos dat BTW op die verkope betaalbaar sal wees. Daar sal ook belasting betaal moet word deur die begunstigdes of boedel op die inkomste van die testateur wat deur die eksekuteur ontvang word (Dawson, 1996:40-41).

'n Geskatte likiditeit in die toekomstige afgestorwe boedel is dus baie belangrik by die beplanning van 'n boedel. Geen testament moet opgestel word sonder inagneming van die feit of die boedel genoeg likiditeit beskikbaar het om aan al die vereistes van die testament en krediteure te voldoen nie. 'n Bemaking aan 'n trust van onroerende eiendom moet vergesel word van 'n bemaking van genoeg kontant om die belasting en instandhouding van die eiendom te betaal (Dawson, 1996:40-41).

Die boedelbelasting moet dus vooraf beraam word sodat daar voorsiening gemaak kan word vir die verpligtinge. Indien daar nie genoeg kontant beskikbaar is nie, sal stappe gedoen moet word om die probleem reg te stel. Daar is twee gebeure wat hier in gedagte gehou moet word:

- Die beplanner sal nog vir 'n aantal jare lewe na die implementering van die plan; en
- die beplanner sterf in die nabye toekoms.

Wanneer daar beplan word vir die afsterwe in die naby toekoms, word daar gewoonlik gebruik van versekeringspolis gebruik gemaak . Oor 'n lang termyn is dit verkieslik om likiditeit op te bou met boedelinkomstes (Huxham & Haupt, 1996:538-539).

Daar kan ook van 'n bemakingsprys gebruik gemaak word. Wanneer die een erfgenaam likiditeit het, kan die bates aan die erfgenaam bemaak word met die

bepaling dat 'n prys betaal moet word. Die seun erf byvoorbeeld die plaas, terwyl die dogter die bemakingsprys ontvang (Huxham & Haupt, 1996:538-539).

Volgens Van der Westhuizen (1998b:5) word die behoefte vir kontant in 'n boedel dikwels veroorsaak deur boedelbelasting, gelyke bevoordeling onder erfgename, om 'n langsliewende gade of kind behoorlik versorg na te laat, of bloot net om kontant te skep wat by sy dood beskikbaar is om begrafnis- en ander onkoste te betaal, asook om vir sy gesin voorsiening te maak.

Die meerderheid glo dat 'n boedel bevries word sodra 'n persoon tot sterwe kom en dat daar dan 'n gebrek aan geld is om die begrafnis- en versorgingsonkoste te betaal. Indien daar egter kontant in die boedel is deur 'n tjek- of kredietrekening, is hierdie geld nie so bevries soos wat gedink word nie, selfs al is die partye binne gemeenskap van goedere getroud.

Die Boedelbelastingwet 45 van 1955 maak voorsiening dat indien iemand 'n bate van die oorledene besit ten tye van die dood, hy daardie bate in sy besit of bewaring moet hou tot 'n eksekuteur aangestel is. Die finansiële instelling moet dus die tjekrekening in bewaring hou tot 'n eksekuteur aangestel is. Dit lyk dan of die bates wel dan bevries is. Tog maak bogenoemde Wet egter voorsiening dat die bevriësing nie verhinder moet word nie, dat daar genoeg beskikbaar moet wees vir die *bona fide* doel om die oorledene 'n behoorlike begrafnis te besorg, vir die versorging van die gesin, en vir die versorging van sy bates.

Dit is egter waar daar nie beskikbare kontant op 'n tjek- of spaarrekening beskikbaar is nie waar lewensversekering wat aan 'n gade of aan 'n *inter vivos*-trust uitbetaal word, nuttig is. Sodra die administratiewe reëlings met betrekking tot die bewys van dood afgehandel is, kan die versekeringsmaatskappy die tjek aan die langsliewende gade of die trust uitbetaal.

Indien die oorledene se netto boedel oor die R1 miljoen is, is daar 'n verskil by boedelbelasting as die polis aan die gade of aan die trust uitbetaal word. Indien

die polis aan die langsliewende gade uitbetaal word, is die opbrengs daarvan vrygestel van boedelbelasting, maar as dit aan die trust uitbetaal, sal die opbrengs van die polis wel onderhewig wees aan boedelbelasting. Indien die premies deur die trust betaal word, sal alle premies tesame met 6% rente daarop egter aftrekbaar wees vir boedelbelasting. Dieselfde geld ook vir enige vergoeding wat die trust werklik betaal het (as koopprys) vir die polis, byvoorbeeld toe dit aan die trust gesedeer is.

Die boedelbeplanner en sy gade kan byvoorbeeld R25 000 elk per jaar aan die trust skenk en die trust kan daarmee 'n spesifieke beleggingsproduk koop wat aan die trust uitbetaal. Op die manier word kontant in die trust geskep wat boedelbelastingvry kan wees en terselfdertyd veilig is teen finansiële en ander risiko's.

#### **A.1 Berekening van likiditeit**

'n Likiditeitontleding is slegs om te bepaal of daar genoeg kontant beskikbaar is om die administrasie van die boedel uit te voer volgens die wense van die testateur. 'n Veel dieper ontleding moet gedoen word om te bepaal of daar genoeg bates in die boedel is om te verseker dat die afhanklikes hul gewone lewenstandaard sal kan behou na die afsterwe (Dawson, 1996:42-43).

'n Logiese beginpunt is om te bepaal wat die huidige inkomstebehoefte van die afhanklikes is. Die uitgawes wat sal verdwyn by die afsterwe van die beplanner en dié wat sal verhoog by die verlies aan sy inkomste, moet ook in ag geneem word. Geskatte voorsienings wat reeds in plek is, kan van die behoeftes afgetrek word. Dit sluit in die oorlewende eggenoot se eie inkomste, die weduweepensioen of die uittree-annuïteit wat betaalbaar word by die dood van die beplanner. Die tekort tussen die inkomste en die bestaande voorsiening moet omgeskakel word na 'n kapitale bedrag, met inagneming van die verwagte opbrengs op kapitale beleggings (Dawson, 1996:42-43).

Hierdie inkomste-ontleding sal aandui hoeveel kapitaal beskikbaar is in die boedel en die testament sal aandui watter deel beskikbaar sal wees vir die verskaffing van inkomste vir die afhanklikes. Die bedrag wat die kapitaal vereis wat meer is as die bedrag beskikbaar, sal die verwagte kapitaaltekort in die beplanner se boedel wees. Indien die tekort nie aanvaarbaar is vir die beplanner nie, het hy die volgende alternatiewe, naamlik:

1. Verandering van die testament deur bemakings of die beveling van die verkope van nie-inkomsteproduserende bates;
2. die vermindering van boedeluittgawes en aanspreeklikhede; of
3. die verkryging van buitebronne soos lewensassuransie om die tekortkominge te verminder (Dawson, 1996:42-43).

## **B) Administrasie**

By boedelbeplanning is die reëlings wat in 'n boedeleienaar se leeftyd getref word en wat hy in sy testament bepaal, dinge wat in ag geneem moet word. Die mate hoe beredderingskoste en boedelbelasting betaal en verspil word, word bepaal deur hoe goed boedelbeplanning gedoen word. Eksekuteursgelde is 3,5% van die bruto waarde van die bruto boedelbates wat deur die eksekuteur gehanteer word, tensy anders ooreengekom is. Hoe minder hy dus hanteer, hoe laer sal sy koste wees.

Die 3,5% kan bespaar word deur byvoorbeeld die opbrengs van versekeringskontrakte regstreeks aan 'n begunstigde uit te betaal. Deur die langsliewende as eksekuteur te benoem, kan die langsliewende met 'n boedelberedderaar onderhandel om die boedel teen 'n verlaagde tarief te beredder. Dit is ook raadsaam om eerder oor 'n vaste bedrag te besluit, as om op 'n persentasie te besluit (Swart, 1996:4).

Die testateur se testament moet dus so eenvoudig en duidelik as moontlik wees om te verseker dat die administrasie van die boedel so glad en effektief moontlik kan verloop (Price Waterhouse, 1988:199-201).

### **C) Ekonomie - kostevoordeelontleding**

Die koste van die boedel moet deeglik teen die voordele opgeweeg word. Die koste bestaan uit fooie van professionele adviseurs, trustkoste, instandhoudingskoste en ander koste (Price Waterhouse, 1988:199-201).

Die koste van die beplanning asook die benutting van die bates moet in ag geneem word. Onkoste moet nie buitensporig wees nie, maar die boedelplan moet ook nie in gevaar gestel word ten einde laer koste te bewerkstellig nie (Huxham & Haupt, 1996:539).

### **D) Inkomste- en ander belasting**

Die strukturering van die boedelplan moet so gehanteer word dat daar 'n minimum aan belasting betaalbaar sal wees (Anon, 1996a:1-5).

'n Britse regter, Lord Clyde (soos aangehaal deur Anon, 1996a:1-5) stel dit soos:

***“no man in this country is under the smallest obligation, moral or otherwise, to arrange his legal relations to his business or to his property as to enable the Inland Revenue to put the largest possible shovel into his stores”.***

Indien die individu beplan om belasting te bespaar by boedelbeplanning, is daar verskeie soorte belasting volgens Coetzee (1996a:6) wat in aanmerking geneem moet word. Dit is inkomste-, skenking-, kapitaalwins- en boedelbelasting. Hiervoor word trusts en maatskappye gewoonlik gestig in die proses van beplanning.

Die beplanner moet dus deeglik kennis dra van al die voorsienings in die Wet wat die uitoefening van belastingvermindering kan verhinder. Die beplanner moet alle wettige beheer oor die bates verloor wat hy aan die trust oordra, anders sal die bates wat tot sy of sy boedel se voordeel is, as eiendom in sy boedel geag word (Dawson, 1996:61).

By 'n skenking aan 'n trust is daar spesifieke vermydingsbepalings wat deur die wetgewing van toepassing is. Hier is artikel 7 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 van toepassing. Indien die skenker besluit om die totale waarde van sy boedel deur 'n skenking te verminder, is daar belasting op geskenke ter sprake. Daar is egter 'n vrystelling van R25 000 vir skenkingbelasting. Die res van die skenking word dan teen 20% belas. Skenkings tussen gades is ook vrygestel van skenkingbelasting (Coetzee, 1996a:6).

Hereregte, seëlregte en ander belasting moet ook deeglik oorweeg word (Price Waterhouse, 1988:199-201).

### **E) Aftrede van die boedelbeplanner**

'n Goeie boedelplan sal nie die behoeftes van die beplanner miskyk nie. Daar moet voorsiening gemaak word vir sy aftrede, sy kapitale behoeftes en sy lewenstandaard (Price Waterhouse, 1988:199-201).

Die beplanner moet homself nie van voorregte ontnem sodat hy die beste boedelplan kan bewerkstellig nie (Huxham & Haupt, 1996:539).

Om vir 'n sorgvrye aftrede voorsiening te maak, is net so deel van 'n behoorlike boedelbeplanning as byvoorbeeld die opstel van 'n testament (Anon, 1996a:1-5).

Indien die beplanner se hoofdoel vir boedelbeplanning persoonlike redes is, speel belasting 'n minder belangrike rol. Persoonlike redes kan die volgende insluit:

- Die beplanner wil aan liefdadigheid spesifieke bates nalaat by sy afsterwe;
- hy wil 'n fonds tot voordeel van 'n behoeftige of gestremde familielid oprig;
- die voorsiening van 'n familiesaak; en
- die beskerming teen krediteure en die "wegsteek" van bates (Coetzee, 1996a:6).

## **F) Kapitale groei**

Die doel van boedelbeplanning is om 'n boedel te vries en die groei in die beplanner se hande te vermy (Huxham & Haupt, 1996:539). Die plan moet egter nie ten doel hê om die bates se groei te beperk nie, maar om die waarde van die boedel te beperk.

Dit is nie altyd moontlik om die waarde van die boedel te verminder nie, maar daar moet probeer word om 'n limiet op toekomstige groei in die waarde van die bates te plaas. Die waarde van die bates in die boedel moet 'gevries' word op die bates se huidige waarde. Dit kan gedoen word deur bates aan 'n trust te skenk of te verkoop. Indien 'n skenking gedoen word, kan skenkingbelasting egter intree (Price Waterhouse, 1988:199-201).

## **G) Bevordering van familieharmonie**

Wanneer 'n boedelplan gedurende die boedelbeplanner se leeftyd gestruktureer word, moet dit so gedoen word dat daar die minimum ruimte gelaat word na die afsterwe vir konflik tussen die familielede (Olivier soos aangehaal deur Anon, 1996a:1-5).

Eiendom kan testamentêr bemaak word met die kinders as trustees en begunstigdes. Geen hereregte is betaalbaar ten opsigte van die oordrag van die bates aan 'n erfgenaam nie. Die regte en pligte van die trustees en begunstigdes kan testamentêr bepaal word. Deur seker te maak dat 'n testament doeltreffend opgestel is, kan groot bedrae bespaar word. Die koste van die opstel van 'n testament is min in vergelyking met die gemoedsrus wat die wete gee dat 'n swaarverdiende boedel volgens wens verdeel word. 'n Familielid kan as eksekuteur aangewys word en so kan eksekuteursgeld bespaar word of 'n laer tarief kan met 'n beredderaar beding word (Schonberg Trust, 1997:17).

## **H) Beskerming teen insolvensie**

Die boedelbeplanner moet sy bates só struktureer dat al sy bates nie aan die risiko van insolvensie blootgestel word nie. Indien hy byvoorbeeld die bates

aan die trust sou verkoop, sal die skuldenaars slegs bates kan neem ter waarde van die beplanner se lening in die trust.

#### **I) Vereenvoudiging van die beredderingsproses**

'n Behoorlike boedelplan sal altyd die gevolg hê dat die beredderingsproses van die beplanner se boedel vereenvoudig word en dat die uiteindelijke bereddering daarvan vinnig en sonder haakplekke sal geskied. Dit is altyd makliker om probleme reg te stel terwyl die beplanner nog leef (Olivier, soos aangehaal deur Anon, 1996a:1-5).

#### **J) Beskerming van sakebelange**

As gevolg van die sakepraktyke van 'n boedelbeplanner, het baie beplanners 'n behoorlike boedel opgebou. Die volgende aspekte is hier van kardinale belang:

##### **(a) Kontinuiteit**

Dit is baie belangrik dat die regte persoon opgelei sal word om die plek van die beplanner in te neem by afsterwe.

##### **(b) Behoud van die werknemers**

Die nodige beplanning moet gedoen word om te verseker dat werknemers en sleutelpersone nie die onderneming sal verlaat sodra die beplanner tot sterwe kom nie, soos byvoorbeeld aftreebeplanning en salarisstrukture van werknemers.

##### **(c) Likiditeit**

In die praktyk word die likiditeit van 'n onderneming in 'n groot mate deur die beplanner persoonlik gerugsteun, deur byvoorbeeld borgskappe. Dit is belangrik om die krediteure se houding te bepaal by afsterwe van die beplanner, sodat daar betyds voorsiening gemaak kan word vir likiditeitsbehoefes van die onderneming (Olivier soos aangehaal deur Anon, 1996a:1-5).

## **K) Kontinuiteit**

Die lewe moet steeds voortgaan, al kan 'n persoon nie meer sy eie sake behartig nie. Daar moet dus kontinuiteit by sy sake wees. By afsterwe kom 'n boedeleienaar se sake gewoonlik tot stilstand deurdat sy bates bevries word tot die eksekuteur kan bepaal wat daarmee gedoen moet word (Abrie et al., 1991:82-84).

## **6.7 PUNTE OM IN AG TE NEEM WANNEER 'N BOEDEL BEPLAN WORD**

Die meer algemene boedelbeplanningspunte is soos volg:

- a) Neem alle voordele moontlik in ag van aftrekkings wat die Wet bied ten opsigte van 'n boedel;
- b) gee aan die eksekuteur volle mag om van die bates ontslae te raak waarvan die waarde kan val na afsterwe, byvoorbeeld genoteerde aandele;
- c) maak die boedels van die man en vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is, gelyk deur middel van skenkings oor en weer; en
- d) groeiende bates in 'n boedel kan oorgedra word na 'n trust of maatskappy (Price Waterhouse, 1988:206-207).

## **6.8 TEGNIEKE VIR DIE BEPLANNING VAN 'N BOEDEL**

Daar is verskeie tegnieke om 'n boedel te beplan. Daar word vervolgens gekyk na van die tegnieke.

### **A) VROEGTYDIGE TEGNIEKE**

Die boedelbeplanner moet vroegtydig maatreëls tref sodat sy bates vir die afhanklikes beskerm kan word by sy afsterwe. Maatskappytegnieke was in die verlede baie gewild, maar trusttegnieke het die plek van maatskappytegnieke ingeneem omdat heelwat beter resultate hierdeur verkry is.

By 'n maatskappy moet dividende en sekondêre belasting op maatskappye (SBM) op die dividende betaal word sodra winste aan die aandeelhouders uitbetaal word. By 'n trust is egter geen belasting betaalbaar deur die trust wanneer inkomste aan die begunstigdes oorgedra word nie. Die trust is slegs 'n geleibuis waar die inkomste hul aard behou. Daarby is daar veel meer administratiewe vereistes, sowel as ouditeursvergoeding by 'n maatskappy as by 'n trust.

Net natuurlike persone mag lede van 'n beslote korporasie wees en daarom is die beslote korporasie nie geskik vir vroegtydige boedelbeplanning nie. 'n Maatskappy en 'n trust mag nie lede van 'n beslote korporasie wees nie. Hierdie beperking geld nie vir testamentêre tegnieke nie, omdat die trustees in hul hoedanigheid as trustees van 'n testamentêre trust lede van 'n beslote korporasie kan wees (Abrie et al., 1991:88-112).

Die boedeleienaar kan die volgende reëlings gedurende sy leeftyd tref:

- Gebruik 'n *inter vivos*-trust vir bates wat die potensiaal het om vinnig te groei. Deurdat die groei in die trust geplaas word, word die beplanner se boedelgroei beperk.
- Die annuïteitgedeelte van 'n uitree-annuïteit of pensioenfonds (wat minstens twee derdes van die fondswaarde bedra), is vrygestel van boedelbelasting.
- Skenkings van R25 000 kan jaarliks gedoen word om die boedel te verklein; en
- die aanwys van 'n mede-versekerde op 'n beleggingspolis bied 'n uitstekende kostebesparingsmetode. By sterfte gaan die belegging onverpoosd voort in die tweede lewe se naam sonder die koste van herbelegging (Engelbrecht, 1998e:11).

## **B) TESTAMENTÊRE TEGNIEKE**

'n Testateur moet 'n geskikte balans vind tussen sy wens om sekuriteit aan sy eggenoot te verskaf en om sy boedel vir sy erfgename te behou (Dawson, 1996:64-70).

Die beskerming en versorging van die afhanklikes van 'n boedeleienaar sal eers in werking tree deur middel van die testament na afsterwe van die boedeleienaar. Vervolgens word gekyk na die belangrikste testamentêre tegnieke.

### **B.1 Testamentêre trusts**

Hier word die beheer en toesig oor die bates geskei van die voordele wat uit die besit van die bates voortspruit. Daar is egter 'n kostenadeel betrokke. Omdat die trustee die bates administreer, vereis hy 'n vergoeding en daardie vergoeding moet van die inkomste van die trustbates verhaal word.

Hier kan ook 'n belastingvoordeel verkry word deurdat die boedeleienaar se inkomste vanaf die trustbates tussen verskillende belastingpligtiges verdeel kan word (Abrie et al., 1991:88-112).

### **B.2 Vruggebruik**

Die vruggebruiker verkry 'n beperkte saaklike reg om 'n bepaalde eiendom te geniet en die vrugte daarvan te pluk. Die vruggebruiker het egter die plig om aan die einde die eiendom aan die eienaar terug te besorg. Vruggebruik kan soos volg opgesom word:

- Die vruggebruiker het die gebruik van eiendom en as daar inkomste gelewer word, is hy ook daarop geregtig. Die persoonlike reg word beëindig deur die vruggebruiker se dood.
- Die eiendomsreg vestig in die blote eienaar wat nie in besit is van die goed nie.
- Die vruggebruiker is verantwoordelik om die saak op eie koste in stand te hou.
- Die regte van die vruggebruiker word as eiendom in sy boedel beskou en is dus aan boedelbelasting onderhewig.
- Alle inkomste wat verkry word deur die vruggebruik is onderhewig aan inkomstebelasing.

- Nie die vruggebruiker of die blote eienaar het regte wat as sekuriteit vir finansiering in die praktyk aangebied kan word nie (Olivier, 1989:234-235).

'n Voordeel van vruggebruik is dat die boedeleienaar sy boedeldoelwitte teen 'n lae koste sal kan bereik. Die nadele is egter in sy beperkings geleë. Slegs onroerende goedere word deur die Akteskantoor teen onregmatige vervreemding beskerm. Die vruggebruiker kan nie die eiendom vervreem sonder die blote eienaar se toestemming nie. By roerende bates is daar geen beskerming teen vervreemding in stryd met die blote eienaar se reg nie. Daar is ook beperkings ten opsigte van sekere persone soos minderjariges se versorging. Omdat daar nie soos by trusts 'n skeiding is tussen die wat die bates beheer en die persoon wat die voordele geniet nie, moet daar iemand aangestel word om na die minderjarige se finansiële behoeftes om te sien.

Uit 'n beplanningsoogpunt is vruggebruik nie geskik vir inkomstebelastingdoeleindes nie. Vruggebruik kan slegs aanbeveel word waar belasting nie 'n groot rol speel nie, die koste van 'n testamentêre trust te hoog gaag word, onroerende eiendom betrokke is, en dit aan die beskermings- en versorgingsdoeleindes van die betrokke boedel voldoen (Abrie et al., 1991:88-112).

Omdat die testamentêre trust baie meer buigsaam is as vruggebruik, lewer die trust baie beter resultate. Daar kan beter vir belasting voorsiening gemaak word en die boedelplan kan na die wense van die boedeleienaar opgestel word (Abrie et al., 1991:90).

By insolvensie sal die vruggebruik in die insolvente boedel val en kan daar op die vruggebruiker se regte beslag gelê word om skuld te delg. Weens die persoonlike aard van vruggebruik kan dit aan niemand anders as die eienaar van die blote eiendomsreg – veronderstel 'n trust – oorgedra word nie. Dit skep 'n probleem. Die kurator is verplig om die vruggebruik aan die trust te verkoop

teen 'n prys wat die trust bereid is om te betaal, indien enige. In die praktyk verkoop die kurator eers die vruggebruiker se ander bates voor hy aandag gee aan die vruggebruik. Daar blyk geen oplossing vir die probleem te wees nie. Die eiendom kan nie self in eksekusie verkoop word nie, aangesien dit nie aan die insolvent behoort nie. Uit 'n boedelbeplanningsoogpunt slaag die beplanner daarin om die bates te beveilig in die trust teen beslaglegging deur skuldeisers (Korf, 1997:699-700,704).

Verwys na voorbeeld 7.1 (p. XV-XVII) vir die gebruik van vruggebruik by boedelbeplanning asook om van skenkings gebruik te maak.

### **B.3 Fideikommis**

Bates kan deur 'n fideikommis binne die familie bly deurdadig die boedeleienaar die bates aan 'n eerste bevoordeelde kan bemaak onderhewig aan 'n fideikommis ten gunste van 'n tweede en selfs 'n derde bevoordeelde. Die eerste bevoordeelde besit die eiendomsreg en die voordele vanuit die bate, maar hy mag nie die bates vervreem nie omdat die bates oorgedra moet word aan die tweede begunstigde. Sy eiendomsreg is dus beperk in omvang en duur.

Volgens Abrie et al., (1991:92) is fideikommis -

*“... 'n beskikking van goed aan 'n begunstigde (die fiduciarius) onderhewig aan 'n bepaling dat die goed (in sy geheel of ten dele) op iemand anders (die fideikommissaris) sal oorgaan na die verstryking van 'n termyn of die plaasvind van 'n gebeurtenis (byvoorbeeld eergenoemde se dood of hertroue”.*

Die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965 bepaal dat 'n fideikommis op onroerende goed slegs beperk is tot twee opeenvolgende fideicommissarisii. Die tweede fideikommissaris is dan die volwaardige eienaar (Abrie et al., 1991:88-112).

Dit is baie moeilik om die voordele van die fideikommis by 'n testamentêre beskikking te bepaal, behalwe as die testateur besluit het dat die werklike potensiaal nie van die bate uitgebrei word nie. Die fideikommissêre bate word in die handelsverkeer tot stilstand gebring sodat die belanghebbendes met 'n bate belas word wat maar verhuur en verwaarloos word, net om te verseker dat die persoon wat laaste in die tou staan darem 'n bate ontvang, wat dalk dan nie eers meer die moeite werd is nie en wat dan so gou moontlik verkoop word. Uit die praktiese oogpunt het die fideikommis dus min meriete (Olivier, 1989:235-237).

Die versorging van afhanklikes is nie hierby betrokke nie. Die doel van die skepping van fideikommis is om goedere waaraan die boedeleienaar baie waarde heg in sy familie te laat vererf van geslag tot geslag. 'n Belangrike nadeel is dat die testateur beplan asof die omstandighede nooit sal verander na die testament opgestel is nie. Hy wil dalk juis teen verandering waak. Deur voorsiening vir verskillende gebeure te maak, kan dit gebeur dat daar op die een of ander tyd 'n verkeerde of onvoldoende bedoeling van die testateur ontstaan. Dit is moontlik dat die eiendom dalk later verbeter moet word en 'n finansiële instansie gaan nie geld leen teen 'n eiendom wat aan fideikommis onderhewig is as sekuriteit nie. Die belanghebbendes sal dan hof toe moet gaan (Abrie et al., 1991:88-112).

Die praktyk het egter getoon dat omstandighede werklik uitsonderlik moet wees voor fideikommisvoordele die nadele oorskry. Vir belastingdoeleindes is daar geen voordele betrokke by fideikommis nie. Die waarde van die fideikommis word by die boedel getel en só word boedelbelasting verhoog (Abrie et al., 1991:88-112).

Deur eiendom in 'n trust te plaas waar die regte in die trustee vestig om met die trustbates na goeddunke te handel – met slegs 'n konsultasie of met goedkeuring van slegs 'n bepaalde begunstigde, indien verkies – word daar 'n buigsaamheid geskep wat nie by een van die eenvoudigste oordragte geskep kan word nie. Die trustee bring ook 'n onpartydige siening in die prentjie, of die

eiendom verkoop of behou moet word. Daar kan ook gesê word dat die buigsaamheid in die verdeling van die inkomste en kapitaal, wat ook 'n doel is by boedelbeplanning, ook belastingvoordele vir die boedelbeplanner bring (Anon, 1994c:66).

#### **B.4 Annuïteite**

Dit is waar die beplanner sy boedel of die bates daarin by sy dood aan 'n erfgenaam oordra, maar ook wens dat 'n tweede begunstigde direk of indirek inkomste vanaf die bate verkry vir 'n sekere tydperk tot 'n bepaalde gebeurtenis plaasvind (Dawson, 1996:64-70).

Daar is geen statutêre omskrywing vir 'n jaargeld (annuïteit) nie. Die hof het egter die elemente van 'n jaargeld soos volg saamgevat:

- “a) that it is an annual payment;***
  - b) that it is repetitive – payable from year tot year for, at any rate, some period;***
  - c) that it is chargeable against some person...”.***
- (ITC 761 19 SATC 103 op 106).

Hierdie siening is deur die Appèlhof bekragtig in SIR v Watermeyer 1965 (4) SA 431(A). Die jaargeld vorm ook 'n bate in die boedel.

- 'n Jaargeld ontstaan gewoonlik deur 'n reëling met 'n versekeringsmaatskappy waar die pensioen deur 'n uittree-annuïteitsfonds betaal word. Die begunstigde ontvang 'n enkelbedrag en 'n jaargeld vir 'n termyn. Die enkelbedrag is onderhewig aan boedelbelasting, maar die pensioen is dan vrygestel.
- Indien bates aan iemand bemaak word met die voorwaarde dat hy 'n jaargeld aan iemand anders moet betaal uit die inkomste wat van die bate ontstaan, is hierdie inkomste bruto inkomste in die hande van die erfgenaam. Omdat die jaargeld kapitaal van aard is, kan die erfgenaam ook nie die bedrag van sy inkomste aftrek nie.

Die erfgenaam betaal dus belasting op sy volle belasbare inkomste en die jaargeldontvanger moet ook belasting betaal op dit wat hy ontvang (Olivier, 1989:237-238).

'n Jaargeld word dus as 'n belastingnadeel beskou (Abrie et al., 1991:88-112).

## **B.5 Liefdadigheids-, opvoedkundige- of godsdienstige organisasies**

Bemakings aan 'n liefdadigheids-, opvoedkundige- of godsdienstige organisasie kan belastingvoordele inhou omdat so 'n bemaking vrygestel is van boedelbelasting (Abrie et al., 1991:88-112).

## **C) ANDER TEGNIEKE**

### **C.1 Versekering**

Indien versekering gebruik word om na die afhanklikes om te sien, is dit meer doeltreffend as die afhanklike die bevoordeelde van die polis is, of as die polis aan hom/haar gesedeer word. Wanneer die polis aan die boedeleienaar betaal word, sal die eksekuteur eers die boedel verdeel, en indien daar nog geld beskikbaar is, sal die begunstigdes die geld kry. Die eksekuteurskoste moet dan ook nog by die polisbedrag gevoeg word, wat die polisbedrag verder verminder (Abrie et al., 1991:88-112).

Volgens Henckert, direkteur van Coopers & Lybrand, (1997:19) is daar egter gevare verskuil in die metode waar polisse aan 'n trust gesedeer word.

Waar die versekerde lewe van 'n polis eindig deur die dood, bepaal die Boedelbelastingwet, 45 van 1955 dat die polisvoordeel 'n geagte bate in die boedel van die versekerde lewe is. Premies wat op die polis inbetaal word, word van die geagte bate afgetrek. Waar die beplanner dus 'n redelike tyd na sessie van die polis aan die trust te sterwe kom, kan dit gebeur dat die boedelbeplanningsoogmerk ongedaan gemaak word, aangesien die leningsrekening sowel as die dekkingsbedrag boedelbelasbaar gaan wees.

Dié probleem kan redelik maklik opgelos word deur 'n wysiging op die polis, byvoorbeeld die byvoeging van bykomende lewens aan te bring of om 'n spesifieke tipe polis vir die belegging, byvoorbeeld 'n uitkeerpolis sonder 'n versekerde lewe, te gebruik. Die probleem sal uiteraard slegs ter sprake kom waar die boedelbeplanner voor die uitkeerderdatum van die polis sterf.

Wanneer 'n polis uitgeneem word deur 'n *inter vivos*-trust, sal die opbrengs van die polis in die trust vestig en nie in die lede van die oorerfede se familie nie. Die boedels van die lede van die familie sal dus nie verhoog word nie en daar sal ook nie 'n tweede aanspreeklikheid vir boedelbelasting vorm wanneer hulle sterf nie (Silke & Steyn, 1984:77-78).

Lewensversekering speel 'n baie belangrike rol in boedelbeplanning. 'n Lewensassuransie is 'n versekeringskontrak waar die versekerde verwag dat daar vir die betaling van paaiemente 'n verpligting ontstaan om aan 'n spesifieke persoon 'n bedrag geld op spesifieke tye, of 'n ander voordeel uit te betaal, by die dood van 'n persoon of na die afloop van 'n spesifieke periode (Dawson, 1996:42-49).

Daar is 'n aantal redes waarom 'n boedelbeplanner 'n lewenspolis sal wil uitneem. In die meeste gevalle is dit vir die voorsiening van likiditeit by die beplanner se dood of vir die voorsiening van bykomende kapitaal of inkomste vir sy afhanklikes (Dawson, 1996:42-49).

## **C.2 Huur**

Soms wil 'n boedeleienaar sy bates gedurende sy leeftyd benut, maar uiteindelik aan 'n bevoordeelde oordra. Vervolgens word gekyk na 'n voorbeeld om die situasie makliker te verduidelik.

'n Boer wil graag die inkomste van sy plaas vir sy lewensbehoefte hê, maar hy wil die plaas aan sy seun gee om daarop te boer. Die plaas kan dan deur 'n kontrak aan die seun verhuur word, sodat die seun die plaas kan beheer en die

boer die eienaar van die plaas bly en die inkomste daaruit verdien. Die kontrak kan byvoorbeeld bepaal dat alle aandeel aan die seun behoort omdat hy die vee versorg. So kan 'n boedel geleidelik kleiner gemaak word en minder boedelbelasting betaal word. Die kontrak kan ook bepaal dat die seun geregtig is op die plaas se surplusinkomste. Inkomstebelasting word dan bespaar, omdat die inkomste onder méér mense verdeel word (Abrie et al., 1991:88-112).

### **C.3 Aanwasbedelings**

Indien een gade baie meer as die ander gade besit in 'n huwelik buite gemeenskap, kan die eienaar van die groter boedel sy boedel verklein deur die aanwasbedeling terugwerkend op die huwelik van toepassing te maak (Abrie et al., 1991:88-112).

Só kan die boedel tussen die twee eggenotes verdeel word. Daar moet egter onthou word dat boedelbelasting met die skenking of bemaking aan 'n eggenoot net boedelbelasting uitstel tot die eggenoot sterf.

### **C.4 Saamgesmelte boedels**

Volgens Urquhart and Davis (soos aangehaal deur Dawson (1996:69) kan 'samesmeltings' soos volg opgesom word:

***"... occurring when two or more parties, in a joint will, consolidate their property or part of their property into one massed estate for joint disposition on the death of the survivor, or possibly subject to other conditions".***

Die algemene doel van samesmeltings is om die bates van beide eggenotes ongeskonde aan 'n bepaalde begunstigde oor te dra, terwyl die bates beveilig word vir die oorlewende eggenoot se gebruik en genot gedurende sy leeftyd (Dawson, 1996:64-70).

Die mees algemene kenmerke van die samevoeging van boedels is die volgende:

- Die betrokke partye moet duidelik in 'n saam opgestelde testament voorsiening maak vir die samevoeging van die hele of gedeelte van hul boedels. Die voordele wat aan die oorlewende toeval, is gewoonlik dat die oorlewende 'n lewenslange reg op die inkomste van die saamgevoegde boedels het.
- Met die afsterwe van die eerste eggenoot, moet die oorlewende besluit of hy wil aangaan met die saamgevoegde boedels en die voordele aanvaar waarop hy geregtig is.
- Indien hy besluit om die voordele onder die saamgevoegde testament te aanvaar, het hy 'ge-adiëer'. Die wetlike aspek van adiasie is dat die eienaarskap van die saamgevoegde eiendom oorgedra word aan 'n eksekuteur wat dan die boedel moet administreer. Die oorlewende word dus in die saamgevoegde eiendom van sy eienaarskap beroof.
- Indien die oorlewende nie die voordele aanvaar nie - hy wil dus nie adieer nie - is hy op geen voordele volgens die testament geregtig nie. Hy behou egter sy eienaarskap oor sy eie eiendom. Die boedel van die eerssterwene word dan op die gewone manier afgehandel volgens die terme van die saamgevoegde testament.

Die grootste nadeel van samesmelting vir boedelbeplanning is dat die beplanner nie seker sal weet of die oorlewende eggenoot dalk die samesmelting kan verwerp nie (Dawson, 1996:64-70).

Die gebruik van hierdie metode as 'n doeltreffende boedelbeplanningsinstrument is beperk. Eerstens vereis dit 'n veronderstelling dat die eggenoot eerste sal sterf, en tweedens stel dit slegs die boedelbelasting uit tot die oorlewende sterf. Boedelbelasting word dus nie vermy nie (Dawson, 1996:64-70).

#### **D) *INTER VIVOS-TRUSTTEGNIK***

Die werking van die plan is betreklik eenvoudig. Deur 'n ooreenkoms tussen die boedeleienaar en 'n derde party – gewoonlik 'n grootouer – word 'n trust ten

behoewe van die afhanklikes opgerig met 'n skenking van 'n nominale bedrag. Die boedeleienaar en sy vrou word as trustees aangestel, sodat die boedeleienaar steeds beheer oor die trust en trustgoed het sonder dat hy in sy persoonlike hoedanigheid eiendomsreg oor die trustgoed het. Hy kan dus nou sy vinnig groeiende eiendom aan die trust verkoop teen 'n lening (Abrie et al., 1991:88-112).

Indien 'n trust by boedelbeplanning aangewend word, moet daar eers beplan word en alle moontlike inligting moet ingesamel word. Die regsposisie wat betrokke is, moet bepaal word. 'n *Inter vivos*-trust kan opgerig word vir dieselfde behoeftes van die beplanner as by 'n testamentêre trust. Hierdie trust word egter ook vir besigheidsdoeleindes gebruik, of vir nouer gefokuste boedelbeplanning soos die besparing van inkomste- of boedelbelasting (Olivier, 1989:233-234).

Die boedeleienaar wat boedelbelastingprobleme het en wie se bates deur sy opvolgers in titel na sy dood moet aanhou produseer, bevind hom dikwels in die posisie dat as hy nie gedurende sy lewe stappe doen om boedelbelasting hok te slaan nie, sy opvolgers beswaarlik die mas sal opkom (Olivier, 1989:245-252).

Die hoofprobleem van boedelbelasting is dat die boedel nie likied genoeg is nie. Dit beteken dat die boedel nie die boedelbelasting en ander kostes wat met die begrafnis gepaard gaan, sal kan betaal nie en dat daar van die bates verkoop sal word om hierdie skulde te kan delg.

Die *inter vivos trust*-kan met die volgende doel opgestel word:

#### **D.1 Die versorgingsdoelwit**

Hierdie trust is geskik om die versorging van die afhanklikes te reël. Die verskil tussen die *inter vivos*- en testamentêre trust is dat die boedeleienaar reeds gedurende sy leeftyd hierdie trust implementeer en ook aanpassings kan doen indien nodig. Hier behoort ook meer bates beskikbaar te wees as by die

testamentêre trust omdat die bates in sekere omstandighede teen verliese en onnodige betalings beskerm word (Abrie et al., 1991:88-112).

Voorbeeld 7.4 (p. XXI-XXIII) dui op die voordele wat 'n persoon kan geniet indien hy 'n *inter vivos*-trust vir boedelbeplanning sou opstel. (Kyk voorbeeld 7.6 (p. XXIV-XXVII) vir 'n uiteensetting van 'n boedelplan vir die versorging en onderhouding van 'n boedelbeplanner se familieledes en bates).

## **D.2 Beskermingsdoelwit**

'n Nuwe projek wat dalk in die begin belowend kan lyk, kan ook tot insolvensie aanleiding gee. Om die bates teen toekomstige skuldeisers te beskerm, kan die bates in 'n trust geplaas word. Die eisers sal slegs geregtig wees om teen die leningsrekening van die trust te eis, dit wil sê die verkoopprijs van die bates (Abrie et al., 1991:88-112).

Indien 'n begunstigde van 'n boedeleienaar 'n swak finansiële oordeel het, kan hy deel in die inkomstes van die bates van die trust as begunstigde, sonder dat hy die bates kan beheer of vervreem (Abrie et al., 1991:88-112).

## **D.3 Inkomstebelasting**

### **(a) Berekenings- en besparingswyse ten opsigte van Inkomstebelasting**

Die belangrikste doelwit by boedelbeplanning is die versorging van die afhanklikes. Indien daar belasting ook gespaar kan word, is dit 'n bonus. As gevolg van die trust se belasbaarheid sodat inkomste tussen die bevoordeeldes en trust verdeel word, is inkomstebelastingbesparings oor die langtermyn by 'n boedelplan moontlik. Die inkomste van die bevoordeeldes word dus so bepaal dat die laagste koers op die belastingglyskaal benut kan word. 'n Persoon wat dus in 'n baie hoër glyskaal val, kan wettiglik sy inkomste laat toeval aan 'n persoon wat op 'n laer glyskaal belas word. Op die manier vind daar dus Inkomstebelastingbesparing plaas (Abrie et al., 1991:88-112).

Daar moet egter in gedagte gehou word dat artikel 7 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 van toepassing kan word wanneer skenkings aan 'n trust gedoen word.

**(b) Aanspreeklikhede van die betrokkenes**

**i. Die oprigter**

Die aangewense persoon om 'n trust op te rig, is 'n onafhanklike persoon wat na die skenking niks verder met die boedelplan te doen het nie. Die oprigter sal dus nie vir trustinkomste aanspreeklik wees nie en indien die skenking klein genoeg is, sal daar ook geen skenkingbelasting ter sprake wees nie.

'n Ideale voorstel is dat die grootouer die oprigter van 'n trust moet wees ten gunste van die kleinkinders. Wat hier van belang is, is dat die verhouding tussen die bevoordeeldes en oprigter van so 'n aard moet wees dat daar geen ongewone transaksie sou wees volgens artikel 103 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 nie. Dit sal geensins ongewoon voorkom indien die grootouer 'n skenking aan die kleinkinders doen nie (Abrie et al., 1991:88-112).

**ii. Die trustee**

Die trustee word nie in sy persoonlike hoedanigheid op die trustinkomste belas nie, hy word wel belas op die vergoeding wat hy verkry uit sy dienste gelewer as trustee. Indien die oprigter van 'n trust 'n skenking doen en hy die enigste trustee is, kan hy deur artikel 7(7) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 belas word, omdat hy beheer oor die bates het (Abrie et al., 1991:88-112).

Wanneer die skenker nie beheer oor die bates het nie en 'n skenking doen, sal artikel 7 steeds van toepassing wees.

**iii. Bevoordeelde**

'n Bevoordeelde is op inkomste belasbaar wanneer hy 'n gevestigde reg op daardie inkomste verkry en as die inkomste nog nie voorheen belas was nie (Abrie et al., 1991:88-112).

Wanneer 'n bevoordeelde kapitale bates uit die trust verkry, sal dit geag word 'n vervreemding van bates wees en sal kapitaalwinstbelasting betaalbaar wees deur die begunstigde. Individue het egter 'n vrystelling van R10 000 op kapitale wins.

#### **D.4 Boedelbelasting**

Die mikpunt by boedelbeplanning is om die boedel van 'n boedeleienaar onder 'n R1 miljoen te kry, of indien dit dan nie moontlik is nie, om die boedel te verklein. Die boedel kan verklein word deur bates aan 'n instansie – soos 'n trust – oor te dra wat nie kan sterf nie (Abrie et al., 1991:88-112).

Dit is 'n absolute noodsaaklikheid dat die boedelbeplanner sal weet watter eiendom in sy boedel getel sal word, watter aftrekkings toegelaat word en hoe eiendom in die boedel gewaardeer word (Dawson, 1996:51).

Om 'n boedel te verklein, kan bates aan die trust oorgedra word deur:

##### **i) Skenkings**

Indien daar 'n skenking aan 'n trust gedoen word, is skenkingbelasting van 20% betaalbaar. Boedelbelasting is ook 20% en daarom is dit sinneloos om 20% te betaal om later 20% te bespaar (Abrie et al., 1991:88-112).

Die doelwit van die beplanning om die groei van die boedel te beperk, is egter bereik.

Om bates aan 'n trust te skenk, is die natuurlike gevolg van die rol van 'n oprigter van 'n *inter vivos*-trust. Die skenking het boedelbelastingimplikasies en daarom is dit gepas om te kyk na die faktore wat aanleiding kan gee tot die doen van skenkings. Die volgende is die belangrikste:

- 1) Alle individue se eiendom bestaan uit die volgende soorte bates naamlik:
  - a) Bates wat met inflasie groei, dit is bates waarvan die geldelike waardes meer word, byvoorbeeld eiendom; en

- b) bates wat nie in waarde toeneem nie, maar wel afneem, byvoorbeeld voertuie en kontantbates.
- 2) Indien daar bates vir die beskerming van afhanklikes opsygeskuif word, moet daar onthou word dat die afhanklikes se kontantbehoefte met inflasie sal styg. Daarom is dit belangrik om eerder bates wat styg in waarde, opsy te sit vir die beskerming van die afhanklikes.
- 3) 'n Goeie manier om boedelbelasting te bespaar, is om bates wat in waarde toeneem, uit die boedel te hou. Boedelbelasting word op die netto boedel bereken en hoe kleiner die boedel dus is, hoe minder belasting sal betaal word (Swart et al., 1985:205-206).

Die volgende nadele is betrokke wanneer 'n persoon sy bates net sou weggee:

- Die skenker verloor sy beheer oor die bate;
- 'n soortgelyke boedelbelastingprobleem word geskep vir die persoon wat die bate ontvang; en
- daar moet skenkingbelasting betaal word.

Dit is gewoonlik onaanvaarbaar vir 'n persoon om sy boedel prys te gee, en dus kan iemand nie maklik oortuig word om sy bates weg te gee nie (Huxham & Haupt, 1996:532).

## ii) **Verkoop van bates**

'n Beter manier om bates aan 'n trust oor te dra, is om die bates aan die trust teen markwaarde te verkoop. Die waardeverhogings sal dan aan die trust toeval en nie die boedel van die boedeleienaar nie. Daar moet egter opgelet word dat die boedeleienaar nie nou of in die toekoms 'n reg op die trustgoed het nie, anders sal die waarde van die trustgoed by die boedel gevoeg word (Abrie et al., 1991:88-112).

'n Bate kan nie verkoop word teen 'n waarde wat laer is as die markwaarde nie, anders sal die bate skenkingbelasting trek. Die verkope van die bate kan nie die aanspreeklikheid van boedelbelasting heeltemal uitsluit nie, maar die boedel

kan wel beperk word tot die verkoopprijs van die bate. Omdat 'n bate se waarde oor die jare sal verhoog, kan baie boedelbelasting bespaar word.

Kapitaalwinsbelasting sal egter op die wins met verkoop van bates gehef word. Wanneer die kapitale bates onmiddellik in die begunstigdes vestig, vestig die bates teen markwaarde in die begunstigdes. Sodra die bates weer verkoop word, sal die begunstigdes verantwoordelik wees vir kapitaalwinsbelasting op die groei van die bates.

#### **D.5 Ander belasting**

Boedelbeplanningstegnieke is daarop gemik om inkomste- en boedelbelasting te bespaar. Die boedelbeplanner moet dus seker maak dat hy nie as gevolg van sy beplanning aan ander belasting soos seëlregte, hereregte of belasting op toegevoegde waarde onderworpe raak nie. Hierdie belastings sal egter nie verder bespreek word nie.

#### **D.6 Minderjariges**

Elke familiemaatskappy het ouers en kinders as aandeelhouders met beheer in die ouers se hande. Die kinders word dus eienaars van aandele, wat dit vatbaar maak vir beslaglegging.

Hierdie tipe regte kan ook vir kinders in 'n trust geskep word, met dié verskil dat hulle nie dadelik eiendomsreg van die trustbates verkry nie. Die bates kan dus nie gesedeer, verbind, verpand of onteien word nie (Olivier, 1989:245-252). Kapitaalwinsbelasting moet egter in gedagte gehou word as bates nie direk in die begunstigdes vestig nie.

Somtyds nomineer 'n beplanner 'n minderjarige as die begunstigde vir die opbrengs van 'n assuransiepolis. Dit word gedoen sodat die opbrengs nie in die boedel sal val nie en eksekuteurskoste vermy kan word. Uit die oogpunt van die minderjarige begunstigde kan dit as duursame beplanning beskou word, omdat die oorlewende ouer totale beheer oor die kontant het. Dit is moontlik

dat 'n oneerlike voog die opbrengs van 'n polis vir die eksekuteur kan verberg sodat dit nie in die boedelstate of boedelbelastingopgawe getoon word nie. 'n Trust sal hierdie opbrengste beskerm (Dawson, 1996:56-58).

#### **D.7 Sakedoeleindes**

Die trust is veral gewild in die sakewêreld waar 'n aantal persone hul kragte en geld bymekaar wil gooi met die oog op die verkryging van 'n bate tot almal se voordeel, die belegging van geld en later die verdeling daarvan. By 'n vennootskap word die lede tot 20 beperk, maar by 'n trust is die begunstigdes onbeperk (Olivier, 1989:245-252).

#### **D.8 As die houer van minerale regte of onverdeelbare landbougrond**

Omdat trustees beskou word as 'n liggaam vir die doeleindes van grondregistrasie, is die trust 'n gerieflike houer van dié soort eiendom. Die trust is veel goedkoper as 'n maatskappy om in stand te hou, omdat daar nie jaargeld betaalbaar is nie en ook omdat geen geouditeerde finansiële state vereis word nie (Olivier, 1989:245-252).

#### **D.9 As eienaar van 'n gebou**

'n Groep sakemanne kan hul eie gebou hê waarin hulle sake doen. Die trust is ideaal vir so 'n situasie.

Byvoorbeeld:

Daar is tien vennote wat 'n gebou aanskaf om hul onderneming in te bedryf. Die eienaar van die gebou is 'n trust met 'n raad van trustees wat uit die geledere van die vennootskap saamgestel is. Die begunstigdes van die trust is elk van die tien vennote se familietrust. Elke familietrust se begunstigdes is die kinders van elke vennoot en die trustees is 'n lid van elke familie. Die vennootskap huur die gebou by die trust om die lening en rente af te betaal.

Die huur is 'n normale uitgawe vir die vennootskap en is dus aftrekbaar van die belasbare inkomste van die vennote. Die verhuurder, naamlik die hooftrust,

moet op die inkomste wat hy ontvang, belasting betaal, maar as gevolg van die geleibuisbeginsel word die inkomste na die tien trusts van die begunstigdes oorgedra. Die familietrust dra egter weer die inkomste oor aan hul begunstigdes sodat daar aan die einde 'n voordelige inkomstebelastingstruktuur bewerkstellig word wat help om die gebou af te betaal (Olivier, 1989:245-252). (Sien Figuur 6.2 (p. 288) vir 'n voorbeeld van die besit van eiendom).

#### **D.10 Skadevergoeding betaalbaar aan minderjariges**

Stappe kan gedoen word om 'n trust vir minderjariges of 'n persoon wat byvoorbeeld breinskade opgedoen het, op te rig. Soms word die geld net oorgedra aan 'n ouer of voog wat dalk nie opgewasse is om dit te kan hanteer nie (Olivier, 1989:245-252).

#### **D.11 As 'n werktuig om eiendomme onderling uit te ruil**

Indien partye onderling, sonder 'n trust, uitruilings van eiendom soos plase wil doen, sal oneindig baie oordragte en oordragkoste betaal moet word om die gewenste resultate te verkry (Olivier, 1989:245-252).

Wanneer eiendomme tussen persone geruil sou word, is dit 'n vervreemding van eiendom en kapitaalwinstbelasting is daarop betaalbaar.

### **6.9 ANDER BOEDELBEPLANNINGSINSTRUMENTE**

Tesame met die trust, is daar 'n hele aantal instrumente wat deur die beplanner gebruik kan word om die administrasie van sy boedel meer doeltreffend te maak. Sommige van die instrumente is slegs om boedelbelasting te vermy.

#### **i) Maatskappye en beslote korporasies**

Die waardes van die bates in die boedel sal nie vasgepen word indien bates gedurende die beplanner se leeftyd aan 'n maatskappy of beslote korporasie oorgedra word en die onderneming groei nie. Die aandele of belang sal groei namate die waarde van die bates in die onderneming groei. Die struktuur en

aandeelhouding in die onderneming sal egter afhang van die behoeftes en persoonlike omstandighede van elke beplanner (Dawson, 1996:64-66).

## **ii) Huwelikstatus**

Die keuse van huwelikstatus is 'n baie belangrike besluit by die beplanning van 'n boedel. 'n Huwelik buite gemeenskap van goedere kan boedel- en skenkingbelasting vermy (Dawson, 1996:64-66).

'n Belangrike beplanningsmetode vir egpare buite gemeenskap van goedere is om skenkings aan gades te doen wie se boedel nog kleiner is as R1 miljoen. Daar is geen skenkingbelasting op skenkings tussen gades nie en daardeur kan die R1 miljoen-aftrekking wat vir elke gade geld, benut word. Op die manier kan die gade met die R1 miljoen-boedel bates regstreeks aan kinders of testamentêre trusts bemaak sonder dat enige boedelbelasting daarop gehef sal word. Daar kan egter seël- en hereregte betaalbaar wees op skenkings tussen gades. 'n Professionele boedelbeplanner kan help om bates uit te soek waaraan daar minder of geen koste verbonde is nie (Troost, 1999:33).

## **iii) Bemaking aan 'n eggenoot**

Artikel 4(q) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 bepaal dat die waarde van eiendom wat aan die eggenoot toeval en wat nie as 'n aftrekking toegelaat is nie, as 'n aftrekking toegelaat word, behalwe as daar van die ontvanger verwag word om die eiendom aan iemand anders oor te dra (Dawson, 1996:64-70)

## **iv) Eiendomsreg en beheer oor bates**

Die eenvoudigste manier om boedelbelasting te verminder, kan bewerkstellig word deur die eiendomsreg van bates en die beheer van die bates te skei. Hier sal die eienaar afstand doen van die eiendomsreg van die bates ten gunste van die bevoorrede, en die trustees (ingesluit die eienaar) behou steeds beheer oor die bates (Abrie et al., 1991:61).

## **6.10 ADMINISTRATIEWE PROSEDURES BY BOEDELBEPLANNING**

Die testateur se wense moet duidelik en ondubbelsinnig in die testament vervat wees (Huxham & Haupt, 1996:539).

By die beplanning en administrasie van 'n boedel is likiditeit 'n vereiste. 'n Tekort aan likiditeit is die grootste bedreiging vir die wense van die testateur en veroorsaak ook probleme vir die eksekuteur en erfgename. In kort is die prosedures vir die likwidasie van die boedel soos volg:

- rapportering van die boedel;
- bepaling van bates;
- aanwysing van die eksekuteurs;
- advertensie vir die debiteure en krediteure;
- 'n boedelbankrekening moet geopen word;
- betaling van skulde;
- opstel van die likwidasie en distribusierekeninge;
- adverteer van rekeninge;
- die boedelbelastingopgawe moet ingevul word;
- die betaling van die erfgename;
- verdeling van die oorblywende bates aan die begunstigdes; en
- die opheffing van die eksekuteursamp (Dawson, 1996:37-39).

## **6.11 KENMERKE VAN 'N GOEIE BOEDELPLAN**

'n Goeie boedelplan het die volgende kenmerke:

- a) Die eienaar moet vir boedelbelastingdoeleindes afstand doen van die bates, terwyl hy steeds in 'n mate beheer daaroor het deur een van die trustees te wees. Die boedeleienaar moet egter nie die enigste trustee wees nie.
- b) Om te vermy dat die begunstigde met dieselfde boedelbelastingprobleem sukkel, moet die begunstigde nie oor 'n gevestigde reg oor bates beskik nie. Die begunstigde kan wel oor 'n gevestigde reg op die kapitale bates beskik om kapitaalwinsbelasting te beperk. Daar moet egter in gedagte

- gehou word dat wanneer die begunstigde 'n gevestigde reg op die kapitale bates het, die bates by die begunstigde se boedel ingesluit sal word.
- c) Skenkingbelasting moet vermy word omdat dit 'n kontantvloeiprobleem kan veroorsaak (Huxham & Haupt, 1996:532).
  - d) 'n Boedelplan moet altyd genoeg buigsaamheid bevat sodat die plan verander kan word indien sodanige situasies ontstaan wat verandering vereis, byvoorbeeld dat die wet verander.
  - e) Die testament moet gereeld nagegaan en veranderings aangebring word volgens die boedeleienaar se persoonlike en finansiële behoeftes (Price Waterhouse; 1988:199-200).
  - f) Billikheid tussen begunstigdes moet in ag geneem word sodat daar nie onmin tussen die begunstigdes veroorsaak word nie. Die waardes van bates moet in die geval in ag geneem word. Bates wat byvoorbeeld nou dieselfde waarde het, kan miskien later in waarde verskil. Daar kan moontlik in die testament bepaal word dat die begunstigdes gelykop moet erf, sodat dié probleem oorkom kan word (Abrie et al., 1991:82-84).
  - g) Geskikte voorsiening moet gemaak word vir die behoeftes van die beplanner en sy afhanklikes gedurende sy lewe.
  - g) Voorsiening moet gemaak word vir laste wat sal bestaan in die boedel by die afsterwe van die beplanner (Dawson, 1996:1-2).

## **6.12 TRUSTS, BOEDELBELASTING EN BOEDELBEPLANNING**

Volgens Van der Westhuizen (1998c:4) gebeur dit dikwels dat 'n trust vir 'n persoon opgerig word maar dat die trust nooit deel van die persoon se totale boedelplan vorm nie. Die trust behoort 'n integrale deel van 'n persoon se totale boedel te vorm en die trust wat in die lewe opgerig word, behoort uiteindelik ook in die testament as 'n erfgenaam gehanteer te word. Alle bevoegdhede moet só benut word dat die maksimum voordele uit die trust verkry kan word. Die testamentopsteller moet dus behoorlike kennis van die

bepalings van die trustakte hê om die insluiting daarvan in die boedel sinvol te maak.

Dit is van deurslaggewende belang dat geen stappe by die boedelbeplanning in isolasie gedoen moet word nie. Daar is verskeie instrumente wat by boedelbeplanning gebruik kan word. Trust of familiemaatskappye kan gestig word of daar kan van skenkings gebruik gemaak word (Coetzee, 1996a:6).

Trusts is 'n gewilde instrument wat by boedelbeplanning gebruik word. Die trust is buigsaam en sal gewoonlik by enige van die beplanner se hoofdoelstellings inpas.

Volgens Dommissie (1997a:15) is boedelbelasting seker een van die hoofredes vir die oprigting van 'n trust, hoewel daar ook verskeie ander redes soos kontinuïteit van bates en beskerming van bates in die geval van insolvensie en hertroue is.

Boedelbelasting is wel 'n belasting wat deur die stigting van 'n trust bespaar kan word. Omdat 'n trust nie kan sterf nie, is boedelbelasting nie betrokke nie (Dommissie, 1997b:19). Kapitaalwinsbelasting sal egter betaal word wanneer die bates verkoop of aan die begunstigdes oorgedra word.

By die beplanning en aanwending van 'n trust by boedelbeplanning moet daarteen gewaak word dat die hoofdoel nie uit die oog verloor moet word nie. Indien die belastingaspek oorbeklemtoon sou word, kan die trust as 'n skema van belastingontduiking gesien word. Die trust sal dan deur die belastingwetgewing, wat belastingontduiking verhoed, gekortwiek word (Swart et al., 1985:204).

Boedelbelasting is eers betaalbaar op die waarde van 'n boedel wat R1 miljoen oorskry. Die korting van R1 miljoen word nie jaarliks aangepas nie en 'n boedel beweeg dus al hoe nader aan die kerf, tensy iets daaromtrent gedoen word.

Volgens Beeton (1998:4) is daar verskeie maniere om boedelbelasting te versag:

***“'n Belangrike oorweging is die stig van 'n trust. Indien jy binnekort 'n kuseiendom wil koop, is dit raadsaam om dit te oorweeg om die transaksie in die naam van 'n trust te beklank, eerder as in jou eie naam. Die trust word so gestruktureer dat die koopsom van die eiendom, ongeag die markwaarde daarvan, in jou boedel weerspieël word wanneer jy tot sterwe kom. Op die manier kan jy die groei in die waarde van jou boedel beperk”.***

Wanneer die trust die eiendom in die begunstigdes laat vestig, is kapitaalwinsbelasting deur die begunstigdes betaalbaar. Wanneer die begunstigdes later die eiendom wil verkoop, sal kapitaalwinsbelasting net op die eiendom se groei bereken word. Dit is dus beter om die kapitale bates so gou moontlik aan die begunstigdes toe te ken.

Die stig van 'n trust is nie aanbeveelbaar nie indien dit onwaarskynlik is dat die waarde van eiendom sal vergroot.

***“Onthou dat daar kostes verbonde is aan die stig van 'n trust en die oordrag van eiendom daarna. Om die kostes te dek sal die waarde van jou eiendom aansienlik moet groei. Die trust sal ook lank moet funksioneer en daarom maak dit nie sin vir 'n bejaarde om eiendom na 'n trust oor te dra nie. Die koste daaraan verbonde is eenvoudig te groot”.***

(Beeton, 1998:4).

Alle bates moet egter in ag geneem word voor 'n besluit geneem word wat met die eiendom gedoen wil word. Indien bates besit word wat in waarde groei, byvoorbeeld 'n aandeelportefeulje, sal dit raadsaam wees om eerder die aandeelportefeulje saam met die eiendom in die trust te plaas.

Die bategroei (kapitaal) is nie in die trust belasbaar nie, terwyl dit wel belasbaar is vir boedelbelastingdoeleindes. Hier word spesifiek gepraat van boedelbelasting en nie kapitaalwinsbelasting nie. Die boedel kan verklein en

minder boedelbelasting kan betaal word deurdat bates na die trust oorgedra word.

Die oordragkoste van vaste bates na 'n trust is egter nie kosteloos nie. In die lig hiervan het versekeraars soos Norwich & Fedlife 'n groep konsepte saamgevoeg om 'n produk te ontwikkel wat kan help om 'n boedelbeplanner se belasting, aftrede en boedelbelasting beter te beplan.

Dié konsep behels die kombinasie van die gebruik van 'n *inter vivos*-trust en die R25 000 skenking wat per jaar vrygestel is van skenkingbelasting. Die konsep het egter net betrekking op persone wie se boedel R1 miljoen oorskry. Alle bates wat aan die langsliewende bemaak word, is nie deel van die boedel nie en daar is dus geen boedelbelasting op betaalbaar nie.

Die konsep werk so:

'n *Inter vivos*-trust word geskep indien daar nie reeds 'n trust bestaan nie. Die trust neem 'n uitkeerpolis met 'n minimumpremie van R25 000 per jaar uit. Die man skenk R25 000 jaarliks aan die trust, wat op sy beurt weer die premie van die polis betaal. Na vyf jaar kan geld belastingvry van die trust geleen word om vir persoonlike koste te betaal. Indien die man nou te sterwe kom, is die lening deur die boedel aan die trust terugbetaalbaar. Die boedel word dus kleiner en minder boedelbelasting moet betaal word. Die inkomste op die polis is na vyf jaar belastingvry en kan dus gebruik word om inkomste by aftrede aan te vul. Die inkomste kan bloot onttrek word deur 'n lening teen die polis aan te gaan. Die kapitaal bly dus behoue en 'n belastingvrye inkomste kan verkry word. Die lening word weer eens by afsterwe deur die boedel terugbetaal. Baie belastingbetalers het al hul boedelbelasting drasties verminder deur die gebruik van trusts (Beeton, 1998:4).

Artikel 103 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 sal nie geld nie, omdat die geld wat aan die trust geskenk word, na-belaste inkomste is. Elke persoon is ook geregtig op 'n belastingvrye skenking van R25 000. Na 5 jaar sal die

inkomste by die trust asook die individu belastingvry wees. Daar word slegs deur hierdie skenking afstand gedoen van die bates.

### **6.13 BOEDELBELASTINGVOORDELE BY 'n TRUST**

Die vraag is of die trust steeds na die 1998-veranderings 'n voordeel is vir boedelbeplanning. In voorbeeld 7.5 (p. XXIII-XXIV) waar 'n boer sy plaas aan 'n trust verkoop, word daar uitgewys dat die trust steeds boedelvasspenningsvoordele inhou, ongeag of die trust 'n wins of verlies toon.

Of 'n trust oor enige noemenswaardige boedelbelastingvoordele beskik, word grootliks bepaal deur die regte waaroor die begunstigdes beskik. Volgens Van der Westhuizen (1999e:4) is dit dus nie net die bepalings van die trustakte wat 'n rol by boedelbelasting speel nie.

Hoe minder gevestigde regte die begunstigdes van 'n trust het en hoe meer diskresie daar aan die trustees gegee word met betrekking tot die toekenning of weerhouding van trustinkomste en bates, hoe meer boedelbelastingvoordele gaan dit inhou vir die boedels van die verskillende begunstigdes.

(Sien voorbeeld 7.2 (p. XVII-XIX) vir die voordele wat die trust bied vir die boedeleienaar om sy risiko's ten opsigte van sy familie en onderneming te verminder).

#### **6.13.1 AANKOOP VAN EIENDOM**

Du Toit (1995:18) sê dit is belangrik om te besluit in wie se naam 'n eiendom geregistreer moet word. Dié besluit moet by die aankoop gedoen word, want verdere koste is betrokke as die eiendom later na 'n ander regsentiteit oorgeplaas word. Die belangrikste saak by die keuse van die beste regsentiteit is hereregte, boedelbelasting, sekuriteit en toekomstige verkoop of vererwing.

## **A) EENMANSAAK**

Daar sal laer oordragskoste wees indien die eiendom in die naam van 'n natuurlike persoon geregistreer word. 'n Styging in die markwaarde van die eiendom is egter 'n probleem, want dit veroorsaak 'n ooreenstemmende styging in die boedel van die individu, wat weer 'n styging in boedelbelasting veroorsaak.

## **B) VENNOOTSKAP**

Dit is selde 'n goeie keuse om eiendom in 'n vennootskap te hou. Die eiendom word dan gesamentlik in die name van die vennote geregistreer. Die sekuriteit van die ander vennote word byvoorbeeld beïnvloed indien een vennoot besluit om 'n deel van die eiendom met 'n verband te beswaar.

## **C) MAATSKAPPY**

As die eiendom in 'n maatskappy geregistreer word, sal die toekomstige verkoop van die bate óf aan seëlregte óf aan hereregte en inkomste- of kapitaalwinsbelasting onderworpe wees. Die probleem van boedelgroei kan egter oorkom word deur die aandele in die maatskappy in 'n trust te plaas.

## **D) BESLOTE KORPORASIE**

Indien die eiendom in 'n beslote korporasie se naam geregistreer word, word die probleem van toekomstige oordragskoste oorkom, aangesien geen seëlregte op die oordrag van 'n ledebelang in 'n beslote korporasie betaalbaar is nie. Boedelgroei is egter 'n probleem, aangesien die belang in 'n beslote korporasie nie deur 'n trust gehou kan word nie.

## **E) DIE TRUST**

Onder die huidige wetgewing bly die trust nog die beste keuse, veral as die trust 'n deel van 'n totale skema van boedelbeplanning vir die oprigter vorm. Hereregte vir oordragte na 'n trust is net soos vir die van 'n individu, laer as die van 'n beslote korporasie of maatskappy. Indien die begunstigdes die nageslag van die oprigter is, is die trust 'n geskikte entiteit om in die toekoms te reël vir 'n skema van tyddeling deur die nageslag.

Kapitaalwinsbelasting benadeel die trust ook nie meer as vir 'n maatskappy of beslote korporasie nie. Indien eiendom eers deur die individu gekoop is en aan die trust, maatskappy of beslote korporasie verkoop word, sal die individu by almal kapitaalwinsbelasting moet betaal.

### **6.14 TRUSTS IN PLAAS VAN 'N DIREKTE BEMAKING ONDERHEWIG AAN BEPERKTE REGTE**

Indien 'n eienaar wel vruggebruik, fideikommis of jaargelde by sy eiendom in berekening wil bring, kan daar altyd met vrug gekyk word na die gebruik van 'n trust.

Die bates word bemaak aan die trustee in die trust en verseker dat:

- Die trustee wat die trustadministrasie behartig, met wye magte beklee word;
- die lewensduur van die trust bepaal word; en
- die trustee diskresionêre magte het vir die verdeling van inkomste tussen die begunstigdes.

Indien 'n trust in plaas van vruggebruik, fideikommis of jaargelde gebruik word, word gevind dat:

- Die trustbates deur die trustees deur middel van die trustfondse in stand gehou word en persoonlike oorwegings van 'n tydelike bevoordeelde nie hier ter sprake is nie;
- beperkings wat van toepassing is by die fiduciarius en vruggebruiker is nie hier van toepassing nie, omdat die trustee wye magte het om met die bates te handel;
- die bevoordeelde betaal Inkomstebelasting soos wat hy die inkomste ontvang;
- artikels 7(3) tot 7(7) is nie van toepassing op 'n testamentêre trust nie;
- indien lenings aangegaan moet word om oeste te verseker of om die eiendom in stand te hou, kan dit gebeur; en
- omdat daar diskresionêre magte is vir die verdeling van inkomste, word daar verseker dat die begunstigdes inkomste ontvang met die minimum meegaande inkomstebelastingnadele.

Al die voordele van vruggebruik, fideikommis en jaargelde kan in 'n trust ingebou word, sonder die nadele wat die regsverskynsels op hul eie het (Olivier, 1989:239-241).

## **6.15 DIE TESTAMENTÊRE TRUST IN DIE PRAKTYK**

### **A) GELYKTYDIGE AFSTERWE**

Dit is algemeen om in 'n testament voorsiening te maak vir die gesamentlike dood van die ouers. Dit moet dan ook 'n algemene gebruik wees om met so 'n afsterwe die erfenis nie direk aan die kinders te bemaak nie, maar eerder aan 'n trustee in 'n trust om die bates te kan beheer en bestuur tot die kinders 'n vasgestelde ouderdom bereik het. Hierdie prosedure het baie voordele in vergelyking met 'n direkte bemaking.

Minderjariges is handelingsonbevoeg en direkte bemaking bring mee dat:

- Kontant in die Voogdyfonds inbetaal moet word, soos bepaal deur Wet 66 van 1965. Hier verdien die geld 'n minimale rente tot die begunstigde 21 jaar is, wanneer hy dan die geld sal ontvang.
- Roerende en vaste eiendom sal die verantwoordelikheid van die voog word. Die praktiese administrasie van 'n voog kan baie meer probleme meebring as by 'n trustee.

Indien die bates, byvoorbeeld kontant in 'n trust geplaas word, kan goeie voordele vir die begunstigde beding word deur aan die trustee diskresionêre magte te verleen vir die verdeling van inkomste. Artikel 7(3) tot 7(7) is nie van toepassing op 'n testamentêre trust nie (Olivier, 1989:241-244).

Daar moet ook in gedagte gehou word dat wanneer onroerende eiendom van die minderjarige geadministreer of verkoop word, daar goedkeuring van die Meester verkry sal moet word indien die bedrag onder 'n sekere waarde is, en die goedkeuring van die hof indien die bedrag bo 'n sekere waarde is (Dawson, 1996:56-58).

## **B) BEMAKINGS AAN KINDERS ONDERHEWIG AAN VRUGGEBRUIK, FIDEIKOMMIS EN JAARGELDE**

Indien die boedeleienaar aan sy kinders wil bemaak, maar steeds die R1 miljoen korting wil benut, kan daar van vruggebruik gebruik gemaak word ten gunste van die gade. Die waarde van die vruggebruik is dus aftrekbaar vir boedelbelasting. Die vruggebruik sal egter by die afsterwe van die gade weer in die boedel ingesluit word. Daar moet dus oorweeg word om die vruggebruik slegs vir 'n bepaalde periode te laat geld of dalk met 'n diskresionêre lewenslange inkomste aan die gade te vervang (Troost, 1999:33).

Hierdie verskynsels kan egter onnodige boedel- en inkomstebelastingnadele inhou. Dit is baie beter en eenvoudiger om van 'n testamentêre trust gebruik te maak.

Die voordele by die trust is soos volg:

- a) Boedelbelasting word nie vir bates in berekening gebring wat in die trustee vestig nie, want die bates vorm nie deel van die boedel nie;
- b) 'n vorderingsreg soos by vruggebruik kan ook hier bestaan. Indien die trustee egter diskresionêre magte het vir die verdeling van inkomste het die begunstigde geen gevestigde reg nie, en is daar geen boedelbelasting nie;
- c) inkomste kan verminder word na die behoeftes van die begunstigdes, met die voordeel dat inkomste verdeel kan word tussen meer belastingpligtiges; en
- d) die trustee het wye magte om die bates te beheer en te administreer, dus is daar geen probleme ten opsigte van bates wat onderhewig is aan beperkte regte en nie in die handelsverkeer toegelaat word nie.

Ter illustrasie:

A bemaak sy plaas aan sy twee seuns B en C, onderhewig aan 'n fideikommis ten gunste van hul kinders. Goud word op die plaas ontdek en 'n mynmaatskappy koop die plaas met die toestemming van die hof. Die fiduciarii ontvang die koopprys asook 'n jaarlikse betaling van die mynmaatskappy.

Die fonds, wat die plek van die plaas ingeneem het, staan tans op R3 miljoen, wat 'n inkomste van R360 000 per jaar lewer. B en C is nou verantwoordelik om elkeen op R180 000 inkomstebelasting te betaal. Verder moet daar nog boedelbelasting betaal word by afsterwe op ongeveer R28 miljoen – dit is die waarde van die fideikommis. B en C het elk vier kinders. Indien 'n trust gebruik sou word, is daar 12 belastingbetalers (B, C, 8 kinders en 2 trusts). Baie minder inkomstebelasting is dus deur elkeen betaalbaar en die boedelbelasting word heeltemal uitgeskakel.

- e) Skenkingbelasting wat by beperkte regte betrokke is as die houer daarvan afstand doen, is nie by 'n trust ter sprake nie (Olivier, 1989:241-244).

### **C) LANGSLEWENDE IS ENIGSTE ERFGENAAM**

By klein boedels waar daar geen belastingimplikasies is nie, is selfs vruggebruik, fideikommis en jaargelde ook nie van pas nie. Daar sal ook nie aan 'n trust gedink word nie tensy die langsewende dalk probleme het soos sielkundige afwykings.

By groter boedels is dit onwys om die langsewende die enigste erfgenaam te maak vanweë die belastingimplikasies. Selfs al is die boedel nie so omvangryk nie, behoort 'n trust steeds oorweeg te word (Olivier, 1989:241-244).

### **D) ANDER GEVALLE**

Die testamentêre trust word aanbeel in gevalle waar:

- a) Erfgename handelingonbevoeg is om na hul eie sake om te sien, of waar persone teen hulself beskerm moet word sodat die trustee hul sake kan administreer en beheer;
- b) inkomstebelasting 'n probleem is as gevolg van die inkomste wat uit die bates ontstaan en dit gepas is om die belastingvoordele van 'n testamentêre trust in gedagte te hou;
- c) daar meerdere trusts opgerig word, byvoorbeeld vir elke kind 'n trust. Die voordele is daarin geleë dat daar 'n beter verspreiding van inkomstebelasting is omdat elke trust en die begunstigde 'n belastingbetaler is;
- d) bates kan onbepaald in 'n trust gehou word. By vaste eiendom word egter bepaal, soos by fideikommis, dat onroerende goed tot twee geslagte beperk is vir behoud in 'n trust. Waar opeenvolgende begunstigdes in 'n trust bepaal word, is 'n fideikommis ter sprake, wat boedelbelastingnadele inhou. Hierdie probleem kan egter maklik omseil word deur die trustee

diskresionêre magte vir die verdeling van inkomste te gee. Die mag kan ook aan die trustee verleen word om 'n nuwe trust *inter vivos* te skep, met die begunstigdes en hul kinders as begunstigdes, wat die trustbates uit die eerste begunstigdes se boedel sal hou indien dit wenslik geag word. Trustbates kan dus herhaaldelik van een trust na 'n ander vloei, wat dit moontlik maak dat die trustkonsep met dieselfde bates bykans vir ewig kan bly voortbestaan. Hier sal egter kapitaalwinstbelasting ter sprake wees wanneer die bates van een trust na 'n ander oorgedra word.

- e) Onverdeelde landbougrond wat nie deur meerdere persone in eiendomsreg gehou kan word nie, kan gemaklik in 'n trust gehou word.
- f) Selfs by groot boedels is dit die moeite werd om bates in 'n trust na te laat, hoewel onderhewig aan die langsewende se vruggebruik, ten einde boedelbelasting te bespaar.

Mits daar eers beplan word en daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die testamentêre trust die beste is, kan dit net tot voordeel van die betrokkenes strek. Indien omstandighede later mag verander, kan die trustees die beste besluite neem vir die begunstigdes omdat hul optrede so plooibaar is. Fideikommiss, vruggebruik en jaargelde is nie so elasties soos 'n trust nie, en is dus minder doelmatig. Die testamentêre trust het min, indien enige, nadele mits dit met oorleg en kundigheid gebruik word. Die voordeel is dus die moeite werd indien die testamentêre trust reg bewoerd en deur verantwoordelike trustees beheer word (Olivier, 1989:241-244).

## **6.16 WAAROM 'N TRUST EN NIE 'N ANDER BESIGHEIDSVORM NIE?**

Verwys na Figuur 6.3, (p. 289 - 290) vir 'n uiteensetting van die verskille tussen die besigheidsvorme.

### **6.16.1 TRUSTS EN 'N EENMANSAAK**

Al die inkomste wat 'n eenmansaak ontvang of toegeval het, word belas in die hande van die eienaar, sowel as die inkomste wat die eienaar van ander bronne verkry. Verliese kan afgespeel word teen die eienaar se inkomste. Vir belastingdoeleindes is die eienaar en sy onderneming een (Dawson, 1996:21).

Hierdie ondernemingsvorm speel nie 'n groot rol by boedelbeplanning nie, omdat al die groei van die bates in die boedel plaasvind (Anon, 1996a:12-14).

### **6.16.2 TRUSTS EN 'N MAATSKAPPY**

'n Maatskappy word opgerig met 'n klein aantal gewone aandele en 'n aantal voorkeuraandele. Die gewone aandele word aan die kinders uitgereik teen pari-waarde, terwyl die voorkeuraandele uitgereik word aan die boedeleienaar in ruil vir die bates wat hy aan die maatskappy verkoop. Wanneer die maatskappy opgerig word, verkoop die eienaar sy groeiende bates aan die maatskappy, sodat die groei in sy hande beperk word omdat die voorkeuraandele nie in waarde toeneem nie (Olivier, 1989:252-255).

Met die vaspenning van die boedelgroei, is daar niks fout nie. Die bate behoort nie meer aan die eienaar nie, slegs die bedrag wat aan hom verskuldig is, hetsy by wyse van voorkeuraandele of by wyse van 'n leningsrekening (Olivier, 1989:252-255).

Al wat die aandeelhouders kan verloor, is die bydrae wat hulle tot die maatskappy gelewer het. Die insolvensie van 'n aandeelhouer kan nie die maatskappy beïnvloed nie. Die omgekeerde geld ook.

Die boedelbeplanner is dus beskerm teen skulde wat ontstaan deur aksies van die maatskappy of ander aandeelhouders. Wanneer 'n boedel egter beplan word

✓

moet daar onthou word, dat 'n maatskappy volgens die Maatskappywet nie finansiële hulp aan iemand mag verleen om die aandele te koop nie.

Die nadele van die plan:

1. 'n Maatskappy is 'n regspersoon en dus op sy inkomste belasbaar. Die oorgeblewe winste kan slegs deur dividende uitbetaal word. Daar moet ook belasting op die dividende betaal word. Hier is nie 'n geleibuisbeginsel soos by die trust nie.
2. Onuitgekeerde wins skep probleme by 'n maatskappy. Indien die wins een dag uitgekeer word, moet dit gedoen word deur dividendbetalings wat belasbaar is.
3. Sodra gewone aandele aan die kinders uitgereik word, ontstaan daar boedels vir die kinders. By die trust is daar geen eienaar van die bates tot dit aan die begunstigdes uitgekeer word nie.
4. As verskillende bates in een maatskappy saamgevoeg is, is dit onmoontlik om die bates tussen die aandeelhouders te verdeel, tensy die maatskappy gelikwideer word. Die enigste manier hoe 'n aandeelhouer 'n bate uit die maatskappy kan kry, is om dit te koop. By 'n trust word die bates bloot aan die begunstigdes oorgemaak – dit is 'n verdeling van kapitaal (Olivier, 1989:252-255). Daar sal egter kapitaalwinstbelasting betaalbaar wees op die bates.
5. Koste verbonde aan administrasie en ouditfooië is 'n nadeel wat by maatskappye bestaan. 'n Trust hoef nie geoudit te word nie en daar is ook nie al die administratiewe vereistes wat vir 'n maatskappy volgens die Maatskappywet geld nie.

Volgens Olivier (1989:252-255) is die trust veel bruikbaar as 'n maatskappy. Die trust is plooibaar terwyl 'n maatskappy redelik rigied en strak is. Die feit dat die trust soos 'n geleibuis werk, is rede genoeg om voorkeur daaraan te gee bo 'n maatskappy.

### 6.16.3 TRUSTS EN DIE BESLOTE KORPORASIE

Die hoofdoel van die toevoeging van die beslote korporasie was om die omslagtige voorskrifte van die Maatskappywet uit te skakel en dinge vir die klein sakeman makliker te maak. Die lede is egter beperk tot tien en 'n maatskappy en 'n trust *inter vivos* mag nie lede wees nie. Hoewel die beslote korporasie meer voordele het as die maatskappy, bly die trust steeds aantreklik:

1. Die beslote korporasie is ook verantwoordelik vir die betaling van inkomstebelasting. Na belasting betaal is, kan die wins verdeel word tussen die lede, maar sekondêre belasting op maatskappy is betaalbaar op die winste wat verdeel is.
2. Die beperking op lidmaatskap van tien lede geld nie vir 'n trust nie.
3. Daar is lastige bepalings wat swak met die trust vergelyk, soos: die algemene bevoegdheid van die lede om transaksies aan te gaan wat die beslote korporasie bind, die omslagtige prosedures wat gevolg moet word by die wysiging van die stigtingsverklaring en lede wat aanspreeklik kan wees vir die beslote korporasie se skuld. Die trust is nie opgesaal met hierdie bepalings solank die trustees korrek optree nie.
4. Die verbod op die lidmaatskap van 'n trust *inter vivos* van 'n beslote korporasie beperk die aanwendingsmoontlikhede van die beslote korporasie en stimuleer die gebruik van 'n trust omdat dié beperking nie by 'n trust geld nie.
5. Die algemene plooibaarheid, die gemak waarmee bates uit die trust gehaal kan word en aan die begunstigdes oorgedra kan word, die skeiding tussen die formele eiendomsreg en die voordele wat daaruit voortspruit en die totale afwesigheid van die beperkende statutêre voorskrifte, lewer 'n bydrae tot die gewildheid daarvan (Olivier, 1989:255-256).

### 6.16.4 TRUSTS EN DIE VENNOOTSKAP

Die vennootskap het inherente eienskappe wat die bruikbaarheid daarvan beperk. Dit het 'n beperkte of onsekere lewensduur. Sodra een van die

vennote insolvent raak of tot sterwe kom, beëindig die vennootskap (Olivier, 1989:256-257).

Al die vennote kan deelneem aan die bestuur van die vennootskap en omdat die vennote gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is, 'n moet mense baie versigtig wees voort hulle in 'n vennootskap sake doen (Olivier, 1989:256-257).

'n Voordeel van die vennootskap is dat die vennootskap nêrens geregistreer hoef te word nie en daar ook nie 'n sekerheidstelling soos by 'n trust is nie (Olivier, 1989:256-257).

Die vennoot se belang in die vennootskap is 'n bate in sy boedel. 'n Vennoot kan al sy ander vennote verbind tot 'n kontrak wat hy gesluit het in die naam van die onderneming. Daar is 'n maksimumbeperking van 20 vennote.

Hierdeur kan gesien word dat 'n vennootskap 'n risiko inhou vir die individuele vennoot, asook 'n potensiële bedreiging vir sy boedel (Dawson, 1996:17-18).

Die trust is nie afhanklik van die uittrede of dood van die trustees nie. Die rede waarom 'n trust eerder as 'n vennootskap gebruik moet word, lê egter daarin dat die trust 'n beter inkomstebelastingbedeling kan bewerkstellig omdat die inkomste en uitgawes by 'n vennootskap deurgaans direk in die vennote vestig. By vennootskappe is daar geen ploibaarheid nie (Olivier, 1989:256-257).

## **6.17 TESTAMENTE**

Omdat die primêre korting van R1 miljoen by boedelbelasting nie in die laaste Begroting aangeraak is nie, word boedelbeplanning vir die individu nou uiters belangrik. Erik Troost, senior bestuurder van Sanlam Trust, wys daarop dat die R1 miljoen met die uitwerking van inflasie soos gemeet aan die verbruikersprysindeks, nou slegs R360 000 werd is. Daar is egter 'n aantal

maniere om 'n boedel só te beplan dat boedelbelasting gedeeltelik of geheel en al vermy kan word (Troost, 1999:33).

Een van dié metodes is om 'n testament belastingvriendelik op te stel. Die bewoording van die testament is volgens Troost (1999:33) van groot belang by optimale boedelbelastingverligting. 'n Deskundige moet daarvoor geraadpleeg word.

Volgens Swart (1996:4) word die belangrikheid van 'n testament dikwels misken as instrument vir boedelverdeling. By die meeste egpare word boedels wedersyds aan mekaar bemaak en die eksekuteur word die instansie wat die testament opgestel het. So word die R1 miljoen-korting waarop elke erflater geregtig is vir die besparing van boedelbelasting, nie benut nie. Dit stel net die boedelbelasting uit, aangesien die volle waarde van die bates plus verdere groei by die dood van die langsliewende onderhewig word aan boedelbelasting, teen 'n hoër koers. Aangesien elke gade geregtig is op 'n R1 miljoen korting, is dit net sinvol om dit te benut.

In voorbeeld 7.3 (p. XX-XXI) word die verskil aangedui tussen 'n persoon wat die nodige aandag geskenk het aan sy testament, en 'n persoon wat sy testament verwaarloos het.

Omdat die testament een van die primêre instrumente is wat by 'n boedel gebruik word, is 'n kort samevatting van die testament noodsaaklik. Die hof het die gesag om die testament of 'n gedeelte daarvan te herroep. Die testament sal nadat aan die hof se formaliteite voldoen is, onder die diskresie van die testateur val. Die volgende is 'n los samevatting van die algemene klousules wat in 'n testament vervat is:

- Herroeping – die testament moet 'n klousule bevat dat die laaste testament al die vorige testamente herroep deur die keuse van die testateur.

- **Aanwysing van eksekuteurs** – die testament moet die eksekuteur aanwys. Dit is egter nie nodig nie, maar tog goeie praktyk om ten minste een eksekuteur aan te wys wat baie goeie kennis dra van die administrasie van 'n boedel. Die magte van die eksekuteurs moet ook aangedui word.
- **Aanwysing van begunstigdes en erfgename** – die identiteit van die begunstigdes en erfgename word gewoonlik ingesluit by die klousule waar die bates verdeel word. Die begunstigdes van spesifieke bates is die erfgename en die begunstigdes verkry die oorblywende bates.
- **Minderjariges en 'n testamentêre trust** – waar die minderjariges die erfgename is, is dit aanbeveelbaar dat 'n testamentêre trust opgerig word om te verseker dat die voog nie hoef te voorsien vir die sekuriteit van die minderjarige se bates nie, of om te verseker dat die geld nie in die Voogdyfonds inbetaal hoef te word nie. Die trustee se magte moet hier behoorlik uiteengesit word, sowel as die behoeftes van die begunstigdes.
- **Beperkte rente en samevoegings** – waar 'n vruggebruik, fideikommis, annuïteit of samevoeging van twee testateurs se boedels vereis word, moet 'n spesiale klousule in die testament gevoeg word.
- **Liefdadigheidsbydraes** – indien die testateur besluit om 'n liefdadigheids-, opvoedkundige of godsdienstige instansie te bevoordeel, moet 'n spesiale klousule daarvoor in die testament gevoeg word.
- **Voogdyskap** – dit is belangrik om voogdyskap in ag te neem wanneer die begunstigdes nog minderjariges is.
- **Uitsluiting van binne gemeenskap van goedere-voorwaardes** – dit is gewoonlik vir die testateur ongewens dat sy boedel of 'n gedeelte daarvan in 'n gesamentlike boedel moet val as gevolg van die feit dat hy binne gemeenskap van goedere getroud is. 'n Klousule word dan gewoonlik in die testament gevoeg.
- **Uitsluiting van 'n insolvente erfgenaam** – 'n testateur is gewoonlik onwillig om sy boedel te laat gebruik vir die betaling van 'n insolvente begunstigde se krediteure. Dit is aanbeveelbaar om 'n klousule in die testament te voeg wat bepaal dat indien een van die begunstigdes

insolvent sou raak, sy eiendom aan 'n ander erfgenaam oorgedra moet word.

- Vergelyking – nageslagte wat erfgename is, vergelyk gewoonlik wat deur die leeftyd ontvang is vanaf die testateur en elkeen se voordeel uit die boedel word hiervolgens bepaal. Indien die testateur hierdie vergelyking wil vermy, moet hy 'n klousule daarvoor in die testament voeg.
- Skenking of reëlings ten opsigte van die testateur se oorskot – indien die testateur sekere wense het ten opsigte van sy oorskot, sal dit beter wees indien hy die wense oordra aan die familie en nie in die testament sou invoeg nie. Die reëlings ten opsigte van die oorskot sou al lankal afgehandel wees voor die testament se inligting bekend sou wees. Indien die testateur sy organe wil skenk, is daar bepaalde prosedures (Human Tissue Act 65 of 1983) wat gevolg moet word, en die testateur moet in verbinding tree met 'n toepaslike organisasie (Dawson, 1996:33-37).

Enige persoon kan 'n testament opstel, behalwe 'n individu onder 16 jaar of 'n persoon wat geestelik ongeskik is om 'n testament op te stel. Daar moet aan die volgende vereistes voldoen word vir 'n testament om geldig te wees:

- Die testateur moet op elke bladsy van die testament teken;
- twee getuies moet die testament op elke bladsy teken, in die teenwoordigheid van mekaar en die testateur; en
- sommige persone kan nie getuies wees nie, anders kan hulle nie enige voordeel uit die testament verkry nie. Dit is die begunstigdes, sy eggenoot, die eksekuteur, die administrateur of trustee, of die voog van 'n minderjarige (Price Waterhouse, 1988:202).

## **6.18 SLOTSOM**

Indien groeibates deur 'n rentevrye lening na 'n familietrust oorgedra word vir boedelbeplanning ten gunste van begunstigdes sonder 'n gevestigde reg, moet die volgende aspekte in ag geneem word:

- Daar moet gekonsentreer word op groeiende langtermynbates. Spekulatiewe beleggings moet vermy word.
- Moenie 'n bate na 'n trust toe oordra in afwagting van 'n onteining of verkope in die voorsienbare toekoms nie.
- Indien daar 'n keuse gedoen moet word vanweë beperkte geld, moet gekonsentreer word op bates met die grootste groeipotensiaal.
- Probeer om vaste eiendom oor te dra vóór die ontwikkeling of verbetering daarvan.
- Indien groeibates aangeskaf wil word, oorweeg 'n direkte oordrag in 'n trust.
- Moenie boedelbeplanners in 'n likiditeitskrisis dompel om 'n boedelplan deur te voer nie.
- Moenie 'n riskante onderneming in 'n trust plaas wat familiebeleggings hou nie. Stig eerder 'n aparte bedryfstrust vir die onderneming.
- Indien die boedeleienaar reeds 'n gevorderde leeftyd bereik het of 'n gesondheidsrisiko is, moet 'n testamentêre trust eerder oorweeg word – veral by vaste eiendom. Die oordragskoste van bates in 'n trust moet versigtig oorweeg word.
- 'n Welgestelde persoon wat bates sal erf, moet probeer om die bates in 'n trust te laat vererf. Dit hou inkomstebelasting- sowel as boedelbelastingvoordele in (Anon, 1996a:21-22).

Indien op 'n skema van belastingbesparing staatgemaak word om finansiële suksesvol te wees en wat andersins nie lewensvatbaar in die handel is nie, moet dit glad nie oorweeg word nie. Die boedelplan moet gereeld geëvalueer word sodat dit by die veranderde omstandighede kan aanpas. Belastingwette moet dus deeglik in ag geneem word.

Die volgende speel ook 'n belangrike rol by boedelbeplanning:

- Artikel 103 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 moet in ag geneem word. Die artikel handel oor teenbelastingvermydingsmaatreëls.

- Belastingontduiking en die weglating van feite moet in ag geneem word. Ernstige boetes en rente kan gehef word.
- Die ekonomiese sowel as die kontantvloei gevolge van 'n boedelplan moet oorweeg word.
- Daar moet behoorlike kennis verkry word van Inkomstebelastingwetgewing (Cronjè & Stack, 1997:608-609).

Soos gesien by die vergelyking van die trust en ander ondernemingsvorme, bly die trust steeds by uitstek die beste beplanningsinstrument. Boedelgroei kan deur die trust beperk word sonder om noodwendig volle beheer oor die bates af te staan. Die rede is dat die trustbates nie in die boedel van die trustees of die begunstigdes vestig nie en ook vanweë die trust se inherente buigbaarheid.

**FIGUUR 6.1**  
**VERDELING BY 'N TRUST**

(VAN DER WESTHUIZEN, 1993:32)

BOEDELBEPLANNER BESIT:

KONTANT R200,000

MET AFSTERWE OORLEEF SY WEDUWEE EN VIER MINDERJARIGE KINDERS  
DIE BOEDELEIENAAR

BELê R200,000 TEEN 18 % R36,000

R200,000 WORD AAN WEDUWEE BEMAAK. SY ONTVANG DIE HELE R36,000

INKOMSTEBELASTING OP R36,000 VOLGENS 2001 BELASTINGSKALE

|                             |                     |
|-----------------------------|---------------------|
| BELASTING OP R35,000        | 6,300               |
| BO R35,000    R5,000 x 26 % | 1,300               |
| TOTAAL                      | <u>7,600</u>        |
| PRIMêRE KORTING             | <u>3,800</u>        |
| BELASTING BETAALBAAR        | <u><u>3,800</u></u> |

DISKRESIONêRE TRUST WORD OPPERIG

VERDELING VAN TRUSTINKOMSTE

(Indien die weduwee en kinders geen ander inkomstes het nie)

|                   | INKOMSTE       | BELASTING          |
|-------------------|----------------|--------------------|
| WEDUWEE           | R10,000        | -                  |
| 4 KINDERS KRY ELK | R 6,000        | -                  |
| BEHOU IN TRUST    | <u>R 2,000</u> | <u>640</u>         |
|                   | <u>R36,000</u> | <u><u>R640</u></u> |

**BELASTINGBESPARING:**


R3,800 - R640

R3,160

(Aangepas met 2001 belastingkale)

**FIGUUR 6.2**  
**EIENDOMSONTWIKKELING**

(CFA - HANDLEIDING, 1996)



- \* Die vennootskap van A, B, C en D huur kantore vir R120,000 van XYZ trust per jaar.
- \* Rente op die kantoorverband beloop R100,000 per jaar vir XYZ trust.
- \* Daar word R20,000 wins vir die jaar verdeel tussen die begunstigdes. D.w.s. R5,000 elk.
- \* Geen belasting word betaal op R5,000 as die geld aan begunstigdes verdeel word nie. Die geld kan dus aan XYZ trust geskenk word om die kapitaal te delg.
- \* Die XYZ trust en die begunstigdes van die A,B,C en D trust, kan ook as begunstigdes benut word.

## FIGUUR 6.3 VERGELYKING VAN BESIGHEIDSVORME

(Van der Westhuizen & Chait, 1996:2-3)

(Basson, 1996:10)

| FAKTORE                  | MAATSKAPPY  | VENNOOTSKAP                    | EENMANSAAK        | BESLOTE KORPORASIE   | DISKRESIONÊRE TRUST   |
|--------------------------|---|--------------------------------|-------------------|--|---|
| 1. Belastingkoers        | 15 % - 30%  | 18% - 42%                      | 18% - 42%         | 15 % - 30%   | 32% - 42%   |
| 2. Oprigtings vereistes  | 1. Akte van oprigting<br>2. Sertifikaat van inlywing<br>3. Statute<br>4. Voorinlywingskontrak | Geldige ooreenkoms             | Geen vereistes    | 1. Stigtingsverklaring<br>2. Sertifikaat van inlywing<br>3. Voorinlywingskontrak | 1. Ooreenkoms<br>2. Testament<br>3. Hofsbesluit<br>4. Trustakte |
| 3. Stigting              | Moeilik   | Maklik                         | Maklikste         | Maklik   | Maklik  |
| 4. Eienaarskap van bates | Maatskappy  | Gesamentlik deur vennote gehou | Alleeneienaarskap | BK behou bates   | Trustee ten gunste van begunstigdes                             |
| 5. Lidmaatskap           | Publieke - Onbeperk<br>Privaat - 1 - 50   | 2 - 20 persone                 | Een persoon       | 1 - 10 lede  | Begunstigdes onbeperk<br>Trustees onbeperk                      |
| 6. Bestuur               | Direkteure  | Vennote                        | Alleeneienaar     | Lede   | Trustees  |
| 7. Belastingbetaler      | Maatskappy  | Vennote                        | Alleeneienaar     | BK   | Trustees vir die trust  |
| 8. Verteenwoordigers     | Direkteure  | Vennote                        | Alleeneienaar     | Lede   | Trustees  |

Figuur 6.3 (vervolg)

Figuur 6.3 (vervolg)

| FAKTORE                                   | MAATSKAPPY                  | VENNOOTSKAP             | EENMANSAAK              | BESLOTE KORPORASIE          | DISKRESION&RE TRUST                  |
|---|-----------------------------|-------------------------|-------------------------|-----------------------------|--------------------------------------|
| 9. Finansiële state                       | Verpligtend                 | Optioneel vir Ontvanger | Optioneel vir Ontvanger | Verpligtend                 | Meester mag dit vereis               |
| 10. Ouditeure                             | GR(SA)                      | Optioneel               | Optioneel               | Rekeningkundige beampte     | Rekeningkundige beampte              |
| 11. Boedelbelasting                       | Belang belasbaar            | Belang belasbaar        | Belang belasbaar        | Belang belasbaar            | Slegs 'n gevestigde reg is belasbaar |
| 12. Beperkte aanspreeklikheid             | Beperk                      | Onbeperk                | Onbeperk                | Beperk                      | Beperk                               |
| 13. Kontinuiteit                          | Oneindigend                 | Beëindiging by afsterwe | Beëindiging by afsterwe | Oneindigend                 | Oneindigend                          |
| 14. Beëindigend                           | Likwidasië<br>Deregistrasie | Sekwestrasie<br>Dood    | Sekwestrasie<br>Dood    | Likwidasië<br>Deregistrasie | Beëindigend<br>Sekwestrasie          |
| 15. Skeiding tussen eienaarskap en beheer | Ja                          | Nee                     | Nee                     | Nee                         | Ja                                   |
| 16. Eienaar se reg om te bestuur          | Nee                         | Ja                      | Ja                      | Ja                          | Nee                                  |
| 17. Regspersoon                           | Ja                          | Nee                     | Nee                     | Ja                          | Nee                                  |

(Soos aangepas met die jaar 2002 belastingtabelle)

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 7

### BLADSY

### DIE TRUST AS VOOR- OF NADEEL VIR BOEDELBEPLANNING

|     |   |           |
|-----|---|-----------|
| 7.1 | Inleiding   | 293       |
| 7.2 | Boedelbelastingbesparing indien 'n trust gebruik word   | 293 – 297 |
| 7.3 | Inkomsteverdeling   | 297 – 298 |
| 7.4 | Inkomstebelastingbesparing as 'n trust gebruik word   | 298 – 299 |
| 7.5 | Versekering van likiditeit by afsterwe  | 299 – 300 |
| 7.6 | Vergelyking van 'n boedel waar geen trust opgerig word<br>nie en waar wel 'n trust opgerig word | 300 – 309 |
|     | A Aannames  | 300 – 302 |
|     | A.1 Behou die woonstelgebou in Meneer A se<br>persoonlike naam - Opsie 1                        | 301       |
|     | A.2 Meneer A plaas die woonstelgebou in 'n trust –<br>Opsie 2                                   | 301 – 302 |
|     | B Gevolgtrekkings   | 302 – 309 |
|     | B.1 Boedeleiendom   | 302 – 306 |
|     | B.2 Belasbare inkomste en belasting betaalbaar deur<br>Meneer A                                 | 306 – 307 |
|     | B.3 Totale belasting betaalbaar   | 307 – 309 |
| 7.7 | Slotsom   | 309       |

### FIGURE

|     |  |     |
|-----|--|-----|
| 7.1 | Eiendom van Meneer A en die trust vir die volgende 15 jaar –<br>Geen trust word opgerig deur Meneer A nie (Opsie 1)    | 310 |
| 7.2 | Eiendom van Meneer A en die trust vir die volgende 15 jaar –<br>Meneer A skep 'n trust vir die woonstelgebou (Opsie 2) | 311 |

|     |  |     |
|-----|--|-----|
| 7.3 | Boedeleiendom van Meneer A                     | 312 |
| 7.4 | Boedeleiendom van Meneer A                     | 313 |
| 7.5 | Belasbare inkomste van Meneer A                | 314 |
| 7.6 | Belasting betaalbaar deur Meneer A             | 315 |
| 7.7 | Totale belasting in die geheel betaalbaar      | 316 |
| 7.8 | Totale boedel- en inkomstebelasting betaalbaar | 317 |

## HOOFSTUK 7

### DIE TRUST AS VOOR- OF NADEEL VIR BOEDELBEPLANNING

#### 7.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is daar in diepte gekyk na die definisies, raamwerk en belasting van die trust. Boedelbelasting en -beplanning is ook ondersoek om die begrippe en belasbaarheid daarvan te verstaan.

Om egter te bepaal of die trust steeds geskik sal wees vir boedelbeplanning, sal daar van vergelykings gebruik gemaak word. Dit sal die verskil aandui tussen 'n boedel met 'n trust en 'n boedel sonder 'n trust.

Trustbelasting is egter nie meer so gebruikersvriendelik as tevore nie, veral noudat kapitaalwinstbelasting tot die belastingnet toegetree het. Maar wanneer die onderskeid getref en die resultate verkry word, sal daar gesien word dat die trust wel steeds geskik sal wees vir boedelbeplanning en -vaspenning. Boedelvaspenning is om die bates in die boedel te beperk en daardeur die waarde van die boedel meer konstant te hou. Indien daar 'n bykomende voordeel sou ontstaan om inkomstebelasting te bespaar, is dit net 'n groter voordeel vir die boedeleienaar.

#### 7.2 BOEDELBELASTINGBESPARING INDIEN 'N TRUST GEBRUIK WORD

Vandag bestaan A – wat buite gemeenskap van goedere getroud is - se bates uit die volgende:

|                                |                        |
|--------------------------------|------------------------|
| Grond en gebou                 | R500 000               |
| Aandele                        | 60 000                 |
| Kontant in die bank            | 5 000                  |
| Opbrengs met lewenspolisse     | 22 00                  |
| Effekte van plaaslike owerhede | <u>50,000</u>          |
| <b>TOTAAL</b>                  | <b><u>R637 000</u></b> |

Veronderstel na 10 jaar is die waarde van die bates soos volg:

|                                |                          |
|--------------------------------|--------------------------|
| Grond en geboue                | R1 400 000               |
| Aandele                        | 90 000                   |
| Eise aan A verskuldig          | 60 000                   |
| Kontantgeld in die bank        | 20 000                   |
| Opbrenge van lewenspolisse     | 55 000                   |
| Effekte van plaaslike owerhede | 70 000                   |
| <b>TOTAAL</b>                  | <b><u>R1 695 000</u></b> |

Veronderstel ook:

|  |         |
|--|---------|
| Vyf jaar gelede het A 'n skenking aan sy vrou gedoen | R10 000 |
| Eise teen die boedel                                 | 10 000  |
| Bemaking aan 'n liefdadigheidsorganisasie            | 30 000  |

A word deur A se vrou en twee kinders oorleef.

#### A) GEEN TRUST WORD OPGERIG NIE:

|                        |         |
|------------------------|---------|
| Bemaking aan A se vrou | 140 000 |
|------------------------|---------|

A se boedelbelasting sal soos volg bereken word:

'Totale waarde' van die eiendom in die boedel 1 695 000

MIN Aftrekkings:

|  |               |                  |
|--|---------------|------------------|
| Eise teen die boedel                   | R 10 000      |                  |
| Bemaking aan vrou                      | 140 000       |                  |
| Bemaking aan liefdadigheidsorganisasie | <u>30 000</u> | <u>180 000</u>   |
| 'Netto waarde' van die boedel          |               | R1 515 000       |
| MIN: Vaste aftrekking                  |               | <u>1 000 000</u> |
| 'Belasbare bedrag' van die boedel      |               | <u>R515 000</u>  |

Boedelbelasting betaalbaar @ 20% R103 000

Hierdie belastingkoers is van toepassing vanaf 1 Oktober 2001.

(Kapitaalwinsbelasting word in die voorbeeld geïgnoreer omdat kapitaalwinsbelasting nie in die studie ondersoek word nie).

Opmerking:

Daar is net 'n vaste aftrekking van R1 miljoen. Geen aftrekkings word vir lewenspolisse of effekte van plaaslike owerhede of vir die oorledene se kinders toegelaat nie (Divaris & Steyn, 1997:258 aangepas).

**B) A SKEP 'N TRUST GEDURENDE SY LEEFTYD:**

A, wat binne gemeenskap van goedere getroud is, verkoop nou van sy groeiende bates aan 'n diskresionêre trust. Hy verkoop die grond en geboue van R500 000, aandele van R60 000 en staatseffekte van R50 000 aan die trust. Die trust skep vir A 'n leningsrekening van R610 000 met geen rentebetelingsvoorwaardes nie. Elke jaar van die 10 jaar skenk A en sy vrou R25 000 aan die trust waardeur die lening afbetaal word. A en sy vrou is binne gemeenskap getroud en daarom word die lening in die helfte tussen man en vrou verdeel. Indien daar geen rente op die lening gehef word nie, kan die Ontvanger dit moontlik as 'n skenking ag.

Die leningsrekening van A in die trust se boeke lyk dus soos volg:

|                                     |                        |
|-------------------------------------|------------------------|
| Lening verkry vanaf A               | R610 000               |
| Jaar 1 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 2 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 3 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 4 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 5 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 6 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 7 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 8 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 9 – Skenking van A en sy vrou  | 50 000                 |
| Jaar 10 – Skenking van A en sy vrou | 50 000                 |
| <b>Totaal van Lening na 10 jaar</b> | <b><u>R110 000</u></b> |

Berekening van die boedel:

|  |                   |
|--|-------------------|
| <b>'Totale waarde'</b> van die eiendom net van A, in die boedel: | R 245 000         |
| Lening van die trust   | R110 000          |
| Eise aan A verskuldig  | 60 000            |
| Kontantgeld in bank  | 20 000            |
| Opbrengs van lewenspolisse                                       | <u>55 000</u>     |
| <br>MIN aftrekkings:   |                   |
| Eise teen die boedel   | R 10 000          |
| Bemaking aan sy vrou   | 140 000           |
| Bemaking aan universiteit  | <u>30 000</u>     |
|  | <u>180 000</u>    |
| <b>'Netto waarde'</b> van die boedel                             | R 65 000          |
| MIN: Vaste aftrekking  | <u>R1 000 000</u> |
| <b>'Belasbare bedrag'</b> van die boedel                         | <u>R Nul</u>      |



### C) GEVOLGTREKKING

1. Die bates se groei sal in die trust plaasvind en nie meer in A se boedel nie.
2. By die oprigting van die trust was daar geen boedelbelasting betaalbaar nie, terwyl Meneer A R103 000 se boedelbelasting sou moes betaal as hy nie die trust opgerig het nie.
3. Eksekuteursgeld word gespaar op die bates wat aan die trust verkoop is.
4. Die trustees het die reg om te besluit hoe die inkomste en kapitaal in die trust verdeel sal word. Dit sal tot gevolg hê dat die begunstigdes slegs op die inkomste belasbaar sal wees wanneer dit aan hulle toeval. Die trust sal intussen daarop belasting moet betaal.
5. Indien daar nie genoeg inkomste vir die familie bestaan by afsterwe nie, kan die trustees onmiddellik inkomste aan die begunstigdes verdeel.
6. In hierdie stadium sal die kapitale bates in niemand se boedel val nie, en geen boedelbelasting sal daarop betaal word nie. So beskerm A dan sy familie en erfgename teen die betaling van bykomende boedelbelasting, asook die onnodige verkwisting van erfgeld. By die berekening waar geen trust is nie, sal enige bates wat aan die vrou of kinders toeval, in hul boedels val. Afhangende van die trustakte sal kapitaalwinsbelasting betaalbaar wees deur die begunstigdes, sodra die bates aan hulle toeval.

Hier kan duidelik gesien word dat die trust voordele aan Meneer A bied wat hy nie sou gehad het as hy nie die trust opgerig het nie.

Soos Gouws (1996:6) dan ook aandui, kan die trust aangewend word om groeiende bates in 'n boedel vas te pen. Hy toon aan dat daar byvoorbeeld 'n aandeleportefeulje deur 'n lening aan die familietrust oorgedra kan word. Die waarde van die aandele is byvoorbeeld R500 000 en daar word dus R500 000 aan die verkoper geskuld teen 'n rentevrye lening. Na 5 jaar het die aandele byvoorbeeld gestyg tot R1 000 000. Die lening in die boedel sal egter nog steeds net R500 000 wees. Die ander R500 000 is dus uit die boedel. Indien die

man en vrou elk R25 000 aan die trust skenk en dit teen die lening vereffen, kan die lening tot R250 000 verminder na 5 jaar. R750 00 is dus uit die boedel uitgeskakel (Gouws, 1996:6).

### 7.3 INKOMSTEVERDELING

Jan A en Jan B verdien albei 'n salaris van R200 000 plus bykomende inkomste van R200 000 per jaar.

Jan A is getroud en het vier kinders. Sy belasbare inkomste per jaar beloop R400 000. Die totale belasting wat dus deur hom betaal moet word, is R146 220 (aangepas met die jaar 2002 se belastingskale). Op sy eerste R215 000 is daar 'n belastingbedrag van R72 660 en op die res moet hy 42% betaal. Dit is dus R77 700. Die totaal kom dan te staan op R150 360 voor belastingkorting.

Jan B is ook getroud en het vier kinders. Deur kundige boedelbeplanning het hy egter gesorg dat sy bykomende inkomste deur 'n familietrust vloei, sonder enige skenkings deur hom gemaak. Artikel 7(3) sal dus nie van toepassing wees op minderjarige kinders nie. Volgens die besluit van die trustees word R50 000 aan Jan, en R37 500 aan elke kind toegedeel. Jan betaal dus R83 220 belasting en elke kind betaal 18% op die R37 500. ( $18\% \text{ van } R37\,500 = R6\,750 \times 4 \text{ kinders} = R27\,000$ ) Met in agneming van die kortings betaal elke kind R2 610 ( $R2\,610 \times 4 \text{ kinders} = R10\,440$ ). Die totale belasting betaalbaar is dus slegs R93 660.

Jan B bespaar dus 'n totale R52 560 elke jaar. Deur meer oordeelkundige toedeling van inkomste aan sy bestaande gesin, en ook met die moontlike insluiting van ouers en/ of kleinkinders, kon die belastingprentjie selfs nog beter uitgesien het (Engelbrecht, 1998b:9, aangepas).

Deur die kundige beplanning van 'n boedel kan ten minste dié deel van alle inkomste wat teen die maksimum persentasieskale belas word, aan individue oorgedra word wat geen ander inkomste het nie. Die inkomste wat dus teen die

hoë koers belasbaar sou wees, word nou by die tweede of meer persone teen 'n baie laer koers belas (Engelbrecht, 1998a:9).

Daar moet onthou word dat die trustees die diskresionêre reg by die trust moet hê om die inkomste na goeëdunke te verdeel. Hier kan gesien word dat die trust nie net boedelvaspenningvoordele inhou nie, maar ook die voordeel van inkomstebelastingvermindering.

#### 7.4 INKOMSTEBELASTINGBESPARING AS 'N TRUST GEBRUIK WORD

A) ABC Trust is 'n diskresionêre, testamentêre trust en sy inkomstestaat lyk soos volg:

|                            |                 |
|----------------------------|-----------------|
| Inkomstes                  | R100 000        |
| Uitgawes                   | ( R 40 000)     |
| <b>Netto Inkomste</b>      | <b>R 60 000</b> |
| Uitkering aan begunstigdes | (R 15 000)      |
| In die trust behou         | <u>R 45 000</u> |

Die belasbare inkomstes van die begunstigdes is dus:

**Begunstigdes verkry R15 000 van R60 000, d.w.s 25%**

|                                 |                |
|---------------------------------|----------------|
| Inkomste a25B(1) R100 000 x 25% | R25 000        |
| A 25B(3) R40 000 x 25%          | (R10 000)      |
| Belasbare Inkomste              | <u>R15 000</u> |

**Die belasbare inkomste van die trust is R45 000**

B) Die inkomstestaat van ABC Trust lyk soos volg:

|   |                  |
|---|------------------|
| Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2001  | R100 000         |
| Uitgawes  | (120 000)        |
| Verlies   | (20 000)         |
| Verdeel aan begunstigdes - 15% van bruto inkomste | (15 000)         |
| Netto verlies                                     | <u>(R35 000)</u> |

Die belasbare inkomste van die begunstigdes:

|                                 |                 |
|---------------------------------|-----------------|
| Inkomste a25B(1) R100 000 x 15% | R15 000         |
| Uitgawes a25B(3) R120 000 x 15% | (18 000)        |
| Verlies                         | <u>(R3 000)</u> |

Indien die trust voor 11 Maart 1998 opgerig is, sou die verlies aftrekbaar gewees het as die inkomste of verlies in daardie jaar verdien is.

|                                   |                  |
|-----------------------------------|------------------|
| Belasbare inkomste van die trust: |                  |
| Inkomste                          | R100 000         |
| Min: Toedeling aan begunstigdes   | <u>(15 000)</u>  |
|                                   | 85 000           |
| Min: Afrekkings R120 000 x 85%    | <u>(102 000)</u> |
| Belastingverlies                  | <u>(R17 000)</u> |
| (Huxham & Haupt, 1999:583-584)    |                  |

Die begunstigdes sal vanaf 1 Januarie 1999 (by 'n bestaande trust voor 11 Maart 1998) of van 11 Maart 1998 (by 'n nuwe trust) nie meer geregtig wees om die verlies van R3 000 af te trek van hul ander inkomste nie. Dit sal weer terugval na die trust en aftrekbaar wees vir die trust indien die trust wel inkomste het om die verlies teen af te speel. Indien die trust ook 'n verlies toon, moet die verlies van die begunstigde oorgedra word na die volgende jaar. Hierdie skuiwergat vir belastingvermindering is nou deur die Ontvanger van Inkomste toegemaak.

## 7.5 VERSEKERING VAN LIKIDITEIT BY AFSTERWE

Wanneer 'n eggenoot tot sterwe kom, word daar gewoonlik likiditeit vereis vir die betaling van boedelbelasting, skuldeisers, begrafnisonkoste en gesinsonderhoud. Die beskikbaarheid van likiditeit kan oorbrug word deur die verkryging van versekering op die lewens van die egpaar. Elke eggenoot kan 'n versekering op sy lewe uitneem. Indien hy dan tot sterwe kom, kan hy die versekering aan sy eggenoot bemaak, wat dan nie in die eerste eggenoot se boedel sal val nie, maar wel in die tweede se boedel. Eksekuteursgeld sal ook op dié bate betaal moet word.

Indien 'n diskresionêre trust egter opgerig word en die trust die versekering uitneem op die lewens van die egpaar, sal die versekering nie in enige een van die eggenote se boedel val nie, tensy die trust die geld aan die eggenoot uitbetaal. Beide eggenote kan R25 000 aan die trust skenk sodat die versekering daardeur betaal kan word.

Volgens Van der Westhuizen (1998b:5) kan die inkomste dan in die trust behou word, óf aan die eggenoot óf ander begunstigdes verdeel word. Onmiddellik is daar geld beskikbaar. Die gevolg is ook dat die kapitaal in die stadium aan geen boedelbelasting onderworpe is nie. Kapitaalwinsbelasting sal egter in ag geneem moet word.

## **7.6 VERGELYKING VAN 'N BOEDEL WAAR GEEN TRUST OPPERIG WORD NIE EN WAAR WEL 'N TRUST OPPERIG WORD**

Vir die bepaling of die trust steeds voordelig sal wees by boedelbeplanning, is die volgende voorbeeld gebruik ter onderskeiding tussen 'n boedel met 'n trust en 'n boedel sonder 'n trust. Na hierdie onderskeiding sal dit duidelik blyk dat die trust steeds by uitstek voordelig is by boedelbeplanning. Dit is dalk nie meer so bevredigend vir inkomstebelastingbesparing nie, maar as daar sorgvuldige oordeel en beplanning aan die dag gelê word, kan daar steeds boedelbelastingbesparings verkry word.

### **A AANNAMES**

Meneer A is buite gemeenskap van goedere getroud. Meneer A besit 'n woonstelgebou van R700 000 in jaar 1 en sy netto waarde van sy persoonlike boedel is R450 000, sonder in agneming van die woonstelgebou. Daar word beraam dat die enigste uitgawes vir die woonstelgebou instandhouding en lone sal wees. Die beraamde netto inkomste vir die woonstelgebou vir jaar 1 is R54 800. Meneer A verdien 'n jaarlikse salaris van R200 000.

Met die aanname dat inflasie en die primêre belastingkorting vir individue 6% per jaar sal styg en dat belastingtabelle van die 2002-belastingjaar konstant sal bly vir 15 jaar, is Meneer A se totale boedel, sy belasbare inkomste, asook sy belasting vir die aantal jare bereken (Sien Figuur 7.1 en 7.2 (p. 310-311)).

In kort kan die waarde van die bates, asook die inkomstebelasting deur Meneer A betaalbaar oor 15 jaar, soos volg opgesom word:

| JAAR          | WAARDE VAN BATES<br>Van Meneer A |            | TOTALE INKOMSTEBELASTING |                   |
|---------------|----------------------------------|------------|--------------------------|-------------------|
|               | Sonder Trust                     | Met Trust  | Sonder Trust             | Met Trust         |
| 1             | R1 150,000                       | R1 150 000 | R85 236                  | R95 820           |
| 5             | R1 451 849                       | R1 068 115 | R112 239                 | R106 701          |
| 10            | R1 942 901                       | R1 010 266 | R156 167                 | R148 228          |
| 15            | R2 600 040                       | R1 017 407 | R214 953                 | R204 953          |
| <b>TOTAAL</b> |                                  |            | <b>R2 129 939</b>        | <b>R2 045 345</b> |

Veronderstel Meneer A sterf na 15 jaar .

### A.1 BEHOU DIE WOONSTELGEBOU IN MENEER A SE PERSOONLIKE NAAM – OPSIE 1

Verwys na Figuur 7.1 (p. 310).

Indien Meneer A geen trust oprig nie, sal alle inkomste van die woonstelgebou, asook sy persoonlike inkomste, in berekening gebring word vir sy eie belastingaanslag.

Die woonstelgebou sal ook by Meneer A se boedeleiendom ingesluit word vir die berekening van boedelbelasting.

### A.2 MENEER A PLAAS DIE WOONSTELGEBOU IN 'N TRUST – OPSIE 2

Verwys na Figuur 7.2 (p. 311).

Die inkomste ontvang by die oprigting van 'n trust daal namate die rente verminder wat aan Meneer A oorbetal moet word. Die inkomste deur Meneer A ontvang lyk soos volg:

| Jaar | Inkomste Ontvang |           |          |
|------|------------------|-----------|----------|
|      | Sonder trust     | Met trust | Verskil  |
| 1    | R254 800         | R280 000  | -R25 200 |
| 5    | R321 679         | R308 495  | R13 184  |
| 10   | R430 479         | R363 896  | R66 583  |
| 15   | R576 078         | R452 181  | R123 897 |

Meneer A besluit om die woonstelgebou aan 'n diskresionêre trust te verkoop. Hy verkoop die woonstelgebou teen R700 000 aan die trust met 'n lening teen 'n rentekoers van 12%. Die lening moet terugbetaal word in gelyke paaiemente van R50 000 aan die einde van elke jaar. Hierdie studie handel oor die uitwerking wat trusts op boedelbelanning en -belasting het en daar word net oorsigtelik na kapitaalwinsbelasting verwys. Kapitaalwins sal dus nie by die berekening ingesluit word nie.

Meneer A sal nie die trustees beheer nie, sodat artikel 7(6) van die Wet nie van toepassing sal wees dat hy beheer oor bestuur en die trustbates hou nie. Hy verkoop ook die woonstelgebou aan die trust, sodat artikel 7(3) nie van toepassing sal wees indien die trustees aan sy minderjarige kinders inkomste sou uitbetaal nie. Meneer A het besluit dat hy nie een van die begunstigdes van die trust wil wees nie, omdat hy genoeg inkomste deur die jaar verdien en hy nie sy boedel verder wil vergroot nie.

Elke jaar sal Meneer en Mevrou A – wat buite gemeenskap van goedere getroud is - R25 000 elk aan die trust skenk om beide se boedels te verklein. Die leningskontrak bepaal dat R50 000 per jaar terugbetaal moet word. Die trust gebruik nou die skenkings om die lening terug te betaal. Indien hulle binne gemeenskap getroud sou wees, sou die helfte van die lening asook die helfte van die rente ontvang, aan Mevrou A behoort het.

## **B GEVOLGTREKKING**

Verwys na Figuur 7.1 tot Figuur 7.7 (p. 310-316).


Indien Meneer A in jaar 1, 5, 10 of 15 sou sterf, sou die waarde van die boedel en die boedelbelasting soos volg wees:

| Jaar | Waarde van boedel |            | Boedelbelasting |           |
|------|-------------------|------------|-----------------|-----------|
|      | Sonder trust      | Met trust  | Sonder trust    | Met trust |
| 1    | R1 150 000        | R1 150 000 | R21 950         | R21 950   |
| 5    | R1 451 849        | R1 068 115 | R80 208         | R6 147    |
| 10   | R1 942 901        | R1 010 266 | R174 980        | R nul     |
| 15   | R2 600 040        | R1 017 407 | R301 808        | R nul     |

## B.1 BOEDELEIENDOM

Wanneer die boedeleiendom van Meneer A onder die soeklig kom, is daar 'n duidelike onderskeid tussen opsie 1 en opsie 2. Verwys na Figuur 7.1 tot Figuur 7.4 (p. 310-313).

FIGUUR 7.3 BOEDELEIENDOM VAN MNR. A



In beide opsieberekeninge kan gesien word dat die woonstelgebou se waarde van R700 000 styg tot R1 582 663. Dit is 'n totale styging van R882 663. By opsie 1 is daar dus 'n styging in die waarde van die boedel van R882 663 oor die 15 jaar.

Wanneer Meneer A dan na die 15 jaar sterf, is die totale waarde van sy boedel R2 600 040. Sy boedelbelasting sal soos volg bereken word:

|   |                          |
|---|--------------------------|
| Bruto waarde van boedel                   | R2 600 040               |
| MIN: Eksekuteursgelde van 3,5% (afgerond) | 91 000                   |
| Netto waarde van boedel                   | <u>R2 509 040</u>        |
| MIN: Korting                              | <u>R1 000 000</u>        |
| <b>BELASBARE BEDRAG</b>                   | <b><u>R1 509 040</u></b> |

**BOEDELBELASTING BETAALBAAR R1 509 040 x 20 % =**

**R 301 808**

Meneer A kan besluit om die hele bedrag aan sy vrou te bemaak, wat die boedel van enige boedelbelasting sal vrystel. Dit het egter net die uitstel van belasting tot gevolg. Meneer A se vrou sal wanneer sy tot sterwe kom, dan op die eiendom, asook haar persoonlike eiendom, belasting moet betaal. Mevrouw A se belastinglas vergroot verder deurdat die bates van Meneer A steeds verder sal groei nadat dit aan haar bemaak is.

Indien Meneer A die bates aan sy kinders of ander begunstigdes nalaat, sal hy daardeur sorg dat sy erfgename se boedels vergroot en ook vir hulle 'n groter belastinglas besorg.

Indien Meneer A eerder sou besluit om die trust op te rig, kan gesien word, volgens Figuur 7.2 (p. 311), dat die woonstelgebou se waarde nou in die trust groei. In die eerste jaar veroorsaak die lening van die trust dieselfde waarde in Meneer A se boedel. Die lening word afbetaal deur die R25 000 skenkings van Meneer en Mevrouw A.

Oor 15 jaar wanneer Meneer A tot sterwe kom, is sy boedel se bruto waarde slegs R1 017 407. Die boedel van Meneer A word dus verklein met die R350 000 skenkings wat hy gemaak het oor 15 jaar, asook die groei van die woonstelgebou. Die boedelbelasting kan soos volg bereken word:

|   |                   |
|---|-------------------|
| Bruto waarde van boedel                   | R1 017 407        |
| MIN: Eksekuteursgelde van 3,5% (afgerond) | <u>35 610</u>     |
| Netto waarde van boedel                   | R 981 797         |
| MIN: Korting                              | <u>R1 000 000</u> |
| <b>BELASBARE BEDRAG</b>                   | <b>R NUL</b>      |


**BELASTING BETAALBAAR**

**R NUL**

Wanneer Meneer A die trust sou oprig, sal hy dus nie net boedelbelasting spaar nie, hy sal ook verseker dat die woonstelgebou nie in enige van sy begunstigdes se boedels val nie. Afhangende van die trustaktes sal kapitaalwinstbelasting betaalbaar wees op die kapitale bates wanneer die bates aan die begunstigdes uitgekeer word. Daar moet egter onthou word dat wanneer die begunstigde

sterf, daar steeds nie boedelbelasting en kapitaalwinstbelasting betaalbaar sal wees as die kapitale bates nooit aan hom uitgekeer is nie. As die bates direk in die begunstigde sou vestig wanneer 'n trust opgerig word, is die kapitale bates wel onderworpe aan boedelbelasting wanneer die begunstigde sou sterf. Dit is juis wat verhoed wil word deur 'n trust op te rig.

FIGUUR 7.4 BOEDELBELASTING BETAALBAAR MET AFSTERWE IN ENIGE JAAR




In Figuur 7.3 en Figuur 7.4 (p. 312-313) word aangetoon dat wanneer Meneer A nie die trust oprig nie, sy boedeleiendom asook sy boedelbelasting 'n baie hoër waarde het as wanneer daar wel 'n trust opgerig word. Die waarde van die boedel as geen trust opgerig word nie na 15 jaar, is R2 600 040 en die boedel is R1 017 407 indien daar wel 'n trust opgerig word. Die verskil tussen die twee boedels is R1 582 633. Die rede hiervoor is dat die groei van die woonstelgebou nie meer in die boedel plaasvind nie, maar wel in die trust.

Die volgende vergelykings kan getref word tussen boedeleiendom waar geen trust geskep is nie, en waar daar wel gebruik gemaak is van 'n trust:

|   | <u>GEEN TRUST</u> | <u>SKEP VAN TRUST</u> |
|---|-------------------|-----------------------|
| 1. Waarde van boedel                    | R2 600 040        | R1 017 407            |
| 2. Eksekuteursgeld                      | R91 000           | R35 610               |
| 3. Belasbare bedrag                     | R1 509 040        | R Nul                 |
| 4. Boedelbelasting                      | R301 808          | R Nul                 |
| 5. Inkomstebelasting                    | R2 129 939        | R2 045 345            |
| 6. Beperking van begunstigdes se boedel | Nee               | Ja                    |

Daar is nie net 'n beperking in die waarde van die boedel nie, maar besparings word ook verkry by die vermindering van eksekuteursgeld en boedelbelasting. Inkomstebelasting word ook bespaar, maar in 'n mindere mate. Die totale bedrag wat by die skep van die trust bespaar word, is R441 792. Figuur 7.8 (p.317) toon die totale inkomste- en boedelbelasting betaalbaar by die verskillende twee opsies.

FIGUUR 7.8 TOTALE BOEDEL- EN INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR



Hier kan tot die gevolgtrekking gekom word:

**DIE SKEP VAN DIE TRUST IS BESLIS DIE BESTE OPSIE VIR BOEDELVASPENNING**

## **B.2 BELASBARE INKOMSTE EN BELASTING BETAALBAAR VAN MENEER A**


Verwys na Figuur 7.1, Figuur 7.2, Figuur 7.3 en Figuur 7.4 (p. 310-313).

Meneer A se belasbare inkomste sal uit die inkomste van die woonstelgebou, sowel as sy salaris bestaan indien daar geen trust opgerig word nie. Wanneer daar wel 'n trust opgerig word, sal die inkomste en uitgawes van die woonstelgebou nie meer by Meneer A se inkomste in berekening gebring word nie. Sien Figuur 7.1 en Figuur 7.2 (p. 310-311).

In Figuur 7.5 (p. 314), is die onderskeid tussen Meneer A se belasbare inkomste, die woonstelgebou se inkomste. Hy verdien minder inkomstes wat sy belasting per jaar sal verminder. Die totale belasbare inkomste wanneer 'n trust opgerig sou word, beloop R5 229 194 oor die 15 jaar, terwyl die belasbare inkomste R5 930 717 sou beloop indien geen trust opgerig word nie.

Volgens Figuur 7.6 (p. 315) word die onderskeid getref tussen die belasting wat hy sonder 'n trust en met 'n trust moes betaal indien daar aanvaar sou word dat die 2002-belastingtabelle vir die 15 jaar sou geld. Dit is egter net 'n raming, omdat belastingwetgewing gereeld verander.

FIGUUR 7.6 INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR DEUR MNR. A



### B.3 TOTALE INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR


In Figuur 7.1 (p.310) is die totale inkomstebelasting betaalbaar slegs die totale belasting van Meneer A. Daar is geen trust nie en Meneer A is dus

verantwoordelik vir alle belasting wat betaalbaar is op die inkomste. Figuur 7.1 (p. 310) toon 'n totale inkomstebelasting vir die 15 jaar van R2 129 939.

Wanneer daar egter 'n trust opgerig word, word die inkomste verdeel tussen Meneer A en die trust. Meneer A sal slegs belasting betaal op sy persoonlike inkomste en die trust sal belasting betaal op die woonstelgebou se inkomste. (Sien Figuur 7.2 (p.311)). Hier sal die totale inkomstebelasting vir die 15 jaar R2 045 345 wees.

Die verskil tussen die twee opsies is R84 594. Hoewel die verskil as laag gesien kan word (sien Figuur 7.7 (p. 316)), moet die ander voordele van die trust ook in ag geneem word. Die berekening dat die trust op alle inkomste belasbaar is, is volgens 'n negatiewe scenario opgestel. Daar moet onthou word dat die trust se belastingskaal die hoogste belastingbetaling vir die trust tot gevolg sal hê. Indien 'n persoon 'n hoër belastingskaal sou hê, sal die trusteees nie die inkomste aan daardie persoon betaal nie, tensy dit nodig geag word.

FIGUUR 7.7 TOTALE INKOMSTEBELASTING IN DIE GEHEEL BETAALBAAR



Inkomste van die trust kan tussen verskeie begunstigdes verdeel word, na goed-dunke van die trusteees. Moontlik is daar begunstigdes wat teen 'n heelwat laer koers belasting betaal, of moontlik geen belasting betaal nie. Omdat die woonstelgebou nie aan die trust geskenk is nie, maar wel aan die trust verkoop is, sal artikel 7(3) nie geld as inkomste aan minderjariges uitbetaal word nie.

✓

Elke persoon is daarby ook geregtig op 'n primêre korting, wat die belasting nog verder kan verminder.

## 7.7 SLOTSOM

Wanneer al die berekenings en ontledings in 'n geheelbeeld ondersoek word, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die trust steeds sy doel dien by boedelbeplanning en -vaspenning. Daar is duidelik gesien dat wanneer die groei in 'n boedel beperk word, boedelbelasting en ook eksekuteursgeld verminder kan word. Selfs die belasting op inkomste kan verminder word deur van die trust gebruik te maak. Goeie beplanning moet egter aan die dag gelê word.

Boedelbeplanning verg aandag, kennis, sorg en inisiatief. Indien die boedel sorgvuldig gestruktureer word, kan 'n boedeleienaar vir homself die gemoedsrus verskaf dat hy vir familieledede en erfgename geen onnodige finansiële stremminge op die hals gehaal het nie.

**FIGUUR 7.1**

**VERGELYKING VAN 'N BOEDEL WAAR 'N TRUST OPRIGER WORD EN WAAR GEEN TRUST OPRIGER WORD NIE**

**EIENDOM VAN MNR. A EN DIE TRUST VIR DIE VOLGENDE 15 JAAR**

**GEEN TRUST WORD OPRIGERIG DEUR MNR A NIE (Opsie 1)**

|   | Jaar 1      | Jaar 2      | Jaar 3      | Jaar 4      | Jaar 5      | Jaar 6      | Jaar 7      | Jaar 8      | Jaar 9      | Jaar 10     | Jaar 11     | Jaar 12     | Jaar 13     | Jaar 14     | Jaar 15     | Totaal       |
|---|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|--------------|
| <b>MNR A SE EIENDOM IN SY BOEDEL</b>                            |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |              |
| Woonstelblok waarde   | 700,000     | 742,000     | 786,520     | 833,711     | 883,734     | 936,766     | 992,993     | 1,052,541   | 1,115,694   | 1,182,635   | 1,253,593   | 1,328,609   | 1,406,536   | 1,489,050   | 1,562,633   |              |
| Netto waarde van persoonlik boedel                              | 450,000     | 477,000     | 505,620     | 536,957     | 568,116     | 602,202     | 638,334     | 676,634     | 717,232     | 760,266     | 805,881     | 854,234     | 905,488     | 959,818     | 1,017,407   |              |
| Netto waarde van totale boedel - Geen trust                     | 1,150,000   | 1,219,000   | 1,292,140   | 1,369,668   | 1,451,849   | 1,538,968   | 1,631,297   | 1,729,175   | 1,832,925   | 1,942,901   | 2,059,475   | 2,183,043   | 2,314,026   | 2,452,867   | 2,600,040   |              |
| <b>INKOMSTE PER JAAR VAN MNR A</b>                              |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |              |
| Woonstelblok Inkomste   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |              |
| Huur inkomste   | 72,000      | 76,320      | 80,899      | 85,753      | 90,898      | 96,352      | 102,133     | 108,261     | 114,757     | 121,642     | 128,941     | 136,677     | 144,878     | 153,571     | 162,785     | 1,875,870    |
| MIN: Instandhouding   | (10,000)    | (10,800)    | (11,236)    | (11,810)    | (12,625)    | (13,382)    | (14,185)    | (15,036)    | (15,936)    | (16,895)    | (17,908)    | (18,983)    | (20,122)    | (21,329)    | (22,609)    | (232,760)    |
| Lone  | (7,200)     | (7,632)     | (8,090)     | (8,579)     | (9,090)     | (9,635)     | (10,213)    | (10,826)    | (11,479)    | (12,164)    | (12,894)    | (13,668)    | (14,488)    | (15,357)    | (16,279)    | (167,582)    |
| Netto Inkomste van die Woonstelblok                             | 54,800      | 58,088      | 61,573      | 65,268      | 69,184      | 73,335      | 77,735      | 82,399      | 87,343      | 92,563      | 98,138      | 104,027     | 110,268     | 116,884     | 123,896     | 1,275,523    |
| Mnr A se salaris per jaar                                       | 200,000     | 212,000     | 224,720     | 238,203     | 252,495     | 267,945     | 283,704     | 300,728     | 318,770     | 337,898     | 358,170     | 379,660     | 402,439     | 426,586     | 452,181     | 4,655,194    |
| Belusbare Inkomste van Mnr A per jaar - Geen trust              | 254,800     | 270,088     | 286,293     | 303,471     | 321,679     | 340,980     | 361,439     | 383,125     | 406,112     | 430,479     | 456,308     | 483,688     | 512,708     | 543,470     | 576,078     | 5,930,717    |
| <b>BELASTING BETAALBAAR OP DIE INKOMSTE VAN MNR. A</b>          |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |              |
| Belusbare inkomste bo R215,000                                  | 39,800      | 55,088      | 71,283      | 88,471      | 106,679     | 125,980     | 146,439     | 168,125     | 191,112     | 215,479     | 241,308     | 268,688     | 297,708     | 328,470     | 361,078     | 2,705,717    |
| Belusbare inkomste tot R215,000                                 | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 72,890.00   | 1,088,900.00 |
| Belusbare inkomste bo R215,000 @ 42 %                           | 16,716.00   | 23,136.96   | 29,943.18   | 37,157.77   | 44,805.23   | 52,911.55   | 61,504.24   | 70,612.50   | 80,267.25   | 90,501.28   | 101,349.38  | 112,848.32  | 125,037.22  | 137,957.45  | 151,852.90  | 1,136,401.19 |
|   | 89,378.00   | 95,796.96   | 102,833.18  | 109,817.77  | 117,485.23  | 125,571.55  | 134,164.24  | 143,272.50  | 152,927.25  | 163,181.28  | 174,009.38  | 185,508.32  | 197,697.22  | 210,617.45  | 224,312.90  | 2,226,301.19 |
| MIN: Primêre korting  | (4,140.00)  | (4,388.40)  | (4,651.70)  | (4,930.81)  | (5,226.65)  | (5,540.25)  | (5,872.87)  | (6,225.03)  | (6,598.53)  | (7,004.44)  | (7,441.11)  | (7,908.96)  | (8,399.49)  | (8,914.32)  | (9,452.14)  | (96,362.52)  |
| Totale belasting van Mnr. A - Geen trust                        | 85,238.00   | 91,408.56   | 97,951.47   | 104,886.96  | 112,238.58  | 120,031.29  | 128,291.57  | 137,047.47  | 146,328.71  | 156,186.84  | 166,595.25  | 177,649.38  | 189,386.72  | 201,787.13  | 214,862.76  | 2,129,938.68 |
| <b>TOTALE INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR - GEEN TRUST OPRIGER</b> |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |              |
| Totale inkomstebelasting betaalbaar - Geen trust                | 85,238.00   | 91,408.56   | 97,951.47   | 104,886.96  | 112,238.58  | 120,031.29  | 128,291.57  | 137,047.47  | 146,328.71  | 156,186.84  | 166,595.25  | 177,649.38  | 189,386.72  | 201,787.13  | 214,862.76  | 2,129,938.68 |
| <b>BOEDEL BELASTING</b>   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |              |
| Waarde van Boedel   | 1,150,000   | 1,219,000   | 1,292,140   | 1,369,668   | 1,451,849   | 1,538,968   | 1,631,297   | 1,729,175   | 1,832,925   | 1,942,901   | 2,059,475   | 2,183,043   | 2,314,026   | 2,452,867   | 2,600,040   |              |
| Eksekuteursgeelde @ 3.5 %                                       | (40,250)    | (42,670)    | (45,220)    | (47,940)    | (50,810)    | (53,860)    | (57,100)    | (60,620)    | (64,160)    | (68,000)    | (72,060)    | (76,410)    | (80,980)    | (85,850)    | (91,000)    |              |
| R1 miljoen korting  | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) |              |
|   | 109,750     | 176,330     | 246,920     | 321,728     | 401,039     | 485,089     | 574,197     | 668,655     | 768,775     | 874,901     | 987,395     | 1,106,633   | 1,233,030   | 1,367,017   | 1,509,040   |              |
| Boedelbelasting op Mnr. A se eiendom @ 20 %                     | 21,950.00   | 35,266.00   | 49,384.00   | 64,345.68   | 80,207.70   | 97,019.86   | 114,839.40  | 133,730.96  | 153,756.08  | 174,989.16  | 197,478.97  | 221,328.67  | 246,607.19  | 273,403.50  | 301,807.91  |              |

**FIGUUR 7.2**


**VERGELYKING VAN 'N BOEDEL WAAR 'N TRUST OPGERIG WORD EN WAAR GEEN TRUST OPGERIG WORD NIE**

**EIENDOM VAN MNR. A EN DIE TRUST VIR DIE VOLGENDE 16 JAAR**


**MNR A SKEP 'N TRUST VIR DIE WOONSTELBLOK (Opsie 2)**

|  | Jaar 1      | Jaar 2      | Jaar 3      | Jaar 4      | Jaar 5      | Jaar 6      | Jaar 7      | Jaar 8      | Jaar 9      | Jaar 10     | Jaar 11     | Jaar 12     | Jaar 13     | Jaar 14     | Jaar 15     |
|--|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
| <b>WAARDE VAN DIE WOONSTELBLOK IN DIE TRUST</b>  |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Waarde van Woonstel blok   | 700,000     | 742,000     | 786,520     | 833,711     | 883,734     | 936,758     | 992,963     | 1,052,541   | 1,115,694   | 1,182,635   | 1,253,593   | 1,328,809   | 1,408,538   | 1,493,050   | 1,582,633   |
| Lening vanaf Mnr. A  | (700,000)   | (650,000)   | (600,000)   | (550,000)   | (500,000)   | (450,000)   | (400,000)   | (350,000)   | (300,000)   | (250,000)   | (200,000)   | (150,000)   | (100,000)   | (50,000)    | -           |
|  | -           | 92,000      | 186,520     | 283,711     | 383,734     | 483,758     | 582,963     | 702,541     | 815,694     | 932,635     | 1,053,593   | 1,178,809   | 1,308,538   | 1,443,050   | 1,582,633   |
| <b>INKOMSTE PER JAAR VAN DIE TRUST</b>   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Huur inkomste  | 72,000      | 76,320      | 80,890      | 85,753      | 90,896      | 96,352      | 102,133     | 108,261     | 114,757     | 121,642     | 128,941     | 136,677     | 144,878     | 153,571     | 162,785     |
| MIN: Instandhouding  | (10,000)    | (10,600)    | (11,236)    | (11,910)    | (12,625)    | (13,382)    | (14,185)    | (15,036)    | (15,938)    | (16,895)    | (17,908)    | (18,983)    | (20,122)    | (21,329)    | (22,600)    |
| Rente op lening  | (64,000)    | (78,000)    | (72,000)    | (66,000)    | (60,000)    | (54,000)    | (48,000)    | (42,000)    | (36,000)    | (30,000)    | (24,000)    | (18,000)    | (12,000)    | (6,000)     | -           |
| Lone   | (7,200)     | (7,632)     | (8,090)     | (8,575)     | (9,090)     | (9,635)     | (10,213)    | (10,829)    | (11,479)    | (12,164)    | (12,894)    | (13,668)    | (14,488)    | (15,357)    | (16,279)    |
| Inkomste/(verlies) van die trust   | (29,200)    | (19,912)    | (10,427)    | (732)       | 9,184       | 19,335      | 29,735      | 40,399      | 51,343      | 62,583      | 74,138      | 86,027      | 98,268      | 110,884     | 123,896     |
| Aangeslane verlies oorgedra - vorige jaar  | -           | (28,200)    | (49,112)    | (59,539)    | (69,271)    | (51,087)    | (31,753)    | (2,018)     | -           | -           | -           | -           | -           | -           | (282,979)   |
| Beleerbare inkomste/(verlies) van die trust  | (29,200)    | (48,112)    | (59,539)    | (69,271)    | (51,087)    | (31,753)    | (2,018)     | 38,381      | 51,343      | 62,583      | 74,138      | 86,027      | 98,268      | 110,884     | 123,896     |
| <b>BELASTING BETAALBAAR OP DIE INKOMSTE VAN DIE TRUST INDIEN NIKS UITGEKEER WORD NIE</b> |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Belasting op eerste R 100,000 @ 32 %   | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | 12,282.00   | 16,429.72   | 20,026.70   | 23,724.31   | 27,526.56   | 31,445.88   | 32,000.00   | 32,000.00   |
| Belasting bo R 100,000 @ 42 %  | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | 4,671.48    | 10,036.97   | 14,808.44   |
| Totale belasting van die trust   | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | 12,282.00   | 16,429.72   | 20,026.70   | 23,724.31   | 27,526.56   | 31,445.88   | 36,671.48   | 42,038.97   |
| <b>MNR A SE EIENDOM IN SY BOEDEL</b>   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Netto waarde van persoonlik boedel   | 450,000     | 477,000     | 505,620     | 535,957     | 568,115     | 602,202     | 638,334     | 676,634     | 717,232     | 760,266     | 805,861     | 854,234     | 905,488     | 959,818     | 1,017,407   |
| Verkuldig deur trust aan boedel  | 700,000     | 650,000     | 600,000     | 550,000     | 500,000     | 450,000     | 400,000     | 350,000     | 300,000     | 250,000     | 200,000     | 150,000     | 100,000     | 50,000      | -           |
| Netto waarde van totale boedel - Trust geskep  | 1,150,000   | 1,127,000   | 1,105,620   | 1,085,957   | 1,068,115   | 1,052,202   | 1,038,334   | 1,026,634   | 1,017,232   | 1,010,266   | 1,005,861   | 1,004,234   | 1,005,488   | 1,009,818   | 1,017,407   |
| <b>INKOMSTE PER JAAR VAN MNR A</b>   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Beleerbare inkomste van Mnr A per jaar   | 200,000     | 212,000     | 224,720     | 238,203     | 252,496     | 267,645     | 283,704     | 300,726     | 318,770     | 337,896     | 358,170     | 379,660     | 402,439     | 426,586     | 452,181     |
| Rente ontvang van Trust min R4,000 vrystelling   | 80,000      | 74,000      | 68,000      | 62,000      | 56,000      | 50,000      | 44,000      | 38,000      | 32,000      | 26,000      | 20,000      | 14,000      | 8,000       | 2,000       | 574,000     |
| Beleerbare inkomste van Mnr A per jaar - Trust geskep                                    | 280,000     | 286,000     | 292,720     | 300,203     | 308,496     | 317,645     | 327,704     | 338,726     | 350,770     | 363,896     | 378,170     | 393,660     | 410,439     | 428,586     | 452,181     |
| <b>BELASTING BETAALBAAR OP DIE INKOMSTE VAN MNR. A</b>                                   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Beleerbare inkomste bo R215,000  | 65,000      | 71,000      | 77,720      | 85,203      | 93,496      | 102,645     | 112,704     | 123,726     | 135,770     | 148,896     | 163,170     | 178,660     | 195,439     | 213,586     | 237,181     |
| Beleerbare inkomste tot R215,000   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   | 72,960.00   |
| Beleerbare inkomste bo R215,000 @ 42 %   | 27,300.00   | 29,820.00   | 32,642.40   | 35,785.34   | 39,288.06   | 43,110.95   | 47,335.81   | 51,964.94   | 57,023.24   | 62,536.23   | 68,531.21   | 75,037.08   | 82,084.50   | 89,705.97   | 98,815.93   |
|  | 99,960.00   | 102,480.00  | 105,302.40  | 108,445.34  | 111,928.06  | 115,770.95  | 119,995.81  | 124,624.94  | 129,683.24  | 135,196.23  | 141,191.21  | 147,697.08  | 154,744.50  | 162,365.97  | 170,578.93  |
| MIN: Primêre korting   | (4,140.00)  | (4,388.40)  | (4,651.70)  | (4,930.81)  | (5,226.65)  | (5,540.25)  | (5,872.97)  | (6,225.03)  | (6,598.53)  | (7,004.44)  | (7,444.11)  | (7,918.96)  | (8,429.49)  | (8,986.32)  | (9,580.14)  |
| Totale belasting van Mnr. A - Trust geskep   | 95,820.00   | 98,091.60   | 100,650.70  | 103,514.54  | 106,701.41  | 110,230.69  | 114,122.94  | 118,399.91  | 123,084.71  | 128,201.79  | 133,777.10  | 139,838.12  | 146,414.01  | 153,535.95  | 161,215.79  |
| <b>TOTALE INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR - TRUST GESKEP</b>                                |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Belasting betaalbaar deur die trust  | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | 12,282.00   | 16,429.72   | 20,026.70   | 23,724.31   | 27,526.56   | 31,445.88   | 36,671.48   | 42,038.97   |
| Belasting betaalbaar deur Mnr. A   | 95,820.00   | 98,091.60   | 100,650.70  | 103,514.54  | 106,701.41  | 110,230.69  | 114,122.94  | 118,399.91  | 123,084.71  | 128,201.79  | 133,777.10  | 139,838.12  | 146,414.01  | 153,535.95  | 161,215.79  |
| Totale belasting betaalbaar - Trust geskep   | 95,820.00   | 98,091.60   | 100,650.70  | 103,514.54  | 106,701.41  | 110,230.69  | 114,122.94  | 130,681.91  | 139,514.43  | 148,228.49  | 157,501.40  | 167,364.68  | 177,859.89  | 189,107.13  | 204,254.76  |
| <b>BOEDELBELASTING</b>   |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |             |
| Waarde van Boedel  | 1,150,000   | 1,127,000   | 1,105,620   | 1,085,957   | 1,068,115   | 1,052,202   | 1,038,334   | 1,026,634   | 1,017,232   | 1,010,266   | 1,005,861   | 1,004,234   | 1,005,488   | 1,009,818   | 1,017,407   |
| Eksekuteursgeelde @ 3.5 %  | (40,250)    | (39,450)    | (38,700)    | (38,010)    | (37,380)    | (36,830)    | (36,340)    | (35,900)    | (35,600)    | (35,360)    | (35,210)    | (35,150)    | (35,180)    | (35,340)    | (35,610)    |
| R1 miljoen korting   | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) | (1,000,000) |
|  | 109,750     | 87,550      | 66,920      | 47,947      | 30,735      | 15,372      | 1,864       | (9,269)     | (18,368)    | (25,094)    | (29,329)    | (30,916)    | (29,702)    | (26,522)    | (18,203)    |
| Boedelbelasting op Mnr. A se eiendom @ 20 %  | 21,950.00   | 17,510.00   | 13,384.00   | 9,589.44    | 6,146.89    | 3,074.30    | 366.72      | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           | -           |


**FIGUUR 7.3 BOEDELEIENDOM VAN MNR. A**




**FIGUUR 7.4 BOEDELBELASTING BETAALBAAR MET AFSTERWE IN ENIGE JAAR**




**FIGUUR 7.5 BELASBARE INKOMSTE VAN MNR. A**




**FIGUUR 7.6 INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR DEUR MNR. A**



**FIGUUR 7.7 TOTALE INKOMSTEBELASTING IN DIE GEHEEL BETAALBAAR**



**FIGUUR 7.8 TOTALE BOEDEL- EN INKOMSTEBELASTING BETAALBAAR**



# **INHOUDSOPGAWE**

## **HOOFSTUK 8**

### **BLADSY**

#### **SLOTSOM**

|     |                               |           |
|-----|-------------------------------|-----------|
| 8.1 | Nuwe wetgewing                | 319 – 322 |
| 8.2 | Oorwegings by trustbeplanning | 322       |
| 8.3 | Kapitaalwinsbelasting         | 323 – 324 |
| 8.4 | Toekomsgerigtheid             | 324 – 327 |



## HOOFSTUK 8

### SLOTSOM

#### 8.1 NUWE WETGEWING

Die vraag wat nou beantwoord word deur die studie, is of die trust na die 1998-begroting belastinggewys slegter daaraan toe is as ander entiteite soos 'n beslote korporasie of 'n maatskappy. Die antwoord is "nee", die trust is nie slegter af nie.


Smith meen

***“Die wysigings is deel van die minister se strategie om die belastingnet nouer te span en om die skuiwergate toe te stop wat voorheen bestaan het. Die wysigings moet egter nie die individu afskrik om die waarde van hul bates in 'n trust te beskerm nie.”***

(Anon, 1998b:7).

Volgens Van der Kooy (1998:41) maak die Minister van Finansies, Trevor Manuel, 'n fout as hy dink dat die nuwe wetgewing 'n einde gaan maak daaraan dat bates en ook 'n boedel uit die belastinggaarder se hande gehou word. Al wat sy Begrotingsrede gewys het, is dat die trust al duurder en ingewikkelder gaan word. Dit sal dus al hoe meer 'n instrument vir hoë inkomstegroepe word en minder vir lae inkomstegroepe word. Die rykes sal dus steeds kan ontglim van verskillende belastings, en dit is juis dié mense wat die Minister wou bykom.

Vir die welgesteldes sal die trust dus steeds 'n instrument bly om belasting vry te spring, besit oor te dra, beheer uit te oefen en om voorwaardes te stel (Van der Kooy, 1998:41).



Indien 'n trust 'n belasbare inkomste bo R100 000 het, kan daar volgens die belastingtabelle (sien Figuur 4.1 (p. 155)) gesien word dat die trust nou minder belasting as voorheen betaal. Die 'groter' trust is dus nou beter daaraan toe om belasting te kan verminder.

Hoewel die trust met minder inkomste nou meer belasting moet betaal as 'n individu, is die trust steeds 'n groot voordeel indien al die ander voordele soos boedelvermindering, batebeskerming en beperkte aanspreeklikheid in ag geneem word.

Daar moet ook onthou word dat die trust slegs belasting sal betaal indien die trust oor inkomste beskik. Indien die trust nie inkomste sou verdien nie of sy inkomste tussen 'n hele aantal begunstigdes sou verdeel, word daar in elk geval belasting gespaar omdat net die trust se belasting verhoog het en nie die begunstigdes s'n nie.

Harris (1998:52) toon dat wetgewing sekere trusts ongunstig kan beïnvloed, byvoorbeeld trusts wat opgerig word tot voordeel van 'n eggenoot, minderjarige en ander afhanklikes. Daar moet egter nou baie noukeurige ondersoek deur die trustee ingestel word om te besluit wie die inkomste moet ontvang en of dit in die trust gehou moet word. Versekering moet verkry word dat die koers van die trust nie hoër is as die koers van die begunstigdes nie.

Volgens Tenk Loubser, belastingvennoot van PriceWaterhouseCoopers, (soos aangehaal deur Van der Kooy, 1998:41) moet daar egter nou net beter beheer en beplanning uitgeoefen word. Dit is byvoorbeeld beheer oor allerlei belange en bates. Die trustees sal die struktuur monitor en manipuleer, en die nodige voorwaardes inbou sonder om die trust só te bevoordeel dat belasting gehef word. Daar sal steeds skeiding tussen die beheer en die bates wees.

Baie trusts word gestig om die groeiende bates van 'n persoon uit sy boedel te verwyder om boedelbelasting by afsterwe te beperk. Dit is dus nie gestig om



die uitkering van verlies aan die trustbegunstigdes te bewerkstellig nie. 'n Trust wat dan vir die doel van boedelbeplanning opgerig word, sal nie deur die wysiging, rakende die uitkering van verlies aan begunstigdes geraak word nie.

Die verlies wat egter deur 'n trust gely word mag wel binne die trust na 'n volgende jaar van aanslag oorgedra word om teen die inkomste van daardie jaar afgeskryf te word. Dit mag egter nie teen begunstigdes se inkomste verreken word nie.

Saketrusts word wel deur die nuwe wysiging geraak deurdat die trust opgestel word met die doel om die voordeel van die uitkering van verlies vir inkomstebelasting aan trustbegunstigdes te benut. Die begunstigdes geniet egter steeds beperkte aanspreeklikheid vir die skuld van die trust (Anon, 1998a:12).

Die gevolg van die 1998-begroting sal wees dat daar 'n vermindering in die gebruik van trusts sal wees vir belastingbeplanningskemas. Die gebruik van vennootskappe kan die plek van trusts inneem, omdat die verlies wat in 'n vennootskap gely word, steeds aftrekbaar is teen 'n individu se bykomende inkomste. Die trust het egter nou nie meer dié voordeel nie.

Baie van die belastingvoordele wat by 'n trust van toepassing was, is steeds beskikbaar by die gebruik van 'n vennootskap. Tog is die vennootskap nie so 'n veilige instelling as die trust nie. Van die belangrikste voordele van 'n trust, naamlik beperkte aanspreeklikheid en ewigdurende voortbestaan, is nie teenwoordig by die vennootskap nie.

Die besluit om 'n vennootskap op te rig, moet baie omsigtig geneem word. Die besluit moet nie net vanuit 'n belastingoogpunt geneem word met die idee dat die belastingposisie deur wetgewing verander kan word nie. Die belangrikste is dat persoonlike aanspreeklikheid belastingvoordele ver kan oortref (Anon, 1998b:8).

✓

Belastingvoordele moet egter nooit die enigste rede wees vir die oprigting van 'n trust nie. Die voordele kan soos die spreekwoordelike mis voor die son verdwyn sodra die wet verander word en die voordele neutraliseer (Van der Westhuizen, 1998h:4). Onder meer kan die koers van belasting verander word en die geleibuisbeginsel kan verbied word. Rentevrye lenings kan dalk ook as 'n deurlopende skenking belas word.

Daar moet egter beseef word dat dit nie die einde is nie. Die belastingveranderinge van die trust was maar die eerste stap vir meer veranderinge (Van der Kooy, 1998:41). Daar is egter genoeg ander redes om die trust te benut.

## **8.2 OORWEGINGS BY TRUSTBEPLANNING**

Die volgende oorwegings is van belang by trustbeplanning as daar gemik word op inkomstebelastingbesparing:

1. Die skep van 'n jaargeld moet vermy word indien dit uit dividende betaal sou word. Dividendinkomste sal sy identiteit verloor en ten volle belasbaar wees volgens artikel 19(6) en artikel 10(2)(b) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Dit is 'n uitsondering op die geleibuisbeginsel in terme waarvan trustinkomste sy identiteit behou in die hande van 'n trustbegunstigde.
2. Indien beursaandele die hoofbater is wat die boedeleienaar aan die trust wil oordra en hy aangewese is op die dividendinkomste vir sy lewensbehoefte, sal hy en sy eggenoot ook begunstigdes van die trust moet wees, anders sou hy net afhanklik gewees het van die rente-inkomste op sy leningsrekening van die trust om in sy lewensbehoefte te voorsien. Om dividendinkomste te omskep in rente-inkomste in die eienaar se hande moet dus vermy word.
3. Spekulatiewe transaksies binne die trustraamwerk kan die kapitale aard van 'n langtermyn familiebelegging beïnvloed (Anon, 1996a:22).

### 8.3 KAPITAALWINSBELASTING

Wat wel die boedelbeplanningstrust sal raak, is kapitaalwinsbelasting. Hierdie belasting is ingestel vanaf 1 Oktober 2001. Omdat kapitaalwinsbelasting nou eers in sy beginstadium is en daar nog vele onsekerhede oor die onderwerp bestaan, is daar nog te veel kwelvrae om dit volledig in hierdie studie te beantwoord.

Wat wel waar is, is dat kapitaalwinsbelasting op enige verkoop van bates nie net vir 'n trust geld nie. As die beplanner sy boedel wil verminder deur van sy groeiende bates te verkoop, sal hy kapitaalwinsbelasting moet betaal wanneer hy dit aan 'n individu of 'n trust verkoop. Indien hy dit aan 'n trust verkoop, kan die inkomste van die bates steeds tot voordeel van sy erfgename of begunstigdes wees. Hy kan selfs 'n begunstigde in die trust wees indien hy dit sou verkies. Dit is egter onderworpe aan vereistes, soos om nie die enigste begunstigde en trustee te wees nie.

Wanneer bates aan 'n trust verkoop word, kan die bates onmiddellik in die begunstigdes vestig. Die oordrag sal dan teen markwaarde wees. Indien die begunstigdes hul bates sou verkry deur 'n boedel of deur die trust en weer die bates verkoop, is kapitaalwinsbelasting op die wins betaalbaar.

Buigsaamheid van strukture word egter by kapitaalwinsbelasting as 'n belangrike beplanningspunt beskou. Daar moet verseker word dat die trustakte buigsaam genoeg is. Trustees moet toegelaat word om tussentydse toekennings aan bevoordeeldes te doen en om die trust te beëindig indien omstandighede dit vereis. Indien strukture nie meer doeltreffend is nie as gevolg van veranderde wetgewing, moet die moontlikheid bestaan om die boedelbeplanningstruktuur te kan beëindig. Dit sal die boedelbeplanner egter geld kos. Indien eiendom in 'n trust gekoop word, sal 10% hereregte betaal word. As die wetgewing dan oor 'n paar jaar verander en daar besluit word om

die eiendom weer in die boedeleienaar se naam oor te dra, sal daar weer 10% hereregte betaal moet word (Van der Watt, 1997:27).

Volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (Beeld: 2001:3) kan 'n woning wat in 'n maatskappy of trust is, aan 'n individu oorgedra word sonder enige nadelige belastinggevolge, mits die woning nie later as 31 Maart 2003 in die natuurlike persoon of dié se gade se naam geregistreer word nie.

Die hoofdoel van die studie is egter bereik, naamlik om te bewys dat die trust steeds tot voordeel van 'n boedelbeplanner is om sy eiendom in sy boedel vas te pen en om boedelbelasting te bespaar.

#### **8.4 TOEKOMSGERIGTHEID**

'n Ontleding van die totale boedel is nodig om te verseker dat daar op die finansiële doeltreffendste manier vir die toekoms voorsiening gemaak word.

Die belangrikheid en bruikbaarheid van die trust in die praktyk is daarin geleë dat die trustee 'n amp beklee en dat die eiendomsreg van die trustbates wat in hom vestig, nie 'n persoonlike eiendomsreg is wat sy eie skuldeisers kan opeis nie. Die trustee kan homself ook nie persoonlik verryk nie omdat hy in 'n vertrouensverhouding met die begunstigdes staan. Die begunstigdes kan ook teen hulself beskerm word, omdat die begunstigdes nie 'n gevestigde reg by die meeste trusts het nie. Elastisiteit word dus bewerkstellig deur die wye bevoegdhede van die trustee (Olivier, 1989:257-258).

Die nadele - soos uitgewys in die vorige hoofstukke - kan ook as voordele gesien word. Die siening dat die goedkeuring van almal vir die wysiging van die trustakte 'n nadeel is, is betwisbaar. Die voordeel lê daarin dat daar nou nie net een persoon is wat die besluite neem nie. Die besluite kan dus tot almal se voordeel strek.

Hoewel die boedeleienaar nou ook sy volle beheer van bates afstaan, kan dit maar as 'n mindere punt gesien word teen die res van die voordele. Die boedeleienaar kan steeds een van die trustees wees, maar slegs met die minderheidsbesluit. Verder moet die ander voordele soos boedelvaspenning en batebeskerming ook nie uit die oog verloor word nie. Die voordeel lê daarin dat die bates nie meer in die boedeleienaar se boedel val nie en boedelbelasting so bespaar word. Die bates wat in die trust is, word ook beskerm teen die skuldeisers van die boedeleienaar. Nog 'n groot voordeel is dat die bates ook nie in die boedel van die begunstigdes sal val tot dit aan hulle toegeken word nie. Die nadeel is dat die begunstigde kapitaalwinstbelasting sal moet betaal op die groei van die bates sodra die bates aan hom uitgekeer word.

Dit sal vir die land 'n groot verlies wees indien die trust ter syde gestel word omdat trusts 'n kostedoeltreffende en gerieflike metode is om bates oor te dra en op so 'n manier help om die land se inflasiekoers laag te hou (Kourie, 1998:3).

Die Franse regsgeleerde, Pierre le Paulle (soos aangehaal deur Olivier, 1989:257-258) het hom soos volg uitgelaat oor die trust:

***“Trusts have now pervaded all fields of social institutions in common law countries. They are like those extraordinary drugs curing at the same time toothache, sprained ankles and baldness, sold by peddlers on the Paris boulevards: they solve equally well family troubles, business difficulties, religious and charitable problems. What amazes the skeptical civilian is that they really do solve them.”***

Sy verwondering oor die trust is egter nie misplaas nie. Die trust is inderdaard uiters plooibaar en daarby is daar 'n verskeidenheid aanwendingsmoontlikhede Olivier (1989:257-258) verklaar:

***“... hoe meer 'n mens met 'n trust woeker, hoe beter leer jy hom ken en hoe aangener raak die vriendskap”.***

Die trust kan egter beïnvloed word deur die kapitaalwinstbelasting wat op 1 Oktober 2001 in werking getree het. Die vraag is nou of dit nog so doeltreffend is om 'n diskresionêre trust op te rig waar die kapitaal nie aan die spesifieke begunstigdes toegeken word nie.

Die trust bly egter steeds by uitstek dié boedelvaspenninginstrument. Die voordele van die trust kan kortliks só opgesom word:

1. Inkomste van die diskresionêre trust kan tussen verskillende begunstigdes verdeel word, wat inkomstebelastingbesparing teweeg kan bring.
2. Bates wat aan 'n trust verkoop of geskenk word, val nie meer in die boedeleienaar se boedel nie.
3. Trustees en begunstigdes is nie persoonlik aanspreeklik vir trustskulde nie.
4. Bates word teen die begunstigdes se krediteure beskerm indien die bates aan die trust behoort.
5. Daar is nie bepaalde formaliteite waaraan 'n trust moet voldoen nie.
6. Die trust het 'n onbepaalde voortbestaan, ongeag die wisseling van trustees of begunstigdes.
7. Die trust is baie meer buigsaam as 'n maatskappy. Die Maatskappywet geld nie vir trusts nie.
8. Eksekuteursgeld en administrasiekoste kan by die beplanner se dood verminder word.
9. Bates kan in die trust gehou word, terwyl die beheer oor die bates van geslag tot geslag oorgedra kan word.

Na die ondersoeker se mening is daar min dinge wat die Ontvanger kan doen om al die voordele van die trust te kan teenwerk, behalwe as hy trusts heeltemal verwyder. Met 'n goed beplande en opgestelde trustakte beskik elke persoon oor die vermoë om sy sake só te reël dat hy die beste voordele daaruit kan verkry voor die Ontvanger sy deel kry.

Die trust is hier om te bly en elkeen kan dit gebruik na die beste van sy vermoë om sy boedel te beplan. Daar moet egter onthou word dat die trust nooit slegs vir belastingvermyding geskep moet word nie.

Om met 'n voorsprong in die lewe weg te spring deur vroegtydig boedelbeplanning te doen, sal 'n boedelbeplanner, sy familie en al sy geliefdes, deur hul leeftyd meer gerus en tevrede kan wees.

## VOORBEELDE

### 1. SKENKINGSBELASTING – VOORBEELD 1

Die volgende skenkings word deur Mnr. Dan gemaak:

|                  |   |         |                           |
|------------------|---|---------|---------------------------|
| 1 Maart 2001     | - | R16,000 | aan sy oudste seun, Jan   |
| 31 Mei 2001      | - | R 7,000 | aan sy broerskind, Jill   |
| 31 Augustus 2001 | - | R 3,000 | aan sy tweede kind, Janet |
| 25 Desember 2001 | - | R10,000 | aan sy eggenoot, Marsha   |
| 1 Maart 2002     | - | R26,000 | aan sy vriend, Fred       |
| 30 Junie 2002    | - | R 6,000 | aan liefdadigheid         |
| 31 Augustus 2002 | - | R10,000 | aan sy vader              |

Bereken die skenkingsbelasting van Mnr Dan (Huxham & Haupt, 1999:526 soos aangepas met die 2002 se belasting op geskenke se koers).

### OPLOSSING

#### BELASTINGJAAR GEëINDIG 28/2/2001

|               | Skenkings-<br>Betaalbaar                               |                  | Belasting |
|---------------|--|------------------|-----------|
| 1 Mar 2001 -  | Vrygestel, Artikel 56(2)(b)                            |                  | nul       |
| 31 Mei 2001 - | Artikel 56(2)(b) vrystelling is                        | R25,000          |           |
| -             | Reeds gebruik op 1 Maart                               | <u>(R16,000)</u> |           |
|               | Beskikbaar vir verrekening                             | R 9,000          |           |
|               | Skenking gemaak  | <u>R 7,000</u>   |           |
|               | Belasbare gedeelte                                     | <u>R nul</u>     |           |
|               | Skenkingsbelasting beloop                              |                  | nul       |
| 31 Aug 2001 - | (R3000 - R2000) x 25%                                  |                  | R250      |
| 25 Des 2001 - | Skenkings aan eggenoot vrygestel<br>volgens a 56(1)(b) |                  | nul       |

#### BELASTINGJAAR GEëINDIG 28/2/2002

|               |                                       |                  |      |
|---------------|---------------------------------------|------------------|------|
| 1 Mar 2002 -  | Skenkings aan Fred                    | R26,000          |      |
|               | Vrystelling a56(2)(b)                 | <u>(R25,000)</u> |      |
|               |                                       | <u>R 1,000</u>   |      |
|               | Skenkingsbelasting                    |                  |      |
|               | R1,000 x 20 %                         |                  | R200 |
| 30 Jun 2002 - | Skenkings aan liefdadigheid vrygestel |                  | nul  |

31 Aug 2002 - R10,000 x 20 % R2,000

## 2. BEREKENING VAN BLOTE EIENDOMSREG EN VRUGGEBRUIK – VOORBEELD 2

A skenk die vruggebruik van sy plaas aan sy seun B op 30 Junie 1993. Die blote eiendomsreg word aan sy kleinseun C geskenk. Die is die enigste skenking in A se leeftyd.

|   | Ouderdom volgende Verjaarsdag | Lewensverwagting in jare | Huidige waardefaktor (12%) |
|---|-------------------------------|--------------------------|----------------------------|
| A | 64                            | 12,31                    | 6,26822                    |
| B | 46                            | 24,58                    | 7,81924                    |
| C | 30                            | 38,48                    | 8,22694                    |
|   | Markwaarde van plaas          |                          | R150,000                   |
|   | Landbankwaarde van plaas      |                          | R100,000                   |

Op 15 April 1997 sterf A. Die plaas se markwaarde op die datum was R200,000 en die Landbankwaarde R160,000.

Op 6 Mei 1999 sterf B. Die volgende inligting is dan van toepassing:

|       |   |                                       |          |
|-------|---|---------------------------------------|----------|
| C     | - | Ouderdom met sy volgende verjaarsdag: | 36 jaar  |
|       | - | leuensverwagting:                     | 33,05    |
|       | - | Huidige waardefaktor:                 | 8,13647  |
| Plaas | - | markwaarde                            | R220,000 |
|       | - | Landbankwaarde                        | R190,000 |

Bereken die volgende:

1. die belasting op die skenking van A op 30 Junie 1993;
2. die totale boedelbelasting betaalbaar vir A se boedel, indien sy enigste bates R1,4 miljoen is (die skenking en sy diverse bates). A se vrou, sy kind B, en sy kleinkind C oorleef hom;
3. die waarde van die vruggebruik wat by B se boedel gevoeg moet word wanneer hy sterf.

## OPLOSSING

### 1. 30 JUNIE 1993

#### WAARDE VAN VRUGGEBRUIK:

Jaarlikse waarde:  $R100,000 \times 12 \% = R12,000$

Waarde oor kortste van A of B se lewensverwagting

$$R12,000 \times 6,26822 = R75,219$$

#### WAARDE VAN BLOTE EIENDOMSREG:

Landbankwaarde R100,000

Min: waarde van vruggebruik oor B se lewensverwagting:

$$R12,000 \times 7,81924 = \underline{R93,831}$$

R 6,169

Belasbare waarde  $R75,219 + R6,169$  R81,388

Belasting op geskenke

$$(R81,388 - R20,000) \times 15\% = \boxed{R9,208.20}$$

Voor 16 Maart 1996 was die skenkingsbelastingkoers 15 % en daarna 25 %.

Na 1 Oktober 2001 het die koers verander na 20 %.

### 2. 15 APRIL 1997

a3(2) Diverse bates R1,400,000

Korting (R1,000,000)

Belasbare boedel R 400,000

Boedelbelasting betaalbaar @ 25 % R 100,000

### 3. 6 MEI 1999

#### WAARDE VAN VRUGGEBRUIK

Jaarlikse waarde  $R190,000 \times 12 \% = R22,800$

Gekapitaliseer teen C se lewensverwagting

$$R22,000 \times 8,13647 = R185,512$$

Ooreenkomstig die tweede voorbehoudsbepaling word die waarde soos volg beperk (a 5(1)(b)):

|  |                  |
|--|------------------|
| Landbankwaarde 6/5/99  | R190,000         |
| MIN: waarde van blote eiendomsreg toe dit<br>Die eerste keer verkry is (verwys na a) | ( <u>6,169</u> ) |
| Waarde van vruggebruik in B se boedel is<br>die laagste van R185,512 en R183,831     | <u>R183,831</u>  |

(Huxham & Haupt, 1999:564-566)

### 3. BOEDELBELASTING – VOORBEELD 3

Op 55 jarige ouderdom sterf Frans Uys in 'n motorongeluk op 19 Junie 2001. Die volgende bedrae word deur sy eksekuteur ontvang:

|  |          |
|--|----------|
| Opbrengs met die verkoop van 'n leë erf                          | R 75,000 |
| Rente op 'n vaste deposito wat op 15 Junie 2001 verval           | R 3,000  |
| Enkelbedrag uit 'n pensioenfonds (aantekening 4)                 |          |
| - vrygestelde gedeelte   | R125,000 |
| - belasbare gedeelte   | R 45,000 |
| Dividende (aantekening 5)  | R 5,000  |
| Opbrengs van aandele verkoop                                     | R 34,000 |
| Vrywillige gratifikasie deur vorige werkgewer<br>(aantekening 2) | R 42,000 |

Aantekeninge:

1. Frans was 'n aandeelhandelaar en was aanspreeklik vir belasting op die winste wat hy gemaak het deur aandele te verkoop. Hy het die keuse ingevolge artikel 9B, waar 'geaffekteerde aandele' wat langer as vyf ononderbroke jare gehou is as kapitaal van aard te beskou, uitgeoefen. Die aandele wat deur sy eksekuteur verkoop is het R24,000 gekos en die helfde van die aandele is langer as vyf jaar gehou.
2. Die werkgewer het uit vrye keuse 'n enkelbedraggratifikasie aan Frans se weduwee toegeken. Die gratifikasie is aan die eksekuteur betaal vir oordrag aan Frans se weduwee.
3. Frans se huis en meubels is aan sy vrou bemaak en sy is ook geregtig op die helfde van die opbrengs en kontant van die boedel. Die kinders is albei minderjarig en die eksekuteur is verplig om hul erflating aan die Meester van die Hooggeregshof vir belegging in die Voogdyfonds oor te betaal.
4. Die enkelbedrag van die pensioenfonds is eers op 30 Julie 2001 uitbetaal.

5. Die volgende dividende is deur die eksekuteur ingevorder. Dividende betaalbaar aan:
- Aandeelhouders geregistreer op 30 Mei 2001 - R1,400  
 Aandeelhouders geregistreer op 20 Junie 2001 - R1,900; en  
 Aandeelhouders geregistreer op 15 Julie 2001 - R1,700.
6. Die aandele is almal op 20 Julie 2001 verkoop. Alle verkope was ex dividend.

Bereken die belasbare inkomste van Frans, sy boedel en al sy erfgename.

## OPLOSSING

### Frans

|   |                |
|---|----------------|
| Rente op vaste deposito (toegeval voor sy dood)   | R 3,000        |
| Belasbare gedeelte van die enkelbedrag uit die Pensioenfonds (word geag voor dood toe te val) | R45,000        |
| Vrywillige enkelbedraggratifikasie van die werkgewer (word geag om voor dood toe te val)      | R42,000        |
| Dividende   | <u>R 1,400</u> |
| Bruto Inkomste  | <u>R91,400</u> |

### MIN: Vrygestelde inkomste

|                                   |               |                  |
|-----------------------------------|---------------|------------------|
| Rentevrystelling (a 10(1)(l)(xv)) | R3,000        |                  |
| Dividende (a 10(1)(k))            | <u>R1,400</u> | <u>(R 4,400)</u> |
| Belasbare Inkomste                |               | <u>R87,000</u>   |

Volgens paragraaf 3 van die Tweede Bylae is 'n enkelbedrag wat as gevolg van die dood van 'n lid van die pensioen-, voorsorg- of uitredingsannuïteitsfonds verhaalbaar word, geag 'n enkelbedragvoordeel te wees wat onmiddellik voor sy dood aan die lid toegeval het.

Volgens paragraaf (d) van die omskrywing van '*bruto inkomste*' is die vrywillige toekenning wat deur die werkgewer aan die weduwee gemaak is, in Frans se hande belasbaar. Die tweede voorbehoudsbepaling tot paragraaf (d)(ii) ag dat die bedrag onmiddellik voor sy dood toegeval het. Hierdie bepaling is egter net van toepassing indien die toekenning gekoppel is aan die amp, diensbetrekking of aanstelling wat Frans by sy werkgewer beklee het. Verder moet dit aan sy weduwee betaal word ten opsigte van die afstand, beëindiging, verlies, verwerping, herroeping of

verandering van daardie amp, diensbetrekking of aanstelling. Indien dit slegs 'n geskenk van Frans se werkgewer is, is paragraaf (d) nie van toepassing nie, en sal nie Frans en ook nie sy weduwe daarop belas word nie.

### **Boedel van Frans**

Daar is geen belasbare inkomste vir die boedel nie, omdat alle bates aan vasgestelde erfgename nagelaat word. Omdat Frans se kinders nog minderjare is en nog nie op hul erfing geregtig is nie, word dit in die Voogdyfonds vir hulle belê. Hulle is dus aanspreeklik vir enige inkomstebelasting ten opsigte van die inkomste verdien op die bates.

### **Frans se vrou**

|  |                 |
|--|-----------------|
| Dividende ( $1/2 \times (R1,900 + R1,700)$ )   | R1,800          |
| Wins met verkoop van aandele<br>$50 \% \times (1/2 \times (R34,000 - R24,000))$<br>(slegs die helfde van die opbrengs is belasbaar.<br>Die ander helfde is kapitaal van aard – Artikel 9B) | <u>R2,500</u>   |
| Bruto inkomste   | R4,300          |
| MIN: Vrygestelde inkomste  |                 |
| Dividende (artikel 10(1)(k))   | <u>(R1,800)</u> |
| Belasbare inkomste   | <u>R2,500</u>   |

### **Frans se kinders**

|  |                |
|--|----------------|
| Dividende ( $50 \% \times (1/2 \times R1,900 + R1,700)$ )  | R 900          |
| Wins met verkoop van aandele<br>$1/2 \times (50 \% \times (R34,000 - R24,000))$<br>(Slegs een helfde van die opbrengs is belasbaar.<br>Die ander helfde is kapitaal van aard – Artikel 9B) | <u>R1,250</u>  |
| Bruto inkomste   | R2,150         |
| MIN: Vrygestelde inkomste  |                |
| Dividende (artikel 10(1)(k))   | <u>(R 900)</u> |
| Belasbare inkomste van elke kind   | <u>R1,250</u>  |

Kapitaalwinstbelasting is nie van toepassing op die verkoop van bates voor 1 Oktober 2001 nie. (Stack et al., 1998:249-251)

#### **4. ARTIKEL 7 – VOORBEELD 4**

Abram het met 'n R100,000 skenking 'n trust inter vivos opgerig. Die trustee is aangewys as sy swaer Bernard Benade, wat die aanstelling aanvaar het. Die kapitaal en inkomste begunstigdes is Abram se meerderjarige kinder Charl en Carol. Bernard het die R100,000 belê, en die inkomste daarop vir die jaar was R1,000. Bernard het die diskresionêre magte en kan na goedunke besluit, wanneer, hoe en hoeveel hy aan elke inkomstebegunstigde van die trustinkomste wil toewys.

Vraag: In watter van die volgende omstandighede sal Abram self op die R1,000 belasbaar wees as Bernard dit nie aan die inkomstebegunstigdes toeken nie?

1. Abram self is die inkomstebegunstigde en nie Charl en Carol nie?

#### **OPLOSSING**

Abram is belasbaar volgens artikel 7(1). Die inkomste word tot sy voordeel opgehoop of uitbetaal, wat 'n gevestigde reg verteenwoordig.

2. Charl en Carol, die meederjarige kinders, is die inkomstebegunstigdes?

#### **OPLOSSING**

Abram is nie belasbaar volgens artikel 7(3) nie, met die rede dat die kinders wel meederjarig is. Hy is egter wel belasbaar onder artikel 7(5), met die rede dat Barnard 'n diskresie het oor wanneer hy enige voordeel aan enigeen van die twee inkomste begunstigdes wil laat toeval. Dit word beskou as onderhewig aan 'n gebeurtenis, soos beskryf in artikel 7(5). Die kinders het nie 'n gevestigde reg op die trustinkomste nie, omdat daar nie nou al bepaal kan word watter een watter voordele gaan ontvang nie.

3. In plaas daarvan dat Abram die oprigter was, was sy vriend, Danie, die oprigter. Abram het 'n soortgelyke trust inter vivos vir Danie se meederjarige kinders opgerig.

## **OPLOSSING**

Abram is nie belasbaar ingevolge artikel 7(4) nie omdat sy kinders meerderjarig is. Hy is nie belasbaar op die inkomste van die trust ingevolge artikel 7(5) nie, omdat hy nie 'n skenking aan die trust gemaak het nie. Hy sal wel volgens artikel 7(5) belasbaar wees op die trustinkomste van die trust wat hy vir Danie se kinders opgerig het omdat daardie trust se trustee die diskresie het wanneer hy die inkomstebegunstigdes wil bevoordeel en omdat Abram 'n skenking aan daardie trust gemaak het.

4. In plaas daarvan om die volle R1,000 in die trust te hou, het Bernard R200, aan Charl en Carol elk, laat toekom ingevolge sy diskresionêre magte.

## **OPLOSSING**

Abram sal belasbaar wees op R600 ingevolge artikel 7(5). As die diskresie van die trustee 'n gebeurtenis ingevolge artikel 7(5) is, beteken dit dat die gebeurtenis plaasgevind het sover dit die R400 van die R1,000 betref, waaroor Bernard se diskresie uitgeoefen word. Dit val daarom buite artikel 7(5). Charl en Carol sal dus elkeen op R200 belas word ingevolge artikel 7(1). Hulle het altwee 'n gevestigde reg op die R200.

5. Abram het vir hom die reg voorgehou om Charl en Carol te kan vervang met ander inkomste begunstigdes?

## **OPLOSSING**

Abram sal belasbaar wees ingevolge artikel 7(6) omdat hy 'n reg het om die regte weg te neem van die begunstigdes en ander aan te stel.

6. Abram het die R100,000 aan die trust geskenk met die voorwaarde dat Bernard elke jaar die volle R1,000 aan Charl en Carol toe te ken en die R100,000 na 10 jaar na hom moet terugkom.

## **OPLOSSING**

Abram sal elke jaar belasbaar wees op die opbrengs van die skenking ingevolge artikel 7(7) omdat hy later weer beheer oor die trustbate verkry (Swart *et al.*, 1985:211).

## 5. TESTAMENTêRE TRUST – VOORBEELD 5

Stack & Cronjè (1998:500-503) gee die volgende voorbeeld ter verduideliking van die testamentêre trust:

Mr Swart rig 'n testament op waar hy bepaal dat daar van die bates in die trust gehou moet word, totdat die jongste van die drie kleinseuns dertig word. Daar is besluit dat die netto inkomste van die bates soos volg deur die trustees hanteer moet word:

- (i) Die vaste eiendom in Pretoria se inkomste moet aan die oudste kleinseun, Eric, uitbetaal word;
- (ii) Die vaste eiendom in Botswana se inkomste moet aan die tweede kleinseun, Jason, uitbetaal word; en
- (iii) Die rente op die belegging in die Suid-Afrikaanse bank moet in die trust gehou word, totdat Shaun, die jongste kleinseun, dertig jaar oud is. Die trustee het die gevestigde reg om soveel inkomste aan Shaun, toe te ken, soos hy goed dink. Indien Shaun voor dertig sou sterf, moet hierdie rente-inkomste, en reeds opgehoopte inkomste, in gelyke dele aan Eric en Jason, verdeel word.

Daar word verder in die testament bepaal dat daar 'n vergoeding van 5 % van die belasbare inkomste aan die trustee betaal moet word, voordat die verdeling van inkomste uitbetaal word. Daar is ook voorsiening gemaak vir die beëindiging van die trust.

Die trust het op 1 Augustus 2000 tot stand gekom, toe die bates aan die trustees oorgedra is. Die volgende bedrae word ontvang en betaal vir die tydperk geëindig

28 Februarie 2001:

|                                      | R | R             |
|--------------------------------------|---|---------------|
| Pretoria eiendom: bruto huurinkomste |   | 125,000       |
| Botswana eiendom: bruto huurinkomste |   | 100,000       |
| Rente inkomste                       |   | <u>75,000</u> |
|                                      |   | 300,000       |

|   |               |                |
|---|---------------|----------------|
| <b>Min: Uitgawes</b><br>(Belastingaftrekbaar) |               |                |
| Pretoria eiendom                              | 75,000        |                |
| Botswana eiendom                              | <u>45,000</u> |                |
|   |               | <u>120,000</u> |
|   |               | 180,000        |
| <b>Min: Trustee vergoeding</b>                |               | <u>15,000</u>  |
|   |               | 165,000        |
| <b>Min: Verdelings</b>                        |               |                |
| Eric  | 30,000        |                |
| Jason   | 35,000        |                |
| Shaun   | <u>25,000</u> |                |
|   |               | <u>90,000</u>  |
|   |               | <u>R75,000</u> |

## OPLOSSING

Die inkomste sal as volg belasbaar wees volgens Artikel 25B:

| <b>ERIC</b>                               | <b>R</b>     | <b>R</b>      |
|---|--------------|---------------|
| Bruto inkomste vanaf eiendom              |              | 125,000       |
| <b>Min: Aftrekbare uitgawes</b>           | 75,000       |               |
| Trustee vergoeding (5 % x R125,000)       | <u>6,250</u> | <u>81,250</u> |
| <b>Belasbare Inkomste vanaf die trust</b> |              | <u>43,750</u> |

Alhoewel daar slegs R30,000 van die R43,750 aan die einde van die tydperk aan Eric toegeval het, het Eric 'n gevestigde reg op die volle bedrag, en sal hy op R43,750 belasbaar wees in terme van Artikel 25B. Hy het in werklikheid net R30,000 gekry en die R13,750 het aan hom toegeval.

| <b>JASON</b>                              | <b>R</b>     | <b>R</b>      |
|---|--------------|---------------|
| Bruto inkomste van eiendom                |              | 100,000       |
| <b>Min: Aftrekbare uitgawes</b>           | 45,000       |               |
| Trustee vergoeding (5 % x R100,000)       | <u>5,000</u> | <u>50,000</u> |
| <b>Belasbare Inkomste vanaf die trust</b> |              | <u>50,000</u> |

Die eiendom is buite die Republiek van Suid-Afrika geleë. Volgens Artikel 9C sal die inkomste egter by Jason se bruto inkomste bygetel word. Die uitgawes sal aftrekbaar wees mits dit aangegaan is vir die produksie van inkomste.

| <b>SHAUN</b>                                   | <b>R</b> | <b>R</b>      |
|--|----------|---------------|
| Inkomste ontvang                               |          | 25,000        |
| <b>Min:</b> Trustee vergoeding (5 % x R25,000) |          | <u>1,250</u>  |
|  |          | 23,750        |
| <b>Min:</b> Rente vrystelling                  |          | <u>3,000</u>  |
| <b>Belasbare inkomste vanaf die trust</b>      |          | <u>20,750</u> |

Die werklike bedrag deur Shaun ontvang sal belasbaar wees in sy hande volgens Atikel 25B. Omdat rente sy identiteit behou, is daar 'n rentevrystelling van R3,000 (vir die 2002 belastingjaar is die vrystelling R4,000). Die netto inkomste wat nie in Shaun gevestig het nie, is nie in sy hande belasbaar nie – hy het slegs 'n verwagting om die geld te kry, nie 'n gevestigde reg nie.

| <b>DIE TRUST</b>                               | <b>R</b>      |
|--|---------------|
| Behoue rente inkomste (R75,000-R25,000)        | 50,000        |
| <b>Min:</b> Trustee vergoeding (5 % x R50,000) | <u>2,500</u>  |
| <b>Belasbare inkomste</b>                      | <u>47,500</u> |
| <b>Belasting teen 32 %</b>                     | <b>15,200</b> |

Die trustee sal in sy verteenwoordigende hoedanigheid verantwoordelik wees om die belasting te betaal. Hy kan egter die bedrag terugeis teen die trustbates. Hy sal egter in sy persoonlike hoedanigheid belasbaar wees op die trustee vergoeding wat hy ontvang het. Omdat die trust nie 'n natuurlike persoon is nie, geld die rente vrystelling nie.

Die inkomste en uitgawes van die trust kan ook as volg uiteengesit word:

|                                   | Huur<br>Pretoria | Huur<br>Botswana | Rente         | Totaal         |
|-----------------------------------|------------------|------------------|---------------|----------------|
|                                   | R                | R                | R             | R              |
| Inkomste                          | 125,000          | 100,000          | 75,000        | 300,000        |
| <b>Min:</b> Uitgawes              | <u>75,000</u>    | <u>45,000</u>    |               | <u>120,000</u> |
|                                   | 50,000           | 55,000           | 75,000        | 180,000        |
| <b>Min:</b> Trustee<br>Vergoeding | <u>6,250</u>     | <u>5,000</u>     | <u>3,750</u>  | <u>15,000</u>  |
|                                   | 43,750           | 50,000           | 71,250        | 165,000        |
| <b>Min:</b> Verdelings<br>Eric    | 30,000           |                  |               |                |
| Jason                             |                  | 35,000           |               |                |
| Shaun                             |                  |                  | <u>25,000</u> | <u>90,000</u>  |
| Behoue Inkomste                   | <u>13,750</u>    | <u>15,000</u>    | <u>46,250</u> | <u>75,000</u>  |

## 6. INTER VIVOS TRUSTS – VOORBEELD 6

Abel Aarons stig in 1989 'n trust tot voordeel van sy drie kinders. Op 28 Februarie 2001 was Barry 27 jaar, en het in Durban gewoon en gewerk. Cecile wat 22 en 'n voltydse student terwyl Danie 'n 17 jarige skolier was.

Abel is die enigste trustee en die trustakte bepaal:

- 1) R300 per maand moet aan elke kind vir onderhoud betaal word.
- 2) R3,000 per jaar moet na die Dierebeskermingsvereniging gaan.
- 3) Die res van die inkomste kan volgens die diskresie van die trustee uitbetaal word en wanneer Danie 25 jaar is, moet die trust ontbind en in gelyke dele tussen die kinders verdeel word.

Die inkomste en betalings gedurende 2000/2001 jaar was as volg:

### Inkomste

|           |                |
|-----------|----------------|
| Dividende | R10,000        |
| Rente     | R 5,000        |
| Huur      | <u>R 5,000</u> |
|           | <u>R20,000</u> |

### Uitgawes

R3,600 per kind volgens punt 1.

Enkelbedrag van R2,000 elk aan Barry en Cecile.

- 1) Bereken die belasbare inkomste van Abel en die drie begunstigdes vir die 2001 belastingjaar; en
- 2) Die belasbare inkomste van die trust indien Abel voor 28 Februarie 2001 sou sterf.

### OPLOSSING

|                    | Totaal        | Dividende     | Rente        | Huur         |
|--------------------|---------------|---------------|--------------|--------------|
| Barry – jaargeld   | R3,600        | R1,800        | R 900        | R 900        |
| Cecile – jaargeld  | 3,600         | 1,800         | 900          | 900          |
| Danie – jaargeld   | 3,600         | 1,800         | 900          | 900          |
| DBV – jaargeld     | 3,000         | 1,500         | 750          | 750          |
| Barry – uitkering  | 2,000         | 1,000         | 500          | 500          |
| Cecile – uitkering | 2,200         | 1,000         | 500          | 500          |
| Behou in trust     | <u>2,200</u>  | <u>1,100</u>  | <u>550</u>   | <u>550</u>   |
|                    | <u>20,000</u> | <u>10,000</u> | <u>5,000</u> | <u>5,000</u> |

#### (1) Barry

|  |                |
|--|----------------|
| Jaargeld                                       | R3,600         |
| Dividende (bruto en vrygestel) (aant. 1)       | -              |
| Rente  | 500            |
| Huur   | <u>500</u>     |
|  | 4,600          |
| MIN: Rente vrystelling (R500 + R900) (aant. 2) | <u>(1,400)</u> |
| Belasbare inkomste                             | <u>R 3,200</u> |

#### Cecile

|   |                |
|---|----------------|
| Jaargeld                                      | R3,600         |
| Dividende (bruto en vrygestel)                | -              |
| Rente   | 500            |
| Huur  | <u>500</u>     |
|   | 4,600          |
| MIN: Rentevrystelling (R500 + R900) (aant. 2) | <u>(1,400)</u> |
| Belasbare inkomste                            | <u>R 3,200</u> |

#### Danie

Danie is minderjarig en sy inkomste word volgens artikel 7(3) in die hande van sy pa belas.

**Abel**

|   |                |
|---|----------------|
| Jaargeld aan Danie (artikel 7(3))             | R3,600         |
| Behou in trust (artikel 7(5))                 |                |
| Dividende (bruto en vrygestel)                | -              |
| Rente   | 550            |
| Huur  | 550            |
|   | <u>4,700</u>   |
| MIN: Rentevrystelling (R550 + R900) (aant. 2) | <u>(1,450)</u> |
| Belasbare inkomste                            | <u>R 3,250</u> |

**(2) Trust**

|                    |                                    |               |
|--------------------|------------------------------------|---------------|
| Behou in trust     | - Dividende (bruto en vrygestel) R | -             |
|                    | - Rente                            | 550           |
|                    | - Huur                             | 550           |
|                    |                                    | <u>550</u>    |
| Belasbare inkomste |                                    | <u>R1,100</u> |

**Aantekeninge:**

- 1) Omdat die trust as 'n 'persoon' omskryf word, is dividende vrygestel. Die trust is egter nie 'n 'natuurlike' persoon nie, en daarom is die trust nie op die rentevrystelling geregtig nie. Volgens artikel 25B, sal die inkomste waarop die begunstigdes nie 'n gevestigde reg op het nie, in die trust se hande belas word.
- 2) 'n Jaargeld word by die definisie van bruto inkomste ingesluit. Volgens artikel 10(2) sal die vrystellings volgens artikels 10(1)(h), 10(1)(hA) en 10(1)(k) nie op enige gedeelte van die jaargeld betrekking hê nie. Die uitsondering is egter nie op die vrystelling in artikel 10(1)(i)(xv) van toepassing nie.

Die Kommissaris sal in die praktyk die volle R3,600 as 'n jaargeld belas. Die Kommissaris sal artikel 10(3) toepas, wat bepaal dat geen vrystelling van toepassing sal wees op die betaling uit die inkomste of toevallings wat ingevolge artikel 10(1) vrygestel is nie. Die jaargeld is betaalbaar uit inkomste wat vrygestel is en daarom sal die vrystelling volgens artikel 10(1)(i)(xv) nie van toepassing wees nie. Dit word egter bevraagteken of hierdie praktyk reg is. Indien die Kommissaris se praktyk gevolg word, sal net die volgende vrystellings toegestaan word:

|        |   |   |
|--------|---|---|
| Barry  | - | R500 rente by die uitkering ingesluit;    |
| Cecile | - | R500 rente by die uitkering ingesluit; en |
| Abel   | - | R550 rente by die uitkering ingesluit.    |

(Stack et al., 1998:251-253)

## 7. BOEDELBEPLANNING

### 7.1 VOORBEELD 7.1

Huxham & Haupt, (1999:570-571) verskaf die volgende boedelplan:

Op 1 Januarie 2001 het mnr. Smit die volgende bates:

|                                 |                   |
|---------------------------------|-------------------|
| Huis in Kaapstad (markwaarde)   | R 500,000         |
| Genoteerde aandele (markwaarde) | R2,000,000        |
| Bouvereniging beleggings        | R 30,000          |
| Diverse klein bates             | <u>R 200,000</u>  |
|                                 | R2,730,000        |
| Diverse laste                   | <u>R 30,000</u>   |
| NETTO BATES                     | <u>R2,700,000</u> |

Mnr. Smit sterf op 2 Januarie 2001. Op die datum sal sy belasbare boedel ongeveer R1,700,000 wees (Geagte eiendom en klein aftrekkings word nie in berekening gebring nie) Hy is nou 60 jaar oud en hy wil sy boedel beplan.

STAP 1 Identifiseer die groeiende bates in sy boedel.

STAP 2 Bepaal of hy sy huidige boedel kan verminder.

### OPLOSSING

Verminderings kan op die volgende maniere bewerkstellig word:

#### A) VRUGGEBRUIK

Indien die beplanner vruggebruik geniet, en die vruggebruik aan 'n jonger persoon bemaak sal hy by afsterwe, die vruggebruik moet skenk. Wanneer die beplanner sou sterf, sal die jaarlikse waarde van die vruggebruik teen 12 % gekapitaliseer word oor die lewensverwagting van die begunstigde. Hierdie bedrag sal by die beplanner se boedel in berekening gebring word. Wanneer die vruggebruik egter geskenk word, sal die skenkingswaarde gekapitaliseer word teen die jaarlikse waarde oor die korter lewensverwagting van die skenker.

Gestel A is 86 op sy volgende verjaarsdag en hy het 'n vruggebruik op 'n eiendom met 'n markwaarde van R1,000,000. Met sy afsterwe sal die vruggebruik op sy kleinseun oorgaan, wat 20 jaar sal wees op sy volgende verjaarsdag. A sterf vandag, en die vruggebruik word by sy boedel ingesluit.

Jaarlikse waarde:  $R1,000,000 \times 12\% = \underline{R120,000}$

Gekapitaliseer oor B se lewensverwagting van 47,42 jaar.

Kapitaliseringsfaktor van 12 % op 47,42 jaar is ongeveer 8,3

Waarde van vruggebruik in boedel  $120,000 \times 8,3 = \underline{R996,000}$

A skenk vandag die vruggebruik aan sy kleinseun en sterf môre. Die bedrag wat aan skenkingsbelasting onderworpe is:

Jaarlikse waarde op datum van skenking:  $R1,000,000 \times 12\% = \underline{R120,000}$

Gekapitaliseer oor A se lewensverwagting van 4,57 jaar

Die 12% faktor op 4,57 jaar is ongeveer 3,4

Waarde van skenking:  $3,4 \times R120,000 = \underline{R408,000}$

Daar sal dus R996,000 in sy boedel ingesluit word indien hy die vruggebruik sou hou, terwyl hy slegs op R408,000 skenkingsbelasting sal moet betaal indien hy nou die vruggebruik aan die kleinseun sou skenk. Daar is dus 'n aansienlike vermindering in die bates van die boedel en dus ook in die boedelbelasting. Die skenkingsbelasting sal ook sy ander bates verder verminder.

Die blote eiendomsreg kan ook deur die eienaar behou word of aan iemand anders oorgedra word. Die blote eiendomsreg se waarde sal waardeer word in albei gevalle teen die vruggebruiker se ouderdom op sy volgende verjaarsdag. Blote eiendomsreg sal waardeer word op die markwaarde van die eiendom, minus 'n lewensverwagting van 50 jaar, indien die vruggebruik aan 'n trust geskenk word.

## B) BATES WORD AAN DIE GADE GESKENK

Die oorledene se boedel word deur 'n skenking aan sy gade verminder. Hierdie skenking is ook nie ingevolge artikel 56 van die Inkomstebelastingwet onderworpe aan skenkingbelasting nie. Volgens artikel 4(q) van die Boedelbelastingwet kan die

bates wat aan die langsewende bemaak is afgetrek word, indien dit nie alreeds volgens 'n ander bepaling toegestaan is nie. Daar word egter nog steeds hierdeur 'n boedelbelastingprobleem vir die oorlewende gade geskep.

**STAP 1**      Identifiseer alle groeiende bates en verwyder die eienaarskap van die bates van die beplanner.

In die voorbeeld is die groeiende bates, die aandele. Om te voorkom dat die bates verder in sy boedel groei, moet hy 'n trust skep waaraan hy die aandele oordra. Die trust word geadministreer deur die trustees wat aangestel word deur Mnr. Smit. Hy kan een van die trustees wees, maar nie die enigste een nie. Dit bates kan geag word sy eiendom te wees omdat hy bevoeg was om oor die bates te beskik tot sy eie of sy boedel se voordeel, indien hy die enigste trustee sou wees. Met meer as 1 trustee het mnr. Smit nie meer totale beheer oor die bates nie (Huxham & Haupt, 1999:570-572).

## **7.2 VOORBEELD 7.2**

Mnr. Anker het betreklik laat in sy lewe 'n trust opgerig. Hy het in daardie stadium 'n woonhuis, genoteerde en ongenoteerde aandele, ander beleggings, versekeringspolisse, 'n sakegebou waarin hy sy onderneming bedryf, of 'n plaas. Hy is buite gemeenskap van goedere getroud en het twee kinders. Die een werk alreeds saam met hom in sy onderneming. Die ander kind studeer nog, maar hy wil ook in die familiesaak aansluit.

Mnr. Anker het nou die volgende vrae:

1. Hoe kan die kinders by die onderneming betrek word, sonder om onnodige risiko's vir hom te skep;
2. Tot watter mate sal sy vrou beskerm en versorg wees, indien hy tot sterwe kom;
3. Sal daar genoeg kontant vir sy vrou en jongste wees wanneer hy iets oorkom;
4. Gaan die beskikbare kontant nie deur belasting opgeëet word nie; en

5. In watter ondernemingsvorm moet hy sy besigheid bedryf, sonder om homself op risiko te plaas teenoor sy kinders?

### **OPLOSSING**

Eerstens moet Mnr. Anker sy hoë- en lae-risikobates van mekaar skei en dan sy lae-risikobates in 'n trust plaas, wat vir die pa en kinders die nodige beskerming teen finansiële risiko sal gee. Die verskuiwing van die bates moet egter kostedoeltreffende wees. Byvoorbeeld as daar hereregte op die markwaarde van die huis betaal moet word, sal Anker twee keer dink om die huis aan die trust te verkoop, en eerder die huis testamentêr aan die trust bemaak. Deur middel van BTW-transaksies kan die gebou waarin die onderneming bedryf word en sy plaas baie kostedoeltreffend aan die trust oorgedra word.

Anker kan ook 'n onderskeid maak dus medium en lae-risikobates indien hy dalk besluit om meer as een trust te hê. Die medium-risikobates is byvoorbeeld die verbande wat geregistreer word.

Anker kan sy eenmansaak eerder aan 'n maatskappy verkoop indien hy bekommerd is om sy seuns vennote te maak. Die aandele kan dan in 'n familietrust gehou word. Die kinders kan as mede-direkteure aangestel word om hulle mede-besluitnemingsbevoegdheid te gee, sonder dat daar enige finansiële risiko's daaraan gekoppel is as hulle miskien onbesonne dinge aanvang. Indien daar dus 'n eis teen die kind aangestel word, is die aandele veilig in die trust en die skuldeisers kan nie hul hande daarop kry nie.

Die kinders kan ook deur Anker as mede-trustees van die trust aangestel word, om hulle ook daar mede-besluitnemingsbevoegdheid te gee. Indien Mnr. Anker dus tot sterwe kom is dit slegs 'n direkteur en trustee wat wegval, en die besigheid kan dan sonder enige onderbrekings voortgaan. In die lig van 'n breë raamwerk is dit 'n ideale manier om al die pad te wen.

Die vraag oor watter van sy bates gedurende sy leeftyd aan die trust oorgedra moet word antwoord Van der Westhuizen (1998:5) as volg:

Mnr. Anker kan sy aandeleportefeulje aan die trust verkoop. Die onlangse insinking op die Aandelebeurs bied 'n ideale geleentheid om dit teen laer waardes te doen en sodoende die leningsrekening in sy guns op 'n verminderde bedrag vas te pen. Sy uitkeerpolisse kan ook aan die trust verkoop word teen die polis se afkoopwaarde, nadat hy met sy versekeringsadviseur die moontlikheid bespreek het om 'n tweede of verdere versekerde lewe by te voeg.

Indien Mnr. Anker bekommerd is oor sy vrou, na sy afsterwe en hy van mening is dat sy vrou glad nie met geld kan werk nie, of te spandabelrig is, sal hy sy boedel heeltemal anders struktureer as wanneer hy dink dat sy wel met geld kan werk.

Veronderstel sy boedel beloop net so plus-minus R3 miljoen en sy vrou kan goed met geld werk. Hy kan dan sy boedel so beplan deur sy testament dat daar weinig of selfs geen boedelbelasting betaalbaar is, as hy eerste sterf nie. Behalwe vir die R1 miljoen bates wat die trusts, maatskappy en kinders toeval, sal die restant dan aan sy vrou moet toeval.

Met die afsterwe van sy vrou kan daar dan 'n groot boedelbelasting probleem ontstaan. Tensy daar bates is wat maklik in kontant omskep kan word, sal die gade dan van die versekering op haar lewe moet gebruik om kontant te skep vir die betaling van boedelbelasting by haar dood.

So kan Mnr. Anker verseker wees dat sy vrou en kinders genoeg kontant beskikbaar sal hê om vir hulself te sorg. Mnr. Anker kan ook voorsiening maak, dat indien hy en sy gade kort na mekaar sterf, kan die jongste kind se erfenis aan 'n testamentêre trust bemaak word, veral as die kind nog minderjarig is (Van der Westhuizen, 1998:4).

### 7.3 VOORBEELD 7.3

'n Testament kan een van die heel belangrikste instrumente by boedelbeplanning wees, en kan by implikasie uiters nuttig aangewend word om boedelbelastingaaspreeklikheid hok te staan. Baie boedeleienaars is geneig om hulle te wend tot enige praktisyn wat bereid is om die testament op te stel. Die opstellers beloof dan afslag op eksekuteursfooie, net om die werk te kry. Effektief kan die onnodige kostes die sogenaamde besparing ver oorskry, soos ons nou in die volgende voorbeeld sal sien:

Jan Dom laat sy boedel van R1 miljoen aan sy vrou, wat geen eie bates het nie, na in terme van sy testament wat deur sy adviseur opgestel is. Die eksekuteursloon is slegs 2 % instelle van die normale 3.5 %. Sy sterf vyf jaar later en laat 'n boedel van R2 miljoen na.

1. Eksekuteursloon met Jan se afsterwe:  
 $2\% \times R1,000,000 = R20,000$
2. Eksekuteursloon met sy vrou se afsterwe:  
 $2\% \times R2,000,000 = R40,000$
3. Boedelbelasting op sy vrou se boedel:  
 $25\% \text{ (van 2002 af - 20\%)} \times R1,000,000 = R200,000$
4. Die totale kostes om die boedels af te handel is:  
 $R20,000 + R40,000 + R200,000 = R260,000$

Kom ons veronderstel nou die selfde gegewens geld vir Jan Slim. Hy plaas egter sy testament in die hande van 'n deskundige. Hy bemaak sy hele boedel aan sy kinders, onderhewig aan die bepalinge van 'n diskresionêre trust, waarvolgens sy vrou lewenslank die volle inkomste daaruit ontvang. Die normale eksekuteursloon is betaalbaar.

1. Eksekuteursloon met Jan se afsterwe:  
 $3.5\% \times R1,000,000 = R35,000$

2. Eksekuteursloon met sy vrou se afsterwe:

R Nul

3. Boedelbelasting betaalbaar:

R Nul

4. Die totale kostes om beide die boedels af te handel:

$R35,000 + R\text{ Nul} + R\text{ Nul} = R35,000$

Die resultaat van die bewoording van die testamente in beide gevalle is presies dieselfde, naamlik dat die langsliewende tot haar afsterwe versorg is.

Daar is 'n substansiële besparing tussen die R260,000 en R35,000. Verder is daar nog groter besparings in die praktyk moontlik en kan die druk op beskikbare kontantgeld daardeur drasties verlig word. Deur 'n elementêre verskil in bewoording, het Jan Slim 'n volle kwart-miljoen rand meer nagelaat vir die versorging van sy vroue en kinders, en 'n kwart-miljoen rand bespaar aan onnodige belastings (Engelbrecht, 1998:11).

#### 7.4 VOORBEELD 7.4

Die gewildheid van 'n inter vivos trust en sy wens om binne vier jaar af te tree, het Bruce (59) en sy vrou (56) laat besluit om meer in besonder na hul finansiële posisie te laat kyk. Die huidige waardes van sy bates en laste lyk soos volg:

|  |                     |
|--|---------------------|
| Uittredings bates                          | - R710,000          |
| Vaste eiendom                              | - R750,000          |
| Uitkeringspolisse                          | - R580,000          |
| Aandele portfolio                          | - R1,5 miljoen      |
| Eenheidstrust aandele                      | - R765,000          |
| Uitgawes (ingesluit buitelandes vakansies) | - R433,610 per jaar |

Bruce se aandele portfolio het opbrengste vir die afgelope jaar van 30 % gehad. In die toekoms sal daar egter 'n meer konserwatiewe opbrengs wees. Hy het daarna begroot vir 'n R20 % opbrengs per jaar vir die volgende vier jaar en daarna 12 % per jaar. Al sy uitkeringspolisse is ouer as vyf jaar, maar omdat dit slegs 'n opbrengs van 4 % tot 10 % per jaar getoon het, het hy besluit om die polisse af te koop.

Volgens Bruce is dit beter as hy die R4,000 wat hy per maand aan premies bestee, plus die polis se kapitaal in sy aandele portfolio stort. Bruce voel ook dat dit 'n wyse

besluit sal wees om by aftrede sy eiendom te verkoop van R765,000 en 'n kleiner eiendom (R400,000) met minder uitgawes te koop.

Bruce wil 'n trust stig deur sy aandele aan die trust oor te dra, sodat sy waarde van sy boedel ingekort kan word, en daardeur ook boedelbelasting te kan vermy. Bruce sal genoeg netto beskikbare bates hê na aftrede om gemaklik te lewe (ongeveer R5 miljoen in vandag se terme).

Die erfgename van Bruce sal egter grootliks benadeel word, omdat hulle vir 'n aansienlike bedrag boedelbelasting aanspreeklik sal wees, wanneer hy tot sterwe kom. Bruce het besluit dat hy dalk sy hele eiendom aan sy vrou kan bemaak, sodat daar geen boedelbelasting by sy dood betaalbaar sal wees nie. Sy vrou se boedel, sal egter net so groot hoeveelheid belasting betaal indien sy sou sterf, indien nie meer nie, as gevolg van haar groot boedel, sowel as haar man se bykomende bates.

Die beste oplossing sou wees as Bruce R1 miljoen van sy R2,6 miljoen aandele portfolio aan 'n familietrust, teen 'n rentevrye lening, verkoop, wat betaalbaar is op aanvraag. Die R1,6 miljoen kan hy in sy persoonlike hoedanigheid behou. Die rede vir die behouing van die R1,6 miljoen is omdat Bruce nog op die aandelebeurs wil spekulêr, en omdat die winste teen 'n laer koers belas sal word as in die trust. Bruce sal dan nie nodig hê om sy huis te verkoop nie, omdat hulle genoeg bronne in hul lewens sal hê.

Wanneer Bruce se netto bates uitgehardloop het, kan die trust begin om die lening terug te betaal, en toekennings aan hom en sy vrou te maak, indien nodig (dit sal afhang van toekomstige wetgewing).

Die oordrag van die R1 miljoen aan die trust sal ook verseker dat Bruce se boedel beperk word, omdat die groei van die aandele dan nie meer in die boedel plaasvind nie, maar in die trust.

Omdat Bruce sy netto beskikbare bate aansienlik verminder het, sal sy boedelbelasting aanspreeklikheid ook grootliks verminder. Die groeiende bates in die trust sal egter 'n gesonde netto beskikbare eiendomsposisie toon (Corlett, 1998:110).

## 7.5 VOORBEELD 7.5

Selfs na die wysigings in die Belastingwet in 1998 bly die trust nog steeds 'n goeie metode vir boedelbeplanning. Die waarde van 'n boedel bly nog steeds vasgepen as 'n plaas aan 'n trust verkoop sou word. Indien die verkoopsprys R1 miljoen sou wees, sal die bedrag vir boedelbelasting R1 miljoen bly, al word die plaas ook dan R4 miljoen werd. Die gevaar lê egter daarin, wanneer die persoon ook binne die trust sou boer. Vir boedelbelasting sal dit ideaal wees as die boer sy plaas aan die trust verkoop en dan die plaas by die trust huur om daarop te kan boer. Die rente op die koopsom en die huurgeld moet ongeveer gelyk wees. Die inkomste van die trust kan dus as volg bereken word:

|                               |   |                |
|-------------------------------|---|----------------|
| Huurinkomste                  | - | R48,000        |
| MIN: Versekering op die plaas | - | R 1,500        |
| Boekhouer                     | - | R 1,000        |
| Rente op koopsom van plaas    | - | <u>R45,500</u> |
| Belasbare inkomste            | - | <u>R NUL</u>   |

Hier is dus geen wins of verlies nie. Die ideaal is dat die trust gelyk moet breek. Daar moet egter verseker word dat die huurgeld wat betaal word markverwant is, sodat die Ontvanger nie die boer daarop sal belas nie.

Met 'n inkomste van meer as R100,000 is dit beter om eerder dan die plaas van die trust te huur. Die trust sal dus geen of min belasting betaal. Die boer sal op 'n belasbare inkomste van R400,000 per jaar, soos volg belas word indien hy in die trust boer:

### BOER IN DIE TRUST:

|                                    |                 |
|------------------------------------|-----------------|
| Op die eerste R100,000             | R 32,000        |
| Op die verskil (R400,000-R100,000) | <u>R126,000</u> |
| TOTAAL                             | <u>R158,000</u> |

**BOER IN EIE NAAM:**

|                              |                 |
|------------------------------|-----------------|
| Belasting op R400,000        | <u>R149,600</u> |
| Daar is dus 'n besparing van | R 8,400         |

Indien die boer egter nog groter inkomstes toon, kan daar 'n vennootskap tussen hom en sy vrou gestig word. Hulle sal dus elkeen R65,600 belasting betaal. Dit is dus R131,200, wat 'n besparing van R26,800 (R158,000-R131,200) verskaf (Du Preez, 1998:20) (soos aangepas met die 2001 belastingtabelle).

**7.6 VOORBEELD 7.6**

Mnr A (45) en mev B (40) wat buite gemeenskap van goedere getroud is, het twee seuns C en D, en 'n dogter, F. Mnr A is 'n boer, C is besig met sy militêre opleiding en wil ook kom boer. D is in matriek en wil medies studeer. F is in die laerskool en sy weet nog nie wat sy wil doen nie.

Mnr. G (75), A se vader, is nie meer aktief by die boerdery betrokke nie. Hy besit twee plase en heelwat kontant wat sy seun A sal erf. G se pa, het sy plaas Geelput aan A bemaak, terwyl G die vruggebruik op die plaas gekry het. A huur al sy pa se grond van hom en boer vir sy eie rekening.

A wil graag sorg dat sy vrou goed versorg is, sy kinders onderhou word, en dat C die boerdery voort sal sit. A wil ook die plaas Bloukrans koop, waarvoor sy pa, G, bereid is om finansiering te verskaf op 'n rentevrye lening.

A se boedelsamestelling is soos volg:

**Bates**

|  |            |
|--|------------|
| Die plaas Sonop (Landbankwaardasie)            | R1,000,000 |
| Die plaas Arbeidsgenot (Landbankwaardasie)     | 600,000    |
| Blote eiendomsreg: Plaas Geelput               | 270,000    |
| Aandele in ABC (Edms) Bpk (Ouditeurswaardasie) | 250,000    |

ABC besit 'n plaas, Geluk, R500,000, 'n Sakekompleks, R750,000, en 'n woonstelblok, R750,000, wat verhuur word.

|   |                          |
|---|--------------------------|
| Leningsrekening : ABC (Edms) Bpk          | 1,750,000                |
| Lewende hawe                              | 400,000                  |
| Plaasimplimente en –voertuie              | 600,000                  |
| Privaat motor                             | 100,000                  |
| Aandele in publieke maatskappye           | 500,000                  |
| Annuiteite (Dekking) 500,000              |                          |
| Lewensversekering (Betaalbaar aan boedel) | 1,500,000                |
| Kontant in bank                           | <u>200,000</u>           |
| <b>TOTALE BATES</b>                       | <b><u>R7,770,000</u></b> |
| <b>Laste</b>                              |                          |
| Beredderingskoste – gestel                | R200,000                 |
| Lening verskuldig aan vader               | 350,000                  |
| Diverse Laste                             | <u>150,000</u>           |
| <b>TOTALE LASTE</b>                       | <b><u>R700,000</u></b>   |

Mev. B se boedel beloop ongeveer R500,000

## OPLOSSINGS

### 1. Skenking aan eggenoot

A skenk R500,000 aan mev. B. Indien mev. B sou sterf, kan die volle beskikbare korting by boedelbelasting benut word. Hy kan die aandele in die publieke maatskappye aan haar skenk. Indien hy egter nie seëlregte wil betaal nie, kan hy net die bedrag aan haar skenk en dit aan haar verskuldig bly.

### 2. Aankoop van plaaseiendom

Wanneer G geld aan A leen op die plaas te koop, (byvoorbeeld R1 miljoen), sal die lening 'n bate in G se boedel vorm. Indien hy die plaas op sy eie naam sou koop, kan die eiendom slegs teen die Landbankwaardasie (sê R600,000) in berekening gebring word vir boedelbelasting. Wanneer G binne 'n paar jaar na aankope sou sterf, sal sy boedel kleiner wees vir boedelbelasting. Die plaas kan dan slegs testamentêr aan A of A se trust bemaak word.

### **3. Afstanddoening van vruggebruik**

Wanneer G sterf, moet die stakende vruggebruik se waarde bereken word vir sy boedel, op A se lewensverwagting. Die Landbankwaardasie van die plaas is R600,000. Die waarde van die vruggebruik is dus:

$$600,000 \times 12 \% \times 7,81924 = R562,985$$

As G egter nou van sy vruggebruik afstand sou doen, sal die waarde op sy lewensverwagting bereken word:

$$600,000 \times 12 \% \times 4,59354 = R330,734$$

G moet dus eerder nou afstand doen van sy vruggebruik teen 'n vergoeding (R330,000). Die vergoeding sal as 'n lening aan hom verskuldig bly.

### **4. ABC (Edms) Bpk**

Die maatskappy beskik oor bates wat na verskillende erfgename moet gaan. Die kliënt kan egter nie die maatskappy se bates bemaak nie. Die leningsrekening moet dus aan die maatskappy bemaak word, op voorwaarde dat die maatskappy sekere bates aan die ander kinders oordra. Anders kan die bates nou-al aan die kliënt se trust verkoop word, die dividend uitverklaar word en die maatskappy gederegistreer word.

### **5. Lening aan vader**

A betaal 10 % rente aan sy pa op die lening oor Arbeidsgenot. A leen die geld by die bank en betaal sy vader terug. A se pa, leen weer geld aan A se trust, wat weer die geld aan A leen om die bank terug te betaal. A betaal dieselfde rente aan die trust, as aan die bank. Die trust betaal 10 % rente aan G, en die winste word jaarliks aan A se kinders as begunstigdes verdeel. Artikel 7 is nie van toepassing nie, en die kinders sal belasting betaal op die bedrae wat hulle ontvang. Die besparing is dus duidelik. Die Ontvanger van Inkomste kan egter probeer om artikel 103 van die Wet toe te pas, maar indien die planne reg gestruktureer word, sal die Ontvanger nie sommer in sy plan slaag nie.

### **6. Stigting van 'n trust**

Daar word vir A 'n inter vivos trust opgerig. Groeiende bates kan aan die trust oorgedra word, sodat boedelgroei van A beperk kan word, met inagneming van die kostes daaraan verbonde.

Die hoofdoel van die trust is die volgende:

- a) om die erfenis wat A uit G se boedel ontvang, nie in A se boedel in te sluit nie;
- b) om besparing van inkomstebelasting te bewerkstelling na G se dood; en
- c) om die blote eiendomsreg by A te koop, waarvoor G vruggebruik het.

Die trust koop die blote eiendomsreg teen waardasie by A

$$(R600,000 - R330,734) = R270,000$$

G doen afstand van sy vruggebruik teen R330,000 en die trust by die geld aan hom verskuldig.

#### **7. Opstel van die testament**

A se testament sal opgestel word, sodat dit inpas sal bly by die beplanning.

G se testament moet ook volgens die beplanning aangepas word.

Huurinkomste kan tussen die kinders verdeel word deur die trust. A sal ook kan bepaal hoe die trustbates by beëindiging tussen die begunstigdes verdeel kan word, indien hy een van die trustees sou wees (CFA – handleiding, 1996:1-5).

## **HOFSAKE**

ARMSTRONG v CIR 1938 (AD)  
AVIS v VERSEPUT 1943 AD 331, 336  
BALLIOL INVESTMENT CO v JACOBS 1946 TPD 269  
BANOO v CIR 1947 (4) SA 417 (T) 421  
BAXTER v BENNINGFIELD 1883 4 NLR 143  
BRAUN v BLANN 1984 (2) SA 550 (A)  
BROWNE-WILKINSON J RE SHARPE (A BANKRUPT) 1980 1 W.L.R. 219  
BUTTAR v AULT, 1950 (4) SA 229 (T)  
CARL-ZEISS STIFTUNG v HERBERT SMITH 1969 2 CH 276  
CIR v BEROLD 1962 3 SA 748 (AD)  
CIR v DELFOS 1933 AD 242  
CIR v JACOBSON'S ESTATE 1961 (3) SA 841 (A)  
CIR v LOUÏW 1983 (3) SA 551 (A)  
CIR v MAC NELLIE'S ESTATE 1961 (3) SA 833 (A)  
CIR v PEOPLE'S STORES (WALVIS BAY) (PTY) LTD 1990 (1) SA 353 (A)  
CIR v POLONSKY 1942 TPD 249 SATC 11  
CIR v SIVE'S ESTATE 1955 (1) SA 249 (A)  
CIR v WIDAN 1955 (1) SA 226 (AD)  
COCK v GOODFELLOW (1722) 10 MOD 489  
CONZE v MASTERBOND PARTICIPATION TRUST MANAGERS (PTY) LTD 1996 (3) SA 789 C  
CORONEL'S CURATOR v ESTATE CORONEL 1941 AD 223  
CROOKES NO v WATSON 1956 (1) SA  
ESTATE DEMPERS v CIR 1997 3 SA 410 (AD)  
ESTATE KEMP AND OTHERS v McDONALDS TRUSTEE 1915 AD  
ESTATE MUNRO v CIR 1928 TPD 693; 1 SATC 163  
ESTATE SMITH v CIR 1960 (3) SA 375 (A)  
EX PARTE KEMP'S EXECUTOR 1940 W.L.D. 26  
EX PARTE MILTON 1959 (3) SA 347 (SR)  
GELDENHUYS v CIR 1947 (3) SA 256 (C)  
GREENBERG v ESTATE GREENBERG 1955 (3) SA 361  
HERSOV'S ESTATE v CIR 1957(1) 471(A)  
HARTER v EPSTEIN 1953 (1) SA 287 (AD)  
HOOSEN NO AND OTHER v DEEDAT AND OTHERS 1997 (3) ALL SA 32 (AD)  
HULETT v CIR 1944 NPD 264 ITC 1033, 26 SATC 73  
IRC v DUKE OF WETMINSTER 1936 AC 1  
ITC 1328 1980 43 SATC 56  
ITC 417 10 SATC 264

## **HOFSAKE (VERVOLG)**

ITC 76 1927 3 SATC 68

ITC 761 19 SATC 103 op 106

JACKSON AND OTHERS v SIR 1969 (3) SA 217 (A)

JEWISH COLONIAL TRUST v ESTATE NATHAN 1940 AD 163, 175

JOSS v CIR 1980 TPD

KOHLER v CIR 1949 (4) SA 1022 (T)

LATEGAN v CIR 1926 CPD 209

LUCA'S TRUSTEE v ISMAIL AND AMOD 1905 TS 239

MAGNUM FINANCIAL HOLDINGS (PTY) LTD (IN LIQUIDATION) v SUMMERLY AND  
ANOTHER NNO 1984 (1) SA 160 (W)

METEQUITY LTD v NWN PROPERTIES LTD 1998 (2) SA 554 (TPD)

OVENSTONE v CIR 1980 (2) SA 721 (A)

ROBERTSON v ROBERTSON'S EXECUTOR 1914 AD 503

SIR v GEUSTYN, FORSYTH AND JOUBERT 1971 AD

SIR v ROSEN 1971 1 SA 172

SIR v WATERMEYER 1965 (4) SA 431 (A)

TWENTYMAN AND ANOTHER v HEWITT 1833

## BRONNELYS

- ABRIE, W., GRAHAM, C.R., SCHOEMAN, M.C. & VAN DER SPUIY, P de W. 1991. Boedelbeplanning en bereddering. 2de uitg. Pretoria : Sigma-Pers. 489 p.
- ANON. 1994a. Estate and tax planning: the trust: the taxation aspects. Taxpayer, 43(5):83-87, Mei.
- ANON. 1994b. Estate and tax planning: the use of trusts. Taxpayer, 43(3):42-46, Mar.
- ANON. 1994c. Estate and tax planning: the use of trusts. Taxpayer, 43(4):63-67, Apr.
- ANON. 1996a. Boedelbeplanning. CFA-Handleiding:81.
- ANON. 1996b. Estate and tax planning: trustee's appointment. Taxpayer, 45(5):86, Mei.
- ANON. 1998a. Belastingwysigings raak net sekere trusts. Beeld:12, Mei. 21.
- ANON. 1998b. Trusts dien steeds as 'n goeie doel. Beeld:7, Apr. 30.
- ANON. 1998c. Trusts om belasting te vermy, vasgevat. Beeld Bylae:2, Mrt. 12.
- ANON. 1999. Tax alert – Butterworths 1998 – 1999, 12(190), Feb.
- ANON. 2000. Welkom aan Kapitaalwinstbelasting! The Accountant:8, Oct.
- BASSON, D. 1996. Beheer op 'n afstand; baie soorte trusts. Finansies & Tegniek, 48(34):9-11, Aug. 23.
- BEETON, T. 1998. Waarde van Kaapse eiendom toon 'n aansienlike styging. Die Burger:4, Mei. 13.
- BOEDELBELASTINGWETTE kyk SUID-AFRIKA.
- COETZEE, H. 1996a. Die belastingturksvye met boedelbeplanning. Beeld:6, Jan. 23.
- COETZEE, H. 1996b. Die instrumente wat gebruik kan word met boedelbeplanning. Beeld:2, Jan. 24.
- COETZEE, H. 1997. Trust fisikaal gestraf: belasting. Finansies & Tegniek, 49(19):22, Apr. 11.
- COETZEE, H. 1998. Trust & estates: Vruggebruik. Synopsis, 10, Okt.
- COETZEE, H. 1998. Vruggebruik en belasting: thoughts on taxation. Accountancy SA:31, Jun.
- COETZEE, H. 1998. Wat gemaak met my trust? : belasting. Finansies & Tegniek, 50(16):28. Apr. 24.
- CORLETT, J. 1998. Use trusts property: financial planning. Financial Mail, 149(8):110-111, Jun. 12.
- CRONJÈ, M. & STACK, E.M. 1997. Die belasting van individue en maatskappye. 11de uitg. Durban : Butterworths. 668 p.

## BRONNELYS (VERVOLG)

- DANZIGER, E. & CRONJÈ, M. 1997. Belastinghandboek 1997 – 1998. 7de uitg. Durban : Butterworths. 932 p.
- DANZIGER, E. & CRONJÈ, M. 2000. Belastinghandboek 1999 – 2000. 9de uitg. Durban : Butterworths. 976 p.
- DAWSON, F.J. 1996. Estate planning guide. Durban : Butterworths. 103 p.
- DE KOKER, A.P., EMSLIE, T.S. & FRAME, C.R. 1988. Income Tax in South Africa. Durban : Butterworths. 601 p.
- DE LANGE, I. 1998. Providing property for a testamentary trust. Tax Breaks:7, Aug.
- DE LANGE, L. 1997a. Boedels: Kats het nie raad nie. Finansies & Tegniek, 49(24):56, Jun. 27.
- DE LANGE, L. 1997b. Kyk weer 'n slag na jou testament: persoonlike finansies. Finansies & Tegniek, 49(29):54, Aug. 1.
- DE VILLIERS, H. 1996a. Hoe help trusts met belasting? Die Burger:16, Okt. 31.
- DE VILLIERS, H. 1996b. Hoe word 'n trust bedryf sodat dit met inkomstebelasting help? Die Burger:6, Nov. 7.
- DE VILLIERS, S.W.L., HENNING, J.J., GARDINER, S.J., VAN WYK, T. & SWART, G.J. 1980. Trust en boedelbeplanning. 1ste uitg. Johannesburg : Perskor. 137 p.
- DEPARTEMENT van Finansies **kyk** SUID-AFRIKA. Departement van Finansies
- DIVARIS, C. & STEIN, M.L. 1997. Ou Mutual Inkomstebelastinggids 1996 – 1997. 25ste uitg. Kaapstad : Ou Mutual Drukkery. 264 p.
- DIVARIS, C. & STEYN, M.L. 1999. Die Ou Mutual Inkomstebelastinggids 1998 – 1999. Wes-Kaap : Rustica Press. 277 p.
- DIVARIS, C. & STEYN, M.L. 2001. Crunch-time for trusts, Local & offshore. Saxonworld : BSP seminars. 27 p.
- DOMMISSE, J. 1997a. Trust bly 'n goeie uitweg. Die Burger:15, Mei. 9.
- DOMMISSE, J. 1997b. Trust kan help met boedel. Die Burger:19, Sep. 5.
- DU PLESSIS, P.G. 1992. Toegepaste bedryfsekonomie: 'n inleidende oorsig. 3de uit. Pretoria : Haum. 830 p.
- DU TOIT, C. 1995. Trust tans nog ideaal vir eiendomsbeleggings. Die Burger:18, Des. 21.
- ENGELBRECHT, P. 1998a. Belastingoorwegings by oprigting van die *inter vivos* trust. Patriot:9, Jun. 5.
- ENGELBRECHT, P. 1998b. Belastingoorwegings by oprigting van die *inter vivos* trust. Patriot:9, Jun. 12.

## BRONNELYS (VERVOLG)

- ENGELBRECHT, P. 1998c. Boedelbeplanning en die trust. Patriot:9, Mrt. 13.
- ENGELBRECHT, P. 1998d. Boedelbeplanning, boedelbelasting en *inter vivos* trusts. Patriot:11, Jun. 3.
- ENGELBRECHT, P. 1998e. Boedelbeplanning, boedelbelasting en *inter vivos* trusts. Patriot:11, Jun. 24.
- ENGELBRECHT, P. 1998f. Boedelbeplanning, boedelbelasting en *inter vivos* trusts. Patriot:11, Aug. 14.
- ENGELBRECHT, P. 1998g. Die implikasie van boedelbelasting. Patriot:11, Jul.10.
- ERASMUS, D. 1997. Importance of estate planning: tax. Finance week,75(8):37, Nov. 13.
- GEACH, W. 2001. Capital gains tax in South Africa. The Taxation Laws Amendment Bill. South Africa : Millennia School of Business. 142 p.
- GERICKE, J.S. 1988. Die trust as belastingentiteit. Johannesburg : RAU (Verhandeling – M.Comm) 200 p.
- GOUWS, R. 1996. Sorg betyds vir boedelplan en uitvoerbare testament. Beeld:6, Nov. 28.
- HARRIS, S. 1998. Here comes the tax man – again: trusts; personal finance. Finance week, 76(36):52, Sep. 10.
- HAT (Odendal, F.F., red.). 1994. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.
- HENCKERT, H. 1997. Slim kan baas vang by boedelbeplanning. Die Burger:19, Jun. 19.
- HONORè, T. 1985. The SA law of trusts. 3rde uitg. Kaapstad : Juta. 551 p.
- HONORè, T. & CAMERON. 1992. SA Law of Trusts.
- HUXHAM, K. & HAUPT, P. 1996. Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting. 15de uitg. Roggebaai : H & H Publications. 626 p.
- HUXHAM, K. & HAUPT, P. 1999. Notes on South Afrika's income tax. 18de uitg. Roggebaai : H & H Publications. 668 p.
- HUXHAM, K. & HAUPT, P. 2000. Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting. 19de uitg. Roggebaai : H & H Publications. 524 p.
- INKOMSTEBELASTINGWETTE kyk SUID-AFRIKA.
- KORF, M. 1997. Die voorbehoud van vruggebruik: 'n wyse vir besparing van hereregte deur 'n trust en vir boedelbeplanning. De rebus, (357):699-700,704, Okt.
- KOURIE, M. 1996. Trusts: groot voordele by boedelbeplanning. Beeld:5, Aug. 29. ✓
- KÜHN, W. 1996. Nuwe belangstelling in trustskepping. Beeld:6, Nov. 28.
- KÜHN, W. 1998. Boedelbeplanners kan groot wapens verloor. Beeld:4, Mrt. 10.

## BRONNELYS (VERVOLG)

- KOURIE, M. 1998. Belastingkoers van 35 % vir trusts word werklikheid. Beeld:3, Mrt. 12.
- LA GRANGE, L. & TROOST, E. 1999. Hoe die begroting jou raak. Bylae. Finansies & Tegniek, 51(8):33-34. Feb. 26.
- LA GRANGE, L. 1997. Die toekoms van trusts: belasting. Finansies & Tegniek, 49(14):28, Mei. 16.
- LATEGAN, W. 1998. Wysigings raak net sekere trusts. Die Burger:23, Mei. 14.
- LAUBSCHER, A. 1998a. Lewende trust raak gewilder. Rapport:5, Jul. 26.
- LAUBSCHER, A. 1998b. Testament 'n belangrike aspek vir finansiële beplanning. Rapport:5, Okt. 25.
- LOUBSER. 1997. Wealth taxes and the senior executive. Management today, 13(4):32/35. Mei.
- MATHEWS, C. 1998. Budget special 98 business report. Manuel cracks down on tax abuse in trusts. The Star:6. Mrt. 12.
- McGLASHAN, T. 1997. Much ado about trusts: economics. Finance week,74(5):20, Jul. 24.
- McRAE, S.1996. Huis in trust het boedelvoordele. Die Burger:1, Jul. 6.
- MEYER, F. 1997. Jou boedel en belasting. Beeld:9, Jun. 14.
- MEYEROWITZ, D. 1998a. Income Tax Act 1998 – 1999 – Cross referenced to Meyerowitz on Income Tax. Kaapstad : The Rustica Press. 325 p.
- MEYEROWITZ, D. 1998b. Meyerowitz on Income Tax 1998 – 1999 The tax payer: D Meyerowitz. Ndabeni : The Rustica Press.
- MITCHELL, L.D., PROF. LINDSAY., STEYN, M.L. & SILKE, J. 1998. Income tax reporter,37(3):1-92, Mei. 15.
- NASIONALE WOORDEBOEK (Afrikaanse woordverklaring). 1988. Kaapstad : Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.
- OAKLEY, A.J. 1996. Trends in contemporary trust law. Oxford : Clarendon Press. 341 p.
- OAKLEY, A.J. 1997. Constructive trusts. 3de uitg. London : Sweet & Maxwell. 330 p.
- OLIVIER, L. 1997. The law of trusts: some reflections on recent decisions. Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg,4:765-771.
- OLIVIER, P.A. 1989. Trustreg en praktyk. 1ste uitg. Pretoria : De Jager – Haum. 333 p.
- ONAFHANKLIKE FINANSIËLE MAKELAARS SCHONBERG TRUST. 1997. Besin deeglik oor eiendom, testament. Die Burger:17, Okt. 17.
- PACE, R.P. & VAN DER WESTHUIZEN, W.M. 1995. Wills and trusts. 2de uitg. Durban : Butterworths. 86 p.

## BRONNELYS (VERVOLG)

- PRICE WATERHOUSE. 1988. Standard Bank Trust – Income Tax guide 1987-1988. Durban : Butterworths. 217 p.
- RIDALL, J.G. 1977. The law of trusts. Durban : Butterworths. 375 p.
- SARS. 2000. Guide to capital gains tax. Department of Finance, Pretoria, Feb. 23, 2000. [Beskikbaar op Internet:] <http://www.sars.gov.za>.
- SCHOLZE, H. 1997. Delegation of powers by trustee. De rebus, (356):618. Sep.
- SCHOOMBEE, P. 1998. Suksesvolle aftrede verg beplanning. Bylae. Finansies & Tegniek, 50(25):37-51, Jun. 26.
- SHRAND, D. 1976. Trusts in Suid-Afrika. Kaapstad : Legal & Financial Publishing Company. 392 p.
- SILKE, A.S. & STEYN, M. 1984. Estate duty – principles and planning. Kaapstad : Juta. 369 p.
- SILKE, J. 1998. Alwyn de Koker with case digest by Jonathan Silke. Tax yearbook 1998 – 1999. Kaapstad : Butterworths.
- STACK, E.M. & CRONJÈ, M. 1998. The taxation of individuals and companies. 11de uitg. Durban : Butterworths. 649 p.
- STACK, E.M., CRONJÈ, M., MITCHELL, L.D. & NIEUWOUDT, M.J. 1998. Belastingwerkboek. 6de uitg. Durban : Butterworths. 398 p.
- SUID-AFRIKA. 1955. Boedelbelastingwet 45 van 1955. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1962. Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1988. Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Departement van Finansies. 1998. Budget Review: Taxation of trusts. Pretoria : Staatsdrukkery. 920 p.
- SUID-AFRIKA. Suid-Afrikaanse Regskommisieverslag. 1987. Viljoen. G. Hersiening van die trustreg. Projek 9. Pretoria : Staatsdrukker. 139 p.
- SUID-AFRIKAANSE Regskommisieverlag *kyk* Suid-Afrika.
- SWANEPOEL, H.L. 1961. Oor stigting, trust, fideicommissum, modus en beding ten behoeve van 'n derde. Potchefstroom : Pro Rege. 99 p.
- SWART, J.N., GRAHAM, C.R., VAN DER WESTHUIZEN, P.J.G. & ABRIE, W. 1985. Die beplanning en beredding van boedels – 'n inleiding. Durban : Butterworths. 384 p.
- SWART, K. 1997. Trust geskik vir boedelbeplanning. Die Burger:3, Mei. 7. ✓
- SWART, K. 1998. Trustbegunstigdes beskerm. Die Burger:17, Mei. 15.

## BRONNELYS (VERVOLG)

- SWART, K. 1996. Slim verdeling kan keer dat belasting boedel knou. Die Burger:4, Nov. 20.
- THERON, L. 1990. Die besigheidstrust. Johannesburg : RAU. (Verhandeling – Regsgeleerdheid) 273 p.
- TROOST, E. 1999. Bepanning van boedels nou eers belangrik. Finansies & Tegniek, 51(8):33, Feb. 26.
- VAN DER KOOY, R. 1998. Rykes sal weer uitglip: persoonlike finansies. Finansies & Tegniek, 50(14):41, Apr. 10.
- VAN DER WATT, C. 1997. Sorg vir 'n buigsame trustakte: belasting. Finansies & Tegniek, 49(42):27, Okt. 24.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. & CHAIT, A. 1996. A practical approach to the use of trust. Johannesburg : Butterworths. 69 p.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1993. Tax and other implications of trust. (In Die Vereniging van Prokureursorde van die RSA. Continuing legal education seminars. p 72.)
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998a. Die bates behoort in die trust gehou te word. Rapport:4, Mrt. 22.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998b. Lewensversekering skep kontant in boedel. Rapport:5, Jul. 12.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998c. Maak trust deel van boedelplan. Rapport:4, Mei. 17.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998d. Meer voordele as nadele by testamentêre trust. ✓  
Rapport:4, Jun. 14.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998e. So kan trustee se amp beëindig word. Rapport:4, Nov. 15.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998f. Trust in boedelplan gee jou gemoedsrus. Rapport:5, Mei. 31.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998g. Trust moet plooibaar wees. Rapport:6, Apr. 5. ✓
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998h. Trust nie net nuttig vir boedelvoordele. Rapport:4, Jul. ✓  
26.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998i. Wysiging van die trustakte dikwels noodsaaklik. Rapport:4, Mei. 3.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998j. Bates vir trust en trustee moet duidelik geskei word. Rapport:4, Nov. 1.
- VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998k. Trust as sakevorm bied goeie beskerming. Rapport:4, Sep. 20.

## BRONNELYS (VERVOLG)

VAN DER WESTHUIZEN, W.M. 1998i. Wills & trusts. 3de uitg. Kaapstad : Butterworths. 78 p.

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999a. 'n Trust is nie net vir die rykes bedoel nie. Rapport:4, Apr. 4. ✓

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999b. By aftrede kan trusts gemoedsrus verseker. Rapport:4, Apr. 18.

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999c. Hou ook hereregte in gedagte by trustoprigting. Rapport:4, Feb. 21.

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999d. Neem in ag dat 'n trust nadele kan hê. Rapport:4, Mei. 16. ✓

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999e. So raak belasting op boedel trust en versekering. Rapport:4, Feb. 7.

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999f. Trust geen towerformule om boedelbelasting te bespaar. Rapport:4, Jan. 24. ✓

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1999g. Trust is 'n nuttige voertuig vir boere. Rapport:4, Jan. 24. ✓

VAN WYK, K. 1987. Boedelbelasting se dae nie getel: belasting. Finansies & Tegniek, 39(40), Okt. 9.

VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK. 1993. Pretoria : Van Schaik.

VENTER, J. 1999. Benut die voordele van 'n trust. Rapport:4, Mei. 30. ✓

VILJOEN, G. 1987. Hersiening van die Trustreg. SA Regskommissie verslag. Projek 9. 139 p.

WESSELS, E. 1995. Die voor- en nadele van trusts: belasting. Finansies & Tegniek, 47(43):25, Okt. 27. ✓

WET OP DIE BEHEER VAN TRUSTGOED **kyk** SUID-AFRIKA.